

*AFRIKAANSSPREKENDES, NEDERLANDS EN AFRIKAANS IN DIE
KERK VAN DIE PROVINSIE SUIDER-AFRIKA*

*'N VERKENNING VAN TAALGEBRUIK
IN DIE ANGLIKAANSE KERK IN SUIDER-AFRIKA*

1795 - 1989

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

**Afrikaanssprekendes, Nederlands en Afrikaans in die
Kerk van die Provinsie Suider-Afrika**

**'n Verkenning van taalgebruik
in die Anglikaanse Kerk in Suider-Afrika
1795 - 1989**

JONATHAN LUKE STUBBS

**'n Proefskrif voorgelê aan die Fakulteit Lettere van die Universiteit van
Kaapstad ter voldoening aan die vereistes vir die graad Ph.D.**

Kaapstad 1989

The University of Cape Town has been given
the right to reproduce this thesis in whole
or in part. Copyright is held by the author.

ABSTRACT

AFRIKAANS-SPEAKERS, DUTCH AND AFRIKAANS IN DIE CHURCH OF THE PROVINCE OF SOUTHERN AFRICA

AN ACCOUNT OF LANGUAGE USAGE IN THE ANGLICAN CHURCH 1795 - 1989

The aim of this study is to document the history and current status and usage of Afrikaans in the Anglican Church in Southern Africa.

It is clear from the sources that the Anglican Church had contact with, and exercised some form of ministry amongst Afrikaans-speakers from the earliest years of its presence in Southern Africa. By the 1860's and 1870's Afrikaans-speaking "mission" congregations had become a regular feature of Anglican church life. These congregations were often ministered to in "Dutch", both the standard Dutch of the Bible and various translations of the Anglican Book of Common Prayer, and the "Cape Dutch", or Afrikaans, which was their own vernacular. In the 1920's Afrikaans replaced Dutch as the vernacular church language of these congregations, and in 1925/1926 the Anglican Church published significant Afrikaans versions of the eucharistic liturgy, collects and scripture readings for Sundays, and the hymnbook.

Using archival material dating from c. 1830 held by the United Society for the Propagation of the Gospel, together with church journals and published autobiographical, biographical, historical and liturgical sources, this study seeks to document the history of the use of "Dutch" (standard Dutch and "Cape Dutch") in the Anglican Church in the nineteenth century, noting the replacement of standard Dutch by Afrikaans as a vernacular language of worship in the early twentieth century, and continuing the story of Afrikaans in the Anglican Church to the 1970's. The minutes of the Provincial Afrikaans Committee provide important source material for these latter years.

Together with various African languages, Afrikaans is one of the languages' vernacular in regular use in the Church of the Province of Southern Africa in the 1980's. The study thus also describes the current status and usage of Afrikaans in this multi-cultural and multi-linguistic context. Material here is based on personal observations made during a period of work in an Afrikaans-speaking parish in 1983, conversations with church members and leaders, and questionnaires circulated amongst layministers in the Diocese of Cape Town in 1983 and more widely amongst clergy in the Province in 1988. The aim of both questionnaires was to obtain an indication of the extent and manner of the use of Afrikaans as a church language in the Anglican Church. The 1983 questionnaire also sought to explore attitudes regarding the use of Afrikaans in the Church, and some consideration is given to the historical, social and political factors informing these attitudes.

In conclusion note is taken of recent reinterpretations of the history of Afrikaans before 1925, and it is argued that the sources suggest a "Dutch"/Afrikaans language movement in the Anglican Church. There is also a brief reflection on the the implications of the material presented for the contemporary ministry of the Church in Afrikaans.

Jonathan Luke Stubbs

25 Gabriels Street

Cloetesville

Stellenbosch

7600

INHOUD

AFKORTINGS EN GLOSSARIUM	viii
VOORWOORD	x
INLEIDING	1

DEEL I

"DUTCH" IN DIE VROEË GESKIEDENIS VAN DIE ANGLIKAANSE KERK AAN DIE KAAP: 1795-1846

I.	ANGLIKAANSE VOORGESKIEDENIS: 1795-1803	8
II.	DIE VROEË KOLONIALE KERK: 1806-1846	11
1.	Kaapkolonie: 1806-1820	13
2.	Kaapkolonie: 1821-1846	15
3.	Francis Owen	21
4.	Publikasies	22
5.	Samevatting: 1806 - 1846	24

DEEL II

"DUTCH" AS KERKTAAL IN DIE ANGLIKAANSE KERK: 1847 -c.1925

III.	DIE EPISKOPAAT VAN ROBERT GRAY: 1847-1872	32
1.	"Dutch" vir Afrikaanssprekende Anglikane in die Suid-Westelike Kaapkolonie	34
1.1	Church of the Good Shepherd, Protea, c. 1854	34
1.2	St. Paul's Kerk, George, 1850/1851, 1855	36
1.3	Knysna, 1855	40
1.4	Schoonberg, 1855	42
1.5	Gray se "Bishop's Dutch"	46
1.6	Edward Glover en Thomas F. Lightfoot	47
1.7	Paarl, 1854 en later	51
1.8	Clanwilliam, 1858 en later	54

1.9	Mosselbaai, 1858 en later	55
1.10	Riversdale, 1858 en later	56
1.11	Malmesbury/Abbotsdale, 1859 en later	58
1.12	D'Urban (Durbanville), 1859 en later	61
1.13	Claremont, 1859	62
1.14	Villiersdorp, c. 1860	63
1.15	Caledon, 1865	64
1.16	Swellendam, 1865, 1869	64
1.17	Namakwaland en Weskus, 1871	65
1.18	Bredasdorp, 1871	66
2.	"Dutch" in ander Bisdomme tot c. 1872	66
2.1	Grahamstad	66
2.2	Natal	67
2.3	Bloemfontein	67
2.3.1	Biskop Twells	67
2.3.2	Die Gemeenskap van St Augustinus	69
2.3.3	Eerw. Charles Clulee	69
2.3.4	Die Diamantvelde	71
3.	Publikasies	72
4.	Samevatting: 1847-1872	74
IV.	"DUTCH" AS KERKTAAL ONDER GRAY SE OPVOLGERS: 1873 tot c. 1925	91
1.	"Dutch" onder Afrikaanssprekendes in die Bisdom van Kaapstad tot c.1925	92
1.1	Plattelandse sendinggemeentes, 1874/1875	92
1.2	Die Bisdom van Kaapstad, c. 1900: die plek van "Dutch" binne algemene patrone van bediening	94
1.3	Namakwaland, c. 1900	99
1.4	Die Kerk in Kaapstad en op Robbeneiland, c. 1900	101
1.5	St. Mary's, Papendorp, 1886, 1893	103
1.6	St. Paul's, Rondebosch en St. Philip's, Kaapstad, 1892/1893	103
1.7	Swellendam, c. 1888	104

1.8	Clanwilliam, 1892	105
1.9	Oudtshoorn, 1892	106
1.10	Caledon, 1893	107
1.11	Malmesbury, 1898	107
1.12	S.P.G.-Aansoekvorms, 1916-1922 (Heidelberg, Zoar, Calvinia)	109
2.	"Dutch" elders in die Provinsie, 1873 - c.1925	109
2.1	Grahamstad	110
2.1.1	Herschel, 1887, 1898	110
2.1.2	Port Elizabeth, 1898	110
2.1.3	Die kritiek van Eerw. Batty, Adelaide, 1887	111
2.2	Bloemfontein	112
2.3	Pretoria	113
3.	Publikasies	114
4.	Samevatting: 1873 - c.1925	117

DEEL III

AFRIKAANS AS KERKTAAL IN DIE ANGLIKAANSE KERK

V.	AFRIKAANS IN DIE K.P.S.A. TOT c. 1925	130
1.	Afrikaans as Kerktal voor 1925	130
1.1	Edward Glover, 1854 en later	130
1.2	Charles Clulee, 1869	131
1.3	W.F. Taylor, 1850-1900	131
1.4	W.W. Watkins, H. Earp Jones, T.W. Burns, H.C. Thompson en Percival Web Windell, 1916 - 1922	132
1.5	Afrikaans in die Parogie van St. Mathew's, Claremont, 1911	133
2.	Die algemene verplasing van Nederlands deur Afrikaans as kerktal	134
3.	Vroeë Afrikaanse Publikasies	135
3.1	Die Afrikaanse Gesangboek (1925)	135

3.2	Die Formulier vir die Bediening van die Heilige Kommunie (1925)	135
3.3	Die Kollekgebede, Sendbriewe, en Evangelies (1926)	136
3.4	Die Apokrifa in Afrikaans	136
4.	Samevatting: Afrikaans tot 1925	137
VI.	AFRIKAANS IN DIE K.P.S.A VAN c 1940 TOT c. 1960	141
1.	Die Bisdomme van Kaapstad en George tot c. 1960	141
1.1	Kaapstad	141
1.2	George	145
2.	Afrikaans elders in die Provinsie tot c. 1960	150
3.	Publikasies	153
3.1	Liturgiese Publikasies	153
3.2	Afrikaanse Gesange	154
4.	Samevatting: c. 1940 tot c. 1960	155
VII.	AFRIKAANS IN DIE K.P.S.A. GEDURENDE DIE SESTIGER- EN SEWENTIGERJARE	159
1.	Die Apostolaat na die Afrikaner	160
2.	Ekumeniese samewerking	165
3.	Vertalingswerk: 1964 - 1980	167
3.1	Die Suid-Afrikaanse Gebedeboek	167
3.2	Die Eksperimentele Eucharistiese Liturgie, 1969	168
3.3	Liturgie 1975	168
3.4	Geleentheidsdienste en ander Liturgiese Vertalings	169
3.5	Gesange en ander Afrikaanse Lektuur	169
4.	Samevatting: die sestiger- en sewentigerjare	169

**VIII. DIE STATUS EN GEBRUIK VAN AFRIKAANS IN DIE ANGLIKAANSE
KERK GEDURENDE DIE TAGTIGERJARE**

173

1.	Afrikaans in die Bisdom van Kaapstad	173
1.1	Parogie van Botrivier, 1983	173
1.1.1	St. Peter's, Botrivier	174
1.1.2	St. Mary's, Houwhoek	180
1.1.3	St. Nicholas', Kleinmond	181
1.1.4	St. Augustine's, Villiersdorp	182
	Naskrif, 1988	185
1.2	Parogie van Bredasdorp, 1983	186
1.2.1	All Saints', Bredasdorp	186
1.2.2	St. Saviour's, Napier	188
	Naskrif, 1988	188
1.3	Parogie van Caledon, 1983	188
1.3.1	Holy Trinity, Caledon	188
1.3.2	St. Andrew's, Greyton	190
1.3.3	St. Michael's and All Angels', Middleton	191
1.3.4	St. Barnabas', Teslaarsdal	192
1.3.5	St. John's, Uilkraal	192
1.3.6	St. Paul's, Papievablei	192
1.3.7	St. John's, Gansbaai	192
1.3.8	St. Thomas', Stanford	193
	Naskrif, 1988	193
1.4	Parogie van Hermanus, 1988	194
1.5	Parogie van Elgin, 1983	195
1.5.1	St. Michael's and All Angels', Elgin	195
1.5.2	Church of the Holy Family, Applethwaite	196
	Naskrif, 1988	196
1.6	Parogie van Noorder Paarl, 1983	197
	Naskrif, 1988	197
1.7	Parogie van Paarl, 1988	197
1.8	Parogie van Wellington, 1983	198
	Naskrif, 1988	198
1.9	Parogie van Robertson	198
1.9.1	All Saints', Robertson	199
1.9.2	St. Mary's, Robertson	199
	Naskrif, 1988	199
1.10	Parogie van Worcester, 1988	199

1.11	Parogie van Ceres, 1988	200
1.12	Parogie van Calvinia, 1983	200
1.12.1	St. James', Klawer	201
	Naskrif, 1988	201
1.13	Ander Parogieë van Namakwaland en die Weskus, 1988	203
1.14	Parogie van Durbanville, 1983	204
1.14.1	All Saints', Durbanville	204
1.14.2	St. Paul's, The Valley	204
	Naskrif, 1988	205
1.15	Parogie van die Strand, 1983	205
	Naskrif, 1988	205
1.16	Parogie van Somerset-West, 1988	206
1.17	Afrikaans by Plattelandse Bisdomlike Byeenkomste, 1983	206
1.18	Die Gebruik van Afrikaans in Stedelike Parogieë van die Bisdom van Kaapstad, 1983, 1988	208
1.18.1	Parogie van Kraaifontein, 1983	208
1.18.2	All Saints', Wesfleur, Atlantis, 1988	209
1.18.3	Aartsdiakonale Gebied van Athlone, 1988	209
1.18.4	Aanvullende Bespreking van Stedelike Parogieë	210
2.	Afrikaans in ander Bisdomme van die K.P.S.A.	212
2.1	Die Bisdom van George, 1988	212
2.1.1	St. Paul's George	212
2.1.2	Knysna-gebied	213
2.1.3	All Saints', Mosselbaai	213
2.1.4	St. Jude's, Oudtshoorn	213
2.1.5	Beaufort-Wes	214
2.2	Bisdom van Kimberley en Kuruman, 1988	215
2.3	Die Bisdomme van Bloemfontein, Grahamstad, Port Elizabeth, Johannesburg, Natal en Namibia, 1988	217
2.3.1	Bloemfontein	217
2.3.2	Grahamstad	218
2.3.3	Port Elizabeth	218
2.3.4	Johannesburg	218
2.3.5	Natal	219
2.3.6	Namibia	220

3. Publikasies	221
4. Samevatting: die tagtigerjare	222
SAMEVATTING EN KONKLUSIE	234

BYLAES

Bylae I.	Opname gesirkuleer in die Bisdom van Kaapstad, Junie-Augustus 1983	241
Bylae II.	Opname gesirkuleer in die K.P.S.A., Augustus 1988	249
Bylae III.	Die Geskiedenis van St. Peter's Kerk, Botrivier.	251
Bylae IV.	Die Liturgie in Nederlands en Afrikaans	252

BIBLIOGRAFIE

I.	Algemene Literatuur	258
II.	Outobiografieë, Biografieë, Joernale en Dagboeke	264
III.	Gepubliseerde Opstelle, Artikels en Referate	266
IV.	Ongepubliseerde Skripsies en Referate	268
V.	Kerklike Publikasies in Nederlands en Afrikaans	269
VI.	Kerknuusblaaie	270
VII.	Argivale Bronne	271
VIII.	Mondelinge Oorlewering	273
IX.	Woordeboeke en Bibliografiese en Biografiese Hulpbronne	274

AFKORTINGS EN GLOSSARIUM*

Anglikaanse Gemeenskap: Die Anglikaanse Gemeenskap is 'n wêreldwye gemeenskap wat homself beskryf as 'n gemeenskap van bisdomme en provinsies binne die een, heilige, katolieke en apostoliese Kerk wat in kommunie met mekaar en die Bisdom van Kantelberg verkeer. Die Aartsbiskop van Kantelberg is "primus inter pares" onder die biskoppe van die Anglikaanse Gemeenskap.

Aartsdiakonale gebied: 'n Groep parogieë wat op geografiese grondslag saamgevoeg is onder toesig van 'n aartsdiaken. Die aartsdiaken is 'n priester wat deur die biskop aangestel word as sy verteenwoordiger in 'n spesifieke aartsdiakonale gebied, en hy het sekere pastorale en administratiewe pligte.

Bisdom: 'n Samevoeging van parogieë op geografiese grondslag onder die pastorale en administratiewe toesig van 'n biskop. In die Anglikaanse tradisie is die plaaslike kerk in sy volheid nie die enkele lokale gemeente nie, maar die gemene lewe van almal wat die leierskap van dieselfde biskop deel, m.a.w. die bisdom.

Buitestasie: Informele groepering families wat deel uitmaak van 'n groter (gewoonlik plattelandse) parogie.

C.M.S.: Church Missionary Society.

Diaken: Saam met biskoppe en priesters is diakens in die Anglikaanse Kerk geordende bedienaars met spesiale bedienings t.o.v. woord en sakrament.

Eucharistie: Die diens van die Heilige Kommunie wat in die kontemporêre Anglikanisme die basiese weeklikse (en vir baie, daaglikse) aanbiddingsvorm is. Die Eucharistie/ Heilige Kommunie word in die Anglikaanse tradisie ook soms die Mis genoem.

Geleentheidsdienste: Benaming vir nie-gereelde aanbiddingsformuliere soos die Doop, Bevestiging, Huweliksdienste, Begrafenis ens.

Oggend- en Aandgebed: Liturgiese aanbiddingsformuliere wat, saam met die Eucharistie, deel uitmaak van gereelde gemeentelike aanbidding. Engelse verwys

* Die glossarium is gebaseer op materiaal uit R. Harris, The Lines along which the Church runs (C.P.S.A., 1982).

soms na Oggendgebed as "Mattins" en Aandgebed as "Evensong", en na altwee dienste as "Divine Service".

Kapel: 'n Selfstandige aanbiddende gemeente binne 'n parogie wat onder toesig van die parogie en rektor die reg het om sy eie lewe te reël.

Kerk-/Kapelvoogd: Leke-leiers in die plaaslike gemeente wat jaarliks by die Gemeentevergadering verkies word. Hulle is die biskop se amptenare met spesiale pligte t.o.v. parogiale finansies en eiendomme.

Lekebedienaar: 'n Leke-leier in die plaaslike gemeente wat deur die Biskop gelisensieer word om verskeie bedienings te beoefen. In die verlede is lekebedienaars "kategete"/ "evangeliste" en "sub-diakens" genoem. Hulle mag gelisensieer word om onderrig te gee (kategeet); om te preek (leke-prediker); om by die administrasie van Kommunie as sub-diaken te help, en om enige taak wat nie vir die geordende bediening gereserveer is nie, te onderneem (byvoorbeeld die sê van Oggend- en Aandgebed en die neem van Begrafenisdienste).

L.M.S.: London Missionary Society.

K.P.S.A.: Kerk van die Provinsie Suider-Afrika. Die amptelike naam van die Anglikaanse Kerk in Suider-Afrika wat aangeneem is tydens die eerste Provinsiale Sinode in 1870. Die Provinsie bestaan vandag uit 18 bisdomme in Suid-Afrika, Lesotho, Swaziland, Mosambiek, Namibia en St. Helena.

Parogie: Die plaaslike kerk wat die basiese eenheid vorm van die Kerk se lewe. 'n Parogie kan uit een kerkgemeente of 'n aantal kapelle en buitestasies bestaan.

Provinsie: 'n Nasionale kerk of samevoeging van bisdomme binne een geografiese gebied onder leiding van 'n aartsbiskop (metropolitaan), primus of president-biskop. Die Aartsbiskop van Kaapstad is Metropolitaan van die K.P.S.A.

Rektor: 'n Parogiale priester met geestelike en administratiewe toesig oor 'n parogie. Hy mag bygestaan word deur assistente - priesters en diakens.

S.P.C.K.: Society for the Promoting of Christian Knowledge.

S.P.G.: Society for the Propagation of the Gospel.

VOORWOORD

Hierdie studie, onderneem tydens opleiding aan 'n seminarium en bediening in twee parogieë in die Bisdom van Kaapstad, is 'n uiters voorlopige verkenning van 'n wye, veelsydige - en sover ek bewus is, tot dusver onverkenne - veld. Sonder die hulp en aanmoediging van 'n aantal persone en instansies sou die proefskrif nooit klaargekom het nie. My dank veral aan:

- my promotor, Prof. R.H. Pfeiffer, vir sy besieling en leiding in die studie,
- Biskop Philip Russell (voormalige Aartsbiskop van Kaapstad) en Aartsbiskop Desmond Tutu vir toestemming om hierdie studie te onderneem en belangstelling in die vordering daarvan,
- dosente en studente van Wycliff Hall, Oxford en St. Paul's Kollege, Grahamstad; Vr. A. Lindhorst, Vr. R. Alexander en Vr. L. Bank en die gemeentes van die Parogieë van Botrivier, Kensington, en Stellenbosch vir hul geduld; Vr. Francis Cull vir sy aanmoediging,
- die United Society for the Propagation of the Gospel vir toestemming om hul Argief te gebruik; die personeel van Rhodes-Huis se Biblioteek, Oxford; en dié van die S.A. Openbare Biblioteek, Kaapstad, asook Mev. Anna Cunningham van die Cullen-Biblioteek, Universiteit Witwatersrand en Prof. J.B. Brain vir hul hulp in die opspoor van bronnemateriaal,
- Mnr. Isaac Isaacs, Mejj. Gabiba Abrahams en Marie-Ana Daniels vir die tikwerk,
- die Universiteit van Kaapstad en die R.G.N vir geldelike ondersteuning.

Die eintlike inspirasie agter hierdie studie was dr. Elfriede Strassberger. Sy is op Wupperthal gebore, waar haar ouers Rynse sendelinge was, en waar sy haar skoolopleiding begin het. Haar universiteitsopleiding het sy ontvang by die Hugenate-Universiteitskollege, Wellington en die Universiteitskollege van die Vrystaat. Later het sy doktorsale studies op Stellenbosch, Hamburg en Cambridge onderneem. Die vrug van haar studies is in 1974 onder die titel Ecumenism in South Africa: 1936-1960 gepubliseer; vroeër het sy ook 'n geskiedenis van die Rynse Sendingvereniging in Suid-Afrika laat publiseer (The Rhenish Mission Society in

South Africa: 1930-1950). Dit was een van haar grootste gawes om haar rol as kompetente teoloog met dié van opvoeder van dikwels ongeletterde mense te kon verbind.

Vir 'n aantal jare het dr. Elfie - soos sy bekend gestaan het - studentewerk in die N.G. Kerk onderneem. In ongeveer 1965 het sy 'n lidmaat van die Anglikaanse Kerk geword, en in 1970 het sy as voltydse werkster in die Bisdom van Kaapstad aangesluit. Voor haar dood in 1984 is sy 'n lid gemaak van die Orde van Simon van Cyrene (die hoogste eretoekening vir leke in die Anglikaanse Kerk). Haar sitaat lees:

"The first woman layminister to have been licensed in the Church of the Province, she has given generously of her academic gifts to the Church over many years. In addition to translating other services, she undertook single handed to translate Liturgy '75 into Afrikaans. For many years she served as Editor of the Provincial Afrikaans paper "Die Net." Her advice and scholarship has been of great help to many Provincial Commissions and Departments. In her own Diocese she has been indefatigable in the training of layministers; for them, she has prepared a series of brief biblical commentaries, together with booklets on pastoral work, evangelism, and preaching.

Her work, and the quality of her life are testimony to her love and devotion to her Lord".

Hierdie studie is aan die nagedagtenis van dr. Strassberger opgedra, asook aan my vrou, Helen. Sonder háár aansporing deur die moeilike dae sou min daarvan gekom het.

Stellenbosch, 6 Augustus 1989

Die Verheerliking van Onse Here Jesus Christus.

INLEIDING

Hierdie studie is gebore uit 'n belangstelling in die taalgeskiedenis en huidige sosio-linguistiese posisie van Afrikaans, en in die geskiedenis en sending van die Kerk van die Provinsie Suider-Afrika (Anglikaanse Kerk).

Na afloop van my studie in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad, het ek in 1983 vir nege maande in 'n Afrikaanssprekende parogie van die Bisdom van Kaapstad gewerk. Tydens my verblyf daar, in die Parogie van Botrivier, het ek besef dat 'n groot aantal Anglikane in die Bisdom Afrikaanssprekend is. Ek het vir die eerste keer 'n Anglikaanse bediening van Woord en Sakrament in Afrikaans gesien, en die Anglikaanse Liturgie in Afrikaans ervaar. Gesprekke met gemeentelede, plaaslike kerkleiers, en 'n bietjie navorsing in die kerk-argief het gesuggereer dat daar agter hierdie Afrikaanse Anglikanisme van die laat twintigste eeu miskien 'n interessante stuk geskiedenis - *kerkgeskiedenis*, en ook *taalgeskiedenis* - mag sit. Een ding was duidelik by hierdie eerste blootstelling aan Afrikaans in die Anglikaanse Kerk, en dit was dat die gebruik van Afrikaans as kerktaal 'n duisternis dubbelsinnighede en uiteenlopende houdings onder Anglikane uitgelok het, en dat dit verskeie pastorale probleme opgelewer het.

Dit was ook in 1983 dat ek J.C. Steyn se Tuiste in eie taal: die behoud en bestaan van Afrikaans (1980) en iets van die bespreking rondom hierdie boek gelees het. Hier dui dr. Steyn tereg aan dat die Afrikaanse taalgemeenskap nie 'n homogene groep was of is nie (1). Hy glo dat 'n belangrike deel van die taal se krag vandag daarin lê "dat dit nie 'n taal van net een groep was nie, maar van wit en bruin sprekers"; en sê verder dat dit 'n swakheid van die Afrikaanse taalbeweging is dat dit "te sterk blank-gesentreerd" was (2). Ten spyte van hierdie ruim tuiste waarin hy Afrikaans plaas, wil dr. Steyn Afrikaans, ter wille van die oorlewing van die taal, dit nou koppel aan een groep gebruikers daarvan: "blanke" Afrikaanssprekers.

Prof. R.H. Pfeiffer, in sy bespreking van die "aannames, die onderliggende presupposisies, wat mens by Steyn vermoed, en wat nie eksplisiet geformuleer is nie", wys hierop (3). Hy skryf dat dr. Steyn se eie gegewens behoort te lei tot 'n bepleiting van "'n sigbare erkenning en aanvaarding dat Afrikaans nie gebonde is of hoef te bly aan 'n kleurgroep, 'n politieke denkrigting, 'n lewenshouding nie"; en sluit sy artikel af met 'n pleidooi vir 'n "uitreikingsaksie" waardeur die tuiste van die taal "verruim" sal word. Ek haal sy laaste paragrawe volledig aan:

"Wanneer Afrikaans die beeld kan ontgroeï wat hy op die oomblik het van behoudenhêid, anti-bruin en anti-swart en anti-Engels en gebonde aan bepaalde politieke opvattinge en morele kodes, kortom wanneer Afrikaans homself kan bewys as bevrydend, volwaardig, omvattende uitingsmiddel (en tuiste!) vir ons eie tyd en vir alle groepe en hul strewes en so 'n breër visie op die taal deurdring tot 'Afrikaanse' gesagsfigure, kultuurorganisasies e.d.m. dan oorleef hy. Maar dit moet berus op die verwydering van antagonismes en onreg. 'n Kragtige taalnasionalisme is maar 'n gedeeltelike en miskien selfs 'n kunsmatige middel, as die klimaat wat geskep word deur die hanteerders en die sprekers van die taal ongunstig is.

Die kern is miskien eerder die bevryding van Afrikaans van die beperkende elemente wat 'n nasionalisme, soos tot nou toe beleef, op hom kan afdruk. Om te oorleef, moet hy ook belangstelling, welwillendheid, gebruiksmoontlikhede opwek by dié groepe wat nie noodwendig in 'n taalnasionalisme wil opgaan nie. So 'n uitwaartse beweging van Afrikaans, waarin hy hom juis los toon van tradisionele (politieke gekleurde) nasionalistiese trekke en hom gewillig toon om toenadering tot alle ander lewenswyses en denkbearde te soek, hou moontlik 'n positiewe toekoms vir die taal in.

Dit sal die hart en gemoed van die Engelssprekende en swarttaalsprekende moet verower - en dit is hierdie "uitreikingsaksie," hierdie verruiming van die tuiste wat Steyn nie duidelik genoeg in Tuiste in eie taal uitspel nie" (4).

In sy antwoord op prof. Pfeiffer laat dr. Steyn duideliker blyk dat hy wel Afrikaans - veral ten opsigte van die toekomstige behoud van die taal - wil koppel aan een groep sprekers en die aparte voortbestaan van daardie groep (5). Vgl. byvoorbeeld sy bespreking van "blankheid" en "Afrikaansheid" en sy stelling: "Ek wil dit in elk geval betwyfel of ons vir Afrikaans enige winste gaan behaal deur die algemene en algehele opheffing van veral woonbuurt- en skoolseiding" (6). Oor prof. Pfeiffer se pleidooi vir 'n "uitreikingsaksie" skryf hy soos volg (weer haal ek volledig aan):

"Die stuk imponeer as globale gebaar, omdat soveel van die woorde wat deur die jare al 'n positiewe konnotasie gekry het daarin teenwoordig is: "n breë visie op die taal", "bevryding van beperkende elemente", "belangstelling, welwillendheid...", "uitwaartse beweging", "hart en gemoed verower", "verruiming." Daar is min mense wat hulle nie sal vereenselwig daarmee nie, maar solank al hierdie woorde en frases nie verband het met konkrete voorbeelde nie, is hulle leë woorde en holle frases" (7).

Die geskiedenis, en die huidige bestaan en gebruik van Afrikaans in die Kerk van die Provinsie Suider-Afrika verskaf - wel nie sonder probleme en kwalifikasies nie - die soort "konkrete voorbeeld" wat van prof. Pfeiffer se betoog meer as "leë woorde en holle frases" kan maak.

Deur die geskiedenis en huidige status en gebruik van Afrikaans in die Anglikaanse Kerk te dokumenteer, wil hierdie studie (i) bewys *dat* Afrikaans in 'n sosiologiese, kulturele en godsdienstige konteks opereer wat vanuit die oogpunt van tradisionele blank-geëntreerde beskouings daarvan as vreemd vir die Afrikaanse taal en kultuur beskou word; en (ii) beskryf *hoe* Afrikaans in daardie konteks opereer. Die suggestie wat hierdie studie wil laat, is dat enige beskrywing van, en besinning oor, die geskiedenis van Afrikaans inkompleet is sonder verwysing na en evaluasie van sy gebruik in sulke kontekste; en verder dat die gebruik van die taal in hierdie soort kontekste die materiaal kan verskaf vir prof. Pfeiffer se "uitreikingsaksie." Ek wil ook die gedagte opper dat patrone van taalgebruik in die Anglikaanse Kerk 'n alternatiewe model vir algemene taalhandhawing in die toekoms kan aanbied.

Die studie is hoofsaaklik taalhistories, maar wil ook op 'n sosio-linguistiese vlak beweeg. Sy primêre doel is om die gebruik van "Dutch" (standaard Nederlands en (vorme van) Afrikaans in die negentiende eeu en vroeë twintigste eeu) en Afrikaans in die twintigste eeu ná 1925 in die Anglikaanse Kerk te verken en te dokumenteer. Daar sal ook, na aanleiding van die dokumentering van die bronne, enkele opmerkings relevant tot die bediening van die Anglikaanse Kerk onder sy Afrikaanssprekende lidmate gemaak word.

Die Kerk van die Provinsie Suider-Afrika (hierna tot K.P.S.A. verkort) word vandag gekenmerk deur sy linguistiese en kulturele pluraliteit. Volgens die verslag van die

1985 Provinsiale Sinode was daar, byvoorbeeld, in daardie jaar tien vertalingkomitees in die Provinsie (Zulu, Siswati, Xhosa, Tswana, Suid-Sotho, Venda, Pedi, Afrikaans, Kwanyama, en Shangaan) (8). Aartsbiskop Desmond Tutu gee 'n mooi beeld van wat hierdie kulturele pluraliteit van die Anglikaanse Kerk kan beteken in sy beskrywing van kerkdienste by die St. Maria-Katedraal in Johannesburg:

"There was just nothing more compelling and impressive than when St. Mary's was full to overflowing with all God's children of all races - with the long procession of catechists, subdeacons and clergy winding their way into a Cathedral packed to the rafters. Hymns were sang in a babel of tongues, lessons read in another And as I have knelt in the Dean's stall at the superb 9.30 High Mass, with incense, bells and everything, watching a multi-racial crowd file up to the altar rails to be communicated, the one bread and the one cup given by a mixed team of clergy and lay ministers, with a multi-racial choir, servers and sidesmen - all this in apartheid-mad South Africa - then tears sometimes streamed down my cheeks, tears of joy that it could be that indeed Jesus Christ had broken down the wall of partition and here were the first fruits of the eschatological community right in front of my eyes, enacting the message in several languages outside that this is a house of prayer for peoples of all races who are welcome at all times" (9).

Die kulturele pluraliteit van die K.P.S.A. is egter nie altyd só ervaar nie, en is dikwels nie vir die plaaslike gemeente waarneembaar of deur hulle besef nie. My doel hier is om aan die hand van 'n klein deel van die Anglikaanse Kerk se geskiedenis en huidige lewe aan te dui hóé die Kerk by die punt van kulturele pluraliteit aangekom het, en dan te vra: wat beteken dit alles vir Afrikaanssprekende Anglikane vandag? Saam met Biskop Dinis Sengalane van Lebombo, Mozambiek, wil ek betoog dat vir nie-Engelssprekende Anglikane:

"...our lack of English, while we are rooted in Anglicanism, can also be a reminder of the nature of Anglicanism which is

not bound by the Englishness of the society. Anglicanism is an expression of the Gospel, not of Englishness ..." (10).

Die studie is in drie dele verdeel. Dele I en II konsentreer op die gebruik van "Dutch" as kerktaal in die Anglikaanse Kerk. Deel I dek die periode 1795-1846 (die tydperk vóór die aanstelling van Biskop Gray, eerste Biskop van Kaapstad), terwyl Deel II oor die periode van Biskop Gray se episkopaat en dié van sy opvolgers tot 1925 handel. Deel III kyk na die gebruik van Afrikaans as kerktaal vanuit 'n historiese en kontemporêre perspektief.

Dat hierdie indeling enigsins kunsmatig is, sal duidelik word wanneer besef word dat Afrikaans lank voor 1925 en die verheffing daarvan tot amptelike landstaal, as kerktaal in die K.P.S.A. gebruik is, en dat Nederlands nog ná 1925 'n Anglikaanse kerktaal was. Die indeling word egter behou, want dit weerspieël die historiese groei van die K.P.S.A., en die tradisionele beskrywing van die sg. "eksterne" geskiedenis van Afrikaans wat sy klimaks bereik het met die aanvaarding daarvan as amptelike landstaal in 1925. Die kunsmatigheid van die indeling het die funksie dat dit ook goed na vore bring die vraag of die geskiedenis van Afrikaans in kontekste soos die K.P.S.A. adekwaat beskryf kan word binne die raamwerk van die nasionalisties - gekleurde tradisionele "eksterne" geskiedenis van die taal (11).

1. J.C. Steyn, Tuiste in eie taal: die behoud en bestaan van Afrikaans (Tafelberg, Kaapstad 1980) pp. 120, 126, 136 e.v.
2. J.C. Steyn, 1980, pp. 123, 227.
3. R.H. Pheiffer, "Bedenkinge oor die politieke kader van Tuiste in eie Taal" in Spil Plus, Nr. 5, pp. 1 e.v.
4. R.H. Pheiffer, Spil Plus, Nr. 5, pp. 24 e.v.
5. J.C. Steyn "Bedenklike Bedenkinge: Pheiffer se Taalpolitiek" in Spil Plus, Nr. 6, pp. 1 e.v. Vgl. ook sy artikel "Afrikanernasionalisme en Afrikaans" in H. du Plessis en T. du Plessis (reds.), Afrikaans en Taalpolitiek (HAUM, Pretoria, 1987), pp. 73 e.v.
6. J.C. Steyn, Spil Plus, Nr. 6, pp. 17 e.v. 22, 24.
7. J.C. Steyn, Spil Plus, Nr. 6, p. 25.
8. Provincial Synod, 1985 Acts and Resolutions, pp. 75 e.v.
9. D. Tutu, Hope and Suffering (Collins, London, 1983) pp. 134 e.v.
10. Seek, August 1985, p. 5.
11. Vgl. L.T. du Plessis, Afrikaans in Beweging (Patmos, Bloemfontein, 1986) pp. 1 e.v.

DEEL I

*"DUTCH" IN DIE VROEE GESKIEDENIS VAN DIE ANGLIKAANSE
KERK AAN DIE KAAP: 1795 - 1846.*

I. ANGLIKAANSE VOORGESKIEDENIS: 1795-1803

Daar is geen rekord van kontak tussen die Anglikaanse Kerk en inwoners van Suider-Afrika (inboorlinge van verskeie tale en Afrikaans-/Nederlands- sprekende kolonialers) voor die Eerste Britse Besetting van die Kaap nie. Kerkdienste in Engels volgens die diensvorme van die Book of Common Prayer van 1662 is wel voor die Besetting gehou vir lede van die Britse vloot wat Tafelbaai aangedoen het (1).

Tydens die Besetting van 1795 - 1803 het vloot- en militêre kapelane die Britse garnisoen en residentie aan die Kaap bedien. Alhoewel die Artikels van Kapitulasie van 1795 Anglikaanse bediening tot Britse inwoners beperk het, is hierdie regulasie nie nagekom nie, en daar is bewys dat nie-Britse inwoners deur die Anglikaanse kapelane gedoop is (2). Ons weet nie wat die taalbekwaamheid van hierdie kapelane was nie, of deur watter taalmedium hulle met Kaapse inboorlinge gekommunikeer het nie. Dat hulle 'n bietjie Nederlands kon opgedoen het, of dat die Kapenaars 'n mate van Engels geken het, is natuurlik moontlikhede - maar hieroor het ons min besonderhede. Du Plessis en Hinchliff suggereer dat dopelinge sonder adekwate voorbereiding gedoop is (3). Een rede hiervoor mag wees dat daar 'n taal - barrière tussen die Engelssprekende kapelane en die Kaapse inwoners was. In dié verband kan die getuienis van Merriman aangehaal word, waar hy vertel van 'n besoek aan Simonstad wat hy in 1848 onderneem het:

"On looking at an old baptismal register I found considerable numbers of coloured people had been baptised together in past years (the years 1815-1818 particularly caught my eye). This I found was owing to importations of freed slaves from captured vessels, but it did not appear that any pains had been taken to instruct those who were so baptised. I was informed that they could not even speak English" (4).

Met die verwysing na die jare 1815 - 1818 en die invoer van vrygelate slawe, belig hierdie materiaal natuurlik 'n latere periode van die Kerk se geskiedenis. Die probleem van 'n taal-barrière was egter 'n faktor wat vanaf die eerste kontak tussen die Anglikaanse Kerk en die inwoners van die Kaap in ag geneem moet word. Tydens die Eerste Besetting het dit nooit 'n werklike besprekingspunt in die lewe van die Kerk geword nie. Daarvoor was die Besetting te kort en die mate en aard van Anglikaanse kontak met inwoners te gering. Tog beteken die feit dat inwoners

gedoop is dat die probleem alreeds gedurende hierdie jare gestel is. En miskien moet ons vra hoe veelseggend dit is t.o.v. Anglikaanse opvattinge in verband daarmee - ook gedurende die Eerste Besetting - dat Merriman oplet dat die *dopelinge* nie eens *Engels* kon praat nie, maar dat hy niks sê oor die taalvaardigheid van die *bedienaars* nie!

Tydens die Eerste Besetting het alle openbare Anglikaanse kerkdienste in Engels geskied volgens die diensvorme van die Algemene Gebedeboek van 1662. Hulle is in die Kasteel gehou vir die Britse magte en administrasie, en is gelei deur vloot - en militêre kapelane. Die enigste Anglikaanse gemeente gedurende die Besetting was militêr, waarby Britse burgerlikes ook aangesluit het (5).

'n Eerw. H. Holmes, een van hierdie kapelane, het tydens die Bataafse Administrasie van 1803 - 1806 aangeby en 'n private skool in Kaapstad begin. Rawlins spekuleer i.v.m. die skool dat of die aantal Engelse wat gedurende die Bataafse Administrasie aangeby het groter is as wat gewoonlik aangeneem is, of Holmes "had learnt to speak Dutch sufficiently well to make a success of the school" (6). 'n Ander moontlikheid is dat daar 'n begeerte onder sekere Nederlands-/ Afrikaanssprekende Kapenaars was dat hul kinders Engels moet aanleer. Sir John Barrow, wat die Kaap tydens die eerste Besetting besoek het, vertel dat:

"...some of (the young females of the Cape) have made great proficiency in the English" (7).

Soos die werk van Raidt en ander taalhistorici bewys, is dit duidelik dat Afrikaans teen die tyd van die Eerste Besetting van standaard Nederlands onderskei kan word, en dat dit alreeds teen daardie tyd as spreektaal onder Kaapse koloniste in wye gebruik was (8). Afrikaans was ook die taal (of een van die tale) van die Kaapse slawegemeenskap en van die Islamitiese gemeenskap; en is verder ook deur vryswartes en verskeie gekleurdes en Khoi-groepe en hul afstammelinge gebruik, veral in hul kontak met kolonialers, maar ook (soos Belcher suggereer) onder mekaar (9). Dit kom dus as geen verrassing wanneer latere Anglikaanse bedienaars na Afrikaans spesifiek as die taal van "the coloured people" wat deel van hul gemeentes uitgemaak het, verwys nie (10).

1. P. Hinchliff, The Anglican Church in South Africa (Darton, Longmore and Todd, London, 1963), p. 4; C. Lewis & G.E. Edwards, Historical Records of the Church of the Province of South Africa (S.P.C.K., London, 1934) p. 4. Volgens B.T. Page, The Harvest of Good Hope (S.P.C.K., London, 1946) p. 1, is die eerste sodanige diens deur 'n Engelse vlootkapelaan op 20 April 1749 gehou.
2. J.A. Hewitt, Sketches of English Church History in South Africa, 1795-1848 (Juta, Cape Town, 1887), p. 7; Lewis & Edwards, 1934, pp. 5 e.v.
3. J. du Plessis, History of Christian Missions in South Africa (Longmans, London, 1911) p. 23; Hinchliff, 1963, p. 4.
4. D.H. Varley & H.M. Matthews (eds.), The Cape Journal of Archdeacon N.J. Merriman 1848 - 1855 (Van Riebeeck Society, Cape Town, 1957) p. 11.
5. Lewis & Edwards, 1934, p. 5; G.M. Theal, History of South Africa since 1795 (Struik, Cape Town, facs. reprint 1964) Vol. V, p. 105.
6. G.E. Rawlins, The Contribution of the Anglican Church to Education in the Cape (Unpublished M. Ed. Thesis, Rhodes University, 1960) pp. 2 e.v.
7. J. Barrow, Travels into the Interior of Southern Africa (Cadell and Davies, London, 2nd ed., 1806) p. 50.
8. E.H. Raidt, Afrikaans en sy Europese verlede (NASOU, Kaapstad, 1980) pp. 154 e.v. en pp. 205 e.v; J. du P Scholtz, Wording en Ontwikkeling van Afrikaans (Tafelberg, Kaapstad, 1980) p. 3; J.C. Steyn, 1980, p. 118.
9. R. Belcher, "Afrikaans en kommunikasie oor die kleurgrens" in du Plessis en du Plessis (reds.), 1987, pp. 17 e.v. Vgl. ook A. Davids, "The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community" in du Plessis en du Plessis (reds.), 1987, pp. 37 e.v; J.C. Steyn, 1980, pp. 101 e.v; R. Elphick and H. Giliomee (eds.) The Shaping of South African Society, 1652-1840 (Maskew Miller, Cape Town, 2nd ed., 1989) pp. 121, 226, 229.
10. Vgl. bv. R. Gray, Journal of Two Visitations in 1848 and 1850 (S.P.C.K. London, 1852), p. 203.

II. DIE VROEË KOLONIALE KERK: 1806-1846

Met die Tweede Britse Besetting van 1806 is Anglikaanse bediening weer onderneem deur vloot- en militêre kapelane. Bediening is ook weer tot Britse inwoners beperk - maar dié regulasie is, soos tydens die Eerste Besetting, nie altyd nagekom nie. Die eerste koloniale kapelane is in 1811 aangestel, en met die oorgawe van die Kaap aan Brittanje in 1815 kon Anglikaanse bedienaars vrylik rondbeweeg. Dit was egter eers met die koms van die 1820-Setlaars dat Anglikaanse bedienaars hulle buite die omgewing van Kaapstad gevestig het. Vanaf 1848, met die stigting van die Bisdom van Kaapstad en die aankoms van Robert Gray, die eerste Biskop, is Anglikaanse kerkwerk vir die eerste keer op 'n stewige grondslag geplaas (1).

Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu was die Anglikaanse Kerk in Suider-Afrika die Kerk van die Britse administrasie en die Engelssprekende kolonialers. Soos Hinchliff dit stel, was die Anglikaanse Kerk "very definitely an exotic Church," en, "almost entirely the Church of the English Settlers" (2).

Die vroeë Anglikaanse Kerk het ook min gevoel vir sendingwerk gehad. In die woorde van Le Feuvre:

"The military chaplains were there to serve the garrison; the colonial chaplains were there to serve government officials and settlers. Occasionally Hottentots and slaves were baptized, but the Anglican Church's view of itself at that time was that of a branch of the establishment rather than as a missionary body" (3).

Osmund Victor se beskrywing van die vroeë negentiende-eeuse Engelse Kerk belig hierdie twee karakteristieke en bevat ook die belangrike stelling dat dit juis *hierdie* eienskappe was wat die Engelssprekende kolonialers in hul Kerk gewaardeer het:

"The English Church was, as usual, late in the field. The nineteenth century had half run its course before the first bishop was appointed, and what had been in some sense an ecclesiastical half-way house to Calcutta came to be a body free to develop its own ordered life and work. Previous to this a few scattered and isolated clergymen, chaplains rather

than parish priests, had been ministering to little colonies of English folk in the tiny town-centres of that day, while of mission work there was none. The Church of England was an exotic; it had been transplanted as it stood. St. George's Church in Cape Town, for instance, was an exact copy of St. Pancras in London. *It seemed quite like home, and that is what the people liked about it; it had all the right associations and recalled pleasant memories.*" (my kursivering) (4).

Ten spyte van die uitheemse aard van die Engelse Kerk en sy gebondenheid aan die Britse "establishment" het Anglikaanse bedienaars, soos beide Hinchliff en Le Feuvre toegee, gedurende die periode 1806 - 1847 (m.a.w. vóór die stigting van die Bisdom van Kaapstad en die organisasie van kerkwerk onder Biskop Gray) wel kontak met inheemse inwoners van verskeie tale (insluitende Afrikaanssprekers) en Nederlands-/ Afrikaanssprekende kolonialers gehad. Verskeie bronne dui aan dat hierdie persone nie net Anglikaanse eredienste en skole bygewoon het nie; hulle is ook in die Anglikaanse Kerk gedoop, en was selfs gereelde lidmate van die Kerk.

Daar is min direkte getuienis van hoe kommunikasie plaasgevind het in sulke kontak - situasies. Elke voorbeeld van kontak impliseer natuurlik nie noodwendig 'n kommunikasieprobleem nie. Kapenaars sou alreeds a.g.v. die Eerste Besetting Engels kon aanleer (en miskien het Holmes se skool tydens die Bataafse Administrasie in dié verband 'n rol gespeel). Barrow se verwysing na die Kaapse jongmeisies wat Engels kon praat, dui op 'n mate van Engelsvaardigheid onder kolonialers in die vroeë negentiende eeu; maar dit was eintlik baie gering, en Eerw. G. Thom ('n Skotse predikant wat op Caledon geplaas was en vir wie Lord Charles Somerset geraadpleeg het) vertel in c. 1820 dat daar 60 000 "Dutch colonists" was:

"...barely 400 of whom could converse in English, while not 150 could read or write it,"

terwyl Burchell in 1810 oor inheemse inwoners geskryf het:

"The English language may be said to be quite unknown to the natives beyond the colonial boundary, and even within that line it is very little understood, excepting in Cape Town (and at present (footnote, 1821) in the District of Albany)" (5).

In die lig hiervan is dit nie verbasend dat verskeie Anglikaanse bedienaars in die vroeë negentiende eeu, in hul begeerte om 'n bediening aan nie-Britse kolonialers en inheemse inwoners van die Kaap te beoefen, gepoog het om "Dutch" te leer nie. Tog dui die alreeds aangehaalde (en ander) verwysings van Merriman aan dat kommunikasie dikwels 'n probleem was (6).

1. KAAPKOLONIE: 1806 - 1820

Soos tydens die Eerste Besetting bevat doopregisters vir hierdie periode getuienis van kontak tussen die Anglikaanse Kerk en nie-Britse Kapenaars. So vind ons, byvoorbeeld, dat die doopregister van Eerw. D. Griffiths, wat in 1806 as kapelaan aangestel is, 'n aantal Nederlandse familienaam vir daardie jaar bevat. Hulle was ongeletterde persone en die kinders van mense wat in hul eie Kerk onder tug geplaas was. Daar is ook getuienis dat slawe en "heathen" van ander tale deur die vroeë kapelane gedoop was (7). Ons het geen rekord van hoe kommunikasie in hierdie situasies geskied het nie, maar soos ons alreeds gesien het, suggereer Merriman dat die afwesigheid van 'n verstaanbare kommunikasiemedium tot 'n gebrekkige bediening onder "coloured people," insluitend vrygelate slawe (seer seker van verskillende tale), in Simonstad gelei het. Wat dáár gebeur het, het waarskynlik gedurende hierdie tydperk ook elders in die Kolonie plaasgevind.

Openbare kerkdienste het in Engels geskied, en daar is geen bewys dat Nederlands (of enige ander taal) in openbare Anglikaanse aanbidding aan die Kaap 'n plek gevind het nie. In 1822 het W.W. Bird se bekende verslag oor toestande aan die Kaap verskyn, waarin hy ook vertel van koloniale kerklewe, en die volgende beskrywing van openbare Anglikaanse aanbidding verskaf:

"The English have no church, and the service is performed, by permission, in the Dutch Calvinist Church. There are two English chaplains, one civil, the other military, both of whom read prayers and preach every Sunday morning ... the whole congregational church devotion of the English at the Cape is confined to three hours on the day of the Sabbath, except on Christmas day and Good Friday. The sacramental service takes place every three months. The civil chaplain does the surplice duty for the civilians, and the military for the army ...

The English congregation at the Cape is numerous. The soldiers attend by regiment and their martial music adds to the solemnity of the service" (8).

Interessant genoeg is Engelse preke in Nederlands vertaal en deur die Staatsdrukker uitgegee vir verspreiding onder Nederlands-/ Afrikaanssprekende Kapenaars. Hewitt verskaf twee voorbeelde van hierdie verskynsel (9). Die eerste is 'n preek van Lawrence Halloran (kapelaan vanaf 1807 tot 1810) wat eintlik in 1805 aan boord skip gelewer is, en wat hy in 1808 aan die Kaap laat druk het. Hewitt gee die titel soos volg aan:

"Redevoering ter gelegenheid van der (sic) luisterijke (sic) en beslissende overwinning door de Britsche Vloot, onder bevel van Lord Viscount Nelson, behaald over der (sic) vereenigde en talrijker magt van Frankryk en Spanje op de hoogte van Trafalgar op Maandag den 21 Oct. 1805, gehouden aan boord van zyn Maj's Schip Brittannia, in zee op Zondag den 3 Nov. 1805. Door Lourens Halloran Doctor der Godgeleerdheid, Kapellaan op het voornoemde Schip en Secretaris van den Schoutbij - Nacht den Graaf van Nothesk. Kaapstad; gedrukt ter Governments (sic) Drukkery."

Die tweede voorbeeld dateer uit 1813, en is 'n "leerrede" van Eerw. Robert Jones, gelewer in "de Engelsche Kerk van de Kaapstad". Die titel is:

"Voordeelen eener Godsdienstige Opvoeding. Eener (sic) leerrede uitgesproken op Zondag, den 14 Maart, 1813, in de Engelsche Kerk van de Kaapstad, Door den Eerw. Robert Jones, B.A. Koloniaal Kapellaan en lid der School Commissie. Uitgegeven (sic) op verzoek van Zijne Excellentie den Lieut. Generaal Sir John Francis Craddock, K.B. en K.C. Hoofgebieder en Opperbevelhebber enz. (uit die (sic) Engelsch vertaald). Kaapstad: Gedrukt ter Gouvernements Drukkerij."

Albei preke het blykbaar 'n propagandistiese waarde vir die Britse owerhede gehad, en is seker om hierdie rede in Nederlands uitgegee.

Jones was die eerste koloniale kapelaan. Hy was ook 'n bedrywige lid van die Kaapse Bybel- en Skoolkommissie, wat hom in 1819 versoek het om tydens 'n besoek aan Engeland Nederlandse Bybels te verkry (10). Volgens Rawlins het Jones "Dutch" geleer - wat kan beteken of dat hy 'n kennis opgedoen het van die Kaapse Afrikaanse omgangstaal (Afrikaans) of dat hy standaard Nederlands aangeleer het (11). Soos alreeds aangedui is, wys taalhistorici daarop dat Afrikaans teen die begin van die negentiende eeu al duidelik van standaard Nederlands onderskei kan word. Dit is ook duidelik dat Afrikaans (of vorme van Afrikaans) teen daardie tyd as spreektaal in wye gebruik was, en dat die term "Dutch" wat deur Engelse verslaggewers tot in die 20ste eeu gebruik word, dubbelsinnig kan wees. In sekere kontekste word die Afrikaanse omgangstaal daarmee bedoel, in ander Nederlands, en dikwels blykbaar altwee tale. Die vaagheid van die term "Dutch" is 'n probleem wat meermale in hierdie studie sal opduik (12).

In verband met die aard van die "Dutch" wat Jones, en moontlik voor hom, Holmes, asook latere Engelssprekende bedienaars aan die Kaap sou geleer het, kan die getuienis van A.N.E Changuion opgelet word. In 1844 het hy sy werk De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld uitgegee. Hierin maak hy 'n aantal belangrike opmerkings oor die stand en aard van Nederlands aan die Kaap. Op p. 23 erken hy dat:

"...de beschaafde klasse overal haar best doet om het kenmerkende der Kaapsche spraak af te leggen .. Wie ~~de~~ Kaapsche tongval verzaakt wordt gezegd hoog Hollandsch te spreken".

En dan voeg hy veelseggend daaraan toe:

"Een Engelschman spreekt doorgaans plat Kaapsch" (13).

2. KAAPKOLONIE: 1821 - 1846

In 1821 het Eerw. William Wright, die eerste sendeling van die "Society for the Propagation of the Gospel" (S.P.G.) om in Suider-Afrika te werk, in Kaapstad aangeland. Hierdie interessante en omstrede karakter het voor sy aankoms in die Kaap 'n kennis van Duits en Nederlands gehad. Volgens Pringle was hy "the only

clergyman of the Church of England during my residence there who was friendly to the freedom of, or active in the improvement of the coloured classes" (14).

Wright het kerkdienste in Wynberg gehou, en ook skole begin. Volgens Hewitt het hy in 1822 in Wynberg 'n sendingskool vir "coloured children" gestig, en in 1823 een in Keeromstraat, Kaapstad vir "coloured free and slave children" (15). Rawlins vertel van die skool in Wynberg dat dit 10 "English speakers", 30 "Dutch speakers" en ongeveer 12 "Malay and Hottentot pupils" gehad het, terwyl daar by die skool in Keeromstraat "English and Dutch Departments" was (16). Volgens Lewis en Edwards het Wright ook "Dutch translations of elementary books" gemaak (17). Geen eksemplaar van hierdie boeke kon opgespoor word nie.

Daar is geen aanduidings of Wright "Dutch" in formele kerkdienste gebruik het nie. Die gebruik van "Dutch" in sy skole bevat miskien die moontlikheid dat dié taal vir openbare katekisasie-doeleindes gebruik kon gewees het. Hy het alreeds voor sy aankoms in die Kolonie 'n kennis van Nederlands gehad, wat waarskynlik die invloed van die Kaapse omgangstaal op sy eie "Dutch" sou gekwalifiseer het.

Wright se bediening dui op 'n groeiende kontak tussen Anglikaanse bedienaars en nie-Britse inwoners van die Kaap wat na 1820 plaasgevind het, ten spyte van die afwesigheid aan enige beduidende sendingsdrif in die Anglikaanse Kerk, en sy gebondenheid aan die Britse "establishment". Dat die aard van hierdie kontak in 'n groot mate nog steeds periferaal was, word duidelik aangedui deur historici soos Le Feuvre en Hinchliff (18). Tóg het dit deel van die lewe van die Kerk uitgemaak, en is dit deur 'n aantal gemeentes, bedienaars en nie-Britse Kapenaars as 'n werklikheid beleef. Verskeie briewe en ander dokumente in die Argief van die S.P.G. dui op die verskynsel.

Eerw. J.W. Sanders van Stellenbosch skryf, byvoorbeeld, op 8 April 1839:

"The Dutch clergyman and consistory have kindly lent me the use of their church ... I preached there about a month since, and had a congregation of 20 English and not less I should imagine than 50 or 60 Dutch persons ..." (19).

Hierdie "Dutch persons" wat 'n Anglikaanse diens bywoon was Nederlands-/Afrikaanssprekende kolonialers. Die korrespondensie van Eerw. William Long van

Graaff Reinet maak soortgelyke verwysings, terwyl Wright skryf van die teenwoordigheid van "many of the Hottentots with women and children" by die aand-en Sondagskool in Bathurst in 1830, en Eerw. McClelland, ook in die Ooskaap, 'n mate van bediening onder "the heathen" beoefen het (20).

Sanders se brief van April 1839 dui aan dat hy tot nou toe Engels vir sy kerkdienste gebruik het, maar hy sluit af met 'n aanduiding dat hy wel "Dutch" in die toekoms sou wou gebruik:

"I saw in the Report of the Society for the Promoting of Christian Knowledge that 100 Dutch prayer books had been granted me - I feel very grateful for them but they have never arrived - I should be very glad of them, as I now know Dutch sufficiently to read it tolerably, and should the Society wish me to remain in this Colony I should feel it my duty to preach in Dutch as well as in English" (21).

Die Nederlandse Gebedeboek waarna Sanders verwys is 'n vertaling deur Joseph Bosworth van die 1662 Book of Common Prayer wat in 1838 deur die "Society for the Promoting of Christian Knowledge" (S.P.C.K.) gedruk is. Bosworth het alreeds in 1835 met sy vertalingswerk begin, en die First Annual Report of the Port Elizabeth and Uitenhage District Committee of the Society for the Promoting of Christian Knowledge van 1836 verwys ook daarna:

"Amongst the more recent endeavours of the Parent Society to supply all the wants of the people where local District Committees have been formed, the translation of the Book of Common Prayer into the Dutch language ought not to be overlooked. This translation - executed by the most eminent masters of the language at Leyden and at great expense to the Society - was in the press when the last accounts were sent from England, and the Committee may daily expect a supply of these translations for the use of their fellow colonists" (22).

Hierdie verslag dui aan dat daar wel elemente in die Anglikaanse Kerk was wat, ten spyte van die "Engelsheid" van die Kerk, en die afwesigheid aan 'n algemene sendingsdrif, hul geloof aan hulle Nederlands-/ Afrikaanssprekende mede -

kolonialers bekend wou stel. As die vertaling en verskaffing van Nederlandse Gebedeboeke werklik 'n saak van "supplying all the wants of the people..." was, suggereer die verslag ook dat die Anglikaanse Kerk al in 1836 'n bediening aan Nederlandsgebruikende koloniste moes beoefen het. Wat presies die relasie van hierdie koloniste met die Kerk was, is onduidelik: was hulle volledige lidmate, of slegs besoekers by Anglikaanse eredienste?

Dit is onmoontlik om te sê hoe ekstensief die gebruik van die S.P.C.K. se Nederlandse Gebedeboek gedurende hierdie periode was. Sanders se brief laat weet dat hy teen 1839 nog nie sy boeke ontvang het nie, terwyl Eerw. F.S. Batchelor (ietwat onverwags in die lig van die publikasie in 1838 van 'n Nederlandse Gebedeboek) op 22 Mei 1843 vanaf Kaapstad skryf:

"From all I learn, there are but very few, if any of our Prayer Books in the Dutch language, so that I think were our Prayer Book translated and more extensively circulated in this language the people would become more acquainted with and consequently would more appreciate our excellent form of Service" (23).

'n Paar jaar later was Nederlandse Gebedeboeke wel in sirkulasie in die Kaap, en op 31 Maart 1847 skryf Eerw. William Long, 'n diaken op Graaff Reinet:

"My best thanks for ... your kindness in informing me about Dutch Prayer Books from the Christian Knowledge Society. There has been a great demand for the latter, among the Dutch generally, but I have been careful to distribute them among those of them who are regular in their attendance on my Ministry. Some who have received them seem to be much delighted with them" (24).

In dieselfde brief gaan hy voort om te sê:

"Since I last wrote I have opened a Sunday (School) which I am happy to inform you has afforded me much encouragements; a large proportion of the children are of

Dutch parentage and of these some are anxiously awaiting the arrival of a Bishop to receive confirmation."

Weer is dit moeilik om met sekerheid te weet of die "Dutch" aan wie Long Gebedeboeke uitgegee het formele lidmate van sy gemeente was. As gevolg van die skaarsheid aan bedienaars gedurende die vroeë negentiende eeu, en die afwesigheid van kerk-strukture in die Kaapkolonie, het koloniste dikwels kerkdienste oor denominasionele grense heen bygewoon. Die gereelde verwysings in die bronne na "Dutch persons" wat Anglikaanse dienste bywoon - soos byvoorbeeld in die brief van Sanders wat hierbo aangehaal is - verwys hierna.

Dit is moontlik dat die Nederlandse Gebedeboeke waarna Long en die ander bedienaars verwys hoofsaaklik vir sulke persone bedoel was. In latere jare vind ons dat Biskop Gray ook Nederlandse Gebedeboeke aan lidmate van die "Dutch Church" gee (25).

Aan die ander kant sê Long wel dat party van die "Dutch" aan wie hy Gebedeboeke gegee het sy dienste *gereeld* bywoon, en daar kan aangeneem word dat die "Dutch" kinders wat in die Sondagskool was en wat op bevestiging gewag het, hulle s'n was. Dit alles suggereer dat daar wel gereelde, formele, lidmate van Long se gemeente was wat moedertaal Nederlands-/Afrikaanssprekend was. Volgens Hattersley was daar veel waardering vir "the more gracious and dignified aspects of Anglican worship" in sekere plattelandse dorpe, en hy haal Long aan wat laat weet dat sy gemeentedele "quite enchanted with the beauties of our liturgy" was. Long is ook deur die S.P.G. geloof vir die belangstelling in die Anglikaanse liturgie wat hy onder "Dutch colonists" aangewakker het. Blykbaar het hierdie kolonialers een of ander soort kennis van Engels gehad (26).

Dit is nie onmoontlik dat die Gebedeboeke gedurende hierdie periode vir openbare Nederlandse dienste deur Anglikaanse bedienaars soos Long gebruik is nie, en dat die liturgie dus ook in Nederlands gevier was; maar hiervoor is daar geen duidelike bewys nie. Dat die Gebedeboek wel vir private aanbidding en vir huisgodsdienste gebruik sou word, is deur die latere getuigenis van Biskop Gray aangedui (27). Die Gebedeboek, wat 'n diglossiese uitgawe was, sou ook gebruik word om tydens openbare dienste die Engelse diens in Nederlands te volg. Sodoende sou die besitters van die Gebedeboeke nie net die Engelse Anglikaanse eredienste kon volg nie, maar ook Engels kon aanleer, en dié taal beoefen.

Getuienis vanuit die laat negentiende eeu in die Transvaal suggereer dat laasgenoemde dáár 'n faktor was: Eerw. Edwin Farmer van Pretoria skryf in 1900 dat "a good number of Hollanders used to attend our services (by die St. Albanus-Katedraal, Pretoria) with the idea of perfecting their English"; en in die twintigste eeu wil Afrikaanssprekers soms Engels as kerktaal hê sodat hulle kinders die Engelse taal kan aanleer en beoefen (28). Die verengelsingsbeleid van die Koloniale Administrasie (veral na Lord Charles Somerset se Taalproklamasie van 5 Julie 1822) beteken dat soortgelyke faktore ook gedurende die periode onder oënskou 'n rol in die besit en gebruik van die Gebedeboek mag gespeel het: Nederlands-/Afrikaanssprekendes sou die boek kon gebruik het om 'n bietjie Engels (wat vir amptelike doeleindes vanaf 1823 al hoe noodsaakliker geword het) te verwerf. Daar is egter geen aanduiding dat die sendinggenootskappe en bedienaars wat die Nederlandse Gebedeboeke versprei het dit gedoen het met 'n oog op die owerhede se verengelsingsbeleid nie. Alle aanduidings is dat dit slegs hul doel was om Nederlandsgebruikende kolonialers bekend te stel met die Anglikaanse diensvorm (soos die korrespondensie van Eerw. Batchelor aandui), en om hul bediening te beoefen "in such a tongue as the people understandeth" soos die Anglikaanse Artikels van Geloof die opdrag gee (29). Die noodsaaklikheid vir die gebruik van "Dutch" in enige Anglikaanse uitreiking na Nederlands-/Afrikaanssprekende koloniste word aangedui deur die alreeds aangehaalde stelling van Thom (c.1820) dat uit 60 000 Nederlands-/Afrikaanssprekende koloniste skaars 400 in Engels kon kommunikeer en minder as 150 dit kon lees of skryf.

Op die oog af blyk dit een van die ironieë van die geskiedenis te wees dat Anglikaanse bedienaars gedurende die verengelsingsveldtog (sover ons weet, sonder enige teenkanting van die staatsowerhede) Nederlandse Gebedeboeke invoer vir gebruik deur Nederlands-/Afrikaanssprekendes in die "Engelse" en "establishment" Kerk. En *dit* terwyl dieselfde owerhede besig was om Engelssprekende Skotse predikante in te voer in 'n poging om Nederlands in die Gereformeerde Kerk deur Engels te laat verdring (30).

Indien die invoer van die boeke op 'n Nederlandse bediening in die Anglikaanse Kerk dui waarvan bedienaars bewus was dat dit die verengelsingsbeleid teengaan (in die sin dat dit 'n nuwe gebruiksfunksie aan die taal verskaf het), suggereer dit 'n diepgaande getrouheid aan die Artikels van Geloof, en vir die Kerk van die Britse

Administrasie, 'n merkwaardige selfstandigheid t.o.v. die staatsowerhede en hul beleid. Aan die ander kant moet gesê word dat dit onduidelik is hoe wyd die verspreiding van die boek was; en, soos ons alreeds opgelet het, kan die feit dat dit 'n diglossiese uitgawe was selfs tot die verengelsingsveldtog bygedra het deurdat dit Afrikaans-/Nederlandssprekers in staat sou gestel het om 'n bietjie Engels te verwerf. 'n Ander faktor wat die gebruik van "Dutch" in die Anglikaanse Kerk gedurende die tydperk van amptelike verengelsing verstaanbaar maak, word deur du Toit se historiese raamwerk vir die analise van die kwessie van taal, religie en nasionaliteit in die negentiende eeu verskaf. Hy skryf naamlik dat die staat gedurende die vroeë fase van verengelsing beperkte middele tot sy beskikking gehad het, en dat sy ingrypingsvermoeë op die private en sosiale lewe dus nog beperk was (31). Die Anglikaanse kerklewe het in dié jare tot hierdie private sfeer behoort, wat buite die bereik van amptelike taalbeleid, en beplanning was. Die gevolg was dat "Dutch" 'n eerste staanplek (al was dit gering) as kommunikasiemedium in die Anglikaanse Kerk kon wen.

3. FRANCIS OWEN

Naas die bediening van William Wright was die enigste georganiseerde Anglikaanse sendingpoging gedurende die periode 1806 - 1846 Francis Owen se mislukte sending van 1837/8 aan Zoeloeland (32).

Owen is deur die "Church Missionary Society" (C.M.S.) ondersteun, wat vir hom sterk aangeraai het om inheemse tale aan te leer (33). Sy dagboek dui aan dat hy met die hulp van Wesleyaanse materiaal en moedertaalsprekers van Xhosa en Zulu "the Zoolu tongue" aangeleer het (34).

Na die mislukking van die Zoeloeland-sending het Owen verskeie ander sendingpogings beplan. Hiervoor het hy tydens 'n verblyf op Sidbury in Oos Kaapland "Dutch" geleer; maar teen 1841 het dié almal ook gefaal (35). Soos met Holmes en Jones is dit onmoontlik om die "Dutch" wat Owen aangeleer het duidelik te tipeer. Volgens Cory was Owen al teen 1839 "a fair master of Dutch". Cory skryf dat Owen ook "fair progress in Zulu" gemaak het, en dat hy Sechuana probeer leer het vir 'n beoogde Bechuanaland sending (36).

Owen het Xhosa/Zulu-dienste en katkisasieklasse vir sy nie-Engelssprekende helpers gehou, en hy het later ook "Dutch" hiervoor gebruik (37). Die patroon wat hy

gevolg het van aparte "English services" en "Native services", wat op een of ander manier gebruik maak van inheemse tale, het later algemeen in die Anglikaanse Kerk geword. Alhoewel hierdie onderskeiding - veral in die vroeë jare - nie altyd 'n vaste rasseskeiding in openbare aanbidding geïmpliseer het nie, het dit tot 'n al hoe vaster skeiding gelei tussen die "setlaar-kerk" met sy "English services" en die "sending-kerk" met sy "Native services." Vir sulke "Native services" is die plaaslike inheemse taal (of tale) gebruik vir die hele diens of dele daarvan (byvoorbeeld vir die skriflesings, preek, gebede, gesange of liturgie in verskeie kombinasies). Waar moontlik, sou die bedienaar self die inheemse taal gebruik; anders is 'n tolk gebruik. Dikwels kon die bedienaar slegs die inheemse taal lees, en sou dus die liturgie en skriflesings (indien hulle vertaal is) voorsê; maar vir die preek sou 'n tolk nog steeds gebruik moet wees. Later, met die instelling van inheemse kategete, sub-diakens en evangeliste sou hulle sekere dienste en dele van dienste in hul eie tale kon lei, asook daarin onderrig in die geloof kon gee. Die opkoms van 'n inheemse geordende bediening - wat egter eers laat in die geskiedenis van die K.P.S.A. 'n beduidende faktor begin te word - het ook bygedra tot die gebruik van inheemse tale in die Anglikaanse Kerk.

4. PUBLIKASIES

Die eerste Nederlandse vertaling van die Anglikaanse Gebedeboek is in 1645 gepuliseer onder die titel: De Engelsche Liturgie: dat is den gemeynen Kercken - dienst van Engeland Dit is in Rotterdam gedruk, en is deur William Laud, Aartsbiskop van Kantelberg, aangevra vir gebruik deur uitgeweke Nederlandsprekende gemeentes in Engeland. Die boek is in 1651 en 1657 herdruk, en 'n hersiening het in 1704 verskyn.

Gedurende die agtiende eeu het 'n aantal diglossiese (Engels/Nederlandse) uitgawes van die Gebedeboek verskyn (in 1711, 1718 en 1728). Hulle was hoofsaaklik bedoel vir die Nederlandssprekende koloniste van New York en die ander Amerikaanse Provinsies, en is gedruk met die toestemming van die Biskop van London (38).

In die negentiende eeu het Joseph Bosworth sy nuwe vertaling van die Gebedeboek onderneem waarna daar op p. 17 hierbo verwys is. Bosworth (1788 - 1879) het vanaf 1829 tot 1840 as Anglikaanse kapelaan in Nederland gewerk, en in 1858 is hy as Professor van Angelsaksies in Oxford aangestel. Dit is tydens sy verblyf in Nederland dat hy die vertaling onderneem het. Die volgende brief, gedateer 2 April 1846, is in die Argief van die S.P.G. bewaar, en dit vertel iets van die geskiedenis agter die vertaling. Bosworth maak ook hier 'n paar verwysings na die taalsituasie in die

Kaapkolonie, en hy dui aan dat sy vertaling gemaak is met 'n oog op die behoeftes van Nederlandsgebruikers aan die Kaap. Sy verwysing na die vroeë gebruik van "Dutch" in die Metodiste - Kerk kan ook opgelet word:

"Ever since 1830, shortly after I took up my residence in Holland, as British Chaplain, I have taken a warm interest in the religious condition of the Cape of Good Hope. A young Englishman, being appointed by the English Government as a Dutch Minister in that Colony, came to Amsterdam to perfect himself in Dutch. He was so anxious to procure books printed in Dutch and English for his own use, and for the younger members of his congregation, that I resolved, as soon as I was able, to translate our liturgy, and to have it printed in Dutch and English. I was the more anxious on the subject as I found that the far greater part of the children of my congregation, though born of English parents, always spoke Dutch, and that they had to learn the meaning of their English Catechism through the medium of Dutch. By the aid of the most Eminent Dutch Professors and Literary men, who were gratified at the interest I took in their language, the translation was finished, but it occupied between 4 and 5 years in consequence of the extreme care that was required in translation. A detail of the plan that was adopted is given in "The report of the S.P.C.K" for 1835. On the recommendation of the Bishop of London, the Society paid for the printing of this work, which was published in June, 1838... Though the interest of my own congregation was continually in view, I never lost sight of the Cape and our fellow subjects of Dutch origin. You will observe that both Mr. Scott and Mr. Long speak of the predominance of the Dutch, though Graf Reijnet is in the Eastern Province or what might be called the English Province. In George, Mr. Scott states that the Wesleyans have their service in Dutch. In fact, Dutch is the prevailing language in the Colony, and even where English is spoken, there is a copious use of Dutch words" (39).

Bosworth se vertaling is in diglossiese formaat uitgegee. Muss - Arnolt verskaf 'n beknopte beskrywing van die boek:

"Its title begins: Het boek der gewone gebeden etc ...
Amsterdam: C.A. Spin for the SPCK, 1838, XVI, 554 pages,
12 mo" (40).

James Hewitt, Rektor van Worcester in die laat negentiende eeu, gee 'n belangrike geskiedenis van die Nederlandse Gebedeboek in die Church Chronicle van 1885 (41). Hierin skryf hy dat Bosworth se vertaling van goeie letterkundige gehalte is omdat dit "a freer translation" as latere uitgawes is, en omdat dit dus "more idiomatic than the more literal version now in use" is. Hewitt se beswaar teen Bosworth is dat hy "distinctly ecclesiastical terms" in sy vertaling vermy, en dat hy die Gebedeboek ooreenkomstig die teologie van die "Dutch Reformed Establishment" vertaal het. Hewitt noem hier, onder meer, Bosworth se gebruik van "dienaren", "leerars" en "opzieners" vir "deacons", "priests" en "bishops"; "algemeen" vir "catholic"; "kort gebed" vir "collect"; en "bondseel" vir "sacrament," en hy skryf:

"In comparing Dr. Bosworth's translation with that now in use, we notice, generally, a much less decided tone of Churchmanship in the former than in the latter, and an evident desire to appear to differ as little as possible from the Dutch Reformed Establishment" (42).

Naas brokkies materiaal wat Owen tydens sy Zoeloeland- en Griekwa-sendingpogings gebruik het, maar wat nooit gepubliseer is nie, is die Nederlandse Gebedeboek die enigste opspoorbare liturgiese materiaal in 'n volkstaal wat gedurende die periode 1806 - 1847 in die Anglikaanse Kerk in Suider-Afrika gebruik was.

5. SAMEVATTING: 1806 - 1846

Gedurende die jare 1836 - 1846 het die S.P.G. gehelp om sewe bedienaars in Kaapstad, Wynberg (met Vygekraal en Rondebosch), Stellenbosch (met Klappmuts, Eerste Rivier, Hottentots-Holland, Droogevlei en Banhoek), Fort Beaufort, Graaff Reinet, George, en Uitenhage te onderhou. In die woorde van Lewis en Edwards:

"... these clergy ministered not only to English church people
but to Dutch and Eurafricans" (43).

Soos die materiaal onder oënskou dus suggereer, was daar gedurende die tydperk 1806 - 1846, veral vanaf c. 1820, 'n groeiende interaksie tussen die Anglikaanse Kerk en Kapenaars van 'n nie-Britse afkoms. As gevolg van die eksotiese aard van die Anglikaanse Kerk en sy sterk verbondenheid aan die Britse

"establishment", asook die afwesigheid aan 'n algemene sin vir sendingwerk, het hierdie interaksie grotendeels periferaal tot die lewe van die Anglikaanse Kerk gebly. Tóg was dit 'n werklikheid wat vrae en probleme ten opsigte van taal as kommunikasiemedium in die Kerk te voorskyn gebring het. Inderdaad, alhoewel die Eerste Britse Besetting tot geen noemenswaardige Anglikaanse bediening aan die Kaap gelei het nie, is hierdie vrae alreeds met die vroegste Anglikaanse kontakte met Kapenaars gedurende die Eerste Besetting geopper.

Dat Afrikaans die omgangstaal was van beide die "Dutch" en die "Eurafricans" waarna Lewis en Edwards verwys, word deur die belangrike kontemponêre getuie van J.G. Swaving aangedui. Swaving was 'n Hollander wat hom in 1827 in Kaapstad gevestig het as vertaler by die Hooggeregshof en onderwyser van Frans. Hy vertel in 1830 dat, behalwe vir Nederlandsgeborenes en diegene wat in Nederland opgevoed was, Afrikaans deur alle bevolkingsgroepe en stande aan die Kaap as omgangstaal gebruik is:

"Eene andere nog veel grootere aanwinst bestond in het kennis maken met eene voor mij geheel nieuwe spraak, namelijk, met dat soort van bastaard Hollandsch, hetwelk hier te lande, onder den boeren- en slavenstand, als ook onder de Hottentotten en allerlei ander vrije Heidensche volksstammen gesproken wordt, en welke zelfs den meer beschaafden der Christelijke en voorname volksklasse niet geheel en al oneigen is, met uitzondering echter van de zulken die in Nederland geboren of opgevoed werden" (44).

Dit was in 'n poging om aan die behoeftes van hierdie Afrikaanssprekers te voorsien dat Nederlandse uitgawes van die Gebedeboek ingevoer was. Dat hierdie boek vanaf die (laat) veertigerjare in die Kaapkolonie in gebruik was, is duidelik. Alhoewel Engelssprekende bedienaars wat in die Kaaps "Dutch" aangeleer het heel moontlik eintlik die Afrikaans spreektaal sou gepraat het (vgl. Changuion), kan ons, in die lig van Hewitt se bespreking daarvan, aanneem dat die taal van die Gebedeboek standaard Nederlands van 'n goeie gehalte was.

Dit is ook duidelik dat Nederlandsgebruikende Afrikaanssprekers 'n plek in die lewe van die Anglikaanse Kerk gevind het. Dit is egter moeilik om met sekerheid hul

posisie in die lewe van die Kerk te omskryf. Hoe presies die Gebedeboek gebruik is, is ook onduidelik.

Die grootste gebied van kontak tussen die Kerk en nie-Britse inwoners van die Kaap gedurende hierdie tydperk was dié met Nederlands/Afrikaanssprekende *kolonialers* (vgl. byvoorbeeld die korrespondensie van Sanders, Batchelor en Long, en die begeerte van die Uitenhage S.P.C.K. Distrikskomitee om na hul "fellow colonists" se behoeftes om te sien). 'n Primêre rede hiervoor was die algemene skaarsheid aan bedienaars in die Kaapkolonie en 'n afwesigheid van kerk-strukture wat tot gevolg gehad het dat kolonialers kerkdienste oor denominasionele grense heen bygewoon het. Die bewuste vertaling van die Gebedeboek in 'n Gereformeerde rigting sou ook kerkgangers van 'n Calvinistiese tradisie meer tuis in die Anglikaanse Kerk laat gevoel het as wat dit later, na die koms van van Biskop Gray en die groeiende invloed van Anglikaanse Katolisisme op die K.P.S.A., die geval sou wees. Die teenwoordigheid van hierdie "Dutch" koloniste as die noemenswaardigste Afrikaanssprekende komponent in die Anglikaanse Kerk gedurende hierdie vroeë jare was dus nie die gevolg van 'n doelbewuste sendingpoging van die Kerk nie. In 'n sekere sin was dit eintlik te danke aan die *afwesigheid* van 'n sendinggees in die Kerk, want, met die institutionalisering van kerkwerk onder Biskop Gray is sendings aan die "heathen" van die Kolonie begin, wat tot gevolg gehad het dat die belangrikste groep Afrikaanssprekers (en Nederlandsgebruikers) binne die Anglikaanse Kerk die "coloured people" geword het.

Die algemene Anglikaanse opvatting t.o.v. van Nederlands-/Afrikaanssprekende kolonialers was dat hulle alreeds tot hul eie Kerk (wat ook al sy gebreke mag wees) behoort het, en dat dit dus onnodig was om enige bediening onder hulle te onderneem (45). As gevolg van hierdie benadering, asook van verskeie ander dogmatiese, sosio - politiese en historiese faktore, en wedersydse antagonismes het die sg. "blanke" Nederlands-/Afrikaanssprekende bevolkingsgroep nooit 'n belangrike deel van die Anglikaanse Kerk uitgemaak nie (46). En tog het die *tale* Nederlands/Afrikaans ("Dutch") alreeds gedurende die vroeë jare van sy geskiedenis 'n plek as kommunikasiemedium in die "Engelse Kerk" gevind - al was dit dan 'n geringe plek wat die perifere aard van Anglikaanse kontakte met nie-Engelssprekendes in die tydperk 1806-1846 weerspieël.

Deel II sal die groeiende gebruik van "Dutch" as kerktaal in die Anglikaanse Kerk dokumenteer van 1847 (die jaar van die stigting van die Bisdom van Kaapstad) tot die erkenning van Afrikaans as amptelike landstaal in 1925.

1. Vir algemene besprekings van die vroeë Anglikaanse Kerk in Suider-Afrika vgl. Hewitt, 1887; Hinchliff, 1963, pp. 4 e.v; en Lewis & Edwards, 1934, pp. 7 e.v.
2. Hinchliff, 1963, pp. 10,16.
3. P. Le Feuvre, Cultural and the theological factors affecting relationships between the Nederduitse - Gereformeerde Kerk and the Anglican Church in the Cape Colony 1806 - 1910 (Unpublished Ph.D. Thesis, University of Cape Town, 1980), p. 17. Vgl. ook J. du Plessis, 1911, pp. 233 e.v.
4. O. Victor, C.R., The Salient of South Africa (S.P.C.K., London 1931), p. 59.
5. J. Barrow, 1806, p. 50; G.E. Cory, The rise of South Africa (Struik, Cape Town, facs. reprint, 1965) Vol. II, p. 102; W. J. Burchell Travels in the Interior of Southern Africa (Struik, Cape Town, facs. reprint, 1967) p. 14.
6. Vgl. Varley & Matthews, 1957, pp. 2 en 11.
7. Vgl. bv. Hewitt, 1887 pp. 8 e.v; Hinchliff, 1963 p. 5; Le Feuvre, 1980 p. 9.
8. W.W. Bird (C.H.T. Colebrooke, ed.) The State of the Cape of Good Hope in 1822, (John Murray, London, 1823) p. 63.
9. Hewitt, 1887, pp. 17 en 133.
10. Hewitt, 1887, pp. 31 e.v.
11. Rawlins, 1960, p. 3. Vgl. Raidt, 1980, pp. 205 e.v.
12. Vgl. die aantekening onder "Dutch" in J. Branford, A Dictionary of South African English (O.U.P., Cape Town, 1987) p.95, wat op die dubbelsinnigheid van die term wys.
13. A.N.E. Changuion, De Nederduitse Taal in Zuid-Afrika Hersteld... (Kaapstad, 1844) p. 23.

14. T. Pringle, Emigrant's Cabin, aangehaal deur Lewis and Edwards, 1934, p. 15. Wright se bediening word bespreek deur Hewitt, 1887, pp. 40 e.v; Hinchliff, 1963, pp. 19 e.v; Lewis and Edwards, 1934, pp. 14 e.v; Le Feuvre, 1980, p. 13, en Rawlins, 1960, pp. 10 e.v.
15. Hewitt, 1887, pp. 40 e.v.
16. Rawlins, 1960, p. 10.
17. Lewis & Edwards, 1934, p. 15.
18. Vgl. Hinchliff, 1963 pp. 18 e.v; Le Feuvre, 1980, pp. 16 e.v.
19. S.P.G., S.A. 1831-49; C/AFS/2.
20. S.P.G., S.A. 1819-31; C/AFS/5 en S.A. 1831-49. C/AFS/2.
21. S.P.G., S.A. 1831-49; C/AFS/2.
22. S.P.G., S.A. 1831-49; C/AFS/2.
23. S.P.G., S.A. 1831-49; C/AFS/2.
24. S.P.G., S.A. 1831-49; C/AFS/2.
25. R. Gray, Journal of Two Visitations in 1848 and 1850 (S.P.C.K., London, 1852) p. 56.
26. A.F. Hattersley, An Illustrated Social History of South Africa (A.A. Balkema, Cape Town, 1969) p. 124. Vgl. ook die Classified Digest of the Records of the S.P.G., 1701 - 1892 (S.P.G., London 1895) p. 273:

"At Graaf Reinet Mr. Long in his first year (1845) gathered 'a most serious and attentive congregation', 'two thirds being composed of members of the Dutch Reformed Church ... acquainted with English."
27. Gray, 1852, p. 56.

28. E. Farmer, The Transvaal as a Mission Field (S.P.C.K., London, 1900) p. 51.
29. S.P.G., S.A. 1831-49; C/AFS/2; Book Of Common Prayer (S.P.C.K., London,) p. 694. Vgl. ook Church Chronicle, Vol. VI, July 1885 pp. 211 e.v.
30. Oor die aanstelling van die Skotse predikante vgl. J du P. Scholtz, Die Afrikaner en sy Taal: 1806 - 1875 (NASOU, Kaapstad, 1964) pp. 29 e.v. en pp. 72 e.v.; J.C. Steyn p. 129.
31. A. du Toit, "Taal, Religie en nasionaliteit, 1824 - 1886" in du Plessis en du Plessis, (reds.), 1987, p. 68.
32. Vgl. Hinchliff, 1963, pp. 21 e.v; Lewis and Edwards, 1934, pp. 22 e.v.
33. Die C.M.S. se gedetailleerde instruksies aan Owen i.v.m. sy aanleer van inheemse tale kan gevind word in du Plessis, 1911, p. 440.
34. G.E. Cory (ed.) Diary of Francis Owen M.A. Missionary with Dingaan 1837-1838 (Van Riebeeck Society, Cape Town, 1926) pp. 9, 10 e.v. 13 passim.
35. Lewis & Edwards, 1934, p. 23.
36. Cory, 1926, p. 149. Owen verwys soos volg na sy studie van "Dutch" op Sidbury:

"We are all engaged now in the study of Dutch, which is indispensable in South Africa, and ought to be learned before leaving England. *Until I know this I can do scarcely anything directly for the Hottentots or Fingoes*" (my kursivering) (p. 142).

Op Sondag 8 September 1839 het Owen 'n diens by 'n sendingkapel op Philippolis bygewoon waar die sendeling, Eerw. Gottlob Schreiner van die L.M.S., "Dutch" gebruik het:

"Mr. Schreinar (sic) the missionary, preached in Dutch, the Griqua interpreter rendered Mr. Schreinar's sermon into the Griqua or Hottentot language..." (p. 149).
37. Cory, 1926, pp. 24, 26, 27, 33, 148.
38. W. Muss - Arnolt; The book of Common Prayer among the nations of the world: A history of the translation of the Prayer Book of the Church of England and of the Protestant Episcopal Church of America. (S.P.C.K., London, 1914)

pp. 115 e.v. Vgl. ook Church Chronicle, Vol. VI, July 1885, pp. 211 e.v; October 1885, pp. 310 e.v.

39. S.P.G., S.A. 1831-49. C/AFS/2.
40. Muss - Arnolt 1914, p. 119.
41. Church Chronicle, Vol. VI, July 1885, pp. 211 e.v.
42. Church Chronicle, Vol. VI, July 1885, pp. 216 e.v.
43. Lewis & Edwards; 1934. p. 22.
44. J.G. Swaving, Swavings Zonderlinge ontmoetingen en wonderbaarlijke lotswisselingen na zijne vlugt uit Delft (Blusse & Van Braam, Dordrecht, 1830) p. 302. Vgl. ook Changuion, "Proeve van Kaapsch Taaleigen" in De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld, 1844, p.v, wat na die gebruik van Afrikaans onder "Hottentotten" verwys. Changuion beskryf hier "de platte Kaäpsche spraak" en sê dat "die taal *in hare zuiverheid* (sy kursivering) alleen door Hottentotten en ander gepeupel gesproken wordt..." Vroeër (1812) vertel Burchell van Truij, 'n inwoner van die Graaff Reinet gebied:
"She was a genuine Hottentot, although perfectly ignorant of the language, and was, like her husband, acquainted with none but the Dutch." (facs. reprint, 1967, p. 181).
45. Vir 'n latere eksplisiete uiteensetting van hierdie houding vgl. Farmer, 1900, pp. 49 e.v.
46. Le Feuvre se 1980 - studie beskryf in detail die wedersydse verhoudings tussen die Anglikaanse Kerk en die N.G.K. (en dus, by implikasie, ook Nederlands-/Afrikaanssprekende kolonialers) gedurende die periode 1806 - 1910 in die Kaapkolonie. In 1870 het die K.P.S.A. besprekings met die N.G.K. geopen oor die moontlikheid van eenheid tussen dié twee Kerke. Soos Le Feuvre suggereer (pp. 94 e.v.) het die toenadering gefaal nie net a.g.v. dogmatiese verskille tussen die twee Kerke nie, maar ook a.g.v. faktore soos die diepgaande kulturele en taalverskille tussen die twee gemeenskappe wat daartoe bygedra het dat daar nie genoeg grond tussen die twee Kerke was waarop 'n eenheid bewerkstelling sou kon word nie. Die 1870 toenadering verteenwoordig iets van 'n hootepunt in K.P.S.A./ N.G.K. verhoudings. Met die komende stryd tussen Afrikaner nasionalisme en Britse imperialisme het enige verstandhouding wat daar tussen hulle mag bestaan het, verlore gegaan.

DEEL II

"DUTCH" AS KERKTAAL IN DIE ANGLIKAANSE KERK: 1847-c.1925

III. DIE EPISKOPAAT VAN ROBERT GRAY: 1847 - 1872

Robert Gray, eerste Biskop van Kaapstad, is op St. Petrusdag 1847 in die Westminster Abdykerk tot die episkopaat georden. Hy het in Februarie 1848 saam met sy vrou Sophia en vier kinders by die Kaap aangeland waar hy sy bediening beoefen het tot sy dood op 1 September 1872.

Met die stigting daarvan in 1847 het die Bisdom van Kaapstad oor al die Britse besittings van Suidelike Afrika gestrek. Vanaf 1853 is daar 'n proses van verdeling ingestel wat begin het met die stigting van die Bisdomme van Natal, Grahamstad en Bloemfontein. Só het die Kerk van die Provinsie Suider-Afrika (K.P.S.A.) tot stand gekom. Die eerste Provinsiale Sinode is in 1870 onder die voorsitterskap van Gray gehou, en hiermee is sy lewenstaak om die Anglikaanse Kerk in Suider-Afrika te vestig, gekonsolideer (1).

Dit was Gray se doel om die Anglikaanse bediening aan sg. "church people" of "churchmen" (Engelssprekende Anglikaanse setlaars en hul afstammelinge) op 'n stewige grondslag te organiseer, en ook om sendingwerk onder die verskeie inheemse bevolkingsgroepe van sy Bisdom (die sg. "heathen") te onderneem (2).

Die Anglikaanse kolonialers was oorweldigend Engelssprekend. 'n Paar uitsonderings is egter hier en daar gevind, hoofsaaklik as gevolg van gemengde huwelike. Biskop Gray vertel byvoorbeeld van 'n besoek aan Napier's - Dorp (Napier) in 1855 waar "we found only two Englishmen, both of whom had married Dutch wives, and the children could speak no other language than Dutch" (3).

Kolonialers is in Engels bedien, alhoewel die verspreiding van Nederlandse Gebedeboeke, ook gedurende Gray se episkopaat, 'n klein mate van nie-Engelse bediening onder hulle aandui (4). Soos in die vorige hoofstuk opgelet is, het Afrikaans-/Nederlanssprekende kolonialers nooit 'n beduidende element in die Anglikaanse Kerk geword nie, en met die organisasie en institusionalisering van die Kerke in die Kaap gedurende die negentiende eeu, asook as gevolg van groeiende dogmatiese en sosio-politiese antagonismes, het die vroeë kontak tussen hierdie kolonialers en die Anglikaanse Kerk afgeneem (5). In die laat twintigste eeu het die K.P.S.A. besef dat die afwesigheid van enige noemenswaardige uitreiking na "blanke" Afrikaanssprekers 'n ernstige leemte in die Anglikaanse Kerk se bediening verteenwoordig het, en daar is gepoog om 'n Apostolaat na die Afrikaner in te stel. Soos ons in Hoofstuk VI sal sien, het daar nie veel vrug hiervan gekom nie.

Die inheemse inwoners van Gray se Bisdom het verskeie taalgroepe ingesluit soos sy joernaal van 1852 in 'n aantekening onder die titel "Language" aandui:

"The languages chiefly spoken in this diocese are English, Dutch, and Kafir, but besides these the Bechuana, Hottentot, Bushmen and others of less note, prevail in some parts. Dutch is of much importance for Clergymen ministering within the colony, especially in the Western district, as nearly the whole of the coloured people speak that language in a corrupt form. A knowledge of the Kafir language will be essential for successful missionary operations among that people" (6).

Die belangrikheid van "Dutch" vir Anglikaanse bediening in die Kaapkolonie is iets wat Gray en sy opvolgers telkens benadruk. Gray se verwysing hierbo na die "corrupt form" van die "Dutch" wat in algemene gebruik is, dui aan dat die gemeenskap wat in "Dutch" bedien moet word eintlik Afrikaanssprekend was. Let ook op dat Gray hierdie taal spesifiek aandui as die taal van "the coloured people". Inderdaad, dit is, volgens die Biskop, die taal van "nearly the *whole* of the coloured people"(my kursivering).

Hierdie Afrikaanssprekende, Nederlandsgebruikende sg. "coloured" en "heathen" bevolkingsgroep het kort na sy aankoms in Kaapstad Gray se aandag uitgelok (7). Teen die einde van sy episkopaat was sg. "mission work" onder hierdie gemeenskap net so 'n belangrike deel van die lewe van die Anglikaanse Kerk in die Bisdom van Kaapstad as sg. "ordinary" of "European work" onder Engelssprekendes. Hoofstuk III sal 'n beeld gee van Anglikaanse bediening in "Dutch" onder hierdie Afrikaanssprekendes gedurende die jare van Gray se episkopaat.

Die term "coloured" ("kleurling") het eers in die negentiende eeu in gebruik gekom, en is gedurende die tydperk onder oënskou dikwels taamlik los gebruik om na 'n wye spektrum van die bevolking te verwys (8). Soms verskaf bronne gedetailleerde besonderhede oor die samestelling van gemeentes, en waar moontlik sal sulke verwysings aangehaal word om 'n verdere idee te gee van die sosiale en kulturele agtergrond van gemeentes waar 'n "Dutch" bediening plaasgevind het. Dat die term "Dutch" dubbelsinnig kan wees is alreeds aangedui. Alhoewel die verwysings in die materiaal wat hier ter sprake kom hoofsaaklik na die taal van die Nederlandse vertaling van die Gebedeboek is, is daar 'n paar bronne wat eksplisiet na die omgangstaal (Afrikaans) verwys. Hierdie hoofstuk konsentreer op

die gebruik van die "Dutch" van die Gebedeboek as kerktaal; verwysings na Afrikaans word aangedui, maar hulle sal later in Hoofstuk V saamgevat en weer bespreek word. 'n Fassinerende vraag wat in Hoofstuk III opkom is of 'n 1853 hersiening van die 1838 Nederlandse Gebedeboek 'n verafrikaansing van die taal van die 1838-boek ingehou het.

I. "DUTCH" VIR AFRIKAANSSPREKENDE ANGLIKANE IN DIE SUID-WESTELIKE KAAPKOLONIE

Verskeie gepubliseerde en argivale bronne gee 'n beeld van die kerklewe en taalgebruik onder Afrikaanssprekende Anglikane gedurende Gray se episkopaat. Die gepubliseerde bronne sluit 'n aantal outobiografieë, biografieë, joernale en geskiedenis in. Ongelukkig kon nie veel tydskrifmateriaal vir hierdie periode ondersoek word nie.

1.1 CHURCH OF THE GOOD SHEPHERD,* PROTEA, c.1854

In 1905 het Mej. Anderson-Morshead, een van die jong dames wat in 1864 as lid van 'n kwasie-relieuse gemeenskap na Kaapstad gekom het, haar herinneringe aan Biskop Gray laat publiseer (9). Hierin vertel sy van 'n "pontoc chapel" (die latere Good Shepherd Church, Protea) wat Biskop Gray vir die "coloured" inwoners van sy landgoed laat bou het, en sy verwys na die gepoogde gebruik van Nederlands vir hierdie Afrikaanssprekende gemeente:

"It was at first arranged that the Claremont Catechist should say service on Sunday's alternately in English and Dutch, but a petition soon arrived that it might be always in English, which they understand better than his Dutch. He indeed, poor man, spoke Holland Dutch, and they the "Taal" of the country" (10).

Dit is moeilik om hierdie materiaal te evalueer. Dit verwys na die vroeë jare 1850, maar kan nie presies gedateer word nie; en Anderson-Morshead gee ook nie haar bronne aan nie. Die materiaal is wel belangrik, want dit belig die verskil wat deur so 'n gemeente aangevoel is tussen Nederlands en die Kaapse omgangstaal, en bevestig

* Anglikaanse kerke was, en is tot vandag toe feitlik altyd bekend volgens hul Engelse name, ook onder Afrikaanssprekende gemeentes en lidmate. Die gebruik van Engelse kerkname in hierdie studie weerspieël dus 'n tipiese Anglikaanse gebruik.

ook die getuienis van Gray wat hierbo aangehaal is, dat *Afrikaans* die taal was van "the coloured people" wat deel van die Anglikaanse Kerk uitgemaak het.

Die feit dat die Afrikaanssprekende gemeente beweer dat hulle Engels beter as Nederlands verstaan, kan ook opgelet word. Biskop Gray het kort na sy aankoms 'n skool op sy landgoed vir "coloured children" begin, en dit is moontlik dat die gemeente 'n kennis van Engels via hierdie skool of ander soortgelyke instansies opgedoen het. Merriman verwys na die Biskop se skool en sien dit, interessant genoeg, as 'n medium waardeur die kommunikasie-gaping tussen die Kerk en "a heathen population" oorbrug mag word - presies omdat laasgenoemde deur die skool Engels sou kon aanleer:

"One feature has struck as most pleasing here. The Bishop maintains a school for coloured children under his own roof. It may indeed be doubted whether schools for children are the effective instrument of bringing over a heathen population to adopt the gospel, while their parents are left to follow their own ways. But here, as the language, a mixture of Dutch and some African dialect forms so great a bar at present to our intercourse with them, it seems the only way of being adopted to the circumstances of the case" (11).

Die "mixture of Dutch and some African dialect" waarna Merriman verwys, is 'n vorm van Afrikaans, of in die woorde van Anderson-Morshead, "the 'Taal' of the country".

Wat presies die rol van Anglikaanse kerk- en sendingskole in die aanleer van Engels onder "heathen" bevolkingsgroepe (en gevolglik in taalhandhawing in die kerklike konteks) was, is onduidelik. In die lig van wat Merriman hierbo sê, kan aangeneem word dat die Biskop se skool Engelsmedium was. Die Kaapkolonie se Onderwyswet van 1865 het, as een van die vereistes vir staatshulp aan sg. derdeklas skole (wat denominasionele sendingskole ingesluit het) gestipuleer dat hulle binne twaalf maande Engels as voertaal in gebruik sou neem (12). Die voertaal by Zonnebloem - Kollege wat Gray in 1858 gestig het, en waar inheemse bedienaars en sendingskoolonderwysers en kategete van verskillende tale hul opleiding ontvang het, was ook Engels; en een van die redes wat die Oranje-Vrystaat se Volksraad agterdogtig oor Anglikaanse kerkskole dáár gemaak het, was die vrees van 'n groot deel van die ("blanke") bevolking dat die verspreiding van die Engelse taal, geloof en kultuur deur die skole 'n gevaar vir hul onafhanklikheid ingehou het (13). Hierdie is almal faktore wat 'n verengelsende invloed deur Anglikaanse skole kan aandui.

Aan die ander kant is dit interessant om te sien dat James Rose Innes, eerste Superintendent van Opvoeding in die Kolonie in sy 1855/1856 - verslag oor Engelsmedium "Free Schools" skryf dat die "vernacular" die taal vir godsdienstige opvoeding behoort te wees:

"For, however important the diffusion of the English language through every district of the colony is justly acknowledged to be, on many and obvious grounds, there is another object in the educational institutions of this country to which this is secondary, viz. (as expressed by Sir John Herschel), 'to form good citizens and men, by instructing them in the relations of social and civil life and to fit them for a higher state of existence, by teaching them those which connect them with their Maker and Redeemer.' This, the most important business of the teacher, must commence with early youth and, therefore necessarily, in the language which is vernacular, not in that which is acquired" (14).

Rose Innes skryf natuurlik nie in die Anglikaanse kerklike konteks nie, alhoewel hy in die loop van sy werk kontak met Gray en die Anglikaanse Kerk gehad het, waarvan die bewaring van sy verslae in die S.P.G. Argief 'n aanduiding is. Sy stelling oor die noodsaaklikheid van die "vernacular" in religieuse opvoeding vind aansluiting by Gray se gevoel oor die belangrikheid van bediening in 'n taal wat deur die mense verstaan word, en suggereer 'n mate van buigsaamheid in wat ons die Engelssprekende "establishment" kan noem, t.o.v. kwessies van taalhandhawing en religie.

1.2 ST. PAUL'S KERK, GEORGE, 1850/1851, 1855

Biskop Gray het ekstensiewe visitasietoere van sy Bisdom onderneem, en het verskeie joernale daarvan laat publiseer wat waardevolle materiaal bevat vir hierdie studie. Veral interessant is die blik wat hulle gee op die geskiedenis van die gemeente van St Paul's, George. Volgens Merriman was hierdie "the first regular coloured congregation we have had in communion with our church" (15).

Onder die datum 5 Desember 1850, tydens sy eerste besoek aan George, skryf Gray in sy joernaal:

"Since I have been here, I have had an application from Mr. Niepoth, 'voorlezer' of the Dutch Church, and missionary to the heathen, to be received into the communion of the English Church. Mr. Niepoth informs me that he has been for eleven years teacher of the coloured people, and that he has a congregation of 300 souls, that he has long been dissatisfied with his own church, believes in episcopacy, and approves highly of our services. He states his ground of dissatisfaction with the Dutch Church to be their neglect of the coloured people, and their unwillingness to permit them to church privileges. They are not allowed to communicate with the white people, or to be confirmed at the same time, many of their children remain unbaptized and they are refused burial in the Dutch Church ground. His congregation, he feels, are equally desirous with himself to be received into the communion of the Church and have been urging the matter upon him...

Within a few days of Mr. Niepoth's reception into the communion of the Church, 100 of his congregation, already baptized, applied to be allowed to sign our Declaration of membership... Besides these, there are about 200 catechumens and children under instruction. Our new Church is already nearly full, and the services of the coloured people are in Dutch. I have authorized the use of a selection from the Liturgy. There is no authority for this. Convocation alone could sanction it. As our missions extend the question of religious services becomes important. The uneducated natives would be quite incapable of appreciating our whole service. A selection like that which the Methodists use in their missions in this Diocese is best suited to new converts" (16).

Hierdie was dan die eerste gereelde "coloured" gemeente in die Anglikaanse Kerk. Daar kan aangeneem word dat dit die eerste gereelde Afrikaanssprekende gemeente was. Die Nederlandse ("Dutch") dienste waarna Gray verwys is ook die eerste duidelike verwysing na die gereelde gebruik van daardie taal vir openbare Anglikaanse aanbidding. Die jaar is 1850/1851.

Die diens wat Gray vir gebruik van die gemeente ingestel het, het uit dele van die Gebedeboek - liturgie bestaan. Die Gebedeboek van 1838 sou gebruik word, en die diens sou uit dele van die Oggend - of Aanddienste en/of die voor-Kommunie van die Eucharistiediens bestaan het. Bekende Nederlandse gesange sou ook gesing word (17). Hierdie dienste is gehou in die "new church" waarna Gray hierbo verwys wat later die St. Markus-Katedraal van George geword het. Hulle is bedoel as (aparte) dienste spesiaal vir die Nederlandsgebruikende gemeente, terwyl die Engelssprekendes op 'n ander tyd (maar in dieselfde gebou) hul Engelse dienste gehou het. Mnr. Niepoth is as kategeet vir die gemeente aangestel, en as sulks het hy pastorale sorg en opvoedkundige werk onder die gemeente onderneem. Hy sou ook kerkdienste lei (18).

In 1855 het Gray sy tweede visitasietoer van George afgelê. Hy vertel dat die St. Paul's gemeente uit ongeveer "three hundred people, chiefly of the Hottentot race" bestaan, en dat Niepoth nog steeds hul kategeet is. Sedert sy besoek van 1850 het die gemeente hul eie "mission-chapel" (St. Paul's) met finansiële ondersteuning van die Biskop en die S.P.C.K. opgerig; en op 23 September, 1855 is Mnr. Niepoth deur Gray in die St. Paul's Kerk tot die diakonaat georden. Hierdie voormalige "voorlezer" van die N.G.K. (waarna Merriman as 'n "zealous Dutch minister" verwys) was blykbaar die eerste Nederlands-/Afrikaanssprekende om in die Anglikaanse Kerk georden te word (19).

Gray vertel ook van ander dienste wat hy tydens hierdie besoek waargeneem het. Daar was 'n Bevestigingsdiens waarby "white" en "coloured" saam bevestig is, en op Sondag 16 September was daar twee dienste - een in "the Church" (St. Mark's) en ook "a special Service in the School - chapel of the coloured people" (St. Paul's). Van laasgenoemde gee hy 'n interessante beskrywing, en gaan aan om sy eie gebrek aan "Dutch" te betreur en om 'n paar opmerkings i.v.m. die algemene taaltoestand in die Kolonie te maak. Tydens hierdie diens het Gray die Eucharistie vir die eerste keer in "Dutch" bedien:

"In the afternoon we had a special service in the School-chapel of the coloured people, consisting of the Communion Service and a Sermon. I preached to them as simply as I could in English, which I was told they could sufficiently understand. There was a very nice, orderly and reverent congregation. After the sermon the Archdeacon (T.E. Welby) and myself administered the Holy Communion

to fifty members of the congregation in Dutch. It was the first time I have ever officiated in that language, and I fear my pronunciation is very defective. I feel ashamed that after some years residence in this country, I should not be able to preach in Dutch. There is, however, some excuse. At home I never hear the language spoken, and not very often in the country. I can read it tolerably, but I have been so overworked ever since I have been in this land, that I have never had time thoroughly to study it. It is one of the greatest trials of my life that I am obliged to cast aside books altogether... The Dutch language is I think, gradually disappearing at least in the villages. In another generation it will nearly have died out in them, though it will probably linger on a much longer period in the more remote country districts. It will disappear more rapidly in some districts than in others, for in some there is a great desire on the part of the farmers to learn the English language: in others there is a strong prejudice against it as a foreign language. Thus in many districts the schoolmasters are brought out from Holland, and understand little English; in others, teachers are rejected, who are not well acquainted with the English language" (20).

Vir die "Dutch" Kommuniediens het Gray die formulier van òf die 1838 - uitgawe òf 'n nuwe 1853 Nederlandse uitgawe van die Nederlandse Gebedeboek gebruik. Volgens Gutsche het hy tydens 'n besoek aan England in 1852 vyfhonderd eksemplare van die Gebedeboek - die 1838 - uitgawe - van die S.P.C.K. ontvang vir gebruik deur "coloured people in his proposed Cape missions". Sy eerste voorraad van 1838 - Gebedeboeke is al teen 1848, slegs 'n paar maande na sy aankoms in Kaapstad, opgebruik (21).

Daar is alreeds in hierdie studie verwys na die onderskeiding tussen "European" en "Mission work" in die Anglikaanse Kerk. Hierdie onderskeiding het nie altyd skeiding beteken nie. Biskop Gray vertel byvoorbeeld gereeld van gemengde dienste, insluitend Bevestigingsdienste wat hy tydens sy visitasietoere bygewoon het (22).

Aan die ander kant het skeiding wel plaasgevind, en ook vanaf die vroegste jare: vgl. byvoorbeeld Owen se aparte "European" dienste in Engels en "Native" dienste in die

plaaslike inheemse taal. Die geskiedenis van die St Paul's gemeente belig ook hierdie skeiding: hulle is van die begin af as 'n *aparte* Nederlandsgebruikende sendinggemeente gestig, en alhoewel hulle eers in dieselfde gebou as die "European" gemeente aanbid het, het hulle binnekort verhuis na hul eie kerkgebou - wat alles ietwat ironies is in die lig van die soort redes wat Gray gee waarom Niepoth en sy volgelinge die N.G.K. verlaat het!

Alhoewel later ekklesiastiese reverdigings vir aparte gemeentes die feit van taalverskille swaar beklemtoon, was dit Gray se hoop om, in die woorde van Le Feuvre, "a unified worshipping community" te stig (23). As gevolg van die onderskeiding tussen "European" en "mission" werk (wat Gray self gemaak het), en vooroordele onder Anglikaanse kolonialers, is Gray se hoop nooit werklik gerealiseer nie (24). Intendeel, met die groei van kerkwerk en die institusionalisering daarvan het die onderskeiding tussen "European" en "mission work" tot 'n al hoe vaster skeiding tussen die kolonialers en die ander bevolkingsgroepe gelei. Die oprig van geboue (soos die St. Paul's "School-chapel" in George) verskaf iets van 'n indeks vir hierdie verskynsel waarvolgens kerke ("churches") dikwels opgerig is vir "ordinary European work" en "mission-chapels" vir "mission work" (25).

Een gevolg hiervan is dat Nederlands (en ander volkstale) slegs gehoor is in die "mission-chapel". Sodoende was inheemse tale (saam met die sendinggemeentes) in 'n sekere sin van die sentrum van kerklewe weggehou. Engelssprekende parogiale gemeentes kon dus tot in die laat twintigste eeu voortgaan sonder enige werklike besef van die bestaan van ander taalgemeenskappe in die Anglikaanse Kerk, terwyl laasgenoemde dikwels die houding ontwikkel het dat hul eie taal minderwaardig teenoor Engels as 'n gepaste kerktaal gestaan het. 'n Verdere gevolg van die onderskeiding tussen "mission work" en "European work" en die saamloop daarmee van taalverskille, is dat die bevordering van aanbidding in die volkstaal in sekere gemeenskappe tot vandag toe die vrees onder hulle kan uitlok dat dit eintlik gemik is op rasseskeiding, en die beperking van nie-Engelssprekendes tot 'n perifere en minderwaardige posisie in die lewe van die Kerk.

1.3 KNYSNA, 1855

Tydens sy visitasietoer van 1855 het Biskop Gray ook 'n paar dae in die Knysna-gebied deurgebring, waar daar 'n aantal Anglikaanse gemeentes was.

Sy beskrywing van dienste gehou in Knysna op Sondag 30 September 1855, gee 'n interessante beeld van gemengde gemeentes waar Afrikaanssprekende gemeentelede by een diens struikel om Engels te volg. Die kategeet ('n dr. Andrews), alhoewel hy Nederlands sou kon gebruik het, het verkies om die diens in Engels te lei sodat die nie-Engelssprekende gemeentelede dié taal kon aanleer:

"In spite of a wet morning, we had a larger congregation than the little church could contain. Before service I consecrated the churchyard, which the people were very anxious about, and in which they took a great interest. I preached, and afterwards administered the Holy Communion to seventeen, of whom one half were coloured people. Several of the communicants, especially the Hottentots, seemed to feel a great deal, and wept aloud. Immediately after Morning Service we rode to Captain Sinclair's in whose house monthly service is at present held. His room, capable of holding about seventy was crowded, chiefly with the coloured people. I again preached to them as simply and plainly as I could, from Romans X: 9-10. The singing was very pleasing, and the people very attentive. Their imperfect knowledge, however, of the English language makes these services less useful to them than they otherwise would be. Dr. Andrews is quite able to officiate in Dutch, but as the congregation is always made up of English and coloured people, he thinks it better to train the latter to the use of the English language, of which they are gradually acquiring more perfect knowledge" (26).

Andrews se opvatting weerspieël een moontlike benadering tot die kommunikasieprobleme wat deur gemengde gemeentes veroorsaak word. Dit is een wat ook elders gevolg is, en dit vind aansluiting by die opinie van Merriman i.v.m. die waarde van kerkskole waardeur nie-Engelssprekendes Engels sou kon aanleer, wat dan kommunikasie binne die Kerk sou bevorder. Een gevolg van hierdie soort benadering is dat Afrikaanssprekers meer tuis kon gevoel het met Engelse as met Nederlandse aanbidding - wat die geval was met die Protea-gemeente waarna Anderson-Morshead verwys. Gray self het gekies dat beide Engels en "Dutch" in sulke situasies gebruik moet word.

Tydens sy verblyf in die Knysna-distrik het Gray ook Portland besoek wat deel van

Edward Glover wat "Cape Dutch" kon praat, is kort hierna as priester by Schoonberg aangestel, en ons kan dus aanneem dat "Dutch" wel as kerktaal by Schoonberg gebruik was.

Soos hierdie aanhaling aandui, het Gray gedink dat "Dutch" mettertyd sou verdwyn: met die "transition state" van die taal bedoel hy die verwagte oorgang van die gebruik van Nederlands/Afrikaans as omgangstaal na Engels wat die verengelsingsbeleid van die Kaapse owerhede beoog het, en waarna hy ook in die aanhaling op pp. 38/39 hierbo verwys.

Dit is onduidelik wat presies Gray se houding was t.o.v. die verengelsingsbeleid. Die aanhalings suggereer dat hy aanvaar het dat die beleid sou slaag; maar die bronne gee geen aanduidings of hy homself met die beleid *vereenselwig* het nie. Heel moontlik hê hy: Gray toon soms sterk vooroordele teen die "Dutch" koloniste, en hy was altyd 'n lojale ondersteuner van die Britse administrasie. Tog is dit duidelik dat hy homself altyd beywer het vir die gebruik van "Dutch" onder Nederlands-/Afrikaanssprekende Anglikane.

Sover nagegaan kon word, het die Anglikaanse Kerk in Suider-Afrika nooit amptelik uitspraak deur sy sinodes oor taalhandhawing gelever nie, en sinodale notules gee min aanduiding of sulke sake in die Kerk ooit 'n besprekingspunt was (30). Die enigste suggestie van 'n amptelike taalbeleid vir die Anglikaanse Kerk - naas die opdrag van die Artikels van Geloof dat bediening "in such a tongue as the people understandeth" beoefen moet word - is te vinde in die korrespondensie van Gray. Daárdie beleid is dat "Dutch" vir Nederlands-/Afrikaanssprekende gemeentes gebruik moet word. Vgl. byvoorbeeld die volgende brief van 6 Junie 1855 wat hy aan die S.P.G. gerig het i.v.m. bediening onder die "coloured" gemeentes van Worcester, Dale Jehosaphat en Paarl:

"I wish you would look out for at least four men who would do to place down in such situations as Catechist Schoolmasters to the heathen. I should wish them to hold simple services in Dutch (when learnt) and to teach school. They need not all be trained schoolmasters, though some should ... Ultimately I should ordain deacons such as were fit for it, but I should never hold out this as an inducement, or even let candidates know it" (31).

Dit is hoofsaaklik as gevolg van die beleid van Gray (en sy opvolgers) om

Nederlandsmagtige onderwysers, kategete en diakens vir Afrikaanssprekende "heathen" gemeentes aan te stel, dat "Dutch" 'n funksie gewen het as liturgiese taal in die Anglikaanse Kerk aan die Kaap ten spyte van die verengelsingsbeleid van die staatsowerhede. Eintlik sou dit juister wees om te sê dat "Dutch" hierdie funksie verwerf het sonder enige verwysing in die Kerk na daardie beleid, en sonder enige besef dat dit die beleid (in die sin dat dit 'n nuwe gebruiksfunksie aan "Dutch" verleen het) miskien kon teenwerk. En dit kom verbasend voor, want - alhoewel Gray nooit inmenging deur die staat in kerksake geduld het nie - was die Anglikaanse Kerk duidelik deel van die Britse "establishment", en sy bedienaars altyd lojaal aan troon en ryk (32). Hulle het ook gereeld 'n uiters meerwaardige houding teenoor "the Dutch" (m.a.w. Nederlands-/Afrikaanssprekende kolonialers) vertoon, en Anglikaanse opvoeding by instansies soos Zonnebloem en die belangrike sendingsentra is in 'n groot mate op die assimilasië van die Engelse taal en kultuur deur die inheemse bevolkingsgroepe gemik (33).

Soos ons in Hoofstuk II gesien het, is daar verskeie redes wat dit verstaanbaar maak dat Nederlandse Gebedeboeke gedurende die vroeë negentiende eeu in die Anglikaanse Kerk gebruik was, ten spyte van die verengelsingsbeleid en ander invloede wat ons sou verwag het om teen só iets te werk. In die tydperk van Gray se episkopaat het die gebruik van "Dutch" as kerktaal van die vroeë posisie daarvan in die Kerk verskil deurdat dit nou 'n wye institutionele verskynsel was wat amptelik deur die Biskop voorgestaan is. Die gemeenskap waarvoor die "Dutch" Gebedeboeke gebruik is, het ook in die latere tydperk verander: vroeër was die Boek vir kolonialers ingevoer, maar nou vir inheemse bevolkingsgroepe. Alhoewel daar weer 'n aantal negatiewe invloede was wat teen die handhawing van "Dutch" as kerktaal, ook in die latere tydperk kon gewerk het, het sekere positiewe faktore daartoe bygedra dat die taal, ten spyte van die negatiewe invloede, aktief in die Kerk bevorder is.

Die enkele belangrikste faktor wat die gebruik van "Dutch" in die Anglikaanse Kerk gedurende hierdie latere tydperk binne 'n wyer historiese raamwerk verstaanbaar maak, is dat die verengelsingsbeleid hoofsaaklik gerig is op "the Dutch" (m.a.w. die kolonialers) en nie op ander Nederlands-/Afrikaanssprekende gemeenskappe nie, en dat *laasgenoemde* die belangrike Nederlands-/Afrikaanssprekende element in die Anglikaanse Kerk was. Die verengelsingsbeleid het deel uitgemaak van 'n konflik tussen die Britse Ryk en "Dutch" kolonialers, wat wel ook gevoel is deur ander Nederlands-/Afrikaanssprekende gemeenskappe, maar waarvan hulle per slot van rekening magtelose toeskouers was (34). In die Anglikaanse Kerk is "Dutch" amper uitsluitlik deur sendinggemeentes wat buite die magskonflik tussen Ryk en "Dutch"

kolonialer gestaan het, gebruik. Daarom sou die bevordering van die taal nie as 'n werklike gevaar vir die verengelsingsproses gesien word nie. 'n Anglikaanse bedienaar soos Gray sou dus homself as lojale ondersteuner van die Ryk met die verengelsingsbeleid kon vereenselwig, en terselfdertyd Nederlands (en Afrikaans) as kerktaal vir sy sendinggemeentes gebruik, sonder enige gevoel van teenstelling: sy gemeentes en hul taalhandhawing sou in sy siening eenvoudig heeltemal buite die konflik tussen die Ryk en "Dutch" kolonialers gestaan het.

'n Ander faktor wat die gebruik van "Dutch" as kerktaal kon bevorder het, is die aanname (wat Gray, byvoorbeeld, maak) dat Nederlands mettertyd wel sou verdwyn - m.a.w. dat die verengelsingsbeleid sou slaag. Die gebruik van "Dutch" sou dus as 'n interim-maatreël voorgekom het - noodsaaklik in die lig van die Anglikaanse Artikels van Geloof waarvolgens bediening in 'n taal "understanded of the people" moet geskied, maar nie een wat die owerheidsbeleid sou kon dwarsboom nie (35). Daar was egter geen noemenswaardige verengelsing van sendinggemeentes gedurende die negentiende eeu nie (verstaanbaar in die lig van die primêre doel van die verengelsingsbeleid om Nederlands-/Afrikaanssprekende *kolonialers* te assimileer), en die sukses van Nederlands as kerklike kommunikasiemedium was sulks dat die gebruik daarvan gedurende hierdie tydperk gegroei het totdat dit as kerktaal deur Afrikaans vervang is.

Een verdere aspek van Gray se bevordering van die gebruik van die volkstaal vir kerkdienste moet genoem word. Soos op p. 40 hierbo aangedui is, was dit Gray se hoop om 'n verenigde aanbiddende gemeenskap te stig. Die feit van meertaligheid in die Kerk hoef nie noodwendig so 'n ideaal te negeer nie. Dit hou wel gevare daarvoor in, en dit is onduidelik hoe Gray dié ideaal in die lig van meertaligheid gesien het. Wanneer hy byvoorbeeld "Dutch" vir die gemeente by Schoonberg bevorder, het hy in gedagte dat die eenheid van die gemeente behoue sal bly en dat "Dutch" en Engels afwisselend tydens die een diens gebruik sal word, of dink hy aan twee aparte dienste, een in Engels en een in "Dutch"?

Indien Gray laasgenoemde in gedagte gehad het, sou hy dit nie noodwendig as 'n onoorkomelike gevaar vir die ideaal van eenheid gesien het nie. Weer eens moet onthou word dat die taal vir hom in 'n "transition state" was. Nie net die gebruik van "Dutch" nie, maar ook die hou van aparte dienste, sou dus vir hom as interim - maatreëls voorgekom het, wat mettertyd sou verdwyn. Wat *eintlik* gebeur het, is dat verskille van taal en ras saamgeloop het om 'n al hoe vaster skeiding in die Anglikaanse Kerk te bewerkstellig wat die ideaal van 'n verenigde aanbiddende gemeenskap genegeer het, en waarvan die vrug tot vandag toe gesien kan word.

1.5 GRAY SE "BISHOP'S DUTCH"

Bishop Gray se Nederlandsvaardigheid betreur hy self - vgl. die aanhalings uit sy joernaal op pp. 38/39 hierbo. Anderson - Morshead verwys ook hierna en vertel hoe die Biskop tydens 'n reis terug van Engeland aan boord skip "Dutch" lesse gegee het vir haar en die ander dames wat in Kaapstad kom werk het:

"The Bishop began short morning and evening prayer in the salon, after which he gave us a Dutch lesson, though he warned us laughingly that people would say he spoke "Bishop's Dutch" (36).

Gutsche verwys na Gray se "Dutch" in verband met die publikasie van sy 1848 visitasie-joernaal:

"Despite the comparative clarity of Robert's writing, almost all the names had been misspelt when published by the S.P.C.K. (Robert's Dutch being more than defective, padkos always appeared as "patcoss" and pandak or pondok as "pontoc") (37).

Gray het van tyd tot tyd "Dutch" in sy openbare bediening gebruik, en daar is in die bronne verwysing na sy bediening van die Eucharistie en Bevestiging in dié taal (vgl. p. 38/39 hierbo en p. 64 hieronder). Die verwysings van Anderson - Morshead en Gutsche laat die vraag ontstaan in hoe 'n mate Gray se "Bishop's Dutch" 'n Afrikaans beïnvloede vorm van Nederlands was? Ongelukkig kan ons geen duidelike antwoord hierop gee nie, behalwe om daarop te wys dat altwee woorde wat Gutsche aanhaal, nl. *padkos* en *pondok* suiwer Afrikaanse terme is wat nie in Nederlands voorkom nie. A.N.E Changuion se stelling: "een Engelschman spreekt doorgaans plat Kaapsch" is miskien van toepassing op Gray; en, alhoewel hy die Nederlands van die Gebedeboek, wat bedoel was om standaard Nederlands te wees, vir "Dutch" kerkdienste sou gebruik het, was die bietjie "Dutch" wat hy as omgangstaal gebruik het seer seker sterk Afrikaans getint. Daar is 'n moontlikheid dat hy ook in "Dutch" gepreek het, soos 'n aanhaling (c. 1861) in Lewis en Edwards suggereer, maar geen eksplisiete verwysing na 'n "Dutch" preek deur Gray kon opgespoor word nie:

"With hundreds of Dutch-speaking coloured people in his diocese Bishop Gray says:

'... I now find I must give myself up to learning the Dutch language so as to preach in it. Hitherto I have been unable from other absorbing occupations, and I cannot get anyone to teach me'" (38).

1.6 EDWARD GLOVER EN THOMAS F. LIGHTFOOT

Gepubliseerde bronne vertel van die bediening van twee bekende negentiende - eeuse priesters wat "Dutch" in hul bedienings gebruik het.

Edward Glover het vanaf 1854 tot 1856 as "missionary curate" in Kaapstad gewerk. In 1870 is hy vir 'n kort tydperk as Aartsdiaken van George aangestel, en later het hy die Biskop se kapelaan geword. Hy het 'n belangrike rol in die stigting van Zonnebloem Kollege gespeel, het vir 'n tyd in Schoonberg gewerk, en was ook stigter van die Parogie van Oudtshoorn (39). Tydens sy werk as sendeling in Kaapstad het hy "afternoon mission services" in die Katedraal vir "Malay and other converts" begin (40).

Het Glover Nederlands (of selfs Afrikaans) vir hierdie dienste gebruik? Volgens sy biografie het hy, voor hy sy bediening begin het, 'n paar maande saam met 'n "Dutch family" deurgebring "in order to learn Cape Dutch". Dieselfde bron gaan voort om te sê dat hy in "Cape Dutch" gepraat en gepreek het (41). Die middag-sendingdienste in die Katedraal sou die geleentheid verskaf het vir preke in "Cape Dutch" - m.a.w. in Afrikaans. Glover was duidelik in staat om die taal van die Nederlandse Gebedeboek te gebruik, en verskeie bronne dui aan dat hy dit wel gedoen het.

'n Bekende figuur aan die Kaap gedurende die negentiende eeu was Eerw. Thomas Fothergill Lightfoot, Aartsdiaken van Kaapstad. Hy het vanaf sy aankoms in Kaapstad in 1858 tot sy dood in 1904 'n belangrike rol in kerk- en stadslewe gespeel, veral in verband met die armes van Kaapstad. Sy bediening het bygedra tot die totstandkoming van die huidige parogieë van St. Paul's, St Philip's en St Mark's in Kaapstad. Lightfoot se dagboek word ekstensief aangehaal deur sy biograaf, Barnett - Clark, en dit dui aan dat hy alreeds op kollege by St Augustine's, Kantelberg begin het met die studie van Nederlands. In Kaapstad het hy by ene Mnr. Roselt van Keeromstraat 58 "Dutch" lesse geneem (42).

In 'n aantekening onder die datum 14 April 1858 verwys Lightfoot na sy werk, en hy gee ook 'n beskrywing van sy gemeente:

"My work is to be a mission amongst the coloured people of Cape Town... They consist of many nations. (A set called Malays are now a mixed race but profess Mohammedanism. They are said to be superior to all the coloured races in Cape Town. There are some 5000 of them). Then there are Hottentots en Bushmen, and Kroomen - the last mentioned are Negroes from the West Coast - and a number of Kaffirs..." (43).

Dit is vir die bediening van hierdie gemeenskap dat Lightfoot Nederlands aangeleer het. Die feit dat hy al voor sy aankoms in Kaapstad Nederlands begin leer het, en dat hy in Kaapstad formele klasse loop (in teenstelling met Glover se informele aanleer van die omgangstaal) suggereer dat sy "Dutch" 'n meer standaard - vorm van Nederlands sou gewees het as Glover (en ook Gray?) s'n.

In 1858 het hy middag-sendingdienste in die Katedraal gehou en later is dienste in die Lady Grey Kinderskool in die Tuine gehou. In 1859 het hy besit geneem van 'n pakhuis aan die Bo-Buitengracht waar 'n skool - kapel gebou is, en gereelde dienste gehou is. Vir sakramentele bediening het die gemeente na die Katedraal gegaan tot 1880 toe die St. Paul's Kerk in Breëstraat gebou is (44).

In 'n brief van 14 Maart 1865 aan die hoof van St Augustine's Kollege, Kantelberg skryf Lightfoot dat daar tien Sondagdienste by St George's Katedraal en sy afhanklike kapelle gehou word (45). Vroeër in sy joernaal beskryf hy die Engelse Sondagdienste by die Katedraal, en in 'n brief van 20 Februarie 1861 gee hy 'n belangrike beskrywing van sy sendinggemeente en hul Sondagaanddiens:

"I have now a congregation of some two hundred, gathered for the most part from heathenism and Mohammedanism. Many are baptized, and a large proportion are now confirmed and are communicants. But they are generally very defective intellectually, as you will understand when you remember that few of them have learned to read except as adults. Hence our full

in Dutch. Then we sing a hymn and the Service concludes. Sometimes when I am tired - (and as I have now four distinct services on a Sunday, besides three Sunday-schools to attend to, I not infrequently am tired) - I insert an extra hymn between the sermon and the catechizing. This is a relief to me, as we have now a harmonium, and a pleasure to the people who seem never to be tired of singing"(46).

Interessant hier is Lightfoot se verwysing na "Dutch" en Engels as omgangstale ("languages' vernacular") in die meertalige Kaapstadse gemeenskap waaronder hy werk. Die "Dutch" wat as omgangstaal gebruik was, was teen 1861 wanneer Lightfoot skryf, beslis 'n vorm (of miskien vorme) van Afrikaans. Die taal wat hy in sy dienste gebruik het was die Nederlands (wat bedoel was om standaard - Nederlands te wees) van die Gebedeboek. Sy preke in "Dutch" is moontlik deur die omgangstaal beïnvloed; maar soos alreeds aangedui is, het Lightfoot op Kollege in Engeland en ook in Kaapstad formele Nederlandse klasse geloop, wat tot gevolg kon gehad het dat sy "Dutch" nie (te sterk) deur die Afrikaanse omgangstaal beïnvloed sou gewees het nie.

Die feit dat beide "Dutch" (Afrikaans) en Engels die "languages' vernacular" in hierdie meertalige Kaapstadse konteks was, en dat altwee as kerktale gebruik is, is moontlik een van die wortels van die huidige taalsituasie onder die meerderheid Anglikane in die stad wat gekenmerk word deur 'n hoë graad van tweetaligheid en van kodewisseling tussen Afrikaans en Engels. Hierdie punt is belangrik want dit hou in dat die "Engelsheid" van die huidige Anglikaanse gemeenskappe van die Kaapse Vlakte nie slegs gegrond is op 'n afkeer van Afrikaans as gevolg van onlangse politieke en sosiologiese stromings nie, maar dat dit ook 'n oorsprong het in die vroeë gebruik van *beide* Afrikaans/Nederlands en Engels as kerktale (en algemene omgangstale) deur hierdie gemeenskap vanaf sy ontstaan.

* * *

Naas bogenoemde gepubliseerde bronne gee verskeie argivale bronne ook 'n aanduiding van hoe "Dutch" in Afrikaanssprekende Anglikaanse gemeentes gedurende die jare 1847 - 1872 gebruik is.

Van belang hier is veral die jaarlikse en kwartaalverslae, asook ander korrespondensie wat in die S.P.G. - Argief bewaar word van 'n aantal Anglikaanse bedienaars wat in die Kolonie gewerk het. Die kwartaalverslae bestaan uit algemene beskrywinge van die bedienaar se werk, terwyl hulle in die jaarlikse verslae spesifieke vrae moes beantwoord. Vrae (2) en (3) lees soos volg en lewer dikwels inligting vir hierdie studie op:

- "2. Give the numbers, distinguishing the nations or races of:-
 - (a) The whole population of your mission
 - (b) Church members - i.e. those of any ages who are baptized and do not profess to dissent from the Prayer Book.
 - (c) The actual congregation present at each of your churches or stations at any one service.
 - (d) Communicants
 - (e) Persons confirmed last year
 - (f) Unbaptized adults and children under Christian inspection.
3. Specify, as to each church or station within your parish, how often in the course of last year did you:-
 - (a) Celebrate divine service?
 - (b) Administer holy communion?
 - (c) Catechise publicly during service"(47).

Ongelukking is die antwoorde in die jaarverslae nie altyd ondubbelsinnig nie, maar hulle gee, saam met die kwartaalverslae en ander korrespondensie in die S.P.G. - Argief 'n beeld van die gebruik van "Dutch" as 'n gereelde deel van Anglikaanse bediening gedurende die periode van Gray se episkopaat.

1.7 PAARL, 1854 EN LATER

Anglikaanse bediening is in c. 1847 in die Paarl distrik begin deur Eerw. S. Ingliss, eerste Rektor van die Parogie. Op 4 Desember 1854 is 'n sendingskool geopen, en

"...with the opening of our school Divine Service in the Dutch language was commenced" (48).

Volgens een verslaggewer het die gebruik van "Dutch" "heathens" in staat gestel om kerkdienste by te woon (49).

Vanaf 1858 onderskei Ingliss gereeld tussen Engelse en "Dutch" dienste. Sy jaarverslag vir daardie jaar gee byvoorbeeld die volgende statistiek in antwoord op vraag 2(c). Die getalle dui op die gemiddelde getal persone teenwoordig by die dienste:

"	English Service	Dutch Service
Holy Trinity, Upper Paarl	80	50
Mission School, Lower Paarl	80	100
School Chapel, Wellington	30	20"

Vir vraag 3 (a) - die aantal dienste per jaar - skryf hy:

"	English Service	Dutch Service
Holy Trinity, Upper Paarl	54	18
Mission School, Lower Paarl	54	29
School Chapel, Wellington	27	15" (50).

In hierdie verslag vertel Ingliss ook van die bevolking van die Paarl: "... about one third are white and two third coloured", skryf hy, en sê:

"...the great majority of the whites are Dutch. We have also a few Germans. These are inferior in number however to the British and Irish ... The coloured inhabitants are chiefly the decendants of the late slave population..."

Ingliss vertel gereeld in later verslae van 'n afname in die getal Engelssprekendes op Paarl (51). 'n Gevolg hiervan vir die Anglikaanse Kerk was dat werk onder Afrikaanssprekende Nederlandsgebruikende "coloured inhabitants" 'n al hoe belangriker deel van die Kerk se bediening uitgemaak het.

Latere verslae en ander korrespondensie van Ingliss en James Curlewis (kategeet - skoolmeester onder Ingliss, en later Rektor van die Paarl) gee 'n verdere beeld van die gebruik van "Dutch" in die Parogie.

'n Brief van 1 Julie 1862 verwys, byvoorbeeld, na taalonderrig in die "Church of England Mission School, Lower Paarl". Hier skryf Curlewis dat daar 140 kinders in die skool is, en hy sê:

"...14 read well, 23 tolerably well in the Bible both in English and Dutch" (52).

Ingliss se verslag vir 1865 vertel dat "a Dutch service" nou elke Sondag vir "the mission congregation" in Bo-Paarl gehou word. 'n Weeklikse Sondagdiens in "Dutch" word ook vir die "mission congregation" in Klein Drakenstein gehou (53). In 'n brief van 1 Oktober 1865 skryf Ingliss van 'n Basuto-dopeling van die Bo-Paarl wat sy Bybel in Basuto en Nederlands gelees het:

"During the previous quarter one adult Kaffir was received into the church by Holy Baptism at Wellington, and one at Upper Paarl; he, poor man, lingered on till last week, and then entered into rest. It was cheering to see him during his sickness, consuming, perusing his Dutch and the Basuto Testament together from which he drew strength and comfort every day" (54).

"Dutch Services" in die Parogie sou volgens die formuliere van die Nederlandse Gebedeboeke wat die S.P.C.K. uitgegee het, geskied het. Dit is onduidelik of 'n "Dutch Service" altyd geheel en al in "Dutch" geskied het, en dit is moontlik dat dele van 'n "Dutch Service" soms in Engels plaasgevind het. Dit is ook moeilik om die aard van die "Dutch" wat gebruik was duidelik te omskryf. Die Gebedeboek was bedoel om in standaard-Nederlands te wees, maar soos ons sal sien, bestaan die moontlikheid dat selfs die gedrukte liturgie deur die Kaapse omgangstaal beïnvloed was (vgl. p. 73 hieronder). Afhangend van die taal-agtergrond van die bedienaar en kategeet, was Afrikaans moontlik ook gehoor, veral tydens preke, katkisasie en enige informele aspekte van openbare dienste. In 'n verslag oor die Kersfeesdiens van 1859 by "the English Church Mission Station, Klein Drakenstein" dui E. Marsh aan dat Engelse en Nederlandse gesange onder dié gemeente in gebruik was:

"Soon after 8 o'clock the people began to arrive ... Our Service commenced by the choir and children singing as an anthem Luke ii:14. The following hymns and anthems were

also sung by the choir and children in the course of the service, viz.

1st "Bright and joyful is the morn"

2nd "Christians awake, salute the happy morn"

3rd Dutch hymn by the congregation

4th Dutch anthem by the choir and children

5th "Hark the notes of joy"

6th Dutch hymn - congregation

7th "Around the throne of God in heaven" (55).

1.8 CLANWILLIAM, 1858 EN LATER

Eerw. T. Browning van Clanwilliam skryf in sy verslag van 14 Maart 1859 (vir 1858) dat die gemeenskap wat hy bedien uit "whites" en "fluctuating populations made up of Bushmen, Hottentots with a few Kaffirs and Fingoes" bestaan (56). Hy sê dat hy in "Dutch" preek, en verwys ook in latere verslae na sy gebruik van hierdie taal vir verskeie gemeentes in sy wydgeleë Parogie. Browning se verslae suggereer 'n duidelike onderskieding en skeiding tussen Engelse werk onder "whites", en "Dutch" werk onder "coloureds."

In antwoord op vraag 3 (c) (aantal openbare katekisasie - klasse in die jaar) skryf hy vir 1858: "On Sunday afternoons, except when I preach in Dutch." Die feit dat Browning geen katekisasie onderneem nie wanneer hy in "Dutch" preek, suggereer miskien dat sy Sondagmiddag katekisasie-klasse in "Dutch" gehou is. In sy verslag van 1860 (vir 1859) skryf hy:

"Besides catechizing the white children privately and publicly, I catechize the coloured children in Church after afternoon service" (57).

In 1866 skryf Browning dat dienste gereeld in Piketberg gehou is, en dat die "Dutch Evening Service" daar goed bygewoon word (58).

Die jaarverslag vir 1872, ingevul deur Richard Brooke, Browning se opvolger in Clanwilliam bevat onder vraag 3(a) die volgende inligting:

"St John's, Clanwilliam - Daily and 3/4 Services on Sundays.
Service in Mission School in Dutch.

Regular Services Sundays and weekdays, Dutch service with catechizing in Mission school at 4 pm Sundays (coloured people)."

Oor Piketberg skryf hy:

"Inhabited by Dutch Afrikanders, Hollanders, Coloured - Catechist holds service in English every Sunday morning, and Dutch- afternoon. English in the Court room. Dutch in the Government school room" (59).

Dienste is ook in Porterville, Calvinia, Fishwater, Lambertsbaai en Bonteheuwel gehou, maar Brooke dui nie aan watter tale daar gebruik word nie.

1.9 MOSSELBAAI, 1858 EN LATER

Eerw. Thomas Sheard van Mosselbaai skryf ook in 1859 vir 1858. Hy gee die volgende statistiek i.v.m. gemeente getalle in antwoord op vrae 2 (b), (c) en (d):

"(b) white	148
coloured baptized	58
nominal	<u>57</u>
Total	263
(c) Average white congregation	80
coloured	40
(d) 22 white.	coloured 00"

Op antwoord op vraag 3 (a) - die aantal kerkdienste per jaar - skryf hy:

"English Service has full service every Sunday - also Xmas Day, Ash - Wednesday, Holy Thursday, Good Friday.
Dutch Service: one full service every Sunday Evening until such time as their Chapel School is erected" (60).

Sheard bedoel hiermee dat hy "Dutch" dienste hou vir 'n Afrikaanssprekende "sendinggemeente" (in wat binnekort 'n "English" gebou sal word) totdat hulle hul eie bedienaar kry en na hul eie kapel kan verhuis. Die "full service" is 'n volledige Aanddiens volgens die 1853 - hersiening van die Nederlandse Gebedeboek.

In die verslag vir 1859 staan gemeentegetalles soos volg:

"2 (b) white 146
coloured 147

(c) white 70
coloured 80,"

en in antwoord op vraag 3 (a) sê Sheard:

"white: every Sunday, Ash Wednesday, Good Friday,
Ascension, & Christmas day.
coloured: occasionally during the week" (61).

Daar is ongelukkig geen verwysing na taal in hierdie verslag nie, maar dit dui wel aan dat daar teen dié tyd twee aparte skool-kapelle op Mosselbaai was - een vir die Engelse gemeente en een vir die "coloured people". Die verslag vir 1862 bevestig hierdie feit, en in antwoord op 3 (a) maak Sheard weer 'n verwysing na "Dutch":

"English Church - 2 x on Sundays and Holidays
Prayer on Wednesday and Friday.
Mission chapel - English Service once per month
Holy Communion in Dutch once
per month" (62).

In 1865 skryf Sheard dat hy elke tweede Sondag in die maand 'n Eucharistie in "Dutch" in die "Mission chapel" bedien, terwyl 'n diaken (Eerw. Samuels) vier ander dienste (Oggend-/Aanddienste) per week daar waarneem. In die "English Church" is daar ook een Engelse Eucharistiediens per maand en vier Oggend/Aanddienste per week wat Sheard self waarneem. Sheard vertel dat daar nou 'n gemeente van 250 "white" en 250 "coloured" gemeentelede is, en dat daar 32 "white" en 15 "coloured" kommunikante is (63).

1.10 RIVERSDALE, 1858 EN LATER

Eerw. W.F. Taylor, wat vanaf 1850 in die Bisdom van Kaapstad gewerk het, skryf in 1900 oor die belangrikheid van "the 'Dutch' language" vir die Anglikaanse bedienaar:

"The first thing needed was to master the Dutch language (the patois of the coloured people; the difference between this and High Dutch is, probably not sufficiently realized in England - Ed.) a thing not hard to do, as far as the vernacular, and the language of the Bible and our Common Prayer book was concerned, and that was all that was absolutely required" (64).

In 1856 het Taylor sy bediening op Riversdale begin en op 1 Januarie 1859 gee hy die volgende statistiek vir 1858 in antwoord op vraag 2 (c) - die getal persone wat dienste bywoon:

"At Riversdale English Service	70	Dutch (For Coloured People) 80.
Heidelberg English Service	20	Dutch (No Coloured people)
In The Downs English Service	10	Dutch (For Coloured People) 40" (65).

Latere verslae bevat soortgelyke inligting. Die statistiek vir vraag 2(c) in 1862 is byvoorbeeld:

"	English	Dutch
Riversdale	60	90
Heidelberg	20	--
Elbertskraal	--	60"

Taylor vertel in hierdie verslag dat die Engelssprekendes op Riversdale besig is om af te neem, en hy sê dat hy daar elke Sondag 'n Engelse diens hou "and once, latterly 2 x in Dutch" (66).

In 1864 is die statistiek vir vraag 2(c) soos volg:

"	English Service	Dutch Service
Riversdale	70	100
Heidelberg	25	---
Elbertskraal	10	100"

Daar is nog steeds elke Sondag een Engelse diens op Riversdale en twee in "Dutch", en Taylor het in 1864 die Eucharistie 13 keer in Engels en 7 keer in "Dutch" bedien (67). Die verslag vir 1866 weerspieël 'n soortgelyke patroon waarvolgens 'n "Dutch"

bediening (onder Afrikaanssprekende lidmate) 'n al hoe belangriker deel van die Anglikaanse Kerk se lewe op Riversdale begin uit te maak (68).

1.11 MALMESBURY/ABBOTSDALE, 1859 EN LATER

Die Parogie van Malmesbury, met 'n sendingstasie op Abbotsdale, is in 1858 deur Robert Gray gestig. Anglikaanse bediening daar het die tipiese tweeledige patroon gevolg met "mission work" in Abbotsdale en (aparte) "coloured" en "European work" in die dorp van Malmesbury self. Abbotsdale was Gray se eerste poging om 'n Anglikaanse sendingstasie te stig, min of meer volgens die model van die Morawiese sendinge van Genadendal en Elim (69). Die eerste Rektor was Eerw. W. Belson, en in 'n brief van 16 November 1859 verwys hy na die dienste wat in die Parogie gehou word:

"I have daily morning and evening prayer in the mission station in Dutch, except on Wed. and Friday when it is in English. On all Saints Days there is an additional service at 11 o'clock with or without a Sermon. On the Lord's day there are three services, Mattins at early morning with Baptism, at 11 o'clock Ante-communion Service, once a month full Communion Service with Sermon, in the morning Short English service. In the village the services are as follows: English full service, a.m., p.m. evening prayer with public catechizing. In the evening full Dutch Service. Besides these there is an afternoon service for Kaffirs stationed in the Parish. Once in three weeks, service on a neighbouring farm, and every month three or four services at the Bays" (70).

Dienste in Abbotsdale bestaan dus uit daaglikse Oggend- en Aanddiens in "Dutch" (Engels op Woensdag en Vrydae). Op feesdae van Heiliges is daar 'n addisionele diens waarvan die taal nie aangedui word nie. Op Sondae is daar "Mattins" (Oggendgebed), met Doop; 'n elf-uur voor-Kommuniediens (een keer per maand 'n volledige Eucharistiediens) met of sonder 'n preek, en 'n kort Engelse Oggenddiens. 'n Vroeër brief van 18 Oktober 1859 dui aan dat die Oggengebed met Doop en voor-Kommunie met Preek in "Dutch" geskied het (71).

In Malmesbury is daar op Sondae 'n Engelse Oggend - en Aanddiens, met katkisasie tydens die Aanddiens, en 'n volledige Aanddiens in "Dutch". Volgens die brief van 18 Oktober 1859 is daar op die dorp "2 congregations of 40 English and upwards of 100 coloured people every Lord's day."

'n Interessante brief van 16 November 1859 bevat 'n lang beskrywing deur Belson van 'n Morawiese Paasoggenddiens wat hy in Abbotsdale ingestel het, en waarin gebruik gemaak is van "Dutch":

"This year at Easter I instituted a service on the Mission Farm similar to that held at that season in the Moravian Stations before sunrise on Easter morn. The congregation assembled in the Chapel School and walked then in procession to the Church yard, upwards of 100 adults were present. The morning was very cold, the ground very moist with dew: the atmosphere hazy. We walked in order - The Clergyman - children - women - men, two by two: on arriving at the top cross path one long extended line was made and we waited for the sun rising... The following service which I drew up for the occasion was then used:

Hymn "Hy leeft nou weer: Hy leeft Hallelujha"

Seven sentences from the Litany.

The Creed

(The sun rose as we commenced it)

The names of members departed during the year were
read then

Chant: "I heard a voice for Heaven"

Let us Pray.

"Our Father". 2 Prayers from the Burial Service.

Collect for All Saints Day.

Read St John V. 24-29.

Hymn: "Jesus Christus is Verrezen"

The Blessing.

The congregation were much affected; during the year there had been an unusual number of deaths among the children and the little mounds which lay between us and the rising sun preached an eloquent sermon to the hearts of many..." (72).

Soortgelyke dienste word nog steeds gehou in verskeie plattelandse Anglikaanse parogieë, en op Paasdag 1983 het ek een by St. Mary's Kerk in die Parogie van Botrivier bygewoon. Die diens het in Afrikaans plaasvind, maar die daaropvolgende Eucharistie was in Engels. Dit is onduidelik of enige ander dele van Belson se diens (naas die gesange) in "Dutch" was. Sy beskrywing is die eerste verwysing na die hou van hierdie diensvorm in die Anglikaanse Kerk.

Anderson - Morshead vertel van Belson se bediening, en verwys na sy kennis van "Dutch" in 'n stuk wat ook op die verskil aandui wat gevoel is deur moedertaal Afrikaanssprekers tussen Nederlands en Afrikaans:

"It was very necessary in those days that the clergy should speak the "Taal" and Mr. Belson understood Bible and Prayer-Book Dutch well enough to preach and catechize. "Kitchen Dutch" was another thing, and there was a rumour that when left alone he had one day ordered his dinner and that the affrightened maid hastily ran up the village to his mother-in-law to ask "what did the master mean? He had ordered a human leg for dinner" (73).

In haar verwysing na die gemeente by Protea gebruik Anderson-Morshead die term "the 'Taal'" om na Afrikaans te verwys (vgl. p. 34 hierbo). Dáár praat sy van "the 'Taal' of the country" teenoor "Holland Dutch." In hierdie stuk onderskei sy tussen "Bible and Prayer-Book Dutch" (wat bedoel was om Nederlands te wees), en "Kitchen Dutch" (die omgangstaal, Afrikaans). Met "the 'Taal'" bedoel sy blykbaar hiér die Nederlands van die Bybel en Gebedeboek. Dit is onwaarskynlik - maar in die lig van gebeure by Protea en van hierdie storie nie heeltemal onmoontlik nie - dat sy sou wou sê dat dit belangrik was dat bedienaars die Afrikaanse omgangstaal kon praat. Wat wel in hierdie jare oor die algemeen as belangrik beskou is, is dat bedienaars 'n kennis gedra het van die "Dutch" van die Bybel en Gebedeboek. Anderson-Morshead suggereer dat Belson hierdie kennis gehad het, maar dat hy nie

Afrikaans kon gebruik nie. Hierin verskil hy van bedienaars soos Glover wat in staat was om beide Nederlands en Afrikaans te gebruik. Eintlik is dit eenaardig dat Belson nie "Kitchen Dutch" kon gebruik nie: hy was getroud met 'n mej. Liesching, dogter van 'n Kaapse familie, wie se ma volgens die bron wel Afrikaans geken het. Miskien was die probleem nie soseer dat Belson nie "Kitchen Dutch" geken het nie, maar dat die bediende nie Nederlands kon verstaan nie.

'n Aantal bronne in hierdie periode maak verwysing na die verskil wat aangevoel is tussen Nederlands en die omgangstaal, en hulle dui aan dat daar 'n besef was dat die omgangstaal van die gemeenskap wat bedien moet word Afrikaans en nie Nederlands was nie ("a corrupt form of Dutch", "the 'Taal' of the country"; "Kitchen Dutch"; "colloquial Dutch"). Tog is daar geen bewuste besinning oor die implikasies hiervan vir "Dutch" bediening nie. Was die Nederlands van die Gebedeboek en Bybel 'n adekwate kommunikasiemedium vir hierdie Afrikaanssprekende gemeenskap? Vir die mense van Protea blykbaar nie; ook nie vir Belson se bediende nie. Aan die ander kant is daar, soos ons sal sien, 'n moontlikheid dat die taal van die Gebedeboek wel deur die omgangstaal beïnvloed is, en dat Anderson - Morshead se "Prayer-Book Dutch," alhoewel dit nie "Kitchen Dutch" was nie, ook nie standaard Nederlands was nie; en sekere bedienaars *het* die omgangstaal as kerktaal gebruik.

1.12 D'URBAN (DURBANVILLE), 1859 EN LATER

Statistiek vanuit die Parogie van D'urban lees soos volg en dui aan dat "Dutch" ook dáár in gereelde gebruik was.

In 1859 skryf Eerw. H.B. Fisk in antwoord op vraag 2 (c):

"D'urban Morning Service (English) greatest attendance 149,
least 10, yearly average 38.

D'urban Evening (Dutch) Greatest 63, least 12, yearly
average 39 ³/₄" (74).

In 1860 skryf hy dat hy aansoek by die owerhede gedoen het "to minister to the convicts in Dutch and English", en in 1865 bevat Eerw. Lawrence se jaarverslag die volgende gegewens:

"2(c)	D'urban, English service	71
	Dutch "	75

	Kuilsrivier, English	23
	Bellville, Dutch	18
	(Farm Cottage)	32
3(a)	D'urban, English 56	Kuilsrivier 21
	Dutch 56	Bellville 20

(c) Every Sunday Evening in Dutch" (75).

In 1866 skryf Lawrence dat daar by All Saints' Kerk, D'urban, elke Sondagoggend 'n Engelse diens is, en in die aand 'n "Coloured Dutch" diens (76).

Gegewens vir 1869 is soos volg:

" 2(c)	D'urban	English	118
		Dutch	130
	Bellville	Dutch	21
	Durban Road Railway Station	English	15
	Kuilsrivier	English	09 "

3(a)	D'urban English.	Sun a.m., Xmas Etc. & Daily Morning, Evening Prayer.
	Dutch	Sun p.m. Xmas etc p.m.
	Bellville Dutch	4 Nightly, Sun. p.m.
	D'urban Railway Station	English Every 4th Sunday
	Cottage Services in D'urban	(Dutch) every Sat. Evening.

(c) Every Sunday Evening (Dutch) (77).

1.13 CLAREMONT, 1859

Argivale bronne dui aan dat "Dutch" nie net in die buitewyke van die Bisdom gebruik is nie, maar ook in die Kaapse Skiereiland. Die volgende materiaal vertel dat "Dutch" byvoorbeeld as kerktaal vir die "coloured" en "Dutch speaking" bevolking van Claremont gebruik was. Volgens 'n verslag van 1859 het die Parogie in daardie jaar uit 'n totale bevolkingsgetal van "347 English, 60 Dutch, 500 Malays, 300 Mocambiquans, 300 Afrikanders, and 50 Kafirs" bestaan (78).

Die eerste bron is 'n kennisgewing vir kerkdienste vir 1859. Daar is hierin melding gemaak van 'n "Dutch" diens wat in die skool sal plaasvind:

"The arduous and self-denying labours of the late Ministers of the Parish among the coloured and Dutch speaking Population of Claremont during five years, and the universal feeling of its acceptability expressed, have created a fit opportunity for services in the Dutch language.

A service in Dutch is therefore appointed to be held every Sunday evening at half past six in the school, to which the attendance of those who understand Dutch is earnestly and affectionately invited by their present Minister.

Claremont Parsonage, October 6. 1859" (79).

'n Tweede bron is die jaarverslag vir 1859, waar Eerw. W. Wilshire bevestig dat hierdie "Dutch" diens gedurende die afgelope tyd plaasgevind het. Dit is gehou deur die Biskop se kapelaan, Eerw. Edward Glover:

"Since my arrival in June - every Sunday Service has been held morning and evening at Claremont, and evening at Newlands. Also a service has been held in Dutch by the Bishop's Chaplain the Revd. E. Glover in Claremont School in the evening" (80).

Soos ons gesien het, het Glover, volgens sy biograaf, "Cape Dutch" as preektaal gebruik (vgl. p 47 hierbo). Heel moontlik was hierdie "Dutch" dienste in Claremont dus gedeeltelik in Afrikaans. Skriflesings en Gebedeboek-materiaal sou natuurlik in taal van die Gebedeboek en Bybel gewees het.

1.14 VILLIERSDORP, c. 1860

Volgens Eerw. L.O.W. Gibbs is "Dutch" hier as kerktaal gebruik in ongeveer 1860. Hy vertel van 'n gereelde tweetalige Sondagaanddiens wat bedoel is vir die "Coloured population" van Villiersdorp:

"Our Sunday services are pretty well attended considering the small number of English we have in the village, but our

Sunday evening services which are more particularly intended for the Coloured population are well attended. We have the Service partly in Dutch and partly in English" (81).

1.15 CALEDON, 1865

Daar is gedetailleerde jaarverslae vir Caledon vanaf 1857. Ongelukkig bevat hulle gedurende die periode tot 1872 geen eksplisiete verwysing na taalgebruik nie, behalwe dat Eerw. W.W. Wilshire in 1865 skryf dat hy elke Sondag twee Engelse dienste en, "as a rule", een "Dutch" diens hou in Holy Trinity Kerk, Caledon (82).

1.16 SWELLENDAM 1865, 1869

In Swellendam was daar ook Anglikane wat in "Dutch" bedien moes word, soos Eerw. James Barker in 'n brief van 12 September 1865 aandui:

"My regular work among the coloured people has been a weekly service in the prison in the Dutch language, and classes twice a week in the evening school. In the month of May I visited Port Beaufort where the congregation consists mainly of Europeans, but some coloured persons attend. After long waiting I hope that God has raised up a serious and active man qualified by a knowledge of Dutch, and other advantages to be a valuable assistant in the coloured work" (83).

'n Brief (ook van Barker) van 31 Desember 1865 vertel van die stigting van 'n aparte "coloured congregation" in Swellendam. Hierin kla Barker oor "the difficulty in getting any proper person to assist, who must thoroughly understand the Dutch language" (84).

In 1869 het Biskop Gray Swellendam besoek, en 'n brief van Mei daardie jaar vertel dat hy daartydens 'n middag Bevestigingsdiens in Engels geneem het, en een in die aand in "Dutch". Die brief gaan voort:

1.18 BREDASDORP, 1871

Bredasdorp is 'n tipiese voorbeeld van 'n plattelandse parogie waar bediening begin is hoofsaaklik vir Engelssprekende kolonialers, maar waar "mission work" mettertyd die oorheersende aktiwiteit van die Kerk geword het. Dat 'n "Dutch" bediening alreeds gedurende Gray se episkopaat hier 'n belangrike deel van kerkwerk uitgemaak het, word deur die volgende gegewens van Eerw. James Hewitt aangedui (in antwoord op vraag 2(c) van die jaarverslag vir 1871):

"Bredasdorp: English Service	91
Dutch Service	76
Mission services in Dutch are on Sunday at 4 pm. and Wednesday at 7 pm.	
Napier:	Monthly schoolroom
	Service, partly in English
	Partly in Dutch 98.
Stry Bay:	A Dutch Service every other month in private room" (89).

2. "DUTCH" IN ANDER BISDOMME TOT c. 1872

"Dutch" is ook as volkstaal gebruik in ander gebiede van Gray se Bisdom wat later as selfstandige Bisdomme afgestig is.

2.1 GRAHAMSTAD

Die Bisdom van Grahamstad het in 1853 onder Biskop Armstrong tot stand gekom. Hier was die belangrikste inheemse taal Xhosa (90). Daar is egter aanduidings dat "Dutch" ook gebruik is.

'n Sendeling (blykbaar William Greenstock) skryf byvoorbeeld in 1859 van Port Frances dat hy vyf Sondagdienste per week hou: twee in Engels, twee in Xhosa en een in "Dutch", terwyl 'n anonieme verslag vir dieselfde jaar uit Colesberg vertel dat daar een Engels en twee "Dutch" Sondagdienste daar gehou word (91).

2.2 NATAL

Die Bisdom van Natal is in 1853 onder Biskop Colenso gestig.

Henry Callaway, bekende stigter van die Anglikaanse sending op Springvale het ook werk onder die Griquas op Clydesdale onderneem. Soos Colenso het hy belangrike Zuluvertalings van die Bybel en Gebedeboek gemaak. Hy het ook "Dutch" aangeleer "which he felt to be indispensable if he was to undertake a mission in Griqualand" (92). In Januarie 1870 skryf Callaway dat hy 'n Engelse student van St. Augustine's, Kantelberg, by hom het "to study mission-work and Dutch, that he might in connection with me become a missionary to the Griquas" (93).

In 1873 is Callaway as Biskop van St John's aangestel en hy het in November 1874 Clydesdale besoek en 'n Bevestigingsdiens daar waargeneem, waarvan hy in sy dagboek vertel, en sê:

"It seemed a blessed sign of the unity of the church made up of all nations, and kindreds, and people, and tongues to pronounce the words over to them in English, Dutch and Zulu" (94).

2.3 BLOEMFONTEIN

Nederlands is meer ekstensief in die Bisdom van Bloemfontein gebruik.

2.3.1 Biskop Twells

Die eerste Biskop, Edward Twells, het in 1863 in die Oranje-Vrystaat aangekom. Sy eerste diens het hy in daardie jaar in Smithfield gehou. Eerw. William Crisp se beskrywing dui aan dat daar vanaf hierdie vroegste stadium 'n onderskeid gemaak is tussen diens vir "Europeans" (in Engels) en "Coloured people" (in "Dutch"):

"He held there his first services in the Free State, in the morning and afternoon for the Europeans and in the evening, by means of an interpreter in Dutch for the coloured people. During the voyage out the Bishop had made a great study of Dutch, and on this occasion was able

to lead the people in saying the Creed and Lord's Prayer" (95).

In 'n brief van 8 Junie 1863 skryf Twells dat daar agt dorpe ("towns or villages") in sy Bisdom is. Hy hoop dat hulle sentra vir sendingwerk sal word, en hy gee 'n aanduiding van die verskeie bevolkingsgroepe wat bedien moet word. "Dutch" of Engels is die *lingua franca*:

"In each station the work will be a mixed one amongst English and Dutch settlers, sheep farmers and storekeepers and their Native Kafir or Hottentot servants, who learn to speak Dutch or English" (96).

Twells se korrespondensie dui 'n paar keer op die belangrikheid van "Dutch" vir Anglikaanse bediening onder "the coloured people". Vgl. byvoorbeeld sy verwysing na hierdie werk in Bloemfontein:

"As yet we have done very little for the coloured people in and near the town. The landdrost has for many years conducted for them services on Sundays and takes a great interest in their welfare. He is anxious for us to take up the work, but our imperfect knowledge of Dutch hinders us. I am arranging for the building of a small native chapel for them" (97).

Twells het gou besef dat "Dutch" nie altyd as kommunikasiemedium onder inheemse bevolkingsgroepe waar dit 'n tweede taal was, geslaag het nie, en in sy dagboek vir 25 Januarie 1869 maak hy 'n interessante verwysing na die taalprobleem wat hy teëgekom het i.v.m. "the natives in and around Philippolis":

"I have been much occupied with how but to deal with the natives in and around this village (Philippolis). They are of various tribes. They like coming to service, sing hymns and listen to a sermon, but the misfortune is they understand nothing all the time. In their work they have Dutch spoken to them, but very few words serve for communication between master and servant. Speak to them of religious faith in Dutch

and they understand nothing. Some plan must be adopted, but it is puzzling. A very respectable coloured man has with the consent of the clergy conducted services regularly for the natives and holds a day-school for their children" (98).

2.3.2 Die Gemeenskap van St. Augustinus

Die Gemeenskap van St. Augustinus, met hul moederhuis in Modderpoort het vanaf 1867 'n belangrike rol in die lewe van die Bisdom van Bloemfontein gespeel, veral met betrekking tot sendingwerk. Lede van die Gemeenskap (en later van die Gemeenskap van die Heilige Sending) het belangrike bydraes op die gebied van Skrif- en liturgiese vertalings in verskeie tale gemaak. Lewis en Edwards skryf dat Kanunnik Beckett, die eerste Owerste van die Gemeenskap, vanaf 1869 "Dutch" klasse en dienste vir 'n "Dutch speaking Eurafrican congregation" begin het, en dat hy 'n gebedeboek, gesangboek, en kategismus vir hulle in "Dutch" opgestel het (99). "Dutch speaking" beteken hier natuurlik *Afrikaanssprekend*. Of die "Dutch" klasse, dienste en publikasies na standaard-Nederlands verwys of na 'n vorm van taal wat beïnvloed was deur die spreektaal, weet ons nie.

2.3.3 Eerw. Charles Clulee

Eerw. Charles Clulee het in die Bisdom van Bloemfontein gewerk vanaf 1863. Sy S.P.G.-verslag vir 1869 is vol interessante taalverwysings, en die eerste deel daarvan kan volledig aangehaal word. Clulee skryf vanuit Bloemfontein en verwys na Seralon en Sechuana, asook na Nederlands/Afrikaans. Let op hoe hierdie tale langs mekaar opereer, en hoe Clulee "colloquial Dutch" gebruik. Hy beskryf sy bediening as:

"The instruction of the Dutch speaking natives and of the Caffres in the Christian Faith, comprising services both in Dutch and Caffre (Sechuana),"

en gaan dan voort om die volgende verslag te gee:

"Since my return from Natal I have taken up the study of Sechuana, which is mostly spoken here and that dialect of it which is called Seralon. By the aid of a gentleman here, the son of a Wesleyan missionary, I have made some progress -

enough to be able to conduct services in the language and to read a portion of Holy Scripture so as to be intelligible to them. When Mr Mitchell was here he compiled a short service which I have since used. I am also translating into Seralon a simple catechism for the catechumens who number 24. Mr Crisp at Thaba 'Nchu, one of the members of the Brotherhood, is also translating parts of the Prayer Book for the use of the Caffres.

My service on Sunday is as follows: the Invocation - a Collect- the 10 Commandments (somewhat shortened) - the Kyrie being sung by the Caffres to one of the Gregorian Chants- a short passage from Holy Scripture - the "Deus Misereatur" sung to a Gregorian chant. Then a short address in Dutch - colloquially rendered - another Collect, the Lord's Prayer & the 'Grace'. Sometimes I am fortunate enough to get a Caffre who understands English or Dutch and he interprets for me.

There is also a short service on Tuesday and Thursday Evenings consisting of the Invocation, a Collect, a short passage of Holy Scripture - a short address on it - another Collect and "the Grace"...

I also hold service for Dutch speaking nations - Griquas, Hottentots, Bastaards and others. I have lately compiled a short morning service in Dutch for these natives, and intend to hold one service every Sunday for them. There is a Dutch translation of the same catechism in use for the Caffres; this I am teaching to the coloured children - putting it into colloquial Dutch as I go on - together with a selection from a collection of hymns printed at Cape Town (the best I have). This is a preliminary to the service which I intend to begin in a week or two" (100).

Clulee se onderskeiding hier tussen "Dutch" en "Dutch colloquially rendered" of "colloquial Dutch" dui aan dat hy beide Nederlands en Afrikaans as openbare kerktaal gebruik het. Hy doen dit omdat hy besef het dat Nederlands nie heeltemal voldoende is as kommunikasiemedium onder sy gemeente nie. Terwyl die taal van die Gebedeboek nog kon staan as aanbiddingstaal, het Clulee duidelik aangevoel dat

die omgangstaal 'n meer gepaste medium vir preek en onderrig was. Dit is interessant om te sien dat Clulee "colloquial Dutch" as kerktaal vir beide die Sechuana/Seralon gemeente en die "Dutch speaking" gemeente gebruik het. In die laat twintigste eeu is daar nog steeds Tswanasprekende gemeentes in die Bisdom van Kimberley en Kuruman wat Afrikaans as een van hul kerktale gebruik (vgl. pp. 190 e.v. hieronder). Let ook op hoedat "Dutch speaking nations" vir Clulee hier 'n verwysing is na swart gemeenskappe. Teen dié tyd is hierdie gemeenskappe die enigste beduidende draers van 'n Afrikaanse taal en kultuur in die Anglikaanse Kerk.

Clulee se besef van die verskil tussen standaard Nederlands en die omgangstaal word ook aangedui deur sy bespreking van die soort "Dutch" wat in Fauresmith (waar hy in 'n stadium as deel van sy bediening 'n skool begin het) gepraat is:

"The Dutch spoken is of the lowest type grammatically, and is called Hottentot Dutch. Such horrors are constantly perpetrated as '*ons is*', in English '*us is*', '*ik is*' for '*I am*', '*wie ben u*' '*who am you*' (you objective case). Never by any chance is the distinction of singular or plural made in the verbs. '*Laat ik lezen*', '*laat my lezen*', - '*let I read*', '*let we read*', etc ... False concords are the plague of my life" (101).

2.3.4 Die Diamantvelde

Anglikaanse werk in daardie deel van die Bisdom van Bloemfontein wat later die Bisdom van Kimberley en Kuruman geword het, het kort na die diamandstormloop van 1870 begin. Die eerste Anglikaanse priester om die diamantvelde te besoek, was Eerw. Charles Clulee van Bloemfontein wat in die winter van 1870 daar aangekom het. Hy het Engelse dienste gehou asook "one in Dutch for the coloured people" (102).

Onder die vroeë priesters op die Diamantvelde was Kanunnik Doxat wat in 1871/2 in Dutoitspan (Kimberley) werk begin het. Crisp skryf van hom:

"Cannon Doxat could speak Dutch and from the first he had gathered together the half-caste people who had come from the Cape Colony, and ministered to them" (103).

In Januarie 1873 gee Doxat self die volgend verslag van sy werk daar:

"Our native congregation here at Dutoitspan has now furnished a church for themselves. In Holy Week 1872 some natives headed by a Malay, John Salem, an Independent preacher, called on us to say they wished to be taken over to the English Church ... Our work began with five services every Sunday, three in Dutch, and two in Kafir" (104).

As Salem enige openbare Anglikaanse bediening (miskien as kategeet) in sy gemeente beoefen het, kan daar geen twyfel wees dat sy preektaal sterk deur die Kaapse omgangstaal beïnvloed sou gewees het nie.

3. PUBLIKASIES

Die 1838 Bosworth/S.P.C.K. Nederlandse vertaling van die Gebedeboek is nog steeds gedurende die periode 1847 - 1872 in sirkulasie, en Gray het kopieë van hierdie Gebedeboek, asook Nederlandse Bybels by die S.P.C.K. verkry om in die Kaap te gebruik. Vgl. p. 39 hierbo.

Volgens Gutsche het Gray 'n aantal foute in die 1838-uitgawe opgemerk en hulle aan die S.P.C.K. voorgelê (105). Dr. Abraham Faure van die Groote Kerk het hiermee gehelp, en het ook die voorwoord van die 1662-Gebedeboek (wat nie in die 1838-uitgawe verskyn het nie) vertaal. Dit is in ag geneem vir 'n 1853-uitgawe van die Gebedeboek waarna daar alreeds op p. 39 hierbo verwys is, en wat ook in die Anglikaanse Kerk in Suider-Afrika gebruik is.

Eerw. James Hewitt skryf in sy geskiedenis van die Nederlandse Gebedeboek, wat in die Church Chronicle van 1885 verskyn het, dat hierdie hersiening van Bosworth se 1838-Gebedeboek onderneem is deur ene dr. Gehle, onder toesig van die Vertalingskomitee van die S.P.C.K., en na aanleiding van "Bishop Gray's perception of a great work 'to be done among the Dutch-speaking coloured races in (the) Colony" (106).

Hewitt vertel dat die 1853-uitgawe eers, soos die 1838-Gebedeboek, in diglossiese (Nederlands/Engels) formaat uitgegee is, in 'n lywige 8vo. volume, maar dat dit sedert 1870 in 'n goedkoper en slegs Nederlandse uitgawe gedruk word. Hierdie

hersiene weergawes van die Nederlandse Gebedeboek was in algemene gebruik in die tweede helfte van die negentiende eeu.

Uiters interessant is Hewitt se verwysing na 'n debat wat in 1876 ontstaan het rondom die taal van die 1853-Gebedeboek:

"A severe attack was made upon (the 1853 Book) by a correspondent of the Guardian in 1876, who says that he had shown a copy to one of the Old Catholic Clergy at Utrecht, whose criticism was that the translation was extremely bad, the Dutch in some passages being neither idiomatic nor grammatical, and that it could hardly be worse. Mr. Swarbly, the Editing Secretary of the S.P.C.K. pleaded in reply that the edition was prepared chiefly for South Africa, and added that a returned missionary from the Cape, who had known Dutch for many years wrote to him "If your translation is written in such Dutch as is best understood at the Cape it can be neither idiomatic nor grammatical when compared with the European Dutch; for Cape Dutch, that is the language spoken by the masses, is anything but grammatical." But it is almost unnecessary to say that the translation was not intended to be into Cape Dutch, such for instance as that in which De Patriot is printed; but professes to be and is in the standard language of the literature of Holland; and the Guardian critic or his Old Catholic friend should have been challenged to prove the contrary" (107).

Hewitt skryf dat die 1853 vertaling in vergelyking met die vroeëre 1838-Gebedeboek van Bosworth 'n "undue influence of English idiom" toon, en dat dit "too literal a translation of the English" is. Hy beweer egter dat dit nie te veel "grammatical errors" bevat nie, maar gee toe dat:

"The spelling has not been brought into accordance with the recognized modern use, and there are a few expressions and constructions which are antiquated. There is an occasional slip in the gender of nouns, and the distinguishing adjective used with nouns. There is a little confusion as to some of the

prepositions, which is, however, more a fault of idiom than of grammar; and there are few obvious printer's errors; but this I believe forms the sum of the indictment against the version of the charge of not being grammatical" (108).

Die fassinerende vraag is of hierdie "errors" wat Hewitt toegee - ten spyte van sy ontekening daarvan - wel nie getuig van 'n Nederlands wat deur die omgangstaal getint was nie. Ongelukkig was dit nie moontlik om 'n eksemplaar van die 1853-Gebedeboek te ondersoek nie (109).

Die Bisdom van Kaapstad het vanaf 'n vroeë stadium vertalings in "Dutch" uitgegee, en die Derde Bisdomlike Sinode van 17 Januarie 1865 het 'n Komitee aangestel "to issue translation in the Dutch language from time to time, for use in mission congregations" (110). Weer eens kon geen voorbeeld van hulle werk nagegaan word nie.

Soortgelyke materiaal is in die Bisdom van Bloemfontein gebruik (vgl. pp. 69/70 hierbo), maar ook hiërvan kon geen voorbeelde opgespoor word nie. Heel moontlik sal iets in die Bisdomlike (of Sentrale Provinsiale) argiewe te vinde wees. In die aanhaling op p. 69 hierbo verwys Clulee na 'n versameling ("Dutch"?) Gesange wat in Kaapstad gedruk is, na 'n "Dutch" Kategismus wat in Bloemfontein in gebruik was, en na 'n "Dutch" oggenddiens wat hy opgestel het.

Die aanduidings is dat daar 'n taamlike hoeveelheid materiaal in "Dutch" gedurende hierdie tydperk uitgegee is. In die lig van Hewitt se woorde i.v.m. die 1853-Gebedeboek sou dit seker die bedoeling gewees het om in standaard-Nederlands uit te gee. Clulee se gebruik van Afrikaans as kerktaal, en die debat rondom die 1853-Gebedeboek suggereer egter die sterk moontlikheid dat veral van die meer plaaslike Kaapstadse en Bloemfonteinse Bisdomlike uitgawes deur die omgangstaal beïnvloed was. 'n Ondersoek van sulke materiaal - indien dit opgespoor kan word - sal moontlik interessante resultate oplewer.

4. SAMEVATTING: 1847 - 1872

Die volgende tabel bevat 'n samevatting van die voorafgaande materiaal. Die jaartal dui op die vroegste verwysing na 'n Nederlands-/Afrikaanssprekende gemeente of lidmate. Die geografiese ligging asook verdere details i.v.m. die

gemeente word in die tweede kolom gegee, terwyl die laaste kolom na die gebruik, op een of ander wyse, van "Dutch" as kerktaal verwys. Soos ons weet is die term "Dutch" dubbelsinnig, en waar dit in die laaste kolom verskyn sou dit regverdig wees om te vermoed dat dit in sommige omstandighede Afrikaans getint was. Eksplisiete verwysings na Afrikaans word ook aangedui. Die materiaal wat in hierdie hoofstuk aangebied word, is slegs 'n verteenwoordigende verkenning van die veld, en die hoofstuk dokumenteer nie alle verwysings na die gebruik van "Dutch" in die tydperk 1848-1872 nie.

JAAR	PLEK/GEMEENTE	NEDERLANDS/AFRIKAANS AS KERKTAAL
Bisdom van Kaapstad		
1850/51	George, St. Paul's	"Dutch"
1854	Kaapstad, Good Shepherd (Protea)	"Dutch" (Nederlands) gebruik maar afgesit omdat gemeente Afrikaanssprekend was
1854	Kaapstad, Katedraal Sendingdienste	"Cape Dutch" deur Edward Glover gebruik
1854	Paarl, Holy Tinity (Bo Paarl) Sendinggemeente, Laer Paarl (1858) Wellington (1858) Kleindrakenstein (1869)	"Dutch" "Dutch" "Dutch" (Nederlandse) gesange
1855	Knysna, Buccleugh Portland	Engels gebruik sodat nie-Engelsprekende lidmate die taal kon aanleer "Dutch"
1855	Schoonberg	"Dutch"
1858	Clanwilliam, St. John's Piketberg	Preke (en katkisasieklasse?) in "Dutch" "Dutch"
1858	Mosselbaai, Sendinggemeente	"Dutch"
1858	Riversdale, Sendinggemeente "In the Downs" Elbertskraal (1862)	"Dutch" "Dutch" "Dutch"

1859	Malmesbury, St. Thomas Abbotsdale	"Dutch" "Dutch"
1859	D'urban, All Saints Sendinggemeente Bellville (1865)	"Dutch" "Dutch"
1859	Kaapstad, Claremont (St. Saviours) Sendinggemeente	"Dutch"
1860	Villiersdorp, St. Augustine's	Gedeeltelik "Dutch"/Engels
1861	Kaapstad, Eerw. Lightfoot se Sendinggemeente (St. Paul's)	Gedeeltelik "Dutch"/Engels
1865	Caledon, Holy Trinity Sendinggemeente	"Dutch"
1865	Swellendam, Sendinggemeente (St. Luke's)	"Dutch"
1867	Namakwaland, Springbok Weskus, St. Helenabaai	"Dutch" "Dutch"
1871	Bredasdorp, All Saints Sendinggemeente Napier Stry Bay	"Dutch" Gedeeltelik "Dutch"/Engels "Dutch"
Bisdom van Grahamstad		
1859	Port Frances, Sendinggemeente	"Dutch"
1859	Colesberg, Sendinggemeente	"Dutch"
Bisdom van Natal		
1874	Clydesdale, Sendinggemeente	"Dutch", Xhosa en Engels

Bisdom van Bloemfontein		
1863	Smithfield, Sendinggemeente	"Dutch"
1869	Modderpoort, Sendinggemeente	"Dutch"
1869	Bloemfontein, Sendinggemeente (Eerw. C. Clulee)	"Colloquial Dutch", "Dutch" en Sechuana as kerktale gebruik
1870	Du Toitspan, Sendinggemeente	"Dutch"

Gedurende die Episkopaat van Robert Gray het die K.P.S.A. sy karakter as multikulturele kerkgemeenskap gevind. Sendingwerk in die Bisdomme van Natal/ 'Maritzburg, Grahamstad, St. John's, en Bloemfontein het tot die inlywing van Zulu-, Xhosa-, Sotho- en Tswanasprekendes in die Anglikaanse Kerk gelei, terwyl Nederlands-/Afrikaanssprekendes veral in die Bisdom van Kaapstad, maar ook in Grahamstad, Natal en Bloemfontein by die Kerk aangesluit het. Die aangehaalde bronne suggereer dat "Dutch" 'n belangrike funksie as kerktaal onder laasgenoemde gespeel het gedurende die hele tydperk van Gray se episkopaat en oor 'n wye geografiese ligging. Daar is ook een of twee verwysings na die gebruik van "Dutch" as kerktaal onder gemeentes vir wie Nederlands-/Afrikaans 'n tweede taal sou gewees het (byvoorbeeld Lightfoot en Clulee se gemeentes).

Die gebruik van "Dutch" onder Afrikaanssprekende Anglikane was egter nie 'n uniforme verskynsel nie, en het afgehang aan die taalvaardigheid en opvattings t.o.v. taalhandhawing van die bedienaars. Nie alle bedienaars kon (of wou) "Dutch" as kerktaal gebruik nie.

Hoe presies "Dutch" in enige konteks gebruik was, het ook afgehang van die omstandighede van die betrokke gemeente en hul vaardigheid in Engels of ander tale. 'n Niepoth (wat miskien self 'n moedertaal Nederlands-/ Afrikaansspreker was) het dus in die Afrikaanssprekende George-gebied blykbaar volledige dienste in "Dutch" gelei; 'n Glover wat "Cape Dutch" aangeleer het, het moontlik dié taal vir preke tydens sendingdienste gebruik; 'n Lightfoot het in die meertalige Kaapstadse

situasie beide omgangstale - Engels en "Dutch" - vir sy dienste gebruik, terwyl Clulee se gemeente in Bloemfontein Nederlands, Afrikaans en Sechuana/Seralon as kerktaal gehad het. Aan die ander kant was daar bedienaars (soos Gray) wat daarvan bewus was dat hulle (meer) "Dutch" in hul bedienings behoort te gebruik het, en nog ander soos dr. Andrews van Knysna wat, alhoewel hulle "Dutch" sou kon gebruik het, verkies het om slegs Engels as kerktaal vir gemengde gemeentes te hê sodat Nederlands-/Afrikaanssprekendes daardeur Engels as aanbiddingstaal kon aanleer.

Hieruit is dit dan ook duidelik dat die Nederlandse Gebedeboek op verskillende wyses gebruik is, en dat daar ook in dié verband geen uniforme patroon was nie. Dienste kon geheel en al die "Dutch" boek gevolg het, met "Dutch" gesange en preke, of "Dutch" en Engels (en ander tale) kon in verskeie kombinasies in dieselfde diens gebruik word - of 'n tolk kon gebruik word. In die lig van die laat ontwikkeling van 'n inheemse moedertaal Nederlands-/Afrikaanssprekende geordende bediening is dit waarskynlik dat volledige "Dutch" dienste gewoonlik dié dienste was wat lekebedienaars soos kategete gelei het. Tóg moet opgelet word dat daar wel verwysing is na die viering van die eucharistie in "Dutch" gedurende hierdie tydperk.

Die mate waarin die Engelse taal deur Anglikaanse sendingskole die taalhandhawing van "Dutch"-sprekende gemeentes beïnvloed het, word nie deur die bronne wat ondersoek is, duidelik aangedui nie. Alhoewel Malherbe skryf dat die meerderheid leerlinge in sulke skole nie baie ver gevorder het nie, is die moontlikheid sterk dat hierdie skole tot 'n groeiende Engelsvaardigheid onder sekere sendinggemeentes (veral in die stad) sou gelei het, wat 'n uitwerking op taalgebruik in die Kerk sou gehad het (111). Hiertoe sou die 1865 Onderwyswet van die Kaapkolonie bygedra het; en dit is opmerklik dat mondelinge oorlewering vertel dat daar na die oorname van Anglikaanse sendingskole deur die Staat in die twintigste eeu 'n sterk afname in Engelsvaardigheid onder baie Anglikaanse gemeenskappe was. Soos ons sal sien, is 'n gevolg hiervan dat sommige Afrikaanssprekende in die twintigste eeu op die gebruik van *Engels* as kerktaal aandring, want dit verskaf 'n geleentheid vir hulle om dié taal te beoefen (112).

Alhoewel "Dutch" en verskeie inheemse tale as kerktaal in die Anglikaanse Kerk gehandhaaf is, het Engels nog altyd 'n dominante posisie beklee. Dit is 'n punt wat miskien verlore mag gaan met die soort bronne wat in hierdie studie aangehaal word, wat almal na die gereelde gebruik van "Dutch" verwys. Dit moet dus onthou word dat al die bronne binne 'n wye raamwerk geplaas moet word waar Engels die

taal was, nie net van Anglikaanse opvoedingsinstansies nie, maar ook van alle kerkliggame, soos byvoorbeeld sinodes. Bedienaars was ook oorweldigend Engelssprekend - en by die eerste Provinsiale Sinode was daar nie een Suid-Afrikaans gebore bedienaar teenwoordig nie. Die Anglikaanse Kerk was, al het hy baie tale ingesluit, duidelik (in meer as een sin) nog steeds die "Engelse" Kerk.

Een of twee van die bronne wat in hierdie hoofstuk aangehaal is, maak 'n onderskeid tussen Nederlands ("Dutch") en Afrikaans ("Dutch colloquially rendered" / "Cape Dutch"). Oor die algemeen gebruik die bronne bloot die dubbelsinnige term "Dutch". Hierop sal daar weer in Hoofstuk V ingegaan word, maar die vraag kan nou al gestel word: in hoe 'n mate was die "Dutch" wat gedurende hierdie tydperk as kerktaal gebruik is Afrikaans, of ten minste, 'n Afrikaans - beïnvloede vorm van Nederlands? Die debat rondom die 1853-Gebedeboek beteken dat hierdie vraag gestel moet word ook i.v.m. die vaste gedrukte taal van die liturgie.

"Dutch" het gedurende die tydperk 1847-1872 'n gebruiksfunksie as kerktaal onder Afrikaanssprekende Anglikane gewen. Dit het gebeur (soos in die vroeë tydperk van die kerk se geskiedenis) ten spyte van 'n aantal faktore wat daarteen sou kon gewerk het, soos die verengelsingsbeleid; opvattinge soos dié van dr. Andrews; die onbekwaamheid van sekere geordende Engelse bedienaars in "Dutch"; die afwesigheid van 'n noemenswaardige moedertaalsprekende geordende bediening, en die anti- "Dutch" koloniale houding van baie Anglikane, leke sowel as bedienaars. Dat "Dutch" ten spyte van sulke negatiewe invloede sy funksie as Anglikaanse kerktaal gewen het, is daaraan te danke dat Nederlands-/Afrikaanssprekende gemeenskappe in die K.P.S.A. se sendingsuitreiking aan die inheemse inwoners van Suider-Afrika ingesluit was; aan Gray se aanvoeling (ooreenkomstig die Geloofsartikels) vir die belangrikheid van bediening in 'n taal wat deur die mense verstaan is, en aan die effektiwiteit van "Dutch" as kommunikasiemedium binne hierdie kerklike konteks. 'n Ander faktor wat gunstig vir die gebruik van "Dutch" in die K.P.S.A. was, is die feit dat die Afrikaanssprekende sendinggemeentes buite die konflik tussen "Dutch" koloniale en Engelse Ryk gestaan het, met die gevolg dat die gebruik van "Dutch" onder hulle nie 'n politiek-gelaaide kwessie was nie.

Soortgelyke gunstige faktore was ook gedurende die episkopate van Gray se opvolgers operatief, en het tot die voortdurende gebruik van "Dutch" as kerktaal in die K.P.S.A. tot c. 1925 bygedra. Hoofstuk IV sal hierdie tydperk dokumenteer.

1. M.H.M. Wood, A Father in God: The Episcopate of William West Jones, DD. (S.P.C.K., London, 1913) p. 17. Vir algemene geskiedenis van Gray se episkopaat vgl. Lewis & Edwards, 1934 pp. 31 e.v., en Hinchliff, 1963, pp. 27 e.v. Die standaard bibliografie is nog steeds dié deur die Biskop se seun, C.N. Gray, wat in 1876 in twee dele uitgegee is. 'n Korter verslag van Gray se lewe is te vinde in A. Brooke, Robert Gray, (O.U.P., Cape Town, 1947).
2. Tallose verwysings in sy korrespondensie en joernale dui op Gray se tweeledige benadering tot bediening in Suider-Afrika. Vgl. C.N. Gray, Life of Robert Gray (Rivingstons, London 1876), Vol. I pp. 169 e.v; Hinchliff, 1963, p. 35 en Le Feuvre, 1980, pp. 54 e.v.
3. R. Gray, Three Months' Visitation by the Bishop of Cape Town. (Bell and Daldy, London, 1856) pp. 20 e.v.
4. Vgl. R. Gray, 1852, p. 56; S.P.G. Classified Digest 1701 - 1892, p. 382 e.v.
5. Vgl. Le Feuvre, 1980, wat die verhouding tussen die K.P.S.A. en die N.G.K. van 1806 tot 1910 in die Kaapkolonie dokumenteer.
6. R. Gray, 1852, p. 203.
7. C.N. Gray, 1876, Vol. I pp. 169 e.v., 227, 382.
8. Vgl. R. Elphick and H. Giliomee, 1989, pp. 122, 223, 342, 374.
9. A.E.M. Anderson - Morshead, A Pioneer and Founder (Skeffington, London, 1905).
10. Anderson - Morshead, 1905, pp. 65 e.v. Burchell het in 1810 na hierdie soort kommunikasieprobleem verwys:
 "...It is an observation which Hollanders have often made, that on their first arrival they could not readily comprehend the meaning of a Hottentot when he spoke in Dutch; while it was evident to them that the Hottentot had still more difficulty in understanding that language in its pure and grammatical state." (facs. reprint, 1967, pp. 13 e.v.)

11. Varley & Matthews (eds.), 1957, p. 2. Alhoewel Merriman ook in hierdie verwysings nie die moontlikheid opper dat bedienaars die plaaslike omgangstaal aanleer nie, verwys hy wel 'n paar jaar later in sy bediening (1850) na die belangrikheid van die aanleer en gebruik van inheemse tale deur sendelinge (C.N. Gray, 1876, Vol. I, p. 267).

12. E.G. Malherbe, Education in Southern Africa (Juta, Cape Town, 1925) Vol. I, pp. 97, 116 e.v. Maar vgl. die volgende getuienis wat aan die Cape Education Commission van 1892 voorgelê is:

"Since 1841 Mission Schools have just the same liberty as any others, some are conducted in Dutch, some in English, some in both. Scholars in the aided schools who are being instructed in Dutch (have) got as far as 22 000..."

(B. Rose and R. Tunner (eds.), Documents in South African Education Ad Donker, Johannesburg, 1975, p. 155).

13. J.K.H. Hodgson, A History of Zonnebloem College, 1858 - 1870 (Unpublished M.A. Thesis, University of Cape Town, 1975); I.S.J. Venter, Die Anglikaanse Kerk en sy Stryd om Staatsondersteuning in die Oranje-Vrystaatse Republiek (UNISA, Pretoria, 1958) p. 61. Vgl. ook Rose and Tunner (eds.), 1975, pp. 82 e.v., 149 e.v., 201 e.v.

14. Malherbe, 1925, Vol. I pp. 81, 84. Rose Innes het in die lig hiervan aangevoer dat Skotse onderwysers op pad Kaap toe in Holland moet aandoen om Nederlands te leer, terwyl Nederlandse onderwysers 'n tyd in Engeland moes deurbring om dáár Engels te leer.

15. Brief van 13 Oktober, 1851, aangehaal in Lewis & Edwards, 1934, p. 244.

16. R. Gray, 1852, pp. 189 e.v.

17. Argivale bronne verwys na die gebruik van Nederlandse gesange gedurende hierdie periode in die Paarl en in Malmesbury.

18. Vir 'n beskrywing van die werk van 'n kategeet vgl. A.G.S. Gibson, Sketches of Church Work and Life in the Diocese of Cape Town (South Electric Printing and Publishing, Cape Town, 1900) p. 25:

"The duties of a catechist are, roughly speaking, to educate the young, and to hold services and classes, to visit the sick

and dying, to have general supervision of the settlement under the direction of the clergyman. Sometimes the catechist is a coloured man, and sometimes white."

19. R. Gray, 1856, pp. 37; Merriman, brief, 13 Oktober 1815, aangehaal in Lewis & Edwards, 1934, p. 244.
20. R. Gray, 1856, pp. 37 e.v.
21. T. Gutsche, The Bishop's Lady (Howard Timmins, Cape Town 1970) pp. 73, 130.
22. Vgl. bv. R. Gray, 1856, pp. 25, 37-39, 52-53, 67, 94-95.
23. Vgl. bv. Gibson, 1900, pp. 10 e.v., Le Feuvre, 1980, pp. 60 e.v.
24. Die volgende uittreksel uit Gray se joernaal (1852, pp 23-24) beskryf sy besoek aan Uitenhage in 1848, en verskaf 'n tipiese voorbeeld van kolonialer vooroordeel, asook Gray se houding daarteenoor:

"We held our Confirmation this morning at 12 o'clock in the Dutch Church. There were fourteen candidates, a very small number considering the amount of the English population here. The Church was quite full, and many of the poor coloured people were standing round the door. I grieve that the prejudice which exists so strongly in other parts of the Colony with respect to the coloured people, should be found here also, and that they should not be admitted to worship together with their white brethren, and to partake of all Christian ordinance with them. The feeling which keeps them at a distance is utterly unchristian and those who indulge in it cannot look for God's blessings".
25. Vgl. ook Gibson, 1900, pp. 10 e.v. wat verwys na die "Parish Churches" van die Kaapse Skiereiland en hul afhanklike "mission chapels".

26. R. Gray, 1856, pp. 52 e.v.
27. R. Gray, 1865, pp. 57 e.v.
28. Vgl. W. Tapson, A History of St. George's Church, Knysna (1959), p. 10; Biskop van George, en Rektor van St. George's, Knysna, Opname, 1988.
29. R. Gray, 1856, p. 67.
30. Vgl. in teenstelling Scholtz, 1964, pp. 28, 31, 72-81, 112-128, 156-162 vir die debat wat in die N.G.K. plaasgevind het i.v.m. taalhandhawing.
31. S.P.G., C.L.R. 114, Cape, 1851 - 1858.
32. Vgl. bv. Le Feuvre, 1980 pp. 79 e.v.
33. Robert Gray het tydens 'n besoek aan die Oos-Kaap die volgende tipiese opmerking gemaak:

"The Dutch are very ignorant, prejudiced, and indolent, and dislike the English. The two races, in fact, do not associate. The English look upon them with contempt, and they feel their inferiority, and are jealous of those who are their superiors" (aangehaal deur C.N. Gray, 1876, Vol. I p. 163).

Le Feuvre, wat hierdie stelling van Gray aanhaal, se kommentaar daarop is:

Thus wrote Robert Gray ... and perhaps we may sympathise with the Dutch dislike for the superiority that expressed itself in such terms! It is true that Gray, in this passage, was referring primarily to the Dutch Farmers in the Eastern Frontier districts, and that his judgement on the Dutch Colonists in other districts was somewhat kinder, but he was a true representative of his class to whom England was "Home" the Church of England "The Church", the English people a superior people, and the Dutch a tiresome enigma who would not lift a finger to help the British forces to defend them and themselves in the Frontier War of 1851, and what was true of the Bishop was true also of most of his priests and people!" (1980, p. 76).

34. Vgl. M. Wilson and L. Thompson, A History of South Africa to 1870 (David Philip, Cape Town, 1982) pp. 283, 285 e.v.; J. du P. Scholtz, 1964, en A. du Toit, "Taal, religie en nasionaliteit, 1824 - 1886" in du Plessis en du Plessis (reds.), 1987, pp. 61 e.v. Hierdie (en ander) studies bespreek die verengelsingsbeleid in terme van konflik tussen Ryk/Britse Koloniale Administrasie en Nederlands-/Afrikaanssprekende kolonialers, sonder eintlike verwysing na ander Nederlands-/Afrikaanssprekende gemeenskappe. Ek is nie bewus van enige studies oor die verengelsingsbeleid en sulke gemeenskappe nie. Dit kan opgelet word dat die gebruik van Afrikaans as religieuse taal deur die Islamitiese gemeenskap van Kaapstad in die negentiende eeu 'n soortgelyke geval verskaf van die gebruik en bevordering van die omgangstaal in 'n religieuse konteks sonder negatiewe invloed a.g.v. die verengelsingsbeleid. Achmat Davids verwys in "The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community" in du Plessis en du Plessis (reds.), 1987, p. 47 hierna:

"The 1830's saw the emergence of at least 12 Muslim schools in Cape Town. Such an increase in educational institutions, apart from confirming the rapid growth of the religion, also indicates a strong desire in the Cape Muslim community for religious instruction. *These schools, being purely community efforts, were not influenced by the Anglicising policy of Lord Charles Somerset from 1822 onwards. The language medium remained Afrikaans, the vernacular of the people*" (my kursivering).

Volgens L.T. du Plessis, Afrikaans in Beweging (Patmos, Bloemfontein, 1986) p. 31, het Abu Bakr en die beweging wat du Plessis as die "Maleier-Afrikaanse Taalbeweging" tipeer, in die tweede helfte van die negentiende eeu wel "die 'woede' van die Britse owerheid op die hals gehaal" want dit was die owerhede se begeerte om "brabbeltale" te laat verdwyn. Hier gaan dit natuurlik oor Afrikaans eerder as Nederlands.

35. Soos du Plessis aandui, het Pannevis in 1874 ook die vertaling van die Bybel in Afrikaans as 'n interim-maatreël beskou:

"'n Treffende illustrasie dat Afrikaans vir Pannevis slegs die middel was om sy ideaal van 'n beskaafde Christendom te bereik, is sy "geloof" in die toekoms van Engels in Suid-Afrika, soos dit blyk uit die brief (7/11/1874) wat hy aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap... geskryf het,

waarin hy die vertaling van die Bybel in Afrikaans as interim-maatreël beskou totdat Engels as taal van Suid-Afrika gevestig was. Afrikaans moes vir eers die middel wees waardeur die Afrikaanssprekende bevolking tot die Christendom bekeer en beskaaf moes word." (1986, p. 40).

36. Anderson - Morshead 1905, pp. 143 e.v. Vgl. ook p. 36. Die benaming "Bishop's Dutch" bring in gedagte Latrobe se 1815 verwysing na die taal van die Morawiese sendelinge van Genadendal as "Genadenthal Dutch". Op 23 Junie 1815 skryf hy:

"We attended divine service in the Lutheran church. The hymns are sung in German, but the sermon delivered in Dutch. I did not understand the Rev. Mr. Hesse's discourse, though, by this time I am tolerably well acquainted with Genadenthal Dutch. This is a very convenient variety of that ancient language, and much to be recommended; for as our missionaries have learnt Dutch, chiefly by books, and from each other, their dialect is so well mixed with German, both as to words and pronunciation, that it is easily understood, both by a person acquainted with the German language only, and by a native Dutchman, ignorant of German; and surely no one will deny, that a language so constructed, that of two different nations, each may understand it, is a most desirable medium of conveying ideas, which is the proper use of speech." (Journal of a Visit to Southern Africa in 1815 and 1816, L.B. Seeley, London, 1818, p. 287).

37. Gutsche, 1970 p. 123.
38. Lewis & Edwards, 1934, pp. 81/2.
39. Hodgson, 1975; C. Gardiner, St. Marks, George (no date) pp. 40, 45.

40. Lightfoot in Gibson (ed.) 1900, p. 36.
41. G. and M.J. Glover, Memorials of Edward Glover late Vicar of Whitlesford and formerly Archdeacon of George, Cape Town (Macmillan, London, 1895) p. 6.
42. H.P. Barnett - Clarke, The Life and Times of Thomas Fothergill Lightfoot, Archdeacon of Cape Town (Darters, Cape Town, 1908). pp. 38, 39, 73 passim.
43. Barnett - Clarke, 1908, p. 39.
44. Vgl. Lightfoot in Gibson, (ed.), 1900, pp. 36 e.v.
45. Barnett - Clarke, 1908, p. 132.
46. Barnett - Clarke, 1908, pp. 61 e.v., 125 e.v.
47. S.P.G., Annual Returns, 1857 - 1872 (S.P.G., E Series).
48. "Church Mission work at the Paarl" in Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. I No. 3, October 1892, p. 9.
49. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. I, No. 3, p. 9.
50. S.P.G., Annual Returns, E 4, 1859 (for 1858).
51. Vgl. S.P.G., E 5 (1860), E 17 (1865), E 27 (1868/9).
52. S.P.G., E 12, 1862.
53. S.P.G., E 17, 1865.
54. S.P.G., E 17, 1865.
55. S.P.G., E 5, 1860 (for 1859).
56. S.P.G., E 4, 1859 (for 1858).

57. S.P.G., E 5, 1860 (for 1859).
58. S.P.G., E 20, 1866.
59. S.P.G., E 27, 1871/1872.
60. S.P.G., E 4, 1859 (for 1858).
61. S.P.G., E 5, 1860 (for 1859).
62. S.P.G., E 12, 1863 (for 1862).
63. S.P.G., E 17, 1865 (for 1864).
64. Taylor in Gibson (ed.) 1900, p. 79.
65. S.P.G., E 4, 1859 (for 1858).
66. S.P.G., E 12, 1862.
67. S.P.G., E 17, 1865 (for 1864).
68. S.P.G., E 20, 1866.
69. Vgl. Hinchliff, 1963, pp. 45 e.v.
70. Letter, Belson to S.P.G., 16 November 1859 (S.P.G., E 5, 1859).
71. Letter, Belson to S.P.G., 18 October 1859 (S.P.G., E 5, 1859).
72. S.P.G., E 5, 1859.
73. Anderson - Morshead, 1905, p. 180.
74. S.P.G., E 5, 1859.
75. Letter, Fisk to S.P.G., 17 January 1860 (S.P.G., E 5 1860); S.P.G., E 17, 1865.

76. S.P.G., E 20, 1866.
77. S.P.G., E 24, 1868/1869.
78. S.P.G., E 5, 1859.
79. Church Notice, October 1859, S.P.G., E 5, 1859.
80. S.P.G., E 5, 1859.
81. S.P.G., E 5, 1860 (for 1859).
82. S.P.G., E 17, 1865.
83. Letter, Barker to S.P.G., 12 September 1865 (S.P.G., E 17, 1865).
84. Letter, Barker to S.P.G., 31 December 1865 (S.P.G., E 20, 1866).
85. Letter, Glover to S.P.G., May 1869 (S.P.G., E 27, 1868/1869).
86. S.P.G., E 27, 1871/1872.
87. Lewis & Edwards, 1934, p. 101.
88. Letter, Glover to S.P.G., 22 November 1871 (S.P.G., E 27, 1872).
89. S.P.G., E 27, 1871/1872.
90. Vgl. M.M. Goedhals, Anglican Missionary Policy in the Diocese of Grahamstown under the first two Bishops 1853 - 1871 (M.A. Thesis, Rhodes University, 1979) pp. 25, 42 e.v. en 148 e.v. vir 'n bespreking van die gebruik van Xhosa gedurende hierdie periode.
91. S.P.G., E 5, 1860 (for 1859).
92. M.S. Benham, Henry Callaway first Bishop for Kafraria (Mcmillan, London, 1896) p. 166.

93. Benham, 1896, p. 213.
94. Benham, 1896, pp. 277.
95. W. Crisp, Some Account of the Diocese of Bloemfontein (Parker, Oxford, 1895) p. 9.
96. S.P.G., Copy of Letters Received (CLR), 115, 1858 - 1871.
97. Lewis & Edwards, 1934, p. 396.
98. Lewis & Edwards, 1934, p. 397.
99. Lewis & Edwards, 1934, p. 404.
100. S.P.G., E 27, 1869.
101. Letter, C. Clulee, in K. Schoeman (ed.), The Free State Mission (Human & Rousseau, Cape Town, 1986) pp. 17 e.v.
102. Lewis & Edwards, 1934, p. 480.
103. W. Crisp, 1895, p. 39.
104. Lewis & Edwards, 1934, p. 482.
105. T. Gutsche, 1970, p. 107.
106. Church Chronicle, Vol. VI, July 1885, pp. 213 e.v.
107. Church Chronicle, Vol. VI, Aug. 1885, p. 244.
108. Church Chronicle, Vol VI, Aug. 1885, pp. 244 e.v.
109. Volgens Mev. Anna Cunningham, argivaris by die Sentrale Argief van die K.P.S.A. (Cullen-Biblioteek, Universiteit Witwatersrand), besit die Argief 'n aantal "Dutch" Gebedeboeke uit die negentiende eeu.

110. Barnett Clarke, 1908, p. 131. Lightfoot is tydens dié Sinode as lid van die Komitee aangewys.
111. Vgl. Malherbe, 1925, Vol. I pp. 94, 96.
112. Vgl. pp. 190 en 194 hieronder.

IV. "DUTCH" AS KERKTAAL ONDER GRAY SE OPVOLGERS

1873 tot c. 1925

Onder Gray se opvolgers in die laat negentiende en vroeg twintigste eeu is die K.P.S.A. se multi-kulturele (en dus multi-linguistiese) karakter uitgebou volgens die patroon wat alreeds neergelê is. M.a.w. daar is gepoog om bediening in die verskeie inheemse tale te versorg waar nodig en wanneer moontlik. Onder Afrikaanssprekendes het hierdie bediening gewoonlik in die konteks van 'n (aparte) sendinggemeente, dikwels met sy eie sendingskool/kapel geskied.

Die laat negentiende / vroeg twintigste eeu was 'n tydperk van intense imperialistiese en nasionalistiese konflik in Suider-Afrika. In hierdie konflik het die Anglikaanse Kerk hom sterk geïdentifiseer met Britse mag en belange. Soos Le Feuvre dit stel:

"...the CPSA tended to all the English - speaking Churches, to be most closely associated with the British tradition, the Union Jack, the Conservative Government in London, and all that characterized the palpable might of British imperialism" (1).

Dit is dus glad nie verbasend nie dat die Anglikaanse Kerk, ten spyte van sy multi-kulturele samestelling nog steeds 'n sterk Engelse etos behou het. Inderdaad, die K.P.S.A. het vanaf sy instelling onder die verskeie omgangstale as "die Engelse Kerk" bekend gestaan, en in die sensusopname van 1911 is Anglikane deur hul biskoppe aanbeveel "to enter themselves as 'English Church' and in no other way" (2). Dit was binne hierdie "English Church" dat die verskeie inheemse tale hul plek as kerk- en liturgiese tale moes vind.

Die tydperk 1873 tot c. 1925 was ook die periode van wat tradisioneel as die twee Afrikaanse taalbewegings bestempel word. In 1925 het Afrikaans Nederlands as amptelike landstaal verplaas, en teen 1924 is Afrikaans in al die Hollandse Kerke in Suider-Afrika ingevoer (3). Gedurende hierdie tydperk is "Dutch" (Nederlands) nog steeds as kerktaal (veral liturgiese taal) onder Afrikaanssprekende Anglikane gebruik, maar dit was ook binne die K.P.S.A. 'n tyd van taalverplasing as gevolg waarvan Afrikaans Nederlands as kerktaal vervang het.

The "coloured people" (who are usually so called in contradistinction to the "natives" the latter term being generally applied to the various Bântu tribes who speak the Bântu languages such as Xhosa, Zulu, Sesuto & Sechuana) speak Cape Dutch, and are to be found in greater or lesser degree throughout the Diocese. Many of them know English, but an acquaintance with Dutch is desirable in dealing with them, and often a necessity ...

There are, probably, very few Churches in the whole Diocese where there are not to be found some coloured people. Even in the Churches and chapels intended for the mission congregations (as they are termed) some white people are often (perhaps one might say, almost always) to be found worshipping: and in the Parish Churches of those parishes which have also mission chapels some coloured people may generally be seen. It can hardly be doubted by those who have a real knowledge of all the factors of the problem that the erection of mission chapels intended primarily for the coloured people is desirable. Apart from topographical considerations, and from practical questions of ventilation which are of the highest importance in a country where the thermometer registers 107 degrees in the shade in summer, the use of the Dutch language is constantly a necessity in ministering to coloured people. Even where this is not the case, the style and the actual words needed in preaching to such persons must be of the simplest and homeliest. I have no hesitation in saying that I believe that the partial separation between white and coloured congregations which obtains generally is, at the present, for the highest good of both. If the custom were made a rule, if no coloured people were allowed in Parish Churches, and no white people in mission chapels; then a Catholic principle would be infringed and the very constitution of the Church would be violated. But this is not the case" (11).

In 1852 het Gray geskryf: "nearly the whole of the coloured people speak (Dutch) in a corrupt form;" in 1869 identifiseer Clulee "Dutch-speaking nations" as "Griquas,

Hottentots, Bastards and others," en nou in 1900 sê Gibson: "The 'coloured people' ...speak "Cape Dutch." Dat die taal van Anglikaanse senddinggemeentes in die Bisdom van Kaapstad (en in ander dele van die Provinsie) vanaf hul instelling Afrikaans was, is duidelik. Die bronne dui egter aan dat Engels ook onder dié gemeenskappe 'n omgansaal was: Lightfoot verwys byvoorbeeld in 1861 na beide "Dutch" en Engels as "the languages' vernacular" in Kaapstad; en nou skryf Gibson: "many of them know English." Daar is alreeds op p. 50 hierbo gesuggereer dat ons hier die agtergrond sien van die hoë graad van tweetaligheid wat so kenmerkend is van die huidige Kaapstadse (Anglikaanse) gemeenskap, en wat dus nie slegs 'n resente verskynsel is nie, maar een is wat terug gaan tot die negentiende eeu.

Hierdie feit beteken dat, wat kerktaal betref, beide Engels en "Dutch" in sekere gemeentes 'n "language understood of the people" kon gewees het. Inderdaad, met 'n gebrek aan kennis van standaard-Nederlands (soos by Protea in die jare 1850), en die latere algemene afname van Nederlandsvaardigheid onder Afrikaanssprekers wat nou ook Engels geken het, sou Engels 'n meer gepaste kerktaal word. Nog vóór Afrikaans ooit as algemene kerktaal gebruik is, het hierdie faktor daartoe bygedra dat *Engels* (in plek van Nederlands) as kerktaal gebruik is deur Afrikaanssprekendes wat ook Engelsvaardig was - veral in die stedelike gemeentes van die Skiereiland. 'n Gevolg hiervan is dat Afrikaans in baie tweetalige of Afrikaanssprekende stedelike gemeentes nog nooit as kerktaal gebruik is nie. Sulke gemeentes het wel op 'n tyd Nederlands as kerktaal gebruik; in later jare is Nederlands laat vaar en is slegs Engels gebruik.

Gibson se verdediging van "the partial separation between white and coloured congregations which obtains generally" moet opgelet word. Die feit dat hy dit nodig ag om hierdie skeiding so sterk te verdedig, suggereer dat dit nie sonder meer deur almal aanvaar was nie (vgl. sy "it can hardly be doubted by those who have a real knowledge of all the factors..."). Tog was die skeiding 'n algemene eienskap van kerklewe wat oor die algemeen as natuurlik of onvermydelik aanvaar is, en wat dikwels verdedig is op grond van taalverskille (maar wat nie altyd gemaak was bloot op grond van taal nie). Van Gray se hoop om 'n verenigde aanbiddende gemeenskap te skep bly daar, prakties gesproke, nie veel oor teen die einde van die negentiende eeu nie - ten spyte van Gibson se protestasie dat die skeiding slegs "custom" is en nie 'n "rule" nie en dat daar altyd 'n paar mense is wat oor die grense van die skeiding heen in die Skiereiland saam aanbid.

Die implikasies van hierdie skeiding vir die gebruik van die volkstaal as kerktaal is alreeds geopper. Die volkstaal (saam met die gemeente) is vanuit die sentrum van kerklewe - vanuit die "Parish Church" - tot die "mission chapel" verwyder. Gemeente en taal was, oor die algemeen, tot die "mission chapel" beperk. Die volkstaal was iets wat nie die status gehad het nie, wat nie geskik was om in die "Parish Church" gebruik te word nie - en die spreker van die volkstaal was, soos baie tot vandag toe kan getuig, nie altyd in die "Parish Church" welkom nie. Só is die skeiding van ras en taal ervaar. En natuurlik het die diepgaande paternalisme en blatante rassisme, wat deel uitgemaak het van Anglikaanse houdings t.o.v. kwessies van kleur en ras, tot die wonde bygedra (12).

Vandag word die onderskeid tussen "Parish Church" en "mission chapel" nie meer gemaak nie: laasgenoemde is nou ook selfstandige parogiale kerke. Maar pogings om die gebruik van Afrikaans by sulke gemeentes te bevorder, loop dikwels vas teen die opvatting dat "ons die Engelse Kerk is", en dat dit net nie reg is om Afrikaans as aanbiddingstaal te gebruik nie. Agter hierdie houding lê daar, onder meer, die begeerte om identifikasie met die wyer "Engelse Kerk" d.m.v. taalgebruik te beklemtoon, en die vrees (al hoe groter as gevolg van die bitter gevolge van die Wet op Groepsgebiede vir baie gemeentes) dat die gebruik van die volkstaal eintlik daarop gemik is om gemeentes volgens taal en ras te skei en tot vaste, aparte, en minderwaardige gemeenskappe binne die Kerk te beperk.

Eerw. C.F. Atkinson oor drie metodes van bediening in die Bisdom

In sy bedrae tot Sketches gee Eerw. C.F. Atkinson, Rektor van Woodstock, 'n beskrywing van "Work among the Coloured People" (13). Hy verwys na 'n "predominating European influence" op hierdie gemeenskap wat volgens hom aangedui word deur:

"...the large proportion of European names among the coloured people, as well as the almost universal adoption of the Dutch patois".

Hy vertel ook van drie metodes van bediening in die Bisdom.

Die eerste metode is dié van die sendingdorpskemas waarvan Abbotsdale 'n bekende voorbeeld was. Hierdie plattelandse gemeenskappe was Afrikaanssprekend.

Algemene bediening is deur plaaslike kategete onderneem wat dikwels Afrikaans/Nederlandssprekend was. Atkinson skryf: "Sometimes the catechist is a coloured man, and sometimes white", en gaan voort om te sê dat hulle "under the direction of the clergyman" geopereer het. Laasgenoemde het nie altyd in die sendingdorp gewoon nie, maar het wel gereelde besoeke afgelê en die Eucharistiediens vir die gemeente gevier (14).

Alhoewel 'n inheemse geordende bediening 'n laat ontwikkeling in die K.P.S.A. was, was plaaslike kerkleiers soos kategete dikwels moedertaalsprekers van die verskeie omgangstale van Suider-Afrika, insluitend Afrikaans. So 'n kateget sou, in 'n Afrikaanssprekende gemeenskap soos byvoorbeeld Abbotsdale, die omgangstaal in sy pastorale bediening gebruik het, en "Dutch" (die taal van die Bybel en Gebedeboek, en miskien Afrikaans vir preke en katkisasie) vir sy openbare bediening. Waar die parogiale priester of sendeling Engelssprekend was en nie in staat was om "Dutch" te gebruik nie, en die kateget Nederlands-/Afrikaanssprekend was, sou "Dutch" dus nog steeds as kerktaal gebruik word vir dienste wat laasgenoemde waargeneem het (soos Oggend- en Aandgebed en Begrafnisdienste), terwyl die Eucharistie deur die priester in Engels gevier is (met miskien skriflesings deur die kateget in "Dutch" en die preek deur hom vertolk). Sodoende sou 'n patroon ontwikkel het waarvolgens nie-Eucharistiese dienste in "Dutch" geskied het, maar die Eucharistie altyd in Engels was, wat een van die redes kan verskaf waarom moderne Afrikaanssprekende gemeentes soms bereid is om Afrikaans vir nie-Eucharistiese dienste te gebruik, maar voel dat hulle taal ongeskik is vir die viering van die Eucharistie.

Die tweede metode van bediening waarvan Atkinson vertel, is:

"... that connected with the church's ministrations in towns and larger villages. Here the work is mixed, both the white, or English-speaking and the coloured, or Dutch-speaking inhabitants have to be cared for. The general rule in such cases is that duplicate services are held for both sections on Sundays and weekdays, and the plan seems to work well. The coloured people take a special pride and interest in the services held for their benefit. Some of the most hearty, reverent, and beautiful services are those designed to meet the needs of our coloured brethren. This is especially

applicable to the service of the Holy Communion which is gradually taking its rightful place among them, as the chief service of the church" (15).

Dit kan weer opgelet word hoe verskille van ras en taal saamloop in die verskaffing van aparte dienste. Let ook op hoedat die sg. "coloured" gemeenskap sonder meer as "Dutch-speaking" aangedui kan word.

Die derde metode:

"... consists in the visitation of farms and homesteads distant both from the central town and the mission station. This can only be done occasionally, and even then it often happens that literally only two or three can be gathered together. The farmers are almost always willing to do what they can to enable their labourers to attend such services, and sometimes they are present themselves. These farm - services are mostly held in the daytime, the missionary having to return home before night" (16).

In hierdie bediening het "Dutch" weer 'n belangrike rol gespeel. Teen 1900 sou die "Dutch" wat in al drie hierdie metodes van bediening gebruik is, nie van 'n eenvormige aard gewees het nie. Alhoewel die taal van die Bybel en Gebedeboek (wat bedoel was om standaard-Nederlands te wees) 'n standaardiserende effek op die taal van die liturgie en skriflesings uitgeoefen het, moes die omgangstaal dit beïnvloed het - veral in die bediening van moedertaal Afrikaanssprekende plaaslike kategete.

1.3 NAMAKWALAND, c. 1900

Eerw. C.T. Tobias, Rektor van O'okiep verskaf, ook in Sketches, 'n beskrywing van sy werk in Namakwaland. Hy onderskei tussen twee sosiale groepe waaronder die Anglikaanse Kerk werk, en skryf dat "the Dutch language" en "Hottentot" die omgangstaal onder die sg. "natives" is. Hy dui ook aan dat Nederlandse Bybels, Gebedeboeke en Gesangeboeke onder laasgenoemde in gebruik was:

"First of all there are the staff of the mining companies, managers, engineers, clerks, artisans, and so forth; next there are the native labourers. These last include a good number of nationalities; there are, beside many from St Helena of whom I ought not to speak of as natives, Zulu and Kafirs from Portuguese territory in small numbers, Damaras of two very different sorts, Hottentots of more or less pure race, and every possible mixture between all these. Indeed, one of the most interesting features of our work in Namaqualand consists in the fact that people of Hottentot race are found there with much less admixture of other blood than elsewhere in the Diocese. Most of these people, it is true, like their coloured brethren further south, speak the Dutch language, but many of them speak Hottentot also (that uncouth speech - as it sounds to European ears - with its many clicks), and in some cases particularly among the older folk, Hottentot is the only tongue that is either spoken or understood... Externally the hut of the Christian native differs but little from that of the heathen - but, on entering, the sight of a treasured Dutch Bible, Prayer - book or Hymn - book determines whether the owner has embraced the faith of Christ" (17).

Die eerste priester om in Namakwaland te werk was Eerw. W.J.R. Morris wat in 1863 sy bediening daar begin het. Soos West Jones se aanhaling op pp. 93/94 hierbo aandui, het Morris volledige dienste met preke in "Dutch" gehou.

Teen 1900 was daar Afrikaanssprekende gemeentes op O'okiep, Springfontein, Nababeep, Port Nolloth en Anenous wat "Dutch" as kerktaal gebruik het. Tobias gee die volgende beskrywing, met taalverwysings, van bediening in die Parogie van Namakwaland in 1900:

"At Port Nolloth the present priest - in - charge, besides doing, as of course is done elsewhere, the ordinary work of an English parish among Europeans, has largely increased the native congregations; the Dutch Services are well attended (i.e. the services and work carried on in the Dutch

vir Moslem leke "the only language Cape Dutch" was, en dat Arabiese tekste dus in Afrikaans vertaal moes word:

"I have seen a little a manual written in Arabic and Cape Dutch, by an earnest and intelligent young Mohammedan teacher, for the religious instruction of the Malay youth" (23).

Daar kan geen twyfel wees dat Watkins "Cape Dutch" in sy bediening onder die Islamitiese gemeenskap gebruik het nie. Ongelukkig het ons op hierdie stadium geen verdere aanduidings vir watter aspekte van sy bediening hy "Cape Dutch" sou gebruik het nie, maar dit sal geensins verras as ontdek word dat die Kaapstadse Bisdomlike Vertalingskomitee teen dié tyd - wetend of onwetend - Afrikaanse publikasies die lig laat sien het nie.

Eerw. J.D. Sanders in 'n vroeë Anglikaanse verwysing na die Moslemgemeenskap in Kaapstad vertel dat die meerderheid vrygelate slawe en "the great majority of coloured apprentices show a decided preference for the Mohammedan religion." Volgens Sanders het die gekleurde gemeenskap die segging gehad: "Slams kerk is de zwart men's (sic) kerk." Biskop Gray het kort na sy aankoms in Kaapstad gepoog om 'n "Malay Mission" te stig. In 1848 skryf hy aan die S.P.G. dat hy iemand soek wat Arabies verstaan en wat "Malay and Dutch" sal leer. Die eerste aanstelling was Eerw. Camilleri, 'n Maltees wat 'n goeie taalkundige was, en wat vanaf 1848 tot 1854 in Kaapstad gewerk het. Later het Eerw. Dr. Arnold, Rektor van Papendorp hierdie bediening onderneem, en vanaf 1881 was dit onder toesig van die Society of St. John the Evangelist (S.S.J.E.). Die gebruik van "Dutch" is deurentyd as belangrik vir die werk beskou (24).

In 1890 is Watkins as Kapelaan op Robbeneiland aangestel. In 'n kort beskrywing van sy werk op die eiland vertel hy dat daar "coloured people", "natives", "Kafir Barolong", "Hottentot" en "Colonial born whites mostly of Dutch parentage" op die eiland is, en hy skryf:

"Cape Dutch is our lingua franca, all our services are held in Dutch or Kafir" (25).

* * *

Die gepubliseerde bronne wat hierbo aangehaal is, suggereer 'n beeld van die wye gebruik van "Dutch" as kerktaal onder Afrikaanssprekende Anglikaanse sendinggemeentes gedurende die laat negentiende eeu. Argivale bronne en kerknuusblaaie bevestig hierdie indruk, en dui ook aan dat "Dutch" tot c. 1925 in gebruik was. Ongelukkig was dit nie moontlik om vir hierdie studie al die bestaande nuusblaaie deur te soek nie. Die argivale materiaal is te vinde in die S.P.G., D en E Reeks, 1874 - 1933. Dit is in vele opsigte dieselfde as vir die periode van Gray se episkopaat, en dit is dus onnodig om die details weer aan te haal. 'n Paar verwysings kan wel gemaak word.

1.5 ST MARY'S, PAPENDORP, 1886, 1893

Soos onder Gray se episkopaat is "Dutch" ook gedurende hierdie tydperk vir Afrikaanssprekende gemeentes in die Skiereiland gebruik.

Eerw. G.F. Gresley, Rektor van Papendorp, skryf byvoorbeeld in 1886 dat daar "Afrikanders, Hottentots, Europeans, Malays and Kafirs" in sy gemeente is, en hy sê:

"I am now able to conduct Service in the Dutch language and Services in Dutch are held in the church at regular intervals, being very well attended by the native people" (26).

'n Paar jaar later, in 1893, lees ons dat 'n "Dutch" Mis gehou is op Paasdag daardie jaar. Die Eucharistie is gevier om 6-00, 7-00, 8-00 en 12-00 uur, en die 6-00 uur diens was in "Dutch" (27).

1.6 ST. PAUL'S, RONDEBOSCH EN ST. PHILIP'S, KAAPSTAD, 1892/1893

Die Cape Church Monthly and Parish Record vertel van 'n "missionary meeting" van die Rondebosch Missionary Association wat op 3 Augustus 1892 by St. Paul's Kerk in Rondebosch gehou is. Die vergadering is toegesprek deur Eerw. Henry Mdleleni van St. Philip's Kerk, Kaapstad wat deel van sy toespraak in "Dutch" gelewer het:

"The meeting began with a hymn and some prayers, and then ... Mr. Mdleleni addressed us first in English, then in Kafir, and lastly in Dutch. Speaking first of the different tribes into which the Kafir race is divided, he then told us how deeply

interested many of his countrymen had been in his Ordination to the Diaconate on Trinity Sunday last ... The Church was now far and wide applying an elevating power, transforming their character, and bringing about even in their outward life a marked change for the better. At this point he began to speak in Kaffir, his own native language, and those of his own race present listened with rapt attention. Lastly, after enquiring whether any present knew Dutch, he spoke to us in that language also, and described, very amusingly, the astonishment with which he had been regarded in some places, people asking whether he really could be "een zwart predikant!" "Then returning to a more serious tone, he reminded us that it was one of the first principles of Christianity that it should be for all men ... the meeting closed with a hymn and the blessing" (28).

Mdleleni is in Julie 1892 georden in St. Philip's, Kaapstad waar hy as assistent-priester aangestel is. Sy ordeningsdiens, waartydens hy die Evangelie in Xhosa gelees het, word beskryf in die Record van Augustus 1892. Hier lees ons ook dat hy 'n lid van die Fingo-stam was, en dat hy twaalf jaar as kategeet in die Bisdom van St. John's gewerk het (29).

"Dutch" is as kerktaal by St. Philip's gebruik. Volgens die Record van Augustus 1892 het dié kerk aantalle Gebedeboeke in Engels en Nederlands gehad om te verkoop, en op Paasdag in 1893 is drie Eucharistiedienste gehou waarvan een in "Dutch" was (30).

Alhoewel Mdleleni in staat sou gewees het om die bedoelde standaard-Nederlands van die Bybel en Gebedeboek te gebruik, lyk dit asof sy "Dutch" die omgangstaal was; en in sy toespraak aan die Rondebosch Missionary Association gebruik hy die Afrikaanse vorm van die byvoeglike naamwoord: "een zwart predikant". Nederlands praat van "een zwarte predikant."

1.7 SWELLENDAM, 1888

Eerw. W. Bramley skryf uit Swellendam in 1888:

"At St. Luke's the services are almost all in the Dutch language, for the coloured people even when they know English seem unwilling to have their Services in that language" (31).

Dit is 'n interessante verwysing, want in latere tye is dit gewoonlik so dat Afrikaanssprekende gemeentes wat Engelsmagtig is, verkies om Engels as liturgiese taal te gebruik. Vgl. ook die vroeë geval van die Afrikaanssprekende gemeente van die Good Shepherd, Protea wat in c. 1855 Engels bo Nederlands as kerktaal verkies het.

1.8 CLANWILLIAM, 1892

Eerw. T. Browning, die eerste rektor van Clanwilliam het alreeds "Dutch" dienste gedurende Gray se episkopaat ingestel. Soos die Cape Church Monthly and Parish Record aandui, het hierdie praktyk in latere jare voortgeduur. In September 1892 lees ons byvoorbeeld:

"We have now two services on Sunday entirely in Dutch, and one on Wednesday evenings. They are well attended",

terwyl die beskrywing van Paasdienste in 1893 weer interessante verwysings na "Dutch" dienste bevat:

"On the first four days of Holy Week, there was Holy Eucharist at 7. a.m., Mattins and Litany of the Passion at 11. a.m., Evensong, Meditation and "Stations of the Cross" at 6.30 p.m., Dutch Service at 7.30 p.m. ... On Good Friday there was Mattins and Meditation at 7.30 a.m., Dutch Service at 9. a.m., Litany, Ante-communion and sermon on the First four Words from the Cross at 10.30 a.m. ... At 2.30 p.m. the devotion of the Way of the Cross, primarily but not exclusively intended for children was held, followed at 4 p.m. by a similar service in Dutch. The day's solemnities closed with Evensong at 6.30 with sermon on the last three Words from the Cross ... The Blessed Sacrament was celebrated

three times on Easter Day, the first celebration being in Dutch, and the last choral after Mattins at 10.30. ..." (32).

In Desember 1892 het die Biskop 'n besoek aan die Parogie afgelê. Op Saterdag, 6 Desember is twee Bevestigingsdienste gehou, een om 9.30 v.m. en die tweede om 3.30 n.m. Die eerste diens, waartydens agt kandidate aangeneem is, was in Engels, en die tweede in "Dutch":

"Confirmation was again administered to six Dutch-speaking candidates, the service being in that language, the details of this service were almost an exact reproduction of that in the morning. The choir again attended and there was a large congregation which included many white people. This was a cheering sign of the recognition of the spiritual equality and oneness of all the members of the Body of Christ" (33).

Op Sondag 7 Desember is vier dienste gehou: die Eucharistie is om 6.45 vm in "Dutch" en om 7.30 ym in Engels gevier, en die Aanddiens is om 4.30 nm in "Dutch" en 7.00 in Engels gehou (34).

1.9 OUDTSHOORN, 1892

Volgens 'n anonieme verslaggewer in die Cape Church Monthly and Parish Record is 'n nuwe skoolkapel in 1892 in Oudtshoorn geopen. Die inseëningsdiens het in "onze taal" geskied:

"We found that we had arrived in Oudtshoorn at an auspicious moment as a new School Chapel had been erected for the English Church coloured people, and was to be inaugurated in the afternoon. As we have some knowledge of "onze taal" we decided to accept the invitation of the kindly Rector and his cheery curate and join the glad company..." (35).

1.10 CALEDON, 1893

Eerw. W.F. Middleton, 'n seun van Caledon, was jare lank assistent - priester in dié Parogie. Tydens 'n Bevestigingsdiens in Maart 1893 het hy vir die Bishop as tolk opgetree, en 'n mens wonder weer of die "Dutch" wat by sulke geleenthede gehoor sou word Nederlands of Afrikaans was. Die Nederlandse liturgie was gedurende hierdie tydperk in gereelde gebruik in Holy Trinity Kerk:

"Confirmation was administrated in the Parish Church to 56 candidates. The Bishop, who was ably interpreted by Mr Middleton, delivered an earnest and impressive address to the Confirmees which will not easily be forgotten. On Sunday there were three Celebrations of the Holy Communion, one at 7 a.m. being in Dutch" (36).

1.11 MALMESBURY, 1898

Uit Malmesbury kom daar 'n interessante beskrywing van Paasdiens vir 1898. Dit word deur 'n anonieme besoeker verskaf, en dui aan dat die vroegoggenddiens wat Belson ingestel het nog steeds gehou word. Die beskrywing is in Engels, maar die diens het (gedeeltelik) in Nederlands geskied. Die daarop volgende Eucharistiese diens was "in the Dutch language":

"Late on Easter Eve I arrived in Abbotsdale, a Mission station, where the Rector of Malmesbury lives, about 3 miles from Malmesbury itself, and 50 miles from Cape Town. Easterday was to begin with a Choral Celebration in the Dutch language in Abbotsdale church and a special service in the cemetery before sunrise... At 5:30 a.m. an Easter hymn was sung in Dutch, as an introit to the Celebration in the Church. A coloured congregation of 200 people, men and women completely filled the little building. After the prayer for "Christ's Church Militant here on earth" the Rector and I went out to the Vestry and the people filed past through the west door... With great skill and very quietly, the Catechist,

Mr. Zeeman, marshalled the procession; and when all was ready, we began to move forward, singing an Easter hymn... Another hymn was sung, and the creed was repeated by all present, and then the latter part of the Burial Service was read by the Rector, beginning with the words of committal to the grave, some 15 names being substituted instead of "our dear brother here departed", the names of those who had been buried at this spot during the past year. Very beautiful, and very touching at such an hour and on such a day were the words, "I heard a voice from heaven saying unto me write, from henceforth blessed are the dead which die in the Lord: even so saith the Spirit; for they rest from their labours". And no less full of beauty and meaning sounded the Lord's Prayer, in which all the throng of people around us fervently and devoutly joined...

The hymn followed and the Catechist gave the word to form the procession anew "paar en paar" (two by two) to return to the church... Returning to the church, we resumed the Communion Office at the point when we had left it, when we went to the cemetery. The whole Service was choral throughout, and in the Dutch language. Hymns were sung during the Communion of the people and after the Blessing; and as we left the Altar the Nunc Dimittis began which came as a singularly sweet conclusion of thanksgiving after such a Service; for all the people joined in it, and there is something very earnest and real about the Dutch singing...

It would be tedious to record minutely all the Services of that Easter day, but it concluded with Evensong, thrice over, each time with a Sermon. Evensong at Abbotsdale in Dutch in the afternoon; Evensong later at Malmesbury; first in English, then in Dutch from 6:30 p.m. to 9:30 p.m." (37)

Verskeie ander bronne dui aan dat, soos gedurende Gray se episkopaat, "Dutch" ook onder sy opvolgers in gereelde gebruik as kerktaal was in die Parogie van Malmesbury (38).

1.12 S.P.G. - AANSOEKVORMS, 1916 - 1922 (HEIDELBERG, ZOAR, CALVINIA)

Die belangrikheid van 'n kennis van Nederlands vir werk in die Bisdom van Kaapstad word verder aangedui deur S.P.G. - Aansoekvorms vir die periode onder oënskou. Vraag (7) van die vorms wil weet wat is die taal-bekwaamheid van die aansoeker. 'n Paar voorbeelde kan gegee word.

Die aansoekvorm vir 1916 van Eerw. Earp Jones van Heidelberg sê byvoorbeeld:

"Complete knowledge of Dutch, which is the language spoken in the Mission" (39),

terwyl dié van Thomas William Burns, wat in 1919 in Zoar werk, soortgelyke inligting bevat:

"As a South African by birth of mixed or coloured blood, he is able to speak the Dutch language, which is the language of the people amongst whom the works, in addition to the English language" (40).

Hier word "Dutch" klaarblyklik vir Afrikaans gebruik, aangesien die spreektaal in 1916 en 1919 nêrens nog Nederlands kan wees nie. Nederlands was wel nog steeds as kerktaal (taal van die Bybel en bedoelde taal van die liturgie) in gebruik, soos die aansoekvorm vir 1922 van Eerw. Hugh Cecil Thompson, Rektor van Calvinia, suggereer:

"Can read the services in Dutch, but not preach or teach in this language, am receiving tuition in the language of Afrikaans" (41).

2. "DUTCH" ELDERS IN DIE PROVINSIE: 1873 - c.1925

Afrikaanssprekende gemeentes elders in die Provinsie het ook gedurende hierdie tydperk "Dutch" in aanbidding gebruik.

2.1 GRAHAMSTAD

2.1.1 Herschel, 1887, 1898

In 1887 is 'n "mission room" op Palmietfontein in die Herschel-sending opgerig. Volgens 'n berig in die Church Chronicle was die bedoeling om maandeliks "English Service" te hou; en:

"...it is hoped, a native or Dutch Service on all other Sundays" (42).

Eerw. Cox skryf in 1898 dat vier tale by St. Michael's-sending in Herschel gebruik word: Xhosa, Sesuto, Engels en Nederlands. Hy sê dat die "Dutch service" plaasvind in Dulcie's Nek en dat dit vir "brown people" en "half castes" bedoel is (43).

2.1.2 Port Elizabeth, 1898

Nederlands is ook vir gemeentes in Port Elizabeth gebruik. Vgl. Lewis en Edwards:

"St. Paul's was a very large parish...about 2,000 out of the 8,000 population in 1898 were natives, and 3,000 were coloured people. Besides the parish church with a school of 300 children, there was St. Philip's for coloured people, with services in Dutch and English; St. Stephen's mission in the Native location with all services in SiXosa; and also St. Mark's Mission. Of these St. Philips began in 1872 in the upper room of a wool store. Here Canon Greenstock and Mr. Brook held mission services in Dutch on Sunday evenings. To this a number of Mohammedans living in the neighbourhood were attracted, as they understood the language in which these simple services were held" (44).

Die biografie van Moeder Cecile, stigter van die Gemeenskap van die Opstanding, verwys ook na die gebruik van "Dutch" in die St. Paul's Parogie:

"A weekly Mission service was held in the school every Thursday and was well attended. Dr. Hewitt who took the

service was a good Dutch scholar and spoke very straight to his audience ... They wake up wonderfully directly the service begins, and enjoy it thoroughly, especially when they are spoken to in Dutch" (45).

2.1.3 Die kritiek van Eerw. Batty, Adelaide, 1887

In 1887 skryf Eerw. Batty aan die Church Chronicle en kla dat min bedienaars Nederlands ("Dutch") goed genoeg ken om dienste daarin te lei:

"One crying necessity is for Missionaries to work among the semi-civilized natives in the towns; ... Very few of the clergy speak Kafir and Dutch with sufficient fluency to conduct services in these languages, but with the help of a Catechist who could do this they might effect much. In this town (and it is the case in most places) the Dutch Reformed and Wesleyan sects have flourishing missions; the Church is not represented, and natives who have come from Church Mission Stations naturally attend the schismatic services, being unable to understand what is going on in Church" (46).

Interessant is Batty se verwysing na beide Xhosa en "*Dutch*" as belangrike tale vir "work among the semi-civilized natives in the towns" van die Oos-Kaap in die Bisdom van Grahamstad. Dit is egter moeilik om te weet wat om van sy kritiek te maak. Ander bronne, soos ons gesien het, gee die indruk dat inheemse tale (insluitend "Dutch") teen die laat negentiende eeu in wye gebruik in die K.P.S.A. was, en aanwysings soos die druk van Gebede- en Gesangboeke en Bybels, en die aanstelling van moedertaalsprekende kategete bevestig hierdie indruk. Batty se kritiek is gemik teen die toestand in die *dorpe* van die Oos-Kaap waar hy gevoel het dat nie-Engelssprekendes deur die Kerk verwaarloos is. Toestande onder Anglikaanse sendinggemeentes was blykbaar beter. Inderdaad, sy eie verwysing na mense wat van "Church Mission Stations" dorp toe kom en daar "schismatic services" bywoon omdat hulle nie Anglikaanse dienste kan volg nie, suggereer dat hulle eie tale by die sendings gebruik is, anders sou hulle tóg kon verstaan het wat in die dorpskerke aangegaan het. Maar ook hiér is daar die kwalifiserende getuienis van Eerw. C.F. Atkinson, wat in 1900 skryf dat dit die algemene patroon van bediening in die dorpe van die Bisdom van Kaapstad is dat dienste gedupliseer word om die

"English-speaking and the coloured, or Dutch-speaking" inwoners te akkommodeer (vgl. p. 98 hierbo).

Alhoewel dit, in die lig van die gegewens wat ons op die oomblik het, onmoontlik is om Batty se kritiek duidelik te evalueer, bevat dit 'n belangrike aanduiding dat Anglikaanse bediening nie altyd in "a language understood of the people" geskied het nie. Hiertoe het die laat instelling van 'n inheemse geordende bediening in die K.P.S.A. bygedra. Die gevolg was dat veral priesterlike bediening (soos die viering van die Eucharistie) in die volkstaal soms verwaarloos is, veral in kontekste soos die dorpe waarna Batty verwys waar "mission work" in 'n inheemse taal maklik 'n byvoegsel tot die priester se meer belangrike (nie noodwendig in terme van getalle nie, maar wel in status) "ordinary European work" in Engels kon word.

2.2 BLOEMFONTEIN

Brokkies materiaal dui op die voortdurende gebruik van "Dutch" in die Bisdom van Bloemfontein.

In 1877 skryf Eerw. C. Tobias, byvoorbeeld, oor die inwyding van 'n skool-kapel op Rouxville:

"On Tuesday, (Feb. 20th,) in pouring rain, the Bishop arrived. The next day, he laid the Corner-stone of the School-Chapel for the Coloured people. I carried the staff, and read the Psalms and Lessons in Dutch" (47)

Vroeër het Eerw. W. Crisp ook na die gebruik van "Dutch" as kerktaal hier verwys:

"... Another of the communicants takes a great interest in the half-cast and native population. He holds regular services for them in Dutch ..." (48).

In 1880 skryf die vrou van Eerw. G.M. Russel dat "native services" op Rouxville in "Dutch" is omdat dit die enigste algemene taal is:

"... The native (services) are in Dutch, as that is the only general language, but we hope soon to have Fingoe as well" (49).

Ook in 1880 skryf Eerw. Darragh van St. Cyprian's, Kimberley:

"I am holding a service in St. Wilfred's every Sunday, and am learning Dutch for it, for the half - castes nearly all speak Dutch" (50).

Later leer ons dat Biskop Hicks (biskop van 1892 tot 1899) Nederlands en Sesuto aangeleer het, en in 1898 skryf hy:

"I preached to the Dutch - and Sesuto speaking people, to both able, of course, to minister however imperfectly in their own tongue" (51).

In April 1904, is die eerste Bisdomlike sendingskonferensie gehou. Besprekings het in Engels en Sesuto geskied, en daar was teenwoordig 'n "sub-deacon from Kimberley with a working knowledge of six languages, whose summaries of speeches were said to be admirable". Onder die besluite wat geneem is, was een om die Secoana Gesangboek in "Dutch" en Sesuto te vertaal (52).

2.3 PRETORIA

Agar - Hamilton gee 'n paar aanduidings van die gebruik van "Dutch" in die Bisdom van Pretoria. Hy verwys na die eerste Biskop, Henry Bousfield, wat blykbaar 'n onverstaanbare vorm van "Dutch" vir sy preke gebruik het:

"His preaching to natives was either in staccato utterances intended for the interpreter or couched in a Dutch which was probably less intelligible than his English would have been."

Tydens 'n besoek aan Potchefstroom was Bousfield uiters ingenome met William Richardson, seun van die Anglikaanse priester op Potchefstroom wat self onlangs as diaken georden was, omdat hy "Dutch" kon praat. Na sy ordening is Richardson na Rustenburg gestuur, en die Biskop skryf:

"Mr Richardson was born in South Africa, and having lived many years in the Tansvaal, he can preach to the people in Dutch as well as to natives with fluency. He will, I hope, give a Dutch service in the afternoon".

'n Wesleyaanse bedienaar, J. Thorne, is saam met Richardson tot die Anglikaanse diakonaat georden, en hy kon ook "Dutch" praat (53).

Met die groei van die goudnywerheid het veel mense van vele tale na Johannesburg ingestroom, en Agar - Hamilton vertel van die tale wat in die 1890-er jare in die St. Cyprian's kerk gebruik is: Zulu, Sechuana, Xhosa en "Dutch" (54).

In 1898 is 'n Engels/Nederlandse uitgawe van die Gebedeboek in Pretoria gedruk. Vgl. verder p. 116 hieronder.

3. PUBLIKASIES

Verskeie uitgawes van die Nederlandse Gebedeboek het gedurende die tydperk 1873-1925 verskyn, en Nederlandse Gebedeboeke is ook ná 1925 deur die S.P.C.K. uitgegee en in die Anglikaanse Kerk gebruik. Die S.P.C.K. het ook Nederlandse Gesangboeke uitgegee, terwyl Bisdomme met Afrikaanssprekende gemeentes 'n groot verskeidenheid geestelike en kategetiese materiaal in "Dutch" laat druk het. Die Cape Church Monthly and Parish Record bevat af en toe advertensies vir hierdie materiaal wat 'n wye gebruik daarvan suggereer.

In Augustus 1892, byvoorbeeld, verkoop St. Philip's Kerk in Kaapstad Gesang- en Gebedeboeke in Engels en Nederlands, terwyl die Bisdomlike Sekretaris van Kaapstad die volgende boeke in voorraad gehad het:

"Common Prayer in English, in Dutch, in Dutch and English (a few copies only); New Testament in Dutch; Church Catechism in English, in Dutch; 'Handboek van Gebeden'" (55).

'n Groot advertensie van 'n hersiene en vergrote Dutch Hymnal verskyn in die Record van Oktober 1892. Dit was bedoel vir gebruik in die Bisdom van Kaapstad, en is voorberei deur Eerw. Dr. Hewitt en Eerw. W.P.G. Schierhout en andere, en

is deur die S.P.C.K. gedruk (56). In Januarie 1894 adverteer die Bisdomlike Sekretaris:

"Large Dutch Bibles for use in churches, Common Prayer in Dutch, the Church Catechism both in English and in Dutch" (57).

Vanaf 1894 verskyn daar ook in die Record 'n gereelde rubriek "Selection of Hymns for Public Worship." Dit is voorberei deur "W.P.G.S." (blykbaar Eerw. W. Schierhout) en bestaan uit aantekeninge oor die skriflesings en die kollekgebede vir die Sondag in die maand, saam met 'n keur gepaste gesange uit die Engelse Hymns Ancient and Modern en die Nederlandse Gesangboek (58). In die rubriek vir November 1894 verskaf W.P.G.S. sy eie - nogal gangbare - vertaling van die bekende Advent - gesang "O come O come Emmanuel" (Hymns Ancient and Modern, No. 49):

O kom Gods Zoon, Emanuël!
Verlos gevangen' Israel,
Die treurt alhier in eenzaamheid
Totdat Gij komt in heerlijkheid.

Verblijd, verblijd u, Israel!
Gods Zoon komt, Emanuël!

O kom, Issaï's Stam! bevrijd
U volk van Satans overheid-,
Verlos het van der Helle straf,
Geef overwinning over't graf.

Verblijd enz.

O kom, Gij Dageraad! verlicht
Ons' zielen door Uw Aangezicht-,
Verdrijf de schad'wen van den dood-,
Verstroost ons in den laatsten nood.

Verblijd enz.

Hom, Sleutel Davids! open Wijd
De hemelpoort der heerlijkheid:
Beveilig't pad van vreugd' en vree
En sluit den weg van smart wee

Verblijd enz.

Kom, Machtig Heer! die aan Uw volk
Op Sinai's berg, in donk're wolk
De Wet eens gaaft in ouden tijd
Met schrikverwekkend' majesteit

Verblijd enz" (59).

'n Interessante uitgawe van hierdie tydperk is 'n diglossiese Gebedeboek wat in die laat negentiende eeu in die Transvaal verskyn het. Muss-Arnolt verskaf die besonderhede:

"In all the many dioceses of South Africa now in existence the work of the Church has gone on among colonists, Boers, natives of all tribes and Oriental coolies. It was for the benefit of his Dutch-speaking Boer congregations that the first bishop of Pretoria, the Right Rev. Henry Brougham Bousfield, together with the Rev. Charles Clulee (died 1892), and "others more able," published a new edition of the Liturgy in English and in Dutch. An 1898 output of this edition numbers (60), 811 pages; page, $3\frac{1}{4}$ x 6; paper, 4 x 7 inches. It is printed in two columns to the page, one containing the English and the other the Dutch. In the preliminary sections the arrangement differs whenever the exigencies necessitate a diviation. The English title, reverse blank, is followed by the Dutch title, reverse blank. Then follows (on p. 5) a table of contents in English and in Dutch" (60).

Clulee was bewus van die verskil tussen Nederlands en die omgangstaal, en van die probleme t.o.v. die gebruik van Nederlands as kommunikasiemedium onder

Afrikaanssprekers. Heel moontlik sal die taal van sy "Dutch" Gebedeboek interessanthede oplewer, maar geen eksemplaar daarvan kon opgespoor word nie.

Muss-Arnolt verwys na 'n uitgawe van 1898. Clulee is egter al in 1892 oorlede, en dit is moontlik dat daar ook vroeë uitgawes van hierdie Gebedeboek was. Die stelling dat dit vir gebruik van "Dutch-speaking Boer congregations" was, moet seker gekwalifiseer word: daar is geen aanduidings dat daar sulke gemeentes in die Tranvaal was nie, en die Boek is waarskynlik bedoel vir sendinggemeentes en die paar "Dutch-speaking Boers" wat Anglikaanse dienste sou bygewoon het, en miskien by die K.P.S.A. aangesluit het.

4. SAMEVATTING: 1873 - c. 1925

Bronne wat in hierdie hoofstuk aangehaal is, dui aan dat "Dutch" tussen 1873 en c. 1925 by gemeentes in die volgende plekke gebruik is:

JAAR	PLEK/GEMEENTE	NEDERLANDS/AFRIKAANS AS KERKTAAL
Bisdom van Kaapstad		
1874	Ceres	Afrikaanssprekende gemeentes; "Dutch" as kerktaal gebruik.
1874	Bo-Paarl	
1874	Klein Drakenstein	
1874	D'urban (Durbanville)	
1875/1900	Namakwaland (O'Okiep, Springfontein Nababeep, Port Nolloth Anenous)	"Dutch" dienste
1886/1893	St. Mary's, Papendorp	"Dutch" dienste, insluitend Eucharistie
1887	Kaapstad "Malay Mission"	"Dutch"
1888	Swellendam, St. Luke's	"Dutch"
1892/1893	Clanwilliam	"Dutch"

JAAR	PLEK/GEMEENTE	NEDERLANDS/AFRIKAANS AS KERKTAAL
1892	Rondebosch, St. Paul's	"Dutch" by sendinggenootskap vergadering gebruik. "Dutch" as een van die kerktaale, saam met Engels en Xhosa,gebruik. "Dutch" "Dutch" "Dutch" "Dutch" "Dutch"
1892	Kaapstad, St. Philip's	
1892	Oudtshoorn, St. Jude's	
1892	Caledon	
1898	Malmesbury	
1900	Robbeneiland	
1916	Heidelberg	
1919	Zoar	
1922	Calvinia	
Bisdom van Grahamstad		
1887	Herschel, Palmietfontein	"Dutch"
1899	Herschel, Dulcie's Nek	"Dutch"
1899	Port Elizabeth (St. Paul's/St. Philip's	"Dutch"
Bisdom van Bloemfontein		
1877/1880	Rouxville	"Dutch"
1880	St. Cyprians, Kimberley	"Dutch"
Bisdom van Pretoria		
laat negentien-de eeu	Rustenberg	Bp. Bousfield verwag dat Eerw. Richardson "Dutch" middagdienste sal hou.

Soos in Hoofstuk III, is die materiaal wat hier aangebied word slegs 'n verkenning van die veld en verskaf dus nie 'n volledige dokumentasie van die gebruik van "Dutch" as kerktaal gedurende die tydperk 1873 - c. 1925 nie. Die S.P.G. D en E Reekse dui aan dat "Dutch" nóg steeds by feitlik al die gemeentes wat in Hoofstuk III genoem is, op een of ander wyse in gebruik was, terwyl berigte in kerknuusblaaie en mondelinge oorlewering op die gebruik van "Dutch" hiér en ook elders dui. Alle aanduidings is dus dat "Dutch" gedurende die hele van hierdie tydperk en oor 'n wye geografiese ligging as kerktaal vir Afrikaanssprekende gemeentes gehandhaaf is.

In die lig hiervan kom Batty se klagte in 1899 dat dorps-priesters in die Oos-Kaap nie genoeg "Dutch" en Xhosa gebruik het nie as iets van 'n verrassing. Blykbaar was sy kritiek gemik spesifiek teen die toestand in dorpe in die Oos-Kaap waar 'n enkele bedienaar na beide "ordinary European" werk in Engels en "mission word" in 'n inheemse taal moes omsien en waar laasgenoemde dan verwaarloos is. Die oorweldigende getuienis van die bronne bly dat daar 'n daadwerklike bediening in "Dutch" was onder Afrikaanssprekendes, alhoewel daar, soos Batty aandui, en die afwesigheid van 'n geordende moedertaalsprekende bediening getuig, ook ernstige leemtes moes gewees het. Hierdie leemtes getuig eintlik van die feit dat die Anglikaanse Kerk nog steeds die "*Engelse*" Kerk was, en soos ons in Deel III sal sien, het hulle tot vandag toe 'n erfenis in die K.P.S.A. nagelaat (61).

Soos gedurende die vroeë tydperk was daar ook gedurende die tydperk 1873 tot c. 1925 faktore wat téén die gebruik van "Dutch" as kerktaal kon gewerk het. Die K.P.S.A. het, byvoorbeeld, hom sterk met Britse mag en belange geïdentifiseer in die konflikte van hierdie periode, en daar was in die Anglikaanse Kerk (soos onder Engelssprekende Suid-Afrikaners in die algemeen) 'n sterk anti - "Dutch" vooroordeel, selfs sterker as gedurende die vroeë tydperke, nie net teen die "Boers" nie, maar ook teen hul taal, "Dutch". Dat daar hier en daar bedienaars was wat a.g.v. sulke houdings nie "Dutch" sou gebruik het nie, is moontlik. Tog is daar geen aanduidings dat sulke faktore oor die algemeen 'n nadelige uitwerking op die handhawing van "Dutch" as kerktaal gehad het nie. Gibson wat in 1900 sy boek publiseer (en ook sy medewerkers) skryf neutraal oor "Dutch" as kerktaal. Eintlik sou dit waar wees om te sê dat hulle *positief* daaroor staan. Die feit dat "Dutch" in die Anglikaanse Kerk gebruik word, is vir hulle 'n teken van 'n florerende bediening onder "Dutch" - sprekende "coloured" sendinggemeentes. Hierin lê dan ook die vernaamste rede waarom "Dutch" in die "English Church" gedurende so 'n tydperk van botsing tussen Engelssprekende imperialisme en Afrikaanssprekende

nasionalisme gebruik is: die "Dutch"-gebruikende gemeenskap in die K.P.S.A. was 'n sendinggemeenskap wat buite die magskonflik gestaan het, en vir wie - selfs al was 'n bedienaar sterk gekant teen die "Dutch"/"Boers" en hul taal - die enigste "language understood of the people" dikwels slegs "Dutch" was.

In hoe 'n mate Anglikaanse sendingskole gedurende hierdie tydperk "Dutch" gemeentes in 'n kennis van Engelse opgelei het, sodat laasgenoemde ook vir hulle 'n geskikte aanbiddingstaal geword het, word weer nie deur die bronne aangedui nie; maar dit was blykbaar een belangrike faktor wat tot die gebruik van Engels as kerktaal onder sekere Afrikaanssprekende gemeentes gelei het, veral nadat Afrikaans Nederlands as algemene liturgiese kerktaal verplaas het.

Soos gedurende die periode van Gray se episkopaat was daar ook gedurende hierdie periode groot variasie (volgens dieselfde patrone as vroeër) in die presiese manier waarop die Nederlandse Gebedeboek deur bedienaars gebruik was, en "Dutch" deur Anglikaanse gemeentes gehandhaaf is.

Alreeds gedurende Gray se episkopaat was die eintlike taal van "Dutch" gemeentes Afrikaans, en teen hierdie tydperk kan met sekerheid aanvaar word dat die spreektaal van Anglikaanse sendinggemeentes nêrens Nederlands was nie. Die aard van die "Dutch" wat as kerktaal gebruik is, het seer sekerlik gevarieer van die bedoelde standaard Nederlands van die Gebedeboek en Bybel tot die omgangstaal van plaaslike moedertaal Afrikaanssprekende kategete, tolke en, soms, geordende bedienaars.

Deel III van die studie sal die gebruik van Afrikaans in die K.P.S.A. uit 'n historiese en kontemporêre perspektief dokumenteer.

1. P. Le Feuvre, 1980, p. 109. Vgl. ook M. Blunden "The Anglican Church during the War" in P. Warwick (ed.) The South African War (Longman, 1980) pp. 279 e.v.
2. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. XX, No. 5, May 1911, p. 270.
3. E. Lindenberg (red.), Inleiding tot die Afrikaanse Letterkunde (Academica, 1965) pp. 25 e.v.
4. Gibson, 1900, p. 8.
5. M.H.M. Wood, A Father in God: The Episcopate of William West Jones (Macmillan, London, 1913)
6. Wood, 1913 p. 58 e.v.
7. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. XX, No. 10, Oct. 1911, p. 348.
8. Wood, 1913 p. 61.
9. Wood, 1913 p. 62.
10. Wood, 1913 p. 99.
11. Gibson, 1900, pp. 10 e.v.
12. Vgl. Le Feuvre, 1980, pp. 168 e.v; Hinchliff, "The English Speaking Churches in South Africa in the Nineteenth Century" in Journal of Theology for Southern Africa No. 9, Dec. 1974, pp. 30 e.v. Le Feuvre praat van "a mishmash of complex and conflicting views, emotions and sentiments ..." in Anglikaanse houdings t.o.v. ras (p. 168), en verwys na "an 'official' view - that of the hierarchy and of formal pronouncements, liberal and progressive - and a 'popular' view - that of many of the white parish clergy and most of the white laity, conservative and cautious ..." (p. 172). Sy voorbeelde van die 'popular view' uit The Cape Church Monthly kan hier herhaal word:

"The Cape Church Monthly could express sympathy at the feelings of resentment expressed by certain coloured leaders at the lack of equality in the political processes of the Colony; but, at the same time, and in the same breath, it could, in excessively condescending and paternalistic tones, justify certain areas of discrimination, concluding with the words, "King Ethelbert and the men of Kent belonged to a higher race than the African." And again: "They (the Coloureds) are not more numerous than the Europeans, and man for man they are physically as well as mentally inferior. Every idea they have is imitated from the European, and had it not been for him they would not exist as a race" (pp. 171 e.v.).

13. Gibson, 1900, pp. 17 e.v.
14. Gibson, 1900, p. 25.
15. Gibson, 1900, p. 26.
16. Gibson, 1900, pp. 26 e.v.
17. Gibson, 1900, pp. 47 e.v.
18. Gibson, 1900, pp. 49 e.v.
19. Gibson, 1900, pp. 29 e.v.
20. Gibson, 1900, p. 42.
21. Church Chronicle, Vol. VIII, Aug. 1887, p. 254.
22. Church Chronicle, Vol. VIII, June 1887, p. 174.
23. Church Chronicle, Vol. VIII, July 1887, p. 212.

32. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. I, No. 2, 1892, p. 3; Vol. I No. 10, 1893.
33. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. I, No. 5, Dec 1892, pp. 1 e.v.
34. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. I, No. 5, Dec 1892, pp. 1 e.v.
35. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. I, No. 1, Aug. 1892, p. 13.
36. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. I, No. 9, April 1892, p. 2.
37. S.P.G., E. 53, 1898.
38. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. I, No. 10, May 1893, p.5; Vol I No. 12, July 1893; Vol. II No. 4, Nov. 1893, p. 38.
39. S.P.G., D. 249, 1916.
40. S.P.G., D. 263, 1919.
41. S.P.G., D. 278, 1922.
42. Church Chronicle, Vol. VIII, July 1887, p. 225.
43. S.P.G., E. 53, 1898.
44. Lewis and Edwards, 1934, p. 486.
45. A Sister of the Community of the Resurrection, Mother Cecile in South Africa: 1883-1906 (S.P.C.K., London, 1930) p. 25.
46. Church Chronicle, Vol. VIII, May 1887, pp. 163 e.v.
47. C. Tobias, in K. Schoeman (ed.), The Free State Mission (Human & Rousseau, Cape Town, 1986), p. 63.
48. W. Crisp in Schoeman, 1986, p. 62.

49. Russel in Schoeman, 1986, p. 65.
50. Lewis and Edwards, 1934, p. 486.
51. Lewis and Edwards, 1934, p. 341.
52. Lewis and Edwards, 1934, pp. 454 e.v.
53. J.A.I. Agar - Hamilton, A Transvaal Jubilee, being a History of the C.P.S.A. in the Transvaal (S.P.C.K., London, 1928) pp. 13 e.v.
54. Agar - Hamilton, 1928 p. 123.
55. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. I, No. 1, Aug. 1892, pp. 4,11
56. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. I, No. 3, Oct. 1892, p. 5
57. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. I, No. 6, Jan. 1894, p.65.
58. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. I, No. 9, p. 113, Vol. II, No. 11,
59. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. I, No. 15, Oct. 1894, p. 176
60. Muss-Arnolt, 1914, pp. 119 e.v.
61. Die volgende tabel uit die Classified Digest van die S.P.G. dek die periode 1821 - 1892 en dui op die wye gebruik van "Dutch" as kerktaal deur S.P.G. ondersteunde bedienaars onder koloniste en verskeie swart inwoners van verskillende dele van Suider Afrika. Dit dui ook op die ander tale wat as kerktaal gebruik is, en lewer bewys van die laat ontwikkeling van 'n inheemse geordende bediening in die K.P.S.A. Ongelukkig maak dit geen onderskeid tussen "European" en "colonial" bedienaars nie, wat relevant kon gewees het t.o.v. taalgebruik, veral i.v.m. bedienaars se kennis van "Dutch".

"TABLE ILLUSTRATING THE WORK OF THE SOCIETY IN AFRICA (1752-1892) AND ITS RESULTS:

(4) GRIQUALAND WEST 1870-92	Colonists (Christian and non-Christian) Kaffirs (Amaxosa, Mapondo, &c).: Basutos Bechuanas (Heathen Machakas and Fingoes Christian) Zulus Matabele, &c. Half-Castes (Heathen and Christian)	English Xosa-Kaffir Zulu-Kaffir Sechuana Sesutu Dutch English and Dutch	16	-
BASUTOLAND 1875-92	Basutos (Heathen and Christian) Fingoes (Heathen and Christian) Barolong (Bechuanas) (Heathen and Christian) Zulus (Heathen and Christian) Colonists (Christian)	Sesutu Serolong English	9	-
NATAL 1849-92	Colonists (Christian) Kaffirs (Heathen and Christian) Basutos (Heathen and Christian) Hindus (Heathen, Mahommedans and Christian)	English and Dutch Zulu-Kaffir and Dutch Tamil	75	7
ZULULAND 1859-92	Zulu-Kaffirs (Heathen and Christian) Colonists (Christian) Basutos (Heathen and Christian)	Zulu-Kaffir English	9	-
SWAZILAND 1871-92	Amaswazi (Heathen and Christian) Colonists (Christian and non-Christian)	Swazi English and Dutch	2	-
TONGALAND, 1881-92	Amatonga (Heathen)	Zulu-Kaffir	-	-

ORANGE FREE STATE 1850-4, 1858, 1863-92	Colonists (Christian) Barolong (Bechuanas) (Heathen and Christian) Fingoes (Heathen and Christian) Kaffirs (Heathen and Christian) Hottentots (Heathen and Christian) Griquas (Half-castes) (Christian)	Dutch and English Serolong Dutch Dutch Dutch Dutch	16	1
TRANSVAAL 1864-92	Colonists (Christian) Kaffirs (Heathen and Christian) Basutos, &c. (Heathen and Christian)	English Dutch Kaffir and Dutch	31	-
BECHUANALAND 1873-92	Bechuanas (Heathen and Christian) Colonists (Christian)	Sechuana English	4	-

DEEL III

AFRIKAANS AS KERKTAAL IN DIE ANGLIKAANSE KERK

sekondêre bron te evalueer, maar dit suggereer die moontlikheid dat Afrikaans alreeds in die jare 1850 as preektaal in die Anglikaanse Kerk gebruik was (1).

1.2 CHARLES CLULEE, 1869

Vgl. p. 69 e.v. hierbo. Hierdie bron bevat 'n ondubbelsinnige en duidelike verwysing na die vroeë gebruik van Afrikaans as kerktaal in die Anglikaanse Kerk. In sy verslag vir 1869 skryf Clulee dat hy gedurende sy dienste "A short address in Dutch - colloquially rendered" gee. En hy vertel ook van sy katekisasie klasse:

"There is a Dutch translation of the catechism in use for the Caffres; this I am teaching to the coloured children - putting it into colloquial Dutch as I go on ..." (2).

Afrikaans ("Dutch, colloquially rendered", "colloquial Dutch") is dus in 1869 in die Bisdom van Bloemfontein binne formele kerkdienste as preektaal en vir katekisasiëdoeleindes gebruik. Die feit dat Clulee dit nodig vind om die "Dutch" kategismus in "colloquial Dutch" oor te dra dui op die verskil tussen hierdie twee tale. Die "coloured children" kon blykbaar nie Nederlands verstaan nie: hulle kommunikasiemedium was Afrikaans. Clulee beskryf hierdie vorm van "Dutch" as "Hottentot Dutch", en die voorbeelde wat hy daarvan gee, dui aan dat dit niks anders as Afrikaans was nie.

1.3 W.F. TAYLOR, 1850 - 1900

Vgl. pp. 56 e.v. hierbo. Eerw. W.F. Taylor en Biskop Gibson verwys in Gibson (red.) 1900, p. 97 na beide Nederlands en Afrikaans as belangrik vir Anglikaanse bediening in die laat negentiende eeu:

"The first thing needed was to master the Dutch language (the patois of the coloured people; the differences between this and High Dutch is, probably, not sufficiently realized in England - Ed.) a thing not hard to do, as far as the vernacular, and the language of the Bible and our Common Prayer book was concerned, and that was all that was absolutely required."

Hier word daar 'n duidelike onderskeid gemaak tussen Afrikaans ("the patois of the coloured people" ... "the vernacular") en Nederlands ("High Dutch" ... "the language of the Bible and our Common Prayer Book"). Taylor beskou *albei* as belangrik - selfs as "absolutely required". In c. 1900 sou Afrikaans - sover die ondersoekte bronne aandui - vir die meer private pastorale aspekte van bediening gebruik word, en in openbare bediening (soms) vir kerkisasie en preekdoeleindes. Die liturgie self het in die "High Dutch" - die bedoelde standaard-Nederlands - van die Gebedeboek geskied.

Aan die ander kant moet opgelet word dat die verwysing van Taylor/Gibson ook tot 'n wyer interpretasie oop is. Dit is net moontlik dat dit Gibson se bedoeling is dat "the Dutch language," "the vernacular" en "the language of the Bible and our Common Prayer Book" alles saam hoort onder die beskrywing "the patois of the coloured people" en dat ook die taal van die Bybel en liturgie nie "High Dutch" was nie. Die debat rondom die 1853-Gebedeboek versterk hierdie moontlikheid, maar dit kan nie sonder verdere ondersoek aanvaar word nie. Die aanhaling - juis omdat dit die saak probeer opklaar - verskaf 'n goeie voorbeeld van die probleme rondom die term "Dutch", en die wyse waarop Nederlands én Afrikaans deel kon uitgemaak het van bediening in "Dutch" sonder dat Anglikaanse bedienaars altyd 'n duidelike onderskeid tussen die twee tale (kon) gemaak het.

1.4 W.W. WATKINS, H. EARP JONES, T.W. BURNS, H.C. THOMPSON EN PERCIVAL WEBB WINDELL, 1916 - 1922

Vgl. pp. 101 en 109 hierbo. Bronne i.v.m. hierdie vyf bedienaars verwys na die gebruik van Afrikaans in die laat negentiende / vroeg twintigste eeu.

Eerw. W.W. Watkins het in 1887 op Heidelberg "a knowledge of colloquial Dutch" opgedoen. Hierdie taal het hy in sy bediening gebruik, veral in sy werk vir die "Malay Mission", maar daar is geen aanduiding van hoe hy dit gebruik het nie. Later, in 1916 leer ons dat Eerw. H. Earp Jones "a complete knowledge of Dutch, which is the language spoken in this Mission (Heidelberg)" gehad het. Hier sluit "Dutch" Afrikaans in (teen 1916 was die omgangstaal nêrens meer Nederlands nie); maar weer is daar geen eksplisiete uiteensetting van hoe hy Afrikaans in sy bediening sou gebruik het nie. Burns het ook Afrikaans gebruik (3).

Eerw. Hugh Cecil Thompson, Rektor van Calvinia was in 1922 in staat om dienste volgens die Nederlandse Gebedeboek te lei. Die groeiende belangrikheid van Afrikaans vir Anglikaanse bediening word in sy S.P.G. aansoekvorm vir 1922 belig, waar hy laat weet dat hy nou ook besig is om Afrikaanslesse te ontvang (4).

Veral interessant is die getuienis van Eerw. Percival Webb Windell van die Tulbaghpadsending. In sy aansoekvorm vir 1922 skryf hy:

"Am entering on the 24th year of continuous work of Tulbagh Road Mission, before completion of its chapel in 1899. I usually conduct three services on Sunday in the 'taal'" (5).

As Windel met "the taal" Afrikaans bedoel (wat in 1922 heel waarskynlik die geval sou wees) dan is hierdie uispraak 'n duidelike verwysing na die gereelde gebruik van Afrikaans as kerktaal (6). Ongelukkig dui Windell nie aan wanneer hy begin het om "the taal" vir kerkdienste te gebruik nie, en dit kan enige tyd van 1899 tot 1922 gewees het. Windell sê ook nie vir watter dele van sy dienste hy "the taal" gebruik het nie.

1.5 AFRIKAANS IN DIE PAROGIE VAN ST. MATTHEW'S, CLAREMONT, 1911

In 'n beskrywing van die dienste wat tydens Vastyd in 1911 in die Parogie van St. Matthew's gehou is, is eksplisiete melding gemaak van die gebruik van Afrikaans as preektaal:

"The holy season of Lent has been well observed this year, a notable feature being the series of outdoor mission services on Sunday afternoons. These were organized by the men of S. Matthew's Guild, who each week came in good numbers to "ferret" round the selected district, to rouse up the "sitters by the stoep", and generally to keep things going. Addresses in English and Afrikaans were given by the priest in charge, and many listened with attention and reverence to the Gospel message" (7).

Verdere ondersoek in kerknuusblaie soos die Cape Church Monthly and Parish Record sal meer inligting i.v.m. die gebruik van Afrikaans as kerktaal in die K.P.S.A. voor 1925 verskaf. Alhoewel die bogenoemde bronne nie 'n gedetailleerde beeld hiervan gee nie, verskaf hulle wel geloofwaardigheid aan die bewering dat Afrikaans as kerktaal in die "Engelse Kerk" gebruik is nog voordat dit deur die Afrikaanssprekende Hollandse Kerke as algemene aanbiddingstaal aanvaar is (8).

2. DIE ALGEMENE VERPLASING VAN NEDERLANDS DEUR AFRIKAANS AS KERKTAAL

Geen bronne wat die proses van taalverplasing in detail in die K.P.S.A. belig, kon opgespoor word nie.

Ons weet dat Nederlands 'n gevestigde kerktaal in die Anglikaanse Kerk was. Afdeling 1 hierbo dui aan dat Afrikaans alreeds voor 1925 (plek-plek) as kerktaal gebruik is. Ons weet ook dat Afrikaanse Gebede- en Gesangboeke in 1925/1926 gepubliseer is, en Afrikaans was blykbaar een van die tale wat gedek is deur die Provinsiale Vertalingskomitee wat in 1913 ingestel is (vgl. Afdeling 4 hieronder).

Die proses van taalverplasing was egter 'n geleidelike een, en Nederlands is nog steeds in die jare 1930 hier en daar as kerktaal gebruik. Kantaantekeninge in 'n Nederlandse Gebedeboek wat deur die S.P.C.K. in 1910 gedruk is, dui byvoorbeeld aan dat dié boek in 1920 in die Parogie van St. Luke's, Soutrivier gebruik is, in 1930 in Calvinia en in 1934 in Moorreesburg. Meer bronne is vanaf c. 1940 beskikbaar, en hulle dui aan dat Afrikaans nou Nederlands as 'n gevestigde kerktaal in die K.P.S.A. verplaas het. Die belangrike periode van taaloorgang was dus 1920/1930, en dit is ook veral hier dat die afwesigheid van bronne 'n probleem is.

Die publikasie van die Gebede- en Gesangboeke in 1925/1926 is 'n belangrike aanwyser van die verplasing van Nederlands deur Afrikaans. Mondelinge oorlewering vertel ook iets van die proses. 'n Informant van die Parogie van Botrivier vertel byvoorbeeld dat Afrikaans in die jare '20 Nederlands dár as kerktaal verplaas het. Volgens hom was daar 'n mate van teenkanting onder die Afrikaanssprekende gemeentelede teen die gebruik van hulle taal in die Kerk. Afrikaans is as "oneerbiedig" en dus ongeskik vir godsdienstige doeleindes beskou, en dit is gevoel dat die meer "verhewe" Nederlands 'n beter kerktaal was (9). Ten spyte van sulke negatiewe opvattings t.o.v. die geskiktheid van Afrikaans as religieuse taal (wat

aansluit by die negatiewe konnotasies van benamings soos "kitchen Dutch", "Hottentot Dutch" en ook "corrupt Dutch") was die taal teen die jare 1930/1940 in die K.P.S.A. as preek- en liturgiese taal onder Afrikaanssprekendes in algemene gebruik.

Een nuanse in die proses van taalverplasing is dat sekere gemeentes wat voorheen die Nederlandse Gebedeboek gebruik het, met die advent van Afrikaans in plaas van Nederlands voortaan slegs Engels vir die liturgie gebruik het. Hierdie verskynsel het veral in stedelike parogieë soos St. Luke's, Soutrivier; Good Shepherd/St. Peter's, Maitland; en St. Philip's, Kaapstad plaasgevind, en het verband gehou met die gevoel dat Afrikaans, as daaglikse omgangstaal, 'n ongeskikte kerktaal was, en met 'n groeiende Engelsvaardigheid onder stedelike gemeenskappe waartoe die rol van Engels as opvoedingsmedium in kerkskole moes bygedra het.

3. VROEË AFRIKAANSE PUBLIKASIES

3.1 DIE AFRIKAANSE GESANGBOEK (1925)

Volgens die inleiding tot die K.P.S.A.-Gesangboek van 1956 is 'n Gesangboek in 1925 gepubliseer onder die titel Afrikaanse Gesange. Dit was die werk van Eerw. W. Schierhout, en het bestaan uit vertalings en bewerkings van Nederlandse en Engelse gesange asook oorspronklike gesange deur Schierhout (10). Ongelukkig kon geen eksemplaar van die boek opgespoor word nie.

3.2 DIE FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE KOMMUNIE (1925)

Die Eucharistiediens van die hersiene Suid-Afrikaanse Liturgie wat in 1924 deur die Provinsiale Sinode aanvaar is, is kort daarna in 1925 deur die S.P.C.K. in Afrikaans uitgegee. Volgens die "Aanmerkings op die hersiening van die Formulier vir die Heilige Kommunie" wat deur die Biskoppe van die Provinsie opgeteken is, en wat saam met die nuwe formulier gedruk is, was:

"...een vername rede vir hersiening van die Heilige Kommunie diens, dat ons aan die inboorlinge gee 'n Formulier wat verstaanbaar en goed gerangskik is" (11).

Tydens die eerste Provinsiale Sinode van 1870 is 'n grondwetsartikel aanvaar wat geleentheid gegun het vir toekomstige hersiening van die Algemene Gebedeboek van 1662. Dit is die Boek wat in algemene gebruik in die Provinsie was, en wat al in verskeie tale - insluitend "Dutch" - vertaal was (12). Dit was egter eers in 1908 dat die kwessie van liturgiese hersiening 'n moontlikheid in die K.P.S.A. geword het, toe die Biskoppe van die Provinsie 'n komitee aangestel het om die saak te ondersoek. 'n Paar aanbevelings is in 1911 gemaak, wat die begin was van die proses wat tot die aanvaarding van die nuwe South African Prayer Book deur die Provinsiale Sinode in 1950 gelei het (13).

Soos die "Aanmerkings" van die Biskoppe aandui, was een van die motiverende redes vir liturgiese hersiening die begeerte om die Eucharistiese formulier beter te rangskik en verstaanbaar te maak vir inboorlinggemeentes. As deel van die hersieningsproses is hersiene liturgiese materiaal dus in verskeie tale oorgesit, wat die taak was van die Provinsiale Vertalingskomitee wat in 1913 deur die Episkopale Sinode aangestel is. Aanduidings is dat Afrikaans deel uitgemaak het van hierdie komitee (en sy opvolgers) se werksaamhede en die Afrikaanse liturgiese publikasies van 1925/1926 verteenwoordig die vrugte van hul werksaamhede (14).

3.3 DIE KOLLEKGEBEDE, SENDBRIEWE, EN EVANGELIES (1926)

Naas sy werk aan die Afrikaanse Gesangboek van 1925 het Schierhout ook in 1925/1926 vertalings van die kollekgebede, en evangelielesings van die hersiene Suid-Afrikaanse Liturgie voortgebring. Hulle is in 1926 deur die S.P.C.K. gepubliseer onder die titel: Die Kollekgebede, Sendbriewe en Evangelies vir die Kerkjaar.

Soos die taal van die kommunie-formulier, is die taal van hierdie uitgawe onmiskenbaar Afrikaans, en alhoewel dit nog Nederlandisties is, bevat dit ook mooi voorbeelde van die algemene omgangstaal. Die "kersdag" van die Nederlandse Gebedeboek word byvoorbeeld "krismis" in Schierhout se Afrikaanse vertaling (15).

3.4 DIE APOKRIFA IN AFRIKAANS

Schierhout het as deel van sy Bybelvertalingswerk ook dele van die Apokrifa uit Grieks vertaal. 'n Getikte manuskrip van hierdie werk is by die Provinsiale Argief gedeponeer onder die titel: Leesstukke uit die Apokrifa in Afrikaans. Ongelukkig is daar geen datum daarby nie (16).

4. SAMEVATTING: AFRIKAANS TOT 1925

Volgens die tradisionele beskrywing van die sg. "eksterne" geskiedenis van Afrikaans het die eerste en tweede Afrikaanse taalbewegings in die jare 1875 en daarna op dreef gekom, en in die 1925 is Nederlands deur Afrikaanse as amptelike landstaal vervang. Voor daardie jaar het Afrikaans alreeds 'n aantal openbare gebruiksfunksies verwerf. Tussen 1916 en 1919 het die sinodes van die Gereformeerde Kerke Afrikaans as kerktaal aanvaar, en teen 1924 is dié taal in al hierdie Kerke ingevoer. Die volledige Afrikaanse Bybelvertaling het egter eers in 1933 verskyn, en die Afrikaanse Gesangboek, Evangeliese Gesange, in 1944 (17). In 1937 het die Psalmbundel van die Afrikaanssprekende Kerke verskyn, en in 1940 'n bundel onder die titel Skrifberyminge (18).

Die materiaal wat in hierdie hoofstuk aangehaal is, dui aan dat Afrikaans al in die negentiende eeu en vóór die begin van die sg. eerste taalbeweging van 1875 'n (beperkte?) gebruiksfunksie in die Anglikaanse Kerk gehad het (as 'n preek- en katkisasiemedium), en daar bestaan die moontlikheid dat die "Dutch" Gebedeboek van 1853 in 'n verafrikaanste vorm van Nederlands was. Dit alles suggereer dat Afrikaans in die K.P.S.A. 'n geskiedenis gehad het wat buite die stromings van die twee tradisionele taalbewegings gestaan het. Die vroeë verskyning van 'n Anglikaanse Afrikaanse Gesangboek in 1925 (lank voor die verskyning van die Gesangboek van 1944), en die liturgie - en Skrifvertalings van 1925/26 (weer vóór die Bybelvertaling van 1933) bevat ook die aanduiding dat die Anglikaanse Kerk nie Afrikaans in gebruik geneem het *bloot* in reaksie op - of as deel van die effek van - die erkenning van die taal as amptelike landstaal, of sy gebruik as kerktaal in die Hollandse Kerke nie. Natuurlik moet aangeneem word dat die erkenning van Afrikaans as amptelike landstaal in 1925 'n rol gespeel het in taalverplasing (Nederlands tot Afrikaans as kerktaal) in die K.P.S.A, en nog méér in die bepaling van die *soort* Afrikaans wat in die K.P.S.A. ná 1925 as aanbiddingstaal gebruik is.

Dit kan opgelet word dat die feit dat Afrikaans al vanaf die middel van die negentiende eeu as preëk- en katkisasietaal gebruik is - alhoewel ons nie genoeg bronne kon aanhaal om aan te dui hoe wyd daardie gebruik was nie - die implikasie inhou dat die taalverplasing wat in die K.P.S.A. plaasgevind het hoofsaaklik 'n verplasing van Bybel - en liturgiese taal was.

Op die implikasies van die vroeë gebruik van Afrikaans vir die beskrywing van die geskiedenis van Afrikaans sal daar weer in die Konklusie ingegaan word. Hoofstukke VI en VII dokumenteer kortliks die gebruik van Afrikaans as kerktaal in die K.P.S.A. gedurende die periode c. 1940 tot c. 1960 en in die sestig- en sewentigerjare.

1. G. Glover, 1895, p. 6.
2. S.P.G., E 27; 1869.
3. Gibson (ed.), 1900, p. 42; S.P.G. Applications/Returns, 1916, 1919.
4. S.P.G., Applications/Returns (D 278) 1922.
5. S.P.G., Applications/Returns (D 278), 1922.
6. I.v.m. die term "the taal" vgl. J. Branford A Dictionary of South African English (O.U.P., Cape Town, 1987) p. 359. Gewoonlik verwys die term na Afrikaans.
7. Cape Church Monthly and Parish Record, Vol. XX, No. 5, May 1911, p. 274.
8. Persoonlike gesprek, Eerw. B. Berthold, 10 Maart 1983. Eerw. Berthold was lank gemoeid met Afrikaanse werk in die K.P.S.A., en het op 4 Junie 1968 tydens 'n vergadering van die Departement Sending van die K.P.S.A. 'n kort geskiedenis van die Nederlandse en Afrikaanse Gebede- en Gesangboeke voorgelê. Moontlik word dit bewaar met die dokumente van die Departement, of dié van die Provinsiale Afrikaanse Komitee in die K.P.S.A. Sentrale Argief, Cullen-Biblioteek, Universiteit Witwatersrand.
9. Persoonlike gesprek, J.P.C. Hess, Botrivier, 22 Julie 1983.
10. Gesangboek, (S.P.C.K., London, 1956) p. 5.
11. Formulier vir die Bediening van die Heilige Communie (S.P.C.K., London, 1925), p. iii.
12. Die volgende Gebedeboek vertalings - naas die "Dutch" weergawes waarna alreeds verwys is - was in algemene gebruik gedurende die laat negentiende en vroeë twintigste eeu:
Prayer Book in Secoana (G. Mitchell, Mission Press, Thaba 'Nchu, 1875; revised ed., Crisp, S.P.C.K., London, 1887).

Prayer Book in Sesuto (Beckett/Widdicombe, S.P.C.K., London, 1877).

Prayer Book in Xhosa (Woodroffe and others, S.P.C.K., London, 1864-65; revised ed., Key, S.P.C.K., London, 1900).

Zulu Prayer Book (Callaway; Blair, Springvale, Maritzburg, 1866-71; revised ed., McKenzie and others, Mission Press, Islandhlwana, 1885).

(Colenso het ook Gebedeboekmateriaal in Zulu voortgebring).

13. Vgl. P. Hinchliff, The South African Liturgy (O.U.P., London, 1959). Die titel van die boek was: A Book of Common Prayer and Administration of the Sacraments... (O.U.P., London, 1954) maar dit staan altyd bekend as die South African Prayer Book of S.A.B.P. Alhoewel dit in 1950 deur die Sinode goedgekeur is, dra uitgawes daarvan die drukdatum 1954.
14. Vgl. Minutes, A Conference of Translators, Bloemfontein, 29 April 1941, in Provincial Board of Missions, Occasional Papers, Aug. 1941 (S.P.G., D487/2).
15. Vgl. Het Boek van het Algemeen Gebed (S.P.C.K., London, 1910), p. 33 en Die Kollekgebede, Sendbriewe en Evangelies (S.P.C.K., London 1926) p. 12.
16. A.M. Cunningham, Guide to the Archives of the Church of the Province of South Africa (University of the Witwatersrand, Johannesburg, 1985) p. 94.
17. Vgl. Raidt, 1980 pp. 205 e.v; Lindenberg et al 1977, pp. 9 e.v; Steyn 1983 pp. 172 e.v.
18. Vir 'n geskiedenis van die kerklied in die Afrikaanssprekende Kerke vgl. J.H.H. du Toit (red.) 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerklied (N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1983).

VI. AFRIKAANS IN DIE K.P.S.A. VAN c. 1940 TOT c. 1960

Soos met Hoofstuk V was daar ook hier 'n probleem met bronne. Bronne is daar wel; hulle is egter gebêre in parogiale notules en bisdomlike argiewe wat nie maklik toeganklik is nie. Belangrike materiaal sal ook te vinde wees in die Provinsiale Argief wat by die Cullen-Biblioteek van die Universiteit Witwatersrand gedeponeer is. Ongelukkig kon dit nie vir hierdie studie ondersoek word nie.

Materiaal in die S.P.G.-Argief, en 'n paar gepubliseerde bronne dui aan dat Afrikaans, nadat dit die plek van Nederlands as kerktaal ingeneem het, as 'n belangrike kommunikasie-medium in die Kerk beskou is, en dat dit (ten spyte van verskeie struikelblokke) as kerktaal vinnig 'n gebruiksfunksie verwerf het.

1. DIE BISDOMME VAN KAAPSTAD EN GEORGE TOT c. 1960

1.1 KAAPSTAD

Korrespondensie i.v.m. die opleiding van verskeie priesters dui aan dat Afrikaans as 'n belangrike hulp vir bediening beskou is. Vgl. byvoorbeeld die brief van Aartsbiskop Phelps i.v.m. Mnr. C.A. Gunter wat in 1940 na Suid-Afrika wou kom:

"The only argument against (his being useful in South Africa), and it is not a strong one is the question of language. If he can acquire during these two years some smattering of Afrikaans he will be preparing himself for greater usefulness anywhere in the Union. My belief is beginning to be that the greater call for help from the C of E is rising from the Coloured people and Afrikaans is an enormous help for work amongst them" (1).

Phelps skryf vanuit die tweetalige konteks van Kaapstad. Vir hom is 'n kennis van Afrikaans dus nie 'n absoluut noodsaaklikheid nie, maar "an enormous help for work amongst (the Coloured people)." In ander dele van die K.P.S.A. - soos byvoorbeeld die Bisdom van George - word 'n kennis van Afrikaans wel as "essential" gesien (vgl. Afdeling 1.2 hieronder).

'n Ander korrespondensie vanuit die jare 1940 is dié van Eerw. Dawid Profit wat in April 1946 by die S.P.G. aansoek gedoen het vir 'n £10 beurs om taalstudies ("Language study") te onderneem. Die Aartsbiskop het hierdie aansoek ondersteun:

"I enclose herewith a letter from the Rev. D. Profit licensed as assistant curate of the Parish of St. Mark's, Athlone, a large and rapidly growing district of almost entirely "Coloured" people many of whom speak Afrikaans. I have read Mr. Profit's letter and I am sure his view is sensible and correct. Afrikaans is a language which almost more than any I know, not even excepting French in which to be able to converse freely is essential and I believe that what Mr. Profit purposes is the best course. He has already endeavoured to equip himself by spending holidays on farms where Afrikaans is spoken..." (2).

In 'n vroeër brief het Eerw. Profit aangedui dat hy private onderrig in Afrikaans ontvang, dat hy alreeds in die laer Taalbond-eksamen geslaag het, en dat hy graag met sy studie wil voortgaan (3). Volgens lede van Profit se gemeentes het hy egter nooit Afrikaans as kerktaal gebruik nie.

Vr. C.T. Wood was gedurende die veertiger jare belas met die opleiding van S.P.G.-kandidate, en in 1942 skryf hy i.v.m. die opleiding van Eerw. Michael Carmichael:

"One of the stipulations that I have made is that he should become officially bilingual in the course of the next year."

In 'n verslag van 22 Februarie 1948 vertel hy:

"I was able to insist that such considerations as language came first, and in one case (Michael Carmichael) was able to make him officially bilingual before he undertook permanent work in this country, which is, I believe, the first time such a thing has happened" (4).

Wood bedoel met "officially bilingual" dat Carmichael die Taalbond-eksamen geslaag het. Hy was natuurlik nie die eerste tweetalige priester nie. Daar was

Suid-Afrikaanse bedienaars (soos Schierhout) en plaaslike kategete wat al in die negentiende eeu volledig tweetalig was, en 'n Engelse priester soos Glover was al in c. 1850 in staat om in "Cape Dutch" te preek. In 'n gesprek met hom in Oxford in Maart 1984 het Vr. Carmichael aangedui dat sy tweetaligheid nie eintlik baie ver gestrek het nie, en dat hy nooit onder Afrikaanssprekende gemeentes gewerk het nie. Inderdaad, sy eerste permanente werk het hy in die Xhosa-sprekende Bisdom van St. John's onderneem.

In die negentiende eeu was dit altyd die feit van 'n Afrikaanssprekende gemeente of taalgemeenskap wat tot die noodsaaklikheid van 'n "Dutch" bediening in die oë van Anglikaanse kerkleiers gelei het. In die twintigste eeu vind daar iets van 'n verskuiwing plaas waarvolgens kerkleiers dikwels skryf dat bedienaars Afrikaans moet leer, nie bloot as gevolg van die nodighede van die Afrikaanssprekende taalgemeenskap binne die K.P.S.A. nie, maar omdat Suid-Afrika nou amptelik 'n tweetalige land is. Wood se aandringing dat S.P.G. kandidate "officially bilingual" moet wees, belig hierdie verskuiwing van persepsies.

In 1959 is Joost de Blank as Aartsbiskop van Kaapstad ingewy, en Bertha de Blank vertel hoe hy op 25 Oktober 1959 Afrikaans in sy inwydingspreek gebruik het:

"Joost decided to deliver a part of his sermon in Afrikaans; he had been trying to learn the language and it did not present too many problems apart from the pronunciation, for it resembles Dutch which he knew slightly. An Afrikaans paper wrote: "Halfway through his sermon he said that he was going to digress for a moment. A rustle went through the congregation, then there was dead silence. To everyone's obvious astonishment he repeated the previous section of his sermon in Afrikaans. His accent was that of a Netherlander, but the language was Afrikaans" (5).

Gedurende sy episkopaat het de Blank ook gepoog om Afrikaanse taalklasse vir priesters in te stel:

"Joost made himself popular with the Afrikaners for a short time when he announced the setting up to classes in Afrikaans for the English speaking clergy in his Diocese. This

was not done with any idea of gaining popularity but was a purely practical move. He felt that in a bilingual society it was absurd that a number of the clergy of the Anglican Church should be unable to use or understand Afrikaans which was fast ousting English for general use, however much one might regret the fact that in South Africa a bilingual society meant a society where everyone knew Afrikaans and not necessarily English as well" (6).

Let op hoe Bertha de Blank Afrikaans met "the Afrikaner" identifiseer - sonder verwysing na die feit dat Afrikaanssprekende gemeenskappe waarvoor bedienaars in die Bisdóm van Kaapstad die taal sou aanleer nie "the Afrikaners" was nie. Haar verwysing sluit wel die praktiese feit in, dat Afrikaans nodig was omdat dit 'n wyd-gebruikte omgangstaal was, maar met die verwysing na "the Afrikaners" en "a bilingual society" suggereer dit ook die gedagte dat dit hier gaan oor 'n reaksie tot 'n amptelike "Afrikaner"-taalbeleid in die wyer gemeenskap eerder as om voorsiening te maak vir langbestaande Afrikaanssprekende gemeenskappe binne die Anglikaanse Kerk. Daar is geen aanduiding dat de Blank se taalklasse tot 'n groter gebruik van Afrikaans as kerktaal deur Engelse priesters gelei het nie.

'n Ander houding t.o.v. Afrikaans is deur de Blank se voorganger, Biskop Clayton geopenbaar. Alan Paton verwys hierna:

"He never learned to speak Afrikaans and he excused himself by saying, first that he was no good at languages anyway, secondly that if he *did* learn a language, it would have to be Zulu or Sesotho" (7).

Soos die gevoel dat Afrikaans, omdat die land amptelik tweetalig was, deur priesters aangeleer moet word, was hierdie heel anderse opvatting ook algemeen in sekere Anglikaanse geleedere. Clayton het sy bediening in Suid-Afrika as Biskop van Johannesburg begin, waar Zulu en Sesotho onder Anglikane in wye gebruik was, maar waar die gebruik van Afrikaans as kerktaal beperk was. Later, as Aartsbiskop van Kaapstad, het hy in aanraking met 'n Afrikaanssprekende Anglikanisme gekom, en wanneer hy die voorwoord van die 1956 Afrikaanse Gesangboek skryf, aanvaar hy die plek van Afrikaans as kerktaal in die Anglikaanse Kerk - nie op grond van die

tweetaligheid van die land nie, maar omdat Afrikaanssprekendes deel uitgemaak het van die Kerk, en omdat dienste gehou behoort te word in 'n taal wat deur die mense verstaan word (vgl. Afdeling 3.2 hieronder).

1.2 GEORGE

Die Bisdom van George is in 1911 gestig uit dele van die Bisdomme van Kaapstad en Grahamstad. Die eerste Biskop was Henry Sidwell wat ook die eerste Suid-Afrikaans gebore Biskop in die Provinsie was. Een van die redes vir sy verkiesing was dat hy "Dutch" kon praat (8).

Hinchliff verskaf in 1963 die volgende beskrywing van die Bisdom, en dui aan dat Afrikaans in 1950/1960 daar in wye gebruik was:

"As in the case of Cape Town also, the African population of the Diocese is not large in comparison with the other parts of the country. The vast majority of Anglicans in the Diocese are Coloured, and Afrikaans is used a good deal in the Church services. The Diocese has its own Afrikaans translation committee which has produced a good deal of catechetical and devotional literature" (9).

Verskeie brokkies materiaal in die S.P.G.-Argief gee aanduidings van die gebruik van Afrikaans in George gedurende die periode 1930 - 1960.

Uit 1937 is daar, byvoorbeeld, korrespondensie tussen die Biskop en die gemeente van Soar in Afrikaans:

"Soar
Ladysmith Kaap.
15 Augustus 1937.
Sy Hoogedele die Biskop van George.

Waarde Heer.

Die gemeente van Soar vra aan die Biskop met alle eerbied asseblief dat u so goed moet wees en laat Ds Julia aan ons

terug vir 'n tydperk om die nuwe gemeente van Amalienstein in die bevestiging Klas op te lei om Dss* Marian tot hulp te wees hier op Soar.

Die gemeente hoop dat u onse aanvraag als 'n vader sal verhoor.

Ons het die eer om,

U te wees,

U Dienswilliges,

F. Timmie

Abraham Levendal

L. November" (10).

Ook uit 1937 kom daar 'n verslag van 'n "Commission to consider and report on the urgent needs of the Diocese" wat na die behoefte aan "priests trained in Afrikaans, the Coloured people's home language" verwys (11). Hierdie behoefte kom ook tot uiting in ander korrespondensie. Vgl. byvoorbeeld die Biskop se aansoek in 1942 aan die S.P.G. vir 'n priester vir Mosselbaai:

"A knowledge of Afrikaans is essential, indeed I think any men coming out here should learn the language which is not difficult. This country is bilingual and a church would have more influence - in these parts certainly - if the clergy were also. I have just returned from a tour in the Swellendam area where I had nine confirmations and only one of them was in English" (12).

Let op hoe die feit dat die land tweetalig is in die Biskop se aansoek hier saamloop met die konkrete nodighede van die plaaslike gemeenskap.

* Dss. is die Engelse verkorting vir "Deaconess".

In 'n brief van 6 Desember 1948 gee die Biskop 'n interessante beskrywing van 'n visitasietoer aan Riversdale, en hy sluit af met die volgende opmerkings wat weer eens na die belangrikheid van Afrikaans in Anglikaanse bediening in sy Bisdom verwys. Vir hom is 'n kennis van Afrikaans absoluut noodsaaklik:

"In this work Afrikaans is an absolute necessity - I was confirming twice (yesterday) in that language" (13).

In 1953 verskaf Biskop Hunter 'n belangrike verslag oor sy Bisdom aan die S.P.G. Hy skryf in die konteks van die kerk - staat konflik, veral m.b.t. opvoeding. Die Wet op Bantoe-onderwys waarvolgens swart sendingskole deur die staat oorgeneem is, is in 1953 op die Wetboek geplaas, en die Kerk het gevrees dat die Regering binnekort ook sou poog "to get Coloured Education out of our hands". Hierdie moontlikheid laat Hunter homself af vra "what effect the loss of our schools would be likely to have on our hold on the Coloured people." In sy besinning hieroor skryf hy:

"The fact that they have attended St. Paul's or St. Luke's English Church Schools somewhere or other has played a considerable part, I am sure, in accustoming many Coloured folk to the Church's way of worship, and to some extent to its version of the Christian Faith..."

en hy gaan voort om te sê dat hy nie seker is nie dat:

"... all who belong to us have much understanding of the Catholic principles of our Church. They happen to belong to the Anglican church but to many of them one church is much the same as another. If they have a reason for belonging to the Church it is sometimes not a very good one really, such as that belonging to the "English Church" gives them a certain sense of superiority ..."

Hy verduidelik dan soos volg:

"I had an amusing illustration of this taking a confirmation last August in a village at the foot of the Swartberg mountains rejoicing in the name of Prince Albert and within

the spiritual charge of the Rector of Beaufort West. There we have barely half a dozen white members, the postmaster and his wife who live in the Rectory next door to the Church and one or two others, the European population being overwhelmingly Afrikaans - speaking and Dutch Reformed, but a lot of Coloured belong to us there, and as all those to be confirmed were Coloured, the Rector said as we drove to the village that everything would be in Afrikaans. However just before the Service a man and a woman came to the vestry craving a word with the Bishop and their request was that the Service might be in English because "we must keep up our English Church"! I asked whether the people would understand and was assured that they would, but I am afraid I was not convinced, and so compromised by giving my address and putting the questions to the candidates in Afrikaans and just saying the prayers in English to satisfy them!! The whole attitude to Afrikaans in Church is very interesting really. In September we had a meeting of what is called the Diocesan Conference; a gathering of the clergy and picked lay people, the latter mainly Coloured and the majority of them catechists, and lay readers, quite distinct from the Diocesan Synod, and dealing only with pastoral and Evangelistic matters; and I got this matter of the use of Afrikaans in Church on the agenda as I wanted to hear what would be said. It was quite clear that those who do speak and understand English, the teacher class mainly, are very anxious to retain this knowledge and to pass it on to their children (as one speaker said, a knowledge of English opens the door to a wider world and a wider culture than Afrikaans does) and they feared that the use of Afrikaans in Church might deprive them of occasions for practising their knowledge of English! I naturally pointed out that it was a fundamental rule of the Anglican branch of the Catholic Church that worship should be in a language understood of the people and they agreed that that was so, but hoped one should not cut out English altogether even in congregations where it was little understood. Incidentally

they got in one point which was very salutary for some of us viz. that English speaking clergy should endeavour to become proficient in Afrikaans before attempting to preach and minister in it ... Of course, as I have already indicated, we have for a long time had services in Afrikaans for our Coloured members (this year S.P.C.K. has just published the Calendar and Occasional Offices in one volume which is of great convenience, and we are looking forward to getting the rest of the Prayer Book similarly bound up in one volume), but it is essential, in this Diocese at least, that as many clergy as possible should be bilingual and able to preach and talk in Afrikaans easily. Better still we should have some Coloured priests also in this diocese; Cape Town has some but we have none at present. I am hoping next week to interview a possible candidate ... Another thing that is wanted is simple Afrikaans religious literature to meet the needs of our Coloured people, booklets setting forth the faith or history of the Church in simple language, or some simple devotional literature. This matter came up at the Diocesan Conference too, and I was asked to appoint a committee to get on with the job. I have appointed one consisting of three thoroughly bilingual priests and their object is to try to produce a book of simple private prayers" (14).

Hunter bevestig hiermee die wye gebruik van Afrikaans in die Bisdom van George, en met sy bespreking van "the attitude to Afrikaans in Church" belig hy in 1953 houdings en stromings wat steeds in die laat tagtigerjare in die Kerk gevoel word. Die identifikasie van Anglikanisme met die handhawing van Engels as kerktaal ("we must keep up our English Church"), en die gevoel dat die gebruik van Engels in die Kerk 'n geleentheid verskaf vir die beoefening van 'n Engelse taalkennis en die oordra daarvan aan kinders, is faktore wat in latere jare dikwels genoem word as redes vir die gebruik van Engels as kerktaal deur Afrikaanssprekende gemeentes (vgl. Hoofstuk VIII hieronder).

(principally I suspect on racial and snobbish grounds) to have their worship in English ...

December 16 is in S.A. the day of the Covenant (formerly Dingaan's Day), a solemn public holiday ... It is often marked by strong nationalistic speeches of white politicians, but for some years we in the heart of Afrikanerdom, have had an interracial Mass at the Cathedral. It began with the White Bishop celebrating and preaching, but little by little it has become more evidently inter-racial not only in the pews but in the Sanctuary, till the point has been reached where an African Priest not only preaches but celebrates and distributes the most Holy Gifts, a great test for white people. But year by year the numbers of worshippers have increased, notably among the whites, who then entertain the blacks (mostly their servants at home) to an agape in the Cathedral Hall. This year Canon Makhetha sang the High Mass assisted by a white S.A. Priest of ancient Huguenot descent who was brought up in surroundings of strong antipathy to blacks, and by a young S.S.M. Father. The Mass was in Sechuana and English, the Epistle in English and the Gospel in Afrikaans. So we meet racialism.

I proceeded from St. Philips's and its lusty singing, to two hours bed in the S.S.M. Priory ... Then at 4 a.m. sang Mass in Sechuana for a mixed congregation of Bechuana, Besuto, amaXosa and doubtless others at the huge church of St. Patrick in Bloemfontein Native Village. There were some three hundred communicants. Again dignified though I thought over - restrained singing, but perhaps four o'clock in the morning would daunt most of us. Most of the congregation were doubtless servants and garden boys etc. many of whom would be at work before their white employers rose to a more leisurely Mass of Christmas, though there were indeed splendid midnight Masses at both the "European" churches in town.

An hour more sleep and on to St. Margaret's Bloemfontein, for the principal Mass (said with hymns). Here the congregation is white and served by a new Rector of old S.A.

Huguenot stock and of course completely bilingual, and a new Deacon, one of the first fruits of our prayers for vocations from young white South Africans. It is common now to have baptism or weddings in Afrikaans, or half English and half Afrikaans, and this is making a great impression on Bloemfontein as a whole. The Rector was brought up as a true blue Afrikaner (Boer) and that all consecrated in the Catholic Faith is a great inspiration...

Finally to the Cathedral at 10 for a very beautiful High Mass in English with communicants, "non-communicating attendance" being almost unknown in S.A. This Service on Christmas Day, was attended only by Whites, but the previous Sunday, blacks and whites mingled freely at the altar for the Ordination Communion. So we try to bear some witness, unworthy as we know it to be even here at the Afrikaner heart of our multi-racial land" (16).

Die Biskop skryf binne die etos van 'n Engelssprekende liberalisme van die vyftigerjare, en hy beklemtoon die verskeidenheid tale van sy Bisdom, asook die moontlikheid van verenigde aanbidding in die gesig die ideologie van apartheid. Dit is interessant om op te let dat die St. Philip's gemeente, wat Afrikaanssprekend was, Engels as kerktaal verkies het. Die Biskop suggereer "snobbish" en "racial" redes hiervoor. Met "snobbish" bedoel hy blykbaar 'n gevoel onder die gemeente dat Afrikaans nie genoegsame status gehad het om as kerktaal gebruik te word nie - 'n status wat Engels wel in hul oë gehad het. Die "racial" rede kan sinspeel op 'n begeerte van die gemeente om hulself van "blanke" Afrikaanssprekers te distansieer. Altwee dié faktore kom na vore in die gebruik van Engels as kerktaal deur Afrikaanssprekers in die tagtigerjare (vgl. Hoofstuk VIII).

Soos die Biskop aandui, was Afrikaans wel as kerktaal by St. Margarets - die "blanke" en hoofsaaklik Engelssprekende gemeente - vir dope en troues gebruik gedurende hierdie jare, en Hinchliff maak die volgende opmerking i.v.m. die gebruik van Afrikaans in Bloemfontein in die vroeë sestigerjare:

"Some European parishes use the Afrikaans version of the Prayer Book but the number of Afrikaner Anglicans is still very small ..." (17).

Gemeentes van Afrikaanssprekers en tweetaliges is ook in die Bisdomme van Damaraland (later tot Namibia hernoem), Pretoria, Johannesburg, Grahamstad, en Kimberley en Kuruman gevind. Bronne i.v.m. hierdie Bisdomme kon nie ondersoek word nie. Die wye gebruik van Afrikaans as kerktaal in die Provinsie teen die einde van hierdie tydperk word aangedui deur John Carter in sy boek Methods of Mission in Southern Africa (1963). Carter skryf dat die groot Afrikaanse lesersgetal in die K.P.S.A., en die feit dat dienste in Afrikaans gehou word, 'n behoefte aan Afrikaanse leesstof in die K.P.S.A. suggereer:

"It may be that we shall have to take more seriously the large Afrikaans readership in the Church of the Province, a readership that will grow further as Afrikaans is increasingly used in Bantu Education ... yet the fact that Afrikaans is widely used in conducting services suggests an equally wide need for Afrikaans literature..." (18).

Sy verwysing hier bevat natuurlik die gedagte dat daar 'n leemte was in die verskaffing van Afrikaanse lektuur.

3. PUBLIKASIES

3.1 LITURGIESE PUBLIKASIES

Die eerste Provinsiale Vertalingskomitee is in 1913 gestig, en het blykbaar Afrikaans onder sy werksaamhede ingesluit. Teen 1941 was daar aparte komitees vir Xhosa, Zulu, Sesuto, Sechuana en Afrikaans; en in daardie jaar is 'n komitee vir Sepedi ook gestig (19).

Geen Afrikaanse publikasies uit die jare 1930/1940 kon opgespoor word nie. Page, wat in 1947 skryf, kla oor die traagheid van Engelse priesters om Afrikaans aan te leer en sê:

"The English clergy have been all too slow in familiarizing themselves with (Afrikaans), and even by 1946 no official set of Afrikaans translations of the Prayer Book service had been published by the Church, although much labour has been expended in preparing one" (20).

Hy moet hiermee bedoel dat daar geen Afrikaanse uitgawe was van die amptelike Gebedeboek van 1662 nie. Ons weet dat die hersiene liturgie van 1924 al in 1925 vertaal was, en dié boek is amptelik deur die S.P.C.K. vir die Kerk gedruk. Page self verwys na die gebruik van Afrikaans as kerktaal gedurende die veertigerjare (en vroeër), wat, in 'n liturgiese kerk soos die K.P.S.A., die gebruik van Afrikaanse diensboeke moes genoodsaak het:

"(Afrikaans) is the common speech of the Coloured people, and in country districts it has been found necessary to hold services, and even to preach in it" (21).

Na 'n lang proses van liturgiese hersiening het die nuwe South African Prayer Book in 1954 verskyn, en dieselfde jaar is dele van die boek deur die S.P.C.K. in Afrikaans gepubliseer in 'n komposiete bundel onder die titel Algemene Gebed en Bediening van die Sakramente (22). Dit sluit onder meer die formuliere vir Oggend- en Aangebod en die Eucharistiediens in. In 1958 het die Afrikaans-Komitee van die Bisdom van George die Eucharistiediens laat publiseer saam met voorbereidingsgebede, gebede van danksegging, die biegeformulier en ander devosionele materiaal. Die titel van hierdie boek is Hemelsbrood, en dit is deur die S.P.C.K. gedruk. 'n Hersiene uitgawe het in 1964 verskyn.

'n Kopie van die 1954 Afrikaans-uitgawe van die Gebedeboek is te vinde in die biblioteek van St. Paul's Kollege Grahamstad. Verskeie kantlyn-opmerkinge en verbeteringe wat ingeskryf is, suggereer dat die boek daar op een of ander tyd in gebruik was. Dit was ook in wye gebruik in die Bisdomme van Kaapstad, George, en Kimberley en Kuruman. Die Bisdomme Bloemfontein, Pretoria, Johannesburg, en Grahamstad het ook daarvan gebruik gemaak.

Die St. Paul's biblioteek besit ook 'n kopie van 'n Altaar Missaal in Afrikaans wat in 1963 deur S.P.C.K. uitgegee is. Hierdie uitgawe bevat die Eucharistiediens van 1954 met een of twee verbeteringe. Die "kyrie eleison" in 1954 lees byvoorbeeld "Here ontferm U oor ons" (p. 214) en in 1963 "Here, wees ons genadig" (p. 3).

3.2 AFRIKAANSE GESANGE

Soos op p. 135 hierbo aangedui is, is die eerste Afrikaanse Anglikaanse Gesangboek deur Eerw. W. Schierhout voorberei, en in 1925 gepubliseer.

In 1950 het Aartsdiaken Wade van Kimberley 'n nuwe boek met 'n paar bygevoegde gesange uitgegee, en in 1956 is 'n hersiening van hierdie twee boeke gemaak. Dit is die werk van 'n komitee (onder voorsitterskap van Eerw. B. Berthold) wat Schierhout se taal hersien het, 'n paar van sy gesange weggelaat het, en ook nuwes bygevoeg het. In 'n voorwoord tot hierdie uitgawe verwelkom Aartsbiskop Clayton die verskyning van die boek, en hy verwys na die belangrike Anglikaanse beginsel dat bediening in 'n taal wat deur die mense verstaan word, moet geskied:

"Daar is baie Afrikaanssprekende mense wat min Engels gebruik, maar lede van die Kerk van die Provinsie van Suid-Afrika is, en ons eredienste gereeld bywoon. Die Anglikaanse Kerk aanvaar die beginsel dat eredienste, sover moontlik in die taal wat deur die mense verstaan word, gehou word ..." (23).

SAMEVATTING: c. 1940 TOT c. 1960

Die verwysing van Page in die veertigerjare en dié van Carter en Hinchliff in die sestigerjare na die leiding van kerkdienste in Afrikaans getuig van 'n algemene gebruik van Afrikaans as kerktaal onder Afrikaanssprekendes gedurende hierdie tydperk - só ook die verskyning van die Suid-Afrikaanse Gebedeboek in 1954 en 'n nuwe Gesangboek in 1956. Ongelukkig het ons nie die bronne om te kan omskryf hoe presies Afrikaans gedurende dié jare in aabidding gebruik is nie. N.a.v. mondelinge oorlewering en die patrone van die gebruik van "Dutch" in die vroeër geskiedenis van die Kerk, asook die gebruik van Afrikaans in die tagtigerjare kan aangeneem word dat daar gedurende hierdie tydperk groot variasies in die patrone van die gebruik van Afrikaans as kerktaal was.

Afrikaans is as kerktaal gedurende hierdie tydperk gebruik omdat daar - soos Clayton aandui - Afrikaanssprekendes in die K.P.S.A. was wat min kennis van Engels gehad het nie, en vir wie Afrikaans dus die geskikste kommunikasiemedium was. Ná die erkenning van Afrikaans as landstaal in 1925 kom daar egter 'n ander element by in die denke van kerkleiers t.o.v. die handhawing van Afrikaans in die K.P.S.A. Dié gedagte is naamlik dat Afrikaans geleer (en gebruik) moet word omdat Suid-Afrika

nou (amptelik) 'n tweetalige land is. Só 'n gedagte kon - en het dikwels - verband gehou met die bestaan van Afrikaanssprekende gemeenskappe in die Kerk wat 'n Afrikaanse bediening benodig het. Aan die ander kant kan die gedagte van die amptelike tweetaligheid van die land, van hierdie Anglikaanse Afrikaanse taalgemeenskap (wat nie deel gehad het aan die taalstryd wat tot die erkenning van Afrikaans in 1925 gelei het nie) geskei word, en bloot in die konteks van "blanke" sosio-politieke stromings gesien word. Soos 'n paar van die aangehaalde bronne aandui, is die relevansie van Afrikaans vir die Anglikaanse Kerk soms gedurende dié tydperk só gesien, en met die poging van die K.P.S.A. in die sestiger- en sewentigerjare om na die Afrikaner uit te reik, kom dié element weer sterk na vore in die besinning van kerkleiers oor die bevordering van Afrikaans in die K.P.S.A.

1. Letter, Phelps to S.P.G., 23 Feb. 1940, S.P.G., D487/1.
2. Letter, Phelps to S.P.G., 23 Jan. 1946, S.P.G., D487/3.
3. Letter, D. Profit to S.P.G., 23 Jan. 1946, S.P.G., D487/3.
4. Letter, C.T. Woods to S.P.G., D486/2; Report, C.T. Woods to S.P.G., 2 Feb. 1948, D487/3.
5. B. de Blank, My Brother Joost: a Personal Memoir (Boydell Press, Ipswich, 1977) p. 196.
6. de Blank, 1977, p. 295.
7. A. Paton, Apartheid and the Archbishop (David Philip, Cape Town, 1973) p. 41.
8. Hinchliff, 1963, p. 205.
9. Hinchliff, 1963, p. 244.
10. S.P.G., D456, 1937.
11. S.P.G., D459, 1937.
12. S.P.G., D491/1, 1939-1945.
13. Letter, Bishop of George to S.P.G., Dec. 1948, S.P.G. D491/2.
14. Annual Report, Bishop J. Hunter to S.P.G., Dec 1953 S.P.G., D
15. Bishop of Bloemfontein to S.P.G., D487/3 (Bloemfontein. S.A.).
16. Bishop of Bloemfontein, Annual Report, S.P.G., D, Jan. 1955 for 1954.
17. Hinchliff, 1963, p. 247.
18. J. Carter Methods of Mission in Southern Africa, 1963, p. 87.

19. Minutes, A Conference of Translators, Bloemfontein, 29 April 1941 in Provincial Board of Missions, Occasional Papers, Aug. 1941(S.P.G., D487/2).
20. B.T. Page, The Harvest of Good Hope (S.P.C.K., London, 1947) p. 155.
21. Page, 1947, p. 155.
22. Die volledige titel is: Algemene Gebed en Bediening van die Sakramente: Gedeeltes van 'n Boek van Algemene Gebed en Bediening van die Sakramente (S.P.C.K., London, 1954).
23. Afrikaanse Gesangboek, (S.P.C.K., London, 1956), p. 4. Die boek is op sy eie en as deel van 'n komposiete bundel met Algemene Gebed gedruk.

VII. AFRIKAANS IN DIE K.P.S.A. GEDURENDE DIE SESTIGER- EN SEWENTIGERJARE

Dat Afrikaans gedurende hierdie jare as kerktaal in wye gebruik was - veral in die plattelandse parogieë van die Bisdomme van Kaapstad, George, Bloemfontein en Kimberley en Kuruman - word duidelik aangedui deur bronne soos berigte in kerknuusblaaie, en deur die verskyning van 'n aantal Afrikaanse liturgiese, kategetiese, en geestelike publikasies, asook deur mondelinge oorlewering. Tog was dit weer 'n probleem om primêre bronne te ondersoek wat in detail sou kon vertel van die gebruik van Afrikaans as kerktaal op parogiale vlak. Dele van die notules van die Provinsiale Afrikaans Komitee kon wel nagegaan word, en hulle vertel iets van die pogings van kerkleiers op die gebied van Afrikaans om die taal in die K.P.S.A. gedurende hierdie periode te bevorder, en om na die nodighede van Afrikaanssprekendes om te sien.

Die Provinsiale Afrikaans Komitee het in 1964 tot stand gekom as gevolg van 'n algemene reorganisasie van vertalings- en publikasiewerk in die K.P.S.A waartydens die voormalige Afrikaans Vertalingskomitee (wat onder meer verantwoordelik was vir die uitgawe van die 1954 - Gebedeboekmateriaal) ontbind is. Die opdrag van die nuwe Komitee (wat tot op die huidige oomblik operatief is) sluit in:

- "(a) Pastoral concern for those Afrikaans-speaking people who are already members of the Anglican church, those who are unattached, and the Afrikaans-speaking community at large.
- (b) Liaison with the Department of Mission and the Publishing Department.
- (c) Performing the function of Afrikaans Committee for the Department of Publishing" (1).

Die belangrikste aspek van die Komitee se werk was - en is vandag - die versorging van Afrikaanse vertalings en publikasies. In die sestiger- en sewentigerjare het die Komitee egter ook 'n rol gespeel in ekumeniese relasies i.v.m. vertalingswerk en, verder, deel geneem in die poging van die Anglikaanse Kerk om 'n Apostolaat na die Afrikaner in te stel.

1. DIE APOSTOLAAT NA DIE AFRIKANER

By sy eerste vergadering het die nuut ingestelde Provinsiale Afrikaans Komitee besluit dat 'n konferensie gehou moet word "of those engaged in work where Afrikaans was used, to ascertain the needs as regards Afrikaans literature". 'n Paar maande later is egter besluit dat hierdie kwessie deel moet uitmaak van 'n "wider conference on the whole question of the mission of the Anglican Church to the Afrikaner" (2).

Dit kan opgelet word dat die Afrikaans Komitee reg aan die begin van sy besinning hieroor 'n verband lê tussen "work where Afrikaans (is) used" en "the mission of the Anglican Church to the Afrikaner" - 'n verband, dus, tussen die Afrikaanse taal en Afrikanerdom. Dat die Komitee so 'n verband sou lê, is verstaanbaar: Afrikaans is alom - ook in die K.P.S.A. - as die taal van die Afrikaner beskou. Wat ietwat eienaardig is, is dat die verband sonder meer getrek word deur leiers van 'n Kerk waar Afrikaans sedert c. 1925, en selfs nog vroeër, as kerktal buite die grense van blanke Afrikanerdom gebruik is.

Die kwessie van die Anglikaanse Kerk se sending en bediening t.o.v. die Afrikanerdom was in die middel-sestigerjare 'n gebied van algemene bespreking in die K.P.S.A., en in Junie 1965 het Biskop Burnett (destydse Biskop van Bloemfontein) 'n belangrike lesing gelewer oor "The C.P.S.A. and Afrikanerdom" (3). As gevolg hiervan het die nuwe Provinsiale Sendingdepartement by sy eerste vergadering van 21 Junie 1966 besluit om 'n komitee in te stel om 'n Apostolaat na die Afrikaner te onderneem. Die lede van hierdie komitee was Eerw. Kan. F.A. Amoores (voorsitter), Biskop P.H.F. Barron; Eerw. T.D. Verryn; Eerw. I.D. Weiss, en dr. E. Strassberger. Biskop Barron (Biskop van George) en dr. Strassberger was ook lede van die Provinsiale Afrikaans Komitee (4).

Op 7 September 1966 is 'n voorlopige konsultasie i.v.m. 'n Apostolaat na die Afrikaner gehou, en sekere aanbevelings (wat die opgespoor kon word nie) is aan die Episkopale Sinode voorgelê. Een gevolg hiervan was dat die Provinsiale Sendingdepartement in Augustus 1967 die volgende genotuleer het:

- "(i) That steps be taken to ensure that all priests whose work demands it are bilingual and have some knowledge of the Afrikaner; and

- (ii) That the continued use of Afrikaans for some of the Daily Offices is important; that there be regular talks at St. Paul's in Afrikaans by Afrikaners, followed by discussion in Afrikaans" (5).

Let op hoe die Sendingdepartement ook Afrikaans sonder meer met "Afrikaners" identifiseer. Daar was blykbaar geen bewuste besef dat Afrikaanssprekendes al lank 'n plek in die K.P.S.A. gehad het nie, en dat 'n Apostolaat na die Afrikaner nie vir die K.P.S.A. die enigste - of selfs die belangrikste - motivering vir die bevordering van die tweetaligheid van bedienaars kon wees nie.

Naas hierdie algemene bespreking het die konsultasie ook nege praktiese voorstelle gemaak. Veral interessant was die moontlikheid wat hulle ingehou het vir ekumenisie samewerking op die gebied van aanbiddingsformuliere in Afrikaans:

- " 1. Establishment of a body responsible for Afrikaans work in each Diocese.
2. To play a motivating part in the proclamation of the Gospel in Afrikaans.
3. To discover what needs exist in parishes and on an ecumenical level with regard for the use of Afrikaans in worship and work in various Churches but especially in the C.P.S.A. (it is envisaged inter alia that liaison be established with S.A.C.C., K.A.S., C.I. and others).
4. To provide information on the C.P.S.A. in Afrikaans inter alia by the Establishment of Afrikaans Enquiry Centres.
5. To provide up - to - date information on the organization of Afrikaans work in the C.P.S.A.
6. To Promote bilingualism in the C.P.S.A. by e.g.
 - (a) Encouraging ministers and ordinands to attend language courses.
 - (b) Co-ordination of Afrikaans work in the cities e.g. combined Sunday School and Confirmation classes in Afrikaans.

- (c) Arranging publication of bilingual service books.
 - (d) Encouraging parishes and other church institutions to use bilingual letter-heads.
 - (e) Encouraging parishes to use bilingual church notice boards and to publish all notices bilingually.
 - (f) Encourage the use of bilingual Church Forms and Certificates.
7. To promote the establishment of an ecumenical newspaper in Afrikaans.
 8. To foster the promotion of Bible Study Correspondence Courses in Afrikaans.
 9. To try to arrange that common forms of creeds, hymns, and prayers are made available for Ecumenical use" (6).

Op 4/5 Junie 1968 het die Sendingdepartement 'n tweede en meer breedvoerige konsultasie oor "Afrikaans work in the C.P.S.A." belê. Teenwoordig was Eerw. T. Verryn (voorsitter); mnr. H. Van der Riet; Eerw. I.D. Weiss; dr. E. Strassberger; Vr. A.D. Scholten, O.P. (voorsitter van die Rooms Katolieke Afrikanersentrum); Eerw. B.S. Berthold; Eerw. J. Daines, en Eerw. H.E.C. Thorpe. Van der Riet, Strassberger en Berthold het die Provinsiale Afrikaanse Komitee verteenwoordig (7).

Die konsultasie het "Afrikaans work" breedvoering bespreek. Drie algemene vrae is gestel: wat is die sending van die Anglikaanse Kerk t.o.v. Afrikaans en die Afrikanerdom; waarom het die K.P.S.A. in die taak tot dusver gefaal, en wat kan gedoen word om sake te verbeter? Die notulering van die bespreking rondom hierdie vrae dui weer aan - veral in punte b), c) en d) - dat "Afrikaans work" hoofsaaklik in verhouding tot die Afrikanerdom bespreek is, en nie tot bestaande Afrikaanssprekende en gebruikende gemeentes in die K.P.S.A. nie.

- " b) Why was there so little Afrikaans work in the C.P.S.A. and why so late? At least part of the answer to this question, it was felt, lay in the fact that we are frightened to hold this tension between English and Afrikaans (also especially because of the political overtones) within the C.P.S.A. It is an agony we must

- "1. To consider the command of Christ to preach the Gospel to all nations with special reference to Afrikaans-speaking people and to recommend action on the greater participation of the C.P.S.A. in that mission.
2. To consider further how the church can serve both the White and Coloured Afrikaans-speaking people.
3. To examine the equipment of the church for this task especially in regard to:
 - A. Indigenisation
 - B. Structures
 - C. Use of the Afrikaans language.
 - D. Literature - liturgical and general.
 - E. Training of clergy and lay leaders.
 - F. Finance.
4. To consider the prosecution of this mission in an ecumenical context, including the fostering of fraternal relationships with the Dutch Reformed Churches" (10).

Die komissie het in 1972 sy werk afgehandel. Sy aanbevelings kon nie opgespoor word nie, maar hulle is in Maart 1972 deur die Provinsiale Afrikaans Komitee aanvaar, wat gevoel het dat hulle tot 'n bloeityd vir "Afrikaans work" in die K.P.S.A sou lei.

Wat die praktiese uitwerking van hierdie vergaderings en komissies van 1964-1972 was, is moeilik om te bepaal.

Verskeie paragieë en kerk-instansies het tweetalige briefhoofde in gebruik geneem, en Afrikaanse dienste en toesprake is ook by St. Paul's Kollege ingestel. Hulle is egter na 'n paar jaar afgeskaf op versoek van die studente, wat gevoel het dat hierdie Afrikaanse dae nie op 'n betekenisvolle manier gebruik is nie. Afrikaanssprekendes het ook aangevoer dat hulle meer belang stel in die aanleer van Engels, terwyl sprekers van ander inheemse tale gesê het dat as Afrikaanse dienste gehou word, moet hulle tale ook gebruik word (11). Interessant genoeg is daar weer aan die einde van 1986 besluit om in 1987 gereelde dienste in tale wat by die kollege verteenwoordig word, insluitend Afrikaans, te hou. Hierdie keer was die motivering

vir die gebruik van die taal nie die noodsaaklikheid van tweetaligheid nie, en daar was ook geen identifikasie van Afrikaans met Afrikaners nie.

Alhoewel die periode 1964-1980 wel 'n groei van Afrikaanse werk gesien het op die gebied van publikasies, die gebruik van die taal deur bedienaars van Afrikaanssprekende gemeentes (waartoe die toenemende getal inheemse en dus moedertaalsprekende geestelikes bygedra het), die opleiding van lekebedienaars en die algemene struktuur vir die verskaffing van 'n Afrikaanse bediening, het die Apostolaat na die Afrikaner nie veel sukses behaal met sy doel om die "uitheemse" en "Engelse Kerk" - beeld van die K.P.S.A onder die Afrikanerdom te verander nie. In sy verslag aan die Kommissie van Onderzoek in Provinsiale Departemente van 1979 erken die Afrikaans Komitee sy mislukking in pogings van uitreiking na die Afrikaner, en sê hy dat sy eintlike werk "providing for the needs of the Afrikaans speaking Anglicans in all facets of our church life" is (12).

2. EKUMENIESE SAMEWERKING

'n Noemenswaardige aspek van die Provinsiale Afrikaans Komitee se werk was hul pogings, in samewerking met die Apostolaat na die Afrikaner, om uniforme lesings van gemeenskaplike liturgiese tekste uit te bring.

'n Eerste stap in dié rigting is in Oktober 1967 gedoen toe die Komitee kontak gemaak het met Vr. A. Scholten O.P. van die Rooms-Katolieke Kommissie vir die Afrikaanse Apostolaat. Na aanleiding van hierdie besprekings is 'n beraad in November 1967 gehou waarby die Afrikaans Komitee, die Katolieke Afrikanersentrum en die Christelike Raad van Suid-Afrika betrokke was.

Die beraad het die 1954 Anglikaanse Gebedeboekvertaling bespreek, en besluit dat "the same things could be said more briefly and in better Afrikaans without deviating from the terms of reference governing the translation" (nl. dat die vertaling 'n idiomatiese maar eksakte weergawe van die oorspronklike Engelse tekst moet wees). Die Katolieke Afrikanersentrum het aangebied om die Gebedeboek na te gaan en om verbeteringe voor te stel. Hierdie aanbod is om finansiële redes nie aanvaar nie.

Die moontlikheid van uniforme Afrikaanse lesings van gemeenskaplike liturgiese tekste is ook bespreek. Naas die "Onse Vader" is die Geloofsbelofte, die "Eer aan die Vader", die "Gloria in excelsis Deo", die "Agnus Dei", Lofgesange en

Seëninge as gemeenskaplike tekste genoem. Daar is gevoel dat die Lutherse Kerk ook sou belangstel in 'n projek om uniforme tekste te skep. Verder is daar besluit om die N.G.K. te nader i.v.m. moontlike uniforme lesings van die "Onse Vader" en Geloofsbelydenisse.

'n Verwante saak wat bespreek is, is die kwessie van die vertaling van die Psalms vir liturgiese gebruik. Die Dominikaanse Huis op Stellenbosch het in die sestigerjare Afrikaanse liturgiese weergawes van die Psalms gebruik, en die beraad het voorgestel dat hulle saam met die K.P.S.A. die Bybelsalms vir liturgiese gebruik hersien (13).

Hoe groot die praktiese uitwerking van die konsultasie was, is onduidelik. Die notules van die Afrikaans Komitee dui aan dat dit tot 'n mate van samewerking gelei het, veral t.o.v. die liturgiese Psalms. 'n Vergelyking van Liturgie 1975 en die Katolieke formulierboek Woord en Sakrament (1976) dui egter op groot verskille in gemene gebede en in die gemene Eucharistiese formulier (Eucharistiese Gebed 3 in Liturgie 1975, en Kanon 2 in Woord en Sakrament) (14).

Na die konsultasie het Vr. B.S. Berthold, Sekretaris van die Provinsiale Afrikaans Komitee, die N.G.K. Uitgewers en Boekhandel genader i.v.m. die Afrikaanse weergawe van die "Onse Vader" en die Geloofsbelydenisse met die versoek:

"Would your Liturgical Committee consider entering into discussions with representatives of other churches regarding the alterations of such formularies"

Dit is nie onbillik om te sê nie dat dit iets laat glip van die aard van die Afrikaans Komitee, gedurende hierdie jare dat hy sy korrespondensie oor Afrikaanse tekste aan 'n Afrikaanssprekende gemeenskap in Engels rig! Die volgende antwoord is ontvang:

"After careful consideration and after consulting my superiors, I wish to inform you as follows: The Dutch Reformed Church with Afrikaans as their language medium, have their own authorised translation of the Lord's Prayer and the Creeds at their disposal. Their translations have been approved and sanctioned by our Synods and I very

much doubt if they will be interested in any discussion to that effect" (15).

Een gebied van suksesvolle ekumeniese samewerking in Afrikaans was vir 'n tyd die publikasie van die Anglikaanse/Rooms Katolieke maandblad Die Brug.

3. VERTALINGSWERK: 1964-1980

Gedurende die jare 1964-1980 het die Provinsiale Afrikaanse Komitee verskeie liturgiese vertalings onderneem. Van die belangrikste word kortliks hier genoem:

3.1 DIE SUID-AFRIKAANSE GEBEDEBOEK

Hul eerste belangrike werk was 'n nuwe vertaling en hersiening van die Gebedeboek van 1954, waarmee die voormalige Afrikaans Vertalingskomitee alreeds begin het. Die vertaling is hoofsaaklik die werk van 'n sub-komitee bestaande uit Aartsdiake Lloyd en Vr. Robinson, maar dit is deur die hele Provinsiale Afrikaans Komitee gekontroleer. Dele van die boek is ook aan prof. R. Antonissen, mej. A. Rothmann van Swellendam en dr. J. Kromhout vir kommentaar, hersiening en "polishing" voorgelê (16).

Die vertaling van die Gebedeboek is in September 1969 afgehandel, maar daar is besluit om nie 'n Gebedeboek in Afrikaans te laat druk nie, want:

- "1. The Afrikaans Bible was being revised and the Biblical passages such as the Epistles, Gospels and Psalms would soon be out of date.
2. There was a state of liturgical flux which was likely to continue for some time. It would be unwise to produce a book which could very well be of little relevance in a few years.
3. Many Parishes were in favour of little books or cards which could be used on ecumenical occasions such as baptisms, confirmations, marriages and burials" (17).

Dele van hierdie nuwe vertaling is egter gepubliseer. Aparte diglossiese uitgawes van die Oggend- en Aanddienste en die Bevestigingsdiens is voor 1969 gedruk, asook 'n nuut-hersiene uitgawe van Hemelsbrood (1964).

3.2 DIE EKSPERIMENTELE EUCHARISTIESE LITURGIE, 1969

In Oktober 1969 het die K.P.S.A. 'n nuwe eksperimentele eucharistiese liturgie in gebruik gebring wat die Komitee vertaal en in Oktober 1969 laat druk het. Daar is geen aanduiding in die notules van wie verantwoordelik was vir die vertalingswerk nie. In Maart 1970 het die Komitee suggesties en kritiek i.v.m. die taal en woordeskat van die liturgie van 'n aantal Weskus-geestelikes ontvang wat tot verbeteringe in die vertaling gelei het (18).

3.3 LITURGIE 1975

In Mei 1973 het die Episkopale Sinode 'n nuwe liturgie gemagtig, wat in al die tale van die Provinsie vertaal is. Die eerste konsep van die Afrikaanse vertaling is deur mnr. Ian Murray van Paarl en dr. Serfontein van Stellenbosch onderneem, en deur die Komitee gekontroleer. In Februarie, 1974 is 'n liturgiese sub-komitee aangestel om met hierdie werk voort te gaan, waarvan die lede Aarsdiaken Lloyd (voorsitter), dr. E. Straussberger, Vr. D. Auret en dr. Gonin was. Hulle werk is in 1975 afgehandel, betyds vir die verskyning van die nuwe liturgie in die verskeie tale van die Provinsie.

Liturgie 1975 verskyn in twee uitgawes, 'n gemeentelike uitgawe met die formuliere vir die Eucharistie en Oggend- en Aandgebed, en 'n Bedienaarsboek wat hierby die kollekgebede en ander materiaal insluit. Die Gemeenteboek is ook in Engels, Pedi, Tswana, Sotho, Zulu en Xhosa uitgegee, terwyl die volledige Bedienaarsboek in 1975 slegs in Engels, Afrikaans en Zulu verskyn het. 'n Veeltalige Altaarmissaal bevat die Eucharistieformulier in Engels, Zulu, Xhosa en Afrikaans.

Liturgie 1975 is gedurende die laat sewentigerjare en in die tagtigerjare in algemene gebruik in die K.P.S.A. geneem; en alhoewel die Gebedeboek van 1662 nog steeds die amptelike Gebedeboek van die Anglikaanse Kerk is, het die formuliere van Liturgie 1975 (en die Gebedeboek van 1954) deur algemene gebruik die standaard diensvorme van die Kerk geword.

3.4 GELEENTHEIDSDIENSTE EN ANDER LITURGIESE VERTALINGS

In die laat sewentiger- en tagtigerjare het die Komitee verskeie geleentheidsdienste en ander provinsiale formuliere vertaal en hersien. Kan. Lloyd het in 1976/1977 saam met dr. E. Strassberger hieraan gewerk en prof. R.H. Pfeiffer het van die vertalings gekontroleer. Later is die werk alleen deur dr. E. Strassberger onderneem.

Die grootste enkele stuk werk was die vertaling van die Vastyd - en Paasfeesdienste wat in 1980 onder die titel Aswoensdag tot Paasfees verskyn het. Verskeie geleentheidsdienste uit "Series 3" van die Alternative Service Book van die Kerk van Engeland is ook vertaal, insluitend die formuliere vir Doop en Bevestiging, en die Huweliks- en Begrafnisdienste.

Hierdie vertalings het, saam met die materiaal in Liturgie 1975 die basis gevorm van die nuwe Anglikaanse Gebedeboek wat in Junie 1989 gepubliseer is in Afrikaans, Engels, Setswana, Sesotho, Siswati, Noord Sotho, Xhosa en Zulu (19). Die Boek is tydens 'n Eucharistiediens op 4 Junie, gedurende die sitting van die 1989 Provinsiale Sinode, bekend gestel. Ongeveer 3000 mense het die diens bygewoon wat in die verskeie tale van die Provinsie geskied het.

3.5. GESANGE EN ANDER AFRIKAANSE LEKTUUR

Naas liturgiese vertalings het die Komitee 'n groot aantal kategetiese, geestelike, opleidings- en inligtingsmateriaal vertaal. Oorspronklike materiaal is ook in Afrikaans uitgegee, en in 1975 is 'n diglossiese gesangbundel voortgebring onder die titel Sing Hosanna. Verskeie nuusblaaie is ook gepubliseer: naamlik Die Brug (in sameweking met die Rooms Katolieke Kerk) Die Net, en Neem en Lees.

4. SAMEVATTING: DIE SESTIGER- EN SEWENTIGERJARE

Gedurende die sestiger- en sewentigerjare het die Provinsiale Afrikaans Komitee deel gehad in die poging van die Anglikaanse Kerk om sy beeld onder die Afrikanerdom te verbeter. Hierdie poging het in sy spesifieke doel van uitreiking na die Afrikanerdom geen noemenswaardige vrug gedra nie. Dit het wel tot vernuwung van Afrikaanse werk onder bestaande Afrikaanssprekende en gebruikende gemeentes gelei.

Die mislukte pogings van die Apostolaat na die Afrikaner het gestem uit 'n begeerte onder sekere Anglikaanse kerkleiers om die K.P.S.A. meer duidelik binne die nuwe onafhanklike (en Afrikaner - gedomineerde) Suid-Afrikaanse konteks van die sestigerjare te wortel deur 'n uitreiking na die blanke Afrikaner. Een van die faktore wat tot hierdie begeerte bygedra het, was die probleem van die "uitheemse" en "Engelse" etos van die Kerk, en dit was te verwagte dat die hele kwessie van taalhandhawing 'n belangrike vraag in enige uitreiking die na Afrikanerdom sou wees. Dit is ook te verwagte dat wanneer taalhandhawing i.v.m. so 'n uitreiking bespreek is, die feit van amptelike tweetaligheid as belangrik beskou sou word. Wat enigsins onverwags voorkom, is die aanduidings dat die Afrikaans Komitee (soos ook die Sendingdepartement) soms die handhawing van Afrikaans in die K.P.S.A. wou grond op die feit van amptelike tweetaligheid en die status van die taal as taal van die Afrikanerdom, en nie op die feit van die bestaan van 'n Afrikaanssprekende taalgemeenskap binne die K.P.S.A. nie. Miskien is 'n rede hiervoor dat die Komitee nie verteenwoordigend was van laasgenoemde nie. Alhoewel die Anglikaanse Kerk gefaal het in hierdie laat uitreiking na die Afrikanerdom, en alhoewel die Afrikaner in die twintigste eeu - soos sy voorouers in die negentiende - nooit 'n noemenswaardige komponent van die K.P.S.A. uitgemaak het nie, het die Afrikaanse *taal* in die twintigste eeu (soos "Dutch" in die negentiende) wel plek gevind as kerktaal (20). Dit het hy gekry, nie op grond van die amptelike tweetaligheid van die land nie, maar op grond van die bestaan van Afrikaanssprekende gemeentes binne eie geleedere.

Hoofstuk VIII sal die status en gebruik van Afrikaans gedurende die tagtigerjare dokumenteer.

1. Constitution of the Provincial Afrikaans Committee (P.A.C.) Nov. 1971; May 1973; Oct. 1979.
2. Minutes, P.A.C., 9 April 1964; 29 Sept. 1964.
3. 'n Afdruk van die lesing kan gevind word in die Provinsiale Argief, Cullen-biblioteek, Universiteit Witwatersrand, AB 896.
4. Minutes, Department of Mission (D.O.M.)/P.A.C., 21 June 1966.
5. Minutes, D.O.M./P.A.C., Aug. 1967.
6. Minutes, D.O.M./P.A.C., 5/June 1968.
7. Minutes, D.O.M./P.A.C., 5/June 1968.
8. Minutes, D.O.M./P.A.C., 5/June 1968.
9. Minutes, P.A.C., Aug. 1970.
10. Minutes, P.A.C., 4 Feb. 1971.
11. Eerw. J. Marcus en verskeie informante, St. Paul's Kollege, Grahamstad, Sept., 1986.
12. Minutes, P.A.C., 13 Oct. 1979.
13. Minutes, P.A.C. 2/3 July 1968.
14. Vgl. Woord en Sakrament (K.A.S., Pretoria, 1976) pp. 522 e.v. en Liturgie 1975 (Collins, London, 1975) pp. 19 e.v.
15. Minutes, P.A.C., 2/3 July 1968.
16. Minutes, P.A.C., 15 Aug. 1966.

17. Minutes, P.A.C., 25 Sept. 1969.
18. Minutes, P.A.C., March 1970. Die liturgie verskyn in 'n boekie sonder publikasiedatum of uitgewer onder die titel: Voorlopige Alternatiewe Formuliere van die Daaglikse Eredienste van die Oggend en die Aand en Die Heilige Nagmaal.
19. Die volledige Afrikaanse titel is: 'n Anglikaanse Gebedeboek 1989 (Collins Liturgical Publications/ David Philip, Kaapstad, 1989).
20. Vgl. M. Nuttall, The Making of a Tradition, 1870 - 1970, pp. 11 e.v. angehaal deur J.W. de Gruchy The Church Stuggle in South Africa (David Philip, Cape Town, 1979, p. 22).

VIII. DIE STATUS EN GEBRUIK VAN AFRIKAANS IN DIE ANGLIKAANSE KERK GEDURENDE DIE TAGTIGERJARE

Hoofstuk VIII wil op 'n algemene wyse die huidige status en gebruik van Afrikaans binne die K.P.S.A. dokumenteer.

Die gebruik van Afrikaans as kerktaal in 'n aantal plattelandse parogieë in die Bisdom van Kaapstad word eers beskryf. Daar is ook verwysing na stedelike parogieë van die Bisdom. Die inligting hier is gebaseer op vraelyse wat tussen Junie en Augustus 1983 versprei is (volledig weergegee met verduideliking en evaluasie in Bylae I). Waar moontlik is hierdie materiaal aangevul deur gesprekke en persoonlike waarnemings gemaak gedurende Januarie tot Augustus 1983. Naskrifte bevat gegewens verkry n.a.v. 'n tweede vraelys wat in September 1988 versprei is, en verdere besinnings gemaak van 1986 tot 1988. Die 1988 - vraelys is te vinde in Bylae II.

Alhoewel hierdie hoofstuk op die plattelandse parogieë van die Bisdom van Kaapstad konsentreer, sal daar ook, n.a.v. sekondêre bronne en die 1988 - opname, verwysing wees na die gebruik van Afrikaans elders in die Provinsie.

Die doel van die hoofstuk is om breë patrone waar te neem en te beskryf; wat besonderhede betref mag dit hier en daar veralgemenend wees.

1. AFRIKAANS IN DIE BISDOM VAN KAAPSTAD

1.1 DIE PAROGIE VAN BOTRIVIER, 1983

Gedurende Januarie tot Augustus 1983 het ek as leke-assistent in die Parogie van Botrivier gewerk. Inligting i.v.m. Botrivier is dus meer gedetailleerd as die ander parogieë wat bespreek sal word.

Botrivier is 'n tipiese Kaapse plattelandse parogie, en in wat volg, gee ek so 'n uitvoerige beeld as moontlik van die huidige taalsituasie m.b.t. kerktaal in die Parogie en vertel iets van sy historiese en sosiologiese agtergrond. Patrone wat hier waargeneem is, sal taamlik verteenwoordigend wees van ander plattelandse parogieë, nie net in die Bisdom van Kaapstad nie maar ook elders in die K.P.S.A. (veral in die Bisdomme van George, en van Kimberley en Kuruman).

Die Parogie van Botrivier strek van Kleinmond langs die Suid-Kaapse kus tot Villiersdorp in die binneland. Dit bevat vier kapelle (St. Peter's, Botrivier; St. Mary's, Houwhoek; St. Nicholas', Kleinmond, en St. Augustine's, Villiersorp). Daar is ook 'n aantal kleiner gemeentes (Helderstroom Gevangenispersoneel; Lebanon Bosboustasie, en Theewaterskloof Waterwesestasie).

Botrivier is eers in 1981 as 'n selfstandige parogie gestig. Die vier kapelle het egter elkeen 'n langer geskiedenis, en het voorheen deel uitgemaak van die Parogie van Elgin en Caledon.

Die vier Kapelle word afsonderlik bespreek.

1.1.1 St. Peter's, Botrivier

Algemene historiese en sosiologiese agtergrond

Botrivier is geleë langs die N2, omtrent 100 km vanaf Kaapstad, halfpad tussen die groter plattelandse dorpe Elgin/Grabouw, en Caledon. Daar is geen groot sakeondernemings of nywerhede op die dorp nie waaroor daar 'n besliste landelike atmosfeer heers.

Volgens die 1980-sensusopname (ek gebruik die terminologie van die Caledon-Gemeenskapsdiens se Gemeenskapsprofiel 1982) was daar in 1982, 1565 "nie-blanke" en 155 "blanke" inwoners op Botrivier (1). St. Peter's-kerkgebou en pastorie is in die "nie-blanke" groepsgebied van die dorp geleë. Die meeste lidmate van St. Peter's is ongeskoolde arbeiders (byvoorbeeld appelfabriekwerkers en handlangers in die boubedryf), en geskoolde ambagslui (bouers, timmermans ens.) Daar is ook 'n aantal professionele persone, veral onderwysers, en die leiding van die gemeente berus grotendeels in hul hande. Dit is 'n tipiese verskynsel van die plattelandse parogie dat onderwysers 'n leidende rol in die gemeente speel.

Die geskiedenis van St. Peter's Kerk hang ten nouste saam met dié van die E.K. (Engelse Kerk) Primêre skool op Botrivier. St. Peter's Kerk is in 1922 gestig, en tot 1980 het dit deel uitgemaak van die Parogie van Caledon. In 1981 het dit deel geword van die nuwe Parogie van Botrivier. Die gemeente het in 1982 sy sestigste gedenkfees gehou. Die uittreksel in Bylae II uit die gedenkboekie vir hierdie

die informante) wel as Kerktal gebruik - maar ek kon nie agter kom hoe gereeld of vir watter dienste of dele van dienste nie. Gemeentelede het Nederlandse Bybels, Gesangboeke en Nederlandse vertalings van die Gebedeboek besit. Later is Afrikaans in kerkdienste gebruik - maar daar was (weer in die woorde van 'n informant):

"Ook in ons kerk soos in die N.G. teenstand teen die gebruik van Afrikaans in die kerk. Mense het gevoel Hollands is meer verhewend, Afrikaans is plat" (5).

Die Afrikaanse liturgiese boek Hemelsbrood (1958; 1963) is gebruik, maar volgens een informant was die Eucharistieformulier altyd in Engels (m.a.w. volgens die 1662 Book of Common Prayer, verskeie eksperimentele liturgieë of die South African Prayer Book van 1954). In 1983 was die Eucharistieformulier nog steeds in Engels. Liturgy 1975 is gebruik, en Afrikaans is as liturgiese taal vir die Oggend- en Aanddienste gehandhaaf (6).

Priesters wat Afrikaans kon praat, het dié taal in omgang met die mense gebruik asook vir preke in die dae voordat die Afrikaanse liturgie algemeen in kerkdienste gebruik is. Vr. W.F. Middleton (Rektor van Caledon 1895-1926), Vr. W. Gregorowski (1950 - 1952) en Vr. N. Pringle (1976 - 1980) is genoem. Die gemeente het egter ook priesters gehad wat geen of min Afrikaanse kon praat nie. Vr. H. Earp-Jones (1927 - 1945) en Vr. J. Sierwald (1973 - 1976) is hier onthou. Laasgenoemde het probeer om Afrikaans vir sy preke te gebruik, maar is deur sy kerkvoogd gevra om eerder Engels te gebruik want - "goeie Engels is makliker om te volg as swak Afrikaans" ('n mening wat ek dikwels teëgekom het.) Hierdie kerkvoogd het die opmerking gemaak dat "sommige mense die gawe het om in eenvoudige Engels 'n les te kan oorsit vir 'n Afrikaanssprekende gemeente". Volgens hom het Aartsbiskop Joost de Blank hierdie gawe besit, en mense onthou tot vandag toe die toespraak wat hy gelewer het in 1958 by die inwyding van die nuwe St. Peter's Kerk- en Skoolperseel op Botrivier (7).

Die rol van plaaslike leke-kerkleiers moet ook opgelet word. Hulle was Afrikaanssprekend en het van die begin af hul eie taal gebruik in die leiding van kerkdienste (Oggend- en Aanddienste), vir preke, katekisasie klasse ens. Soos alreeds aangedui is, het sulke leke (dikwels plaaslike onderwysers) 'n belangrike rol in die lewe van die Parogie gespeel.

Om saam te vat: die geskiedenis van taalhandhawing onder die Anglikaanse gemeente van Botrivier sien soos volg daaruit: Afrikaans is, en was altyd, die algemene omgangstaal van die mense ("Afrikaans mag wel vandag die taal van die verdrukker wees - maar dit is ook ons moedertaal", is 'n mening wat ek dikwels teëgekom het). Die liturgiese taal van hul Kerk was blykbaar nog altyd Engels vir die Eucharistiediens gewees, (en hierdie feit het deel van die gemeente se selfidentiteit geword), tog is Nederlands vanaf die vroegste jare ook as kerktaal gebruik, en later (blykbaar in die twintigerjare) het Afrikaans die plek van Nederlands ingeneem. Moontlik is Afrikaans as preek- en katekisasietaal gebruik nog voordat dit die plek van Nederlands as liturgiese taal ingeneem het.

Die groot meerderheid van kerklidmate het Afrikaans as hulle moedertaal gegee. Daar is eintlik slegs een familie op die kerkregister wat Engels as tuistaal gegee het. Volgens my waarnemings het die ouers (afkomstig van Port Elizabeth) wel Engels as huistaal gebruik. Die kinders was egter duidelik Afrikaanssprekend, en die ouers (volgens die erkenning van die moeder) was, sedert hulle op Botrivier is, besig om Engels te verleer. Die ouers het nog steeds Engels met mekaar gepraat en met die priester en hulle kinders, maar dit was interessant om op die let hoe die kinders Afrikaans gebruik het onder mekaar en in antwoord op die Engels van die ouers.

Dit was opmerklik dat 'n aantal ouers in die gemeente probeer het om hul kinders in Engels op te voed. Volgens my aantekeninge was almal wat dit probeer doen het onderwysers. Ek het een interessante situasie teëgekom waar die ouers net Engels met die jongste kind van die familie gepraat het, maar Afrikaans met mekaar en die ouer kinders. 'n Ander lidmaat van die kerk het my meegedeel dat dit 'n algemene verskynsel is. Volgens haar verleer die kinders hulle Engels sodra hulle begin skool gaan: al die skole in die omgewing is Afrikaans-medium staatskole (8).

Die gemeente het beide die Afrikaanse en die Engelse uitgawes van die hersiene liturgie (Liturgie 1975/ Liturgy 1975) gebruik. By Heilige Eucharistiedienste (5 dienste per maand) was die Engelse Liturgy 1975 altyd gebruik; Aanddienste (2 per maand) het die Afrikaanse Liturgie 1975 gevolg. Skriflesings en preke by alle dienste (insluitend die Eucharistie) was gewoonlik in Afrikaans. Beide die ou en die nuwe Skrifvertalings is gebruik, maar daar was 'n voorkeur vir die oue. (Besware teen die nuwe vertaling van 1979 het ingesluit dat dit "plat" was; en die gebruik van terme soos "baas" en "boer" is as onsensitief beskou. Die uitgawe van 1983 het verskeie verbeteringe aangebring). Vrye gebede van die gemeentelede was altyd in Afrikaans.

Die priester se vrye gebede was in Afrikaans of Engels. Wanneer liturgiese gebede geoffer is, het hulle die taal van die diens gevolg.

Gesange en koortjies was gewoonlik in Engels. Die gesangboek Hymns Ancient and Modern (revised), wat in alle dele van die Anglikaanse Gemeenskap bekend is, is gebruik, asook Praise the Lord, 'n plaaslike koortjieboek uitgegee deur Scripture Union. Bekende Afrikaanse koortjies is ook gesing voor die diens en tydens die kommunie.

Die Sondagskool en Jeuggroep het 'n koortjierepetoire van Engelse en Afrikaanse liedere, wat tydens familiedienste ook in die kerk gesing word. Die meeste koortjies was egter Engelse.

Dit was interessant om op te let dat 'n paar lede van die Jeuggroep Engelse weergawes van die Bybel na vergaderings gebring het. By een vergadering is 'n Bybelstudie gehou, en mense met Engelse Bybels het hul vriende se Afrikaanse vertalings gebruik, omdat hulle nie die teks in Engels kon volg nie. Die verskyning van die Engelse Bybels was blykbaar te danke aan die kontak wat lede van die Jeuggroep gehad het met die Susters van die Gemeenskap van die Opstanding, en ander kerkgroepe in Kaapstad wat Engels as taalmedium gebruik.

Bevestigingsklasse het in Afrikaans geskied. Al die kandidate was Afrikaanssprekendes. Party van hulle het vroeg in 1983 gevra dat Engels gebruik word maar die versoek is nie toegestaan nie. Die kinders se kennis van Engels was swak, en die rede vir die versoek was 'n (tipiese) begeerte om hul Engels te verbeter. Miskien was daar ook 'n element van snobisme daarby. Die kinders het 'n goeie begrip van die Afrikaanse Liturgie 75 gehad. Hulle begrip van die Engelse liturgie was egter swak (of miskien het hulle nie die selfvertroue gehad om hulself in Engels uit te spreek nie); maar dit was interessant om op te let hoe hulle, sodra hulle besef het watter deel van die Engelse liturgie gelees word 'n spontane Afrikaanse vertaling amper in die woorde van die Afrikaanse liturgie kon maak.

Kerkraadvergaderings het in Engels en Afrikaans geskied. Die Rektor en lede van die raad wat tweetalig is, het al twee tale gebruik, terwyl ander lede slegs Afrikaans gebruik het. Dit was opmerkbaar dat die nie - Engelsmagtige lede van die raad dikwels 'n passiewer rol as hul medelidmate gespeel het: sodra die bespreking na Engels oorgeslaan het, was hulle stil.

Die Moeders - Unie het die Gebedeboek vir Gesinslede en Groepdienste (uitgegee deur die Unie) gebruik. Hulle vergaderings en dienste het in Afrikaans geskied, behalwe vir gesange. Vir die gesange is dié boek en die ou Moeders - Unie formulierboek gebruik, wat party lede in Engels en ander in Afrikaans besit het. Hulle was dus in altwee tale. Die bediening van die siekekommunie, wat in private huise plaasvind, het altyd in Afrikaans geskied.

Tydiens my verblyf op Botrivier het ek 'n paar waarnemings i.v.m. taalvorme gedoen. Wat my veral getref het, was die gemis onder hierdie Afrikaanssprekende gemeente aan 'n Afrikaanse Anglikaanse woordeskat. Woorde soos "sanctuary", "Eucharist", "Father", "institution" ("die institution van Father" i.p.v. "die inseëning van"), "confirmation", "Cathedral", "Dean" "Archdeaconry Council" ens. is beide in gesprek en in skrif gebruik i.p.v. hulle Afrikaanse ekwivalente. Maar die proses is nie konsekwent nie: byvoorbeeld, in dieselfde brief skryf 'n korrespondent van "die Cathedral" en "die dean van die Katedraal", van "Father" en "Vader", van "confirmation" en "bevestiging" (9).

Veral interessant was die gebruik van die woord "peace". "Die "peace" of "vredegroet" is deel van die Eucharistiese liturgie en dit word in die diensboeke onder dié titels aangedui - in Engels of Afrikaans afhangende van die taal van die diensboek. In Engels word gepraat van "giving the peace" tydens die "peace", en op Botrivier (waar die Engelse Eucharistiese liturgie gebruik word) gebruik die mense nou die Engelse naamwoord "peace" as werkwoord. Hulle sê: "Ek het vir mnr. X ge-peace".

Van die informante wat vraelyste ingevul het, het 'n paar 'n persoonlike voorkeur vir Engels aangetoon. Almal was egter gelukkig met die taalsituasie in die Anglikaanse Kerk op Botrivier.

Om saam te vat: St. Peter's, Botrivier is 'n Afrikaanssprekende Anglikaanse gemeentè, waarin, soos dit elders die geval is, Engels en Afrikaans as kerktaal gebruik word. Die liturgie van die Eucharistiediens is altyd in Engels; Engels word af en toe by kerkraadvergaderings gebruik op 'n wyse wat Afrikaanssprekendes van die bespreking kan uitsluit; die ekklesiale woordeskat is dikwels Engels, en daar is 'n voorkeur vir Engels onder sekere van die Afrikaanssprekende gemeentelede. Aan die ander kant speel Afrikaans ook 'n belangrike rol as kerktaal. Dit is gewoonlik die preektaal, asook liturgiese taal vir nie-eucharistiese dienste, katkisasietaal en die taal wat meestal by vergaderings van kerkorganisasies gebruik word.

Die relasie tussen Afrikaans en Engels is nogal mooi belig deur 'n insident wat op 9 Maart 1983 voor 'n weeksdag - Eucharistiediens in St. Peter's Kerk plaasgevind het. Die priester het die gemeente gevra (in Afrikaans) of hulle die Engelse of Afrikaanse diensvorm wou gebruik. 'n Ou dame het, sonder enige teenkating geantwoord: "laat ons maar weer die Engelse vat". Voor die diens, na die diens en selfs tydens die vredegroet gedurende die diens het die mense Afrikaans gebruik. Die Skriflesings was in Afrikaans (daar was geen preek nie), maar hulle het die Engelse liturgie gekies - "want ons is mos die Engelse Kerk!"

1.1.2 St. Mary's, Houwhoek

St. Mary's Houwhoek is een van die oudste Anglikaanse gemeentes in hierdie deel van die Bisdom. 'n Voormalige Rektor van Caledon, Kanuniek F.V.D. Byl skryf soos volg in die Holy Trinity Newsletter van 23 Maart 1956:

"The first mention of our work at Houwhoek is in the printed report presented to the Easter vestry meeting for 1856, which states: 'A district school will be opened at Houwhoek on 1st April under the charge of Mr. Campbell'. The first mention of services there is in the record of offertories taken there in October and December 1854. By 1856 services were held regularly on the third Sunday of every month. In the report of 1855 there is a notice that services were held at Mr. Jackson's on the last Wednesday afternoon of every month"

Hierdie Newsletter word bewaar in die private argief van mnr. Jackson, eienaar van Korteschoven plaas te Houwhoek. Ander dokumente in die argief laat blyk dat daar 'n tydperk was toe beide skool en kerkgemeente veelrassig was. Veelseggend is die volgende instruksies gevind by 'n skoolregister (ongelukkig sonder datum):

"White or coloured; boys or girls -

In all cases boys and girls should be entered on different pages; and if it should unfortunately be the case that both white and coloured pupils attend any school, the names of white boys, coloured boys, white girls and coloured girls should be entered on different pages" (10).

'n "Report of Inspection" van 29 Oktober 1901 suggereer dat onderrig in dié jare in Engels was (11). Dit is ook die getuienis van mev. Sarah Barry waarna daar alreeds verwys is. Vandag is die skool nog steeds 'n E.K. Primêre skool; die voertaal is egter Afrikaans.

Vandag is die kerkgemeente ook geheel en al Afrikaanssprekend. Dienste is oorspronklik gehou op Korteschoven - plaas vir die Jackson - familie. Plaasarbeiders het hierdie dienste bygewoon, en so het die huidige Anglikaanse gemeente van St. Mary's ontstaan. Dit was nie a.g.v. 'n doelbewuste sendingspoging gerig aan die Afrikaanssprekende gemeenskap nie, maar bloot 'n uitwerking van die Kerk se poging om bestaande Engelssprekende lidmate - in Engels - te bedien. Naderhand het die Engelssprekende lidmate weggekwyn en die gemeente het Afrikaanssprekend geword. Hierdie patroon is blykbaar tipies van die ontstaan van 'n aantal gemeentes en dit versterk die verskynsel waarvolgens Afrikaanssprekende gemeentes kerkdienste in Engels wil hê "want dit was nog altyd so gewees" en "ons is die Engelse kerk".

In die lig van die voorafgaande, is dit dan verstaanbaar dat St. Mary's die Engelse Liturgy 1975 gebruik. Die Liturgy word vir alle dienste gebruik (twee aanddienste en drie Eucharistiedienste per maand). Voor die instelling van Liturgy 1975 is die South African Prayer Book gebruik, en in die vroeër jare die Book of Common Prayer van 1662. In 1983 was skriflesings en die preek soms in Afrikaans, terwyl gesange uit Hymns Ancient & Modern (revised) en Praise the Lord gebruik is.

1.1.3 St. Nicholas', Kleinmond

Inligting i.v.m. die geskiedenis van die gemeente is so verwarrend dat dit onmoontlik is om 'n duidelike beeld daarvan te kry. Blykbaar het die Anglikaanse gemeente op Kleinmond ontstaan a.g.v. die stigting van 'n E.K. Sendingskool daar. In 1983 is 'n nuwe staatskool op Kleinmond gebou, en die ou E.K. skoolgeboue is as kerk en gemeenskapsentrum ingerig.

Na 'n besoek aan die gemeente gedurende Januarie 1983 het ek die volgende waarnemings gemaak:

"The people of Kleinmond seem to feel that they are being treated as inferiors, because they use only the Afrikaans Liturgy 1975 there, while all other congregations in the

parish also use the English version. The chapelwarden said some people wanted to use the English service because when they attend services elsewhere they could not follow, being unfamiliar with the English liturgy. After church one Sunday a woman complained to the Rector about the Parish calendar on which the details for Kleinmond were entered in Afrikaans, whilst those for the other chapelries were all in English. This, she felt, made it look as if the people of Kleinmond were "Bojane" (Baboons) who could not understand English. Use of English would thus appear to have some sort of status value attach to it. The woman was an Afrikaans speaker".

Vanaf die instelling van die Afrikaanse Liturgie 1975 tot Mei 1983 is die Afrikaanse diensvorm vir alle dienste by St. Nicholas' gevolg. Op 7 Maart 1983 het die kapelraad egter besluit om een Eucharistiediens per maand volgens die Engelse Liturgie 1975 te hou. Die rede wat aangevoer is vir hierdie besluit is dat lede van die gemeente dit moeilik vind om die Engelse liturgie te volg by ander (stedelike) kerke wat slegs die Engelse diensvorm gebruik.

Die preek by St. Nicholas het nog steeds tydens alle dienste in Afrikaans geskied; so ook die skriflesings en vrye gebede. Hymns Ancient and Modern (Standard) is gebruik, asook bekende Afrikaanse en Engelse koortjies. Ek het opgelet dat die gemeente gereeld "woo" vir "woe" en "root" vir "wrought" gesing het.

Een Sondag het ek 'n Eucharistiediens bygewoon waartydens 'n besoekende priester gepreek het. Hy het gebruik gemaak van 'n baie informele woordeskat met woorde soos "ou" "ouens" "outjies" en "dronkie". Sekere lede van die gemeente het gevoel dat hierdie woordeskat neerhalend was. "Hy sou nie op Botrivier so gepraat het nie" is gesê.

1.1.4 St. Augustine's, Villiersdorp

St Augustine's is die enigste "gemengde" gemeente in die Parogie, en bestaan uit Afrikaans- en Engelssprekendes. Dit was nie moontlik om 'n duidelike beeld van die gemeente se geskiedenis te kry nie. Dit is egter 'n ou gemeente en die oorspronklike kerkgebou dateer uit 1859. Volgens 'n verslag in die S.P.G. Argief is

Engels/Nederlandse dienste in 1860 op Villiersdorp gehou hoofsaaklik vir "the Coloured population" (12).

Gesprekke met lede van die gemeente het laat blyk dat daar in die verlede sterk spanning was tussen die twee rassegroepe. Iets hiervan was nog steeds in 1983 gevoel. Daar is byvoorbeeld vertel van 'n "blanke" Engelssprekende lidmaat wat na die kerkgronde en meubels omsien en hulle in perfekte kondisie hou - maar wat eerder die N.G.K. bywoon as die "gemengde" dienste by St. Augustine's. Hy het gevoel dat die "kleurling" lidmate liewers die N.G. Sendingkerk moet bywoon wat tog soos hulle, Afrikaanssprekend is. Tydens dienste het die twee rassegroepe meestal apart - "blanke" voor, "kleurlinge" agter - gesit. "Blankes" het gewoonlik ook die eucharistie- elemente eerste ontvang. Hierdie spanning was tipies van 'n "gemengde" plattelandse gemeente in die vroeër tagtigerjare.

Afgesien van die diglossiese dienste in 1860 het alle dienste by St. Augustine's blykbaar vir 'n lang tyd die Engelse liturgie gevolg (die 1662 Book of Common Prayer, die South African Prayer Book van 1954, en ná 1975 die Liturgy 1975). Op 15 Maart 1983 het die Kapelraad egter besluit om een van die twee maandelikse Eucharistiedienste volgens die Afrikaanse Liturgy 1975 te hou.

Hierdie besluit het gevolg op 'n bespreking waartydens 'n kerkraadslid 'n lys name voorgelê het van Anglikane wat nie kerkdienste bygewoon het nie, en wat as hul "verskoning" gegee het die feit dat hulle nie die Engelse dienste kon volg nie. 'n Ander raadslid het aangetoon dat sy kennis gedra het van Anglikane wat die N.G. Sendingkerk bygewoon het as gevolg van die taalprobleem.

Interessante houdings het na vore gekom tydens die bespreking - veral dié van 'n Afrikaanssprekende raadslid wat met die gevangenisdiens gewerk het, en wat gesê het dat hy 'n "rooinek" was en afgesluit het met die woorde: "ons is Engels, net Engels, en wil Engels hê". Dié opinie is in Afrikaans uitgespreek! Die dominante taal by die vergadering was egter Engels (alhoewel slegs vier van die tien raadslede moedertaal - Engelssprekers was). Afrikaanssprekende lidmate, wat nie goed Engels magtig was nie het nie veel tot die die gesprek bygedra nie.

Die inwerkstelling van die besluit het probleme opgelewer. Die eerste was dat die eerste beoogde Afrikaanse diens op Paassondag geval het - en Engelssprekende raadslede het gevoel dat Engelse lidmate die diens op 'n Paasdag nie sou aanvaar

nie. Daar was ook die probleem dat die Engelssprekende kinders van die De Villiers Graaf Hoërskool St. Augustine's moes bywoon - omdat dit die enigste "Engelse Kerk" in die gebied was!

Die eerste Afrikaanse diens is toe op 1 Mei 1983 (Paasdag) gehou. Na die diens het 'n aantal Engelssprekende lidmate aangetoon dat hulle dit 'n "lovely service" gevind het, en dat die gebruik van Afrikaans hulle gehelp het om oor die betekenis van die Eucharistiediens na te dink. Groot teenkanting is egter ook uitgelok, soos die volgende brief van 2 Mei 1983 aandui:

"... I feel I must put my thoughts on record. I would be quite willing to speak up at our forthcoming Council Meeting, but for fear of hurting the feelings of our coloured members I would rather write to you first in more detail. Frankly, I think that service was disastrous. I have no doubt it has cost us the membership of the ... family, especially in view of the fact that ...'s parents were there. I had persuaded ... to come with me, and he did not appreciate the Afrikaans at all, nor did my daughter in-law. I really honestly feel that this experiment will cost us far more than it will gain us.

It was particularly unfortunate that the experiment should be made on a day when English-speaking members of the congregation far outnumbered the Afrikaans-speaking ones. It was also unfortunate that the Afrikaans-speaking members took so little part in the service: there were only a couple of them who were mumbling responses. Perhaps the others could not read.

My daughter in-law summed it up for me on the way home: "We've come to live in a predominantly Afrikaans community and we battle with Afrikaans all during the week. It is a bit much if we have to battle in our own church too. I want my children to grow up in an English church. Those who want a Service in Afrikaans can go to an Afrikaans church!! I feel these sentiments would apply to the school children too, who have quite a battle keeping up in an overwhelming Afrikaans environment.

For myself, I found it roused a very great deal of antagonism.

Why should I be forced to worship in Afrikaans in an English Church, particularly as the language of the Afrikaans service is not a patch on the English from point of view of quality. I have tried to be open-minded about the modernization of the Prayer-book service, and am quite willing to accept the changes embodied in Liturgy 75. However to have these changes now translated into another language is something else again.

You will say that the coloured people should not be forced to worship in a language foreign to them, but after all, they pride themselves on belonging to the Engelse Kerk - they have not had it any other way in this parish. I can't see that we should bend over backwards to increase our Nuwedorp membership at the expense of our existing members.

Villiersdorp is gaining an increasing English-speaking population from Rhodesia and Natal and the church could be a growing force in the community life, but not if Afrikaans is pushed.

I feel so strongly about this, that I am prepared to put not only my church attendance, but my membership of the Chapel council on the line ..."

Hierdie brief gee 'n goeie beeld van die houdings wat soms onder Engelssprekende Anglikane gevind word ten opsigte van die kulturele pluraliteit van hul kerk en die gebruik van inheemse tale as kerktale in hul gemeentes. Dikwels is hulle nie werklik bewus van die bestaan van die ander groepe as 'n integrale deel van die Kerk nie; en as gevolg van hul identifikasie van Anglikanisme met "Engelsheid" vind hulle dit moeilik om inheemse tale as kerktale te aanvaar.

Naskrif, 1988

In September 1988 skryf die Rektor van Botrivier dat die Engelse Liturgy 1975 by alle Sondagdienste in die parogie gebruik word. Skriflesings en preke is in Afrikaans, terwyl Afrikaans ook as liturgiese taal vir alle weekdagdienste gebruik word, insluitend die Eucharistie. Die Eucharistie en Oggend- en Aandgebed word dus hier gereeld in Afrikaans gevier, terwyl dit ook gedeeltelik by Dope, Bevestigings, Huweliksdienste en Begrafnisse gebruik word. Kerkraadvergaderings, Bybelstudies

en Bevestigingsklasse geskied ook in Afrikaans. Die kerktal - situasie op Botrivier kan opgesom word deur te sê dat Engels 'n belangrike rol as liturgiese taal speel, veral t.o.v. die Eucharistie, terwyl Afrikaans die gewone taalmedium vir alle ander aspekte van die kerklewe is.

1.2 PAROGIE VAN BREDASDORP, 1983

Die gegewens wat vir Bredasdorp en die ander parogieë hier volg, is amper uitsluitlik gebaseer op inligting wat d.m.v. die opnames van 1983 en 1988 verkry is. Wat volg, is dus taamlik sketsmatig, maar is genoeg om algemene patrone weer te gee. Die sosiologiese en geskiedkundige agtergrond word, waar moontlik, aangedui, maar die klem val op die huidige posisie van Afrikaans as kerktal by elke gemeente, en die informante se houdings hierteenoor.

Bredasdorp is een van die groot plattelandse parogieë van die Bisdom van Kaapstad. Dit is geleë langs die Suid-wes Kaapkus, en strek vanaf Agulhas, Struisbaai, Waenhuiskrans en Skipskop langs die kus tot Napier, Protom en Wydgeleë in die binneland. Bredasdorp self is die sentrum van die Parogie. Inligting is slegs van twee kappelle verkry: All Saints', Bredasdorp en St. Saviour's, Napier.

1.2.1 All Saints', Bredasdorp

All Saints'-kerkgebou is 'n pragtige Victoriaanse klipkerk met rietdak. Argitektuur, meubilering, en dekorasie weerspieël die ideale van die Oxford-Beweging wat die K.P.S.A. se kerklike etos sterk beïnvloed het. Die atmosfeer wat in hierdie gebou heers, is beslis Engels, en ietwat eksoties. En verstaanbaar so, want die kerk is in die negentiende eeu gestig deur en vir 'n grotendeels Engelssprekende gemeente.

Vandag, as gevolg van "mission work" onder die Afrikaanssprekende gemeenskap, en die verhuising van Engelssprekendes na die stede, is die gemeente grotendeels Afrikaanssprekend. "Dutch" dienste is inderdaad alreeds tydens Gray se episkopaat by All Saints' ingestel, en vanaf die jare 1889 is die grootste deel van Anglikaanse kerkwerk op Bredasdorp sg. "mission work". Soos baie plattelandse gemeentes is All Saints' swaar getref deur die implementasie van die Wet op Groepsgebiede, en kerk en pastorie staan vandag in die sentrum van wat nou die "blanke" dorpsgebied is, maar die meeste gemeentelike woon in die "kleurling" groepsgebied.

Bredasdorp is een van die gemeentes wat besluit het om 'n nuwe kerk en pastorie in die "kleurling" groepsgebied te laat bou. Hierdie kerk - die Church of the Holy Spirit - is nog steeds deel van All Saints' kapel.

Inligting i.v.m. die taalsituasie op Bredasdorp in 1983 is verskaf deur drie lekebedienaars, maar is ongelukkig ietwat teenstrydig. Daar is blykbaar vier oggenddienste, vier aanddienste en ses Heilige Eucharistiedienste per maand by All Saints kerk. Twee van die Oggenddienste, drie Aanddienste en vier Eucharistiedienste geskied in Afrikaans.

Alle dienste in die Church of the Holy Spirit is in Afrikaans. Dit is interessant om op te let dat hierdie nuut-ingewyde kerk onder sy Afrikaanssprekende gemeentede volgens sy Engelse naam bekend staan. (Die naambord binne die kerk wat die inwyding deur Bishop George Swartz herdenk, is ook slegs in Engels.) Soos alreeds aangedui is, is dit 'n algemene patroon dat Anglikaanse kerke onder hulle Engelse name bekend staan, selfs onder Afrikaanssprekende gemeentes.

Die rede hiervoor is dat baie kerke oorspronklik vir Engelssprekende gemeentes gebou is, en dus Engelse name gedra het. Ten spyte van veranderings in die samestelling van gemeentes het die tradisionele Engelse name bly sit; en waar nuwe kerke later vir "sendinggemeentes" gebou is, het hulle Engelse name gekry na analogie van die bestaande Engelse name van die parogiale kerke.

Van die drie informante vir All Saints', was twee geheel en al gelukkig met die taalsituasie daar. Een van hierdie informante het 'n voorkeur vir Engels gehad (vir A 10 gee hy "Engels"; en by D 10 sê hy "nie belangrik nie"); die ander het 'n tweetaligheids - voorkeur aangedui (by D 10 skryf hy: "Dit is belangrik om tweetalig te wees").

Die derde informant was egter ongelukkig. Hy het 'n voorkeur vir Afrikaans aangetoon (sy antwoord op D10 is positief, terwyl hy by D11 skryf "nie noodwendig nie"). Hy sou blykbaar meer Afrikaans in kerkdienste wou sien.

1.2.2 St Saviour's, Napier

Daar is vier Oggenddienste, vier Aanddienste en een Eucharistie per maand by St. Saviour's, Napier. Die gemeente is Afrikaanssprekend en volgens die informant geskied die dienste geheel en al in Afrikaans. "Dutch" dienste is ook hier in die negentiende en vroeg twintigste eeu gehou. Die informant dui aan dat hy volkome gelukkig is met hierdie stand van sake.

Naskrif, 1988

In 1988 word die Afrikaanse liturgie, Afrikaanse skriflesings, preke en gesange by St. Saviour's, Napier; St. Andrew's, Arniston; St. Mary's Struisbaai; St. John's, Klipdale; St. Peter's, Ou Plaas en by De Hoop, en die Church of the Holy Spirit, Bredasdorp gebruik. Die diglossiese gesangboek Sing Hosanna is in gebruik saam met Liturgie 1975, en Geleentheidsdienste vir Dope, Huweliksdienste en Begrafenisse. Engels word natuurlik ook as kerktal gebruik, en sommige dienste is gedeeltelik in Engels en Afrikaans. Afrikaans word ook vir kategetiese doeleindes en by Kerkraadvergaderings gebruik. Die Rektor van Bredasdorp maak die volgende opmerkings i.v.m. die gebruik van Afrikaans in die K.P.S.A.:

"I would like to see that Afrikaans be used as an official language in all areas of life of the C.P.S.A. i.e. in Synods, Archdeaconry meetings right down to Parish level."

1.3 PAROGIE VAN CALEDON, 1983

Die sentrum van hierdie Overbergse parogie met sy agt kapelle is Caledon. Die kapelle is: Holy Trinity, Caledon; St. Andrew's, Greyton; St. Michael's, Myddleton; St. Barnabas', Teslaarsdal; St. John's, Uilkraal; St. Paul's, Papiessvlei; St. John's, Gansbaai en St. Thomas', Stanford. Daar is ook gemeentes by Kempsrivier en Riviersonderend. Gegewens i.v.m. Caledon is verkry van Eerw. D. Pearson, van 1980 tot 1983. Vraelyste het ook van 'n paar van die kapelle ingekom.

1.3.1 Holy Trinity, Caledon

Soos All Saints', Bredasdorp, is die Holy Trinity-kerkgebou 'n mooi Victoriaanse kerk. Dit is deur Sophie Gray beplan, en in 1855 het Biskop Robert Gray dit gewy. 'n

Aantekening van Augustus 1848 in die Biskop se dagboek dui duidelik aan dat die kerk deur en vir die Engelssprekende Overbergse Anglikane opgerig is:

"After breakfast I walked round the village, to look for a site for the proposed Church. The Municipality offer land. ...I fixed upon sites... *There are many English in this neighbourhood, and it is an important post for a Church and a Clergyman...* " (my kursivering) (13)."

Volgens aantekeninge opgestel deur die Caledon-museum, was Sophy Gray se kerkgebou:

"...not built for beauty, but to provide at the lowest possible cost a place of worship that would regenerate the *emigrant English* (my kursivering)" (14).

Vandag is die gemeente meestal Afrikaanssprekend, en volgens die rektor is slegs een persent van die gemeente Engelssprekend. Daar is ook 'n aantal Xhosasprekende lidmate.

Drie Heilige Eucharistiedienste word per maand gehou. Hulle geskied geheel en al in Engels. So ook alle ander dienste in Holy Trinity Kerk. Die rektor was ongelukkig met die taalsituasie hier, en skryf vir vraag C3: "No. Most don't fully understand the teaching." Hy sou dus meer Afrikaans in kerkdienste wou gebruik - en sou ook Xhosadienste wou sien.

Die mense van Holy Trinity het egter geweier om enige Afrikaans in kerkdienste toe te laat. Volgens 'n ander informant het 'n voormalige rektor in die laat sewentigerjare gepoog om in Afrikaans te preek. Hy het dit teen die wense van die kerkraad gedoen, en is aan die Biskop gerapporteer. Sederdien is Afrikaans nie hier in kerkdienste gebruik nie (maar vgl. naskrif).

Holy Trinity is een van die plattelandse gemeentes wat die swaarste getref is deur die Wet op Groepsgebiede. Voor die implementasie van die Wet het die huidige gemeente in die omgewing van hul kerk gewoon. Nou is hulle verwyder na Bergsig, die "kleurling" woonbuurt. Holy Trinity is nog steeds hul gemeentekerk, maar 'n kerksaal is in Bergsig gebou waar daar ook dienste gehou word. Volgens Vr. Pearson aanvaar die gemeente Afrikaans in kerkdienste wat in die saal gehou word. Die rede

hiervoor sê hy is dat die mense nie "the hall as a real church nor the services held there as real services" aanvaar nie (15).

Die Rektor vertel verder dat die implementasie van die Wet op Groepsgebiede die gevolg gehad het dat Engels onder die gemeente verleer word. Dit is heel waarskynlik: voor die verhuising van Afrikaanssprekende "kleurlinge" sou hulle deel uitgemaak het van 'n samelewing waarin Engels 'n omgangstaal was, wat nie meer die geval op Bergsig is nie. Dit is - volgens verskeie informante - as gevolg hiervan dat die gemeente daarop aandring dat slegs Engels in Holy Trinity gebruik word. Hulle beskou Holy Trinity Kerk as hul laaste verband met hulle ou tuisgebuurte, en die gebruik van Engels in dienste daar sien hulle as 'n laaste vesting teen die verafrikaansing van die gemeente wat hulle met die Wet op Groepsgebiede assosieer. Ontwikkellings in die onderwys het ook tot die verafrikaansing van die gemeenskap gelei: die ou E.K. Skole het plek gemaak vir nuwe Afrikaansmedium Staatskole. Kinders is dus minder aan Engels blootgestel en is amper uitsluitlik Afrikaanssprekend, en hul Engelsvaardigheid swak. Hierdie situasie is, volgens Eerw. Pearson deur 'n aantal gemeentelede van Holy Trinity as rede gegee waarom die kerk *Engelse* dienste moet aanhou - sodat die kinders dié taal kan leer is. (Dit kan opgelet word dat "Dutch" wel in die negentiende en vroeg twintigste eeu as kerktaal by Holy Trinity gebruik is. Vgl. pp. 64 en 107 hierbo.)

1.3.2 St Andrew's, Greyton

By St. Andrew's Greyton word drie Oggenddienste en een Heilige Eucharistie per maand gehou. Daar is geen weekdagdienste nie.

Die Oggenddienste volg die Engelse Liturgy 1975, en gebruik Engelse gesange. Skriflesings en die preek is soms in Afrikaans, terwyl gebede tussen Engels en Afrikaans wissel.

Die Eucharistie volg ook die Engelse Liturgy 1975, en gebruik Engelse gebede en gesange. Die preek is in Afrikaans, en skriflesings wissel tussen Engels en Afrikaans.

Die gemeente is hoofsaaklik Afrikaanssprekend; maar daar is ook 'n paar gereelde Engelssprekende kerkgangers hier.

Daar was vier informante vir St. Andrew's, onder wie die rektor van Caledon. Hy sou meer Afrikaans daar in gebruik wou sien. Wat die vorige informante betref, het twee 'n tweetaligheidsvoorkeur by vraag A10, en een 'n voorkeur vir Afrikaans. Laasgenoemde skryf "ja" vir vraag D10 en "baie belangrik" by D11. Hy is egter gelukkig met die taalsituasie op Greyton, en verkies, interessant genoeg, nie dat die hele diens in Afrikaans moet wees nie. Net die preek moet in Afrikaans wees - en vir een of ander rede moet gesange altyd in Engels wees.

Volgens een informant is Afrikaans in 1977 vir die eerste keer in kerkdienste by St. Andrew's gebruik, en "sommige mense" het as gevolg daarvan van dienste weggebly.

Die kwessie van taalhandhawing in kerkdienste op Greyton het in 'n bespreking tydens 'n lekebedienaars opgleidingskursus op 4 tot 6 Maart 1983 op Bredasdorp opgekom. Die "Engelsheid" van Greyton is sterk deur ander lekebedienaars gekritiseer, en daar is gespot met mense wat "vissies spuug" (m.a.w. Engels praat) maar wat eintlik Afrikaanssprekend is. Daar was 'n taamlike sterk algemene gevoel onder die lekebedienaars dat mense in hul eie taal bedien moet word: "Jare lank is Engels gebruik. Dit het die mense net verby gegaan, maar die mense is te tradisievas om te verander. Hulle verstaan tog niks nie." Greyton se lekebedienaars se antwoord hierop was: "Baie van ons mense *is* Engels". Wat presies hulle hiermee bedoel het, is onduidelik.

Hierdie materiaal suggereer dat persepsies van die taalsituasie op Greyton taamlik uiteenlopend was. Een informant was ongelukkig want hy wou nie die hele diens, maar slegs die preek in Afrikaans hê, terwyl dit blykbaar alreeds die patroon was. Waarom dan sy ongelukkigheid? Verder het ander gevoel dat Greyton te Engels was, terwyl nog ander gesê het dat baie van hul mense "Engels" was - met die implikasie dat Engels tog kerktal moet wees. Agter hierdie verskillende persepsies lê uiteenlopende houdings t.o.v. kerkidentiteit (die mate waarin die Anglikaanse Kerk as "*Engelse* Kerk" gesien word) en die relasie daarvan met taalhandhawing in die Kerk.

1.3.3 St. Michael's and All Angels', Middleton

By St. Michael's Middleton word drie Aanddienste per maand gehou. Liturgie, liturgiese gebede en gesange is in Engels. Skriflesings, preek en vrye gebede is in Afrikaans.

Die maandelikse Heilige Eucharistie volg ook die Engelse liturgie en gebruik Engelse gebede en gesange. Preek en skriflesings wissel tussen Engels en Afrikaans, maar nie volgens 'n reëlmatige patroon nie.

Die gemeente van St. Michael's is Afrikaanssprekend, en die rektor se kommentaar oor die gebruik van Engels hier is: "again many don't understand but feel snobbish about it". In 'n persoonlike gesprek met die Rektor het hy vertel dat 'n paar mense eens 'n diens hier verlaat het toe hy in Afrikaans gepreek het. Hulle was Afrikaanssprekends (16).

1.3.4 St. Barnabas', Teslaarsdal

St. Barnabas', Teslaarsdal hou een Oggenddiens, en een Heilige Eucharistie per maand. Die liturgie en liturgiese gebede is in Engels, maar gesange, skriflesings, preek en vrye gebede in Afrikaans. Die Rektor dui aan dat hy taamlik gelukkig is met die taalsituasie hier, want die gemeente (Afrikaanssprekend) is in staat om die Engelse liturgie te verstaan, en die prediking is in Afrikaans.

1.3.5 St. John's, Uilkraal

Twee Aanddienste en een Heilige Eucharistie word hier per maand gehou. Die dienste geskied vir hierdie Afrikaanssprekende gemeentes in hul eie taal.

1.3.6 St. Paul's, Papiessvlei

St. Paul's hou een Oggenddiens en een Heilige Eucharistie per maand. Die gemeente is Afrikaanssprekend en albei dienste is geheel en al in Afrikaans.

Die Rektor is ewe gelukkig met die situasie hier en by St. John's Uilkraal, want die mense word in 'n taal wat hulle verstaan, bedien.

1.3.7 St. John's, Gansbaai

Daar is een Heilige Eucharistie en twee Oggenddienste per maand gehou by St. John's. Liturgie, skriflesings, preek en gebede is in Afrikaans. Al word die diglossiese gesangboek Sing Hosanna gebruik, verkies die (Afrikaanssprekende) gemeente om die gesange in Engels te sing.

Volgens 'n leke - informant is Afrikaans "nog altyd" in kerkdienste by St. John's gebruik. Wat die liturgie betref, vertel die Rektor, het die gemeente in die verlede die South African Prayer Book (1954) gebruik. Dit was die hersiening van die liturgie in die sewentigerjare wat daartoe gelei het dat die gemeente die Afrikaanse diensvorm nou gebruik: hulle het geweier om die Engelse Liturgy 1975 te aanvaar, maar het besluit om na die Afrikaanse Liturgie 1975 oor te slaan.

1.3.8 St. Thomas', Stanford

St. Thomas', Stanford hou drie Oggenddienste per maand. Hierdie dienste is in Engels en volg Liturgy 1975 of die South African Prayer Book. Wanneer die gemeente Liturgy 1975 volg word die South African Prayer Book vir die Psalm gebruik.

Daar is ook twee Aanddienste en een Heilige Eucharistie per maand. Behalwe vir die gesange, geskied hulle in Afrikaans. Die gemeente is Afrikaanssprekend.

Naskrif, 1988

In 1988 is die liturgie, skriflesing en preke by die volgende gemeentes in Afrikaans: Gansbaai, Stanford, Papiessvlei, Uilkraal, Riviersonderend, en Kempsrivier. Behalwe vir Stanford gebruik al hierdie gemeentes ook Afrikaanse gesange. By Greyton, Middleton, Caledon en Teslaardal word Engels of beide Afrikaans en Engels as kerktaal gebruik. Skriflesings by Middleton en Greyton is in Afrikaans; op Woensdae is die preek by Holy Trinity in Afrikaans. Boeke wat deur die gemeentes gebruik word, is: Liturgie 1975, Geleentheidsdienste, die Afrikaanse Gesangboek, en Sing Hosanna. Afrikaans word ook formeel gebruik vir Raadsvergaderings, Bybelstudies en Bevestigingsklasse.

Volgens die huidige Rektor van Caledon (Eerw. T. Pearce) was dit die koms van die nuwe liturgie (Liturgie 1975) wat tot die gebruik van Afrikaans as kerktaal in sy Parogie gelei het. Sy kommentaar oor die gebruik van Afrikaans as kerktaal belig 'n probleem wat dikwels deur bedienaars genoem word:

"Very often a few better educated people would insist on the use of English for reasons which relate more to pride than helpfulness. The poor and less educated often battle with

English. I insist on the use of the vernacular or would mix the use of English and Afrikaans."

'n Assistent - priester wat 'n seun van Caledon is, en wat ook lekebedienaar was, en skoolhoof by die plaaslike E.K. Skool, vertel dat alle dienste wat deur die (Engelssprekende) rektors van die Parogie geneem is tot 1973 in Engels was. Lekebedienaars het egter altyd in Afrikaans gepreek. Hy bevestig ook die punt wat in 1983 gemaak is naamlik dat Caledoners gevoel het dat die gebruik van Engels as kerktaal van opvoedkundige waarde vir Afrikaanssprekende kinders was:

"Older people still prefer English to be used - reason 2 fold - they belong to the "English" Church and were taught in Dutch at school.

Afrikaans is often foisted on congregations without their wishes being considered.

With the minimal use of English in schools, the use of English in Church did help our children."

1.4 PAROGIE VAN HERMANUS, 1988

Volgens die 1988 - opname word Afrikaans ook in die Parogie van Hermanus gebruik, by die kapelle van St. Andrew's, Hawston en St. Patrick's, Mount Pleasant (Hermanus). Hier word Afrikaans vir skriflesings en die preek gebruik. Die Rektor, Eerw. D. Auret, skryf dat skriflesings sedert c. 1950 in Afrikaans is, en preke sedert sy aankoms in Hermanus in 1987. Hy het wye ervaring van Afrikaans in die K.P.S.A. en het ook op verskeie Afrikaans-komitees gedien, en sy kommentaar op die gebruik van die taal in sy Parogie en die K.P.S.A. kan opgelet word:

- "1. Parish: In Hawston the more "sophisticated" people objected to the Afrikaans sermon introduced in 1987. However in a vote the overwhelming majority of the people (Hawston and Mount Pleasant) asked for sermon and lessons in Afrikaans, their home language.
2. C.P.S.A.: Have worked in 3 platteland parishes where the majority of parishioners have been "coloured" i.e. Afrikaans speaking. In all 3 parishes Afrikaans has been an integral part of the worship and asked for by

the ordinary people. There has always been some resistance from the "sophisticated" because of the Afrikaans nationalist connotation.

3. There has always been a shortage of material in Afrikaans eg. confirmation classes, but the translations of Liturgy 1975 and Prayerbook are adequate. The new translations of marriage, baptism and burial services are good and, in my experience, welcomed by the country people.
4. I suspect that Afrikaans is used much more in the rural situation than in urban parishes."

1.5 PAROGIE VAN ELGIN, 1983

Daar is gegewens vir twee kapelle van hierdie Parogie: St. Michael's and All Angels', Elgin; en die Holy Family Farm Church, Applethwaite.

1.5.1 St. Michael's and All Angels', Elgin

Soos All Saints', Bredasdorp en Holy Trinity, Caledon is St. Micheal's and All Angels', Elgin oorspronklik - ook in die negentiende eeu - deur en vir die gebruik van 'n hoofsaaklik Engelssprekende gemeente gestig. Alhoewel daar vandag nog meer Engelssprekende gemeentede by Elgin is as wat die geval is in Caledon en Bredasdorp, het die Engelssprekende lidmate ook hiér tot 'n minderheid gedaal. Vandag is die meerderheid lidmate Afrikaanssprekend. Daar is ook 'n aantal Xhosasprekende Anglikane op Elgin.

Elgin, soos Bredasdorp en Caledon, is swaar getref deur die Wet op Groepsgebiede, wat die lewe van die Kerk erg ontwrig het. Vandag moet 'n groot aantal lede van die gemeente wat voorheen in die buurt van die kerkgebou gewoon het in die "kleurling" groepsgebied woon.

Volgens die informant vir St. Michael's and All Angels' is daar vier Sondagoggendddienste, vier Aanddienste en agt Heilige Eucharistiedienste per maand. Een Oggenddiens, die vier Aanddienste en een Heilige Eucharistiediens geskied in Afrikaans. Alle dele van die Afrikaanse dienste is in Afrikaans, en 'n Afrikaanssprekende lekebedienaar lewer die preek. (Die priester is Engelssprekend

maar is 'n redelik bekwame Afrikaansspreker). Die informant is "redelik gelukkig" met die taalsituasie op Elgin.

1.5.2 Church of the Holy Family, Applethwaite

Holy Family Church is as 'n kapel gestig deur Mnr. Lombardy op die plaas Applethwaite vir gebruik van appelplaas en fabriekwerkers. 'n Priester, aangestel deur die Bisdom van Kaapstad het toesig oor die geestelike werk hier. In die kerkgebou met die hoogaltaar, kerse, standbeelde en biegekamers heers daar 'n sterk katolieke atmosfeer.

Daar was een informant vir die Holy Family gemeente. Hy dui aan dat daar vier Oggenddienste, Aanddienste en Heilige Eucharistiedienste elke Sondag gehou word. Daar is ook vier Aanddienste en Eucharistiedienste elke week. Dienste volg die formuliere van die South African Prayer Book (1954) en geen Afrikaans word in die kerk gebruik nie - al is die gemeente hoofsaaklik 'n Afrikaanssprekende plaasgemeente.

Die informant - 'n lekebedienaar - was ongelukkig met hierdie situasie, en het gevoel dat een of twee Sondagdienste per maand in Afrikaans moet geskied want "dit is makliker om d.m.v. Afrikaans tot die gemeente deur te dring".

Naskrif, 1988

In 1988 is Afrikaans in die parogiale kerk, St. Michael's, gebruik asook by die Holy Family-Kerk, en by kapelle by Eikenhof, Arrieskraal, Pineview, Nuweberg en Graymead. Hoe presies dit as kerktaal gebruik word, wissel van plek tot plek. Soos in 1983 is die Mis een keer per maand volledig in Afrikaans bedien by St. Michael's. By die Holy Family is preke nou in Afrikaans, en dienste by die ander kapelle is volledig in Afrikaans. Bybelstudie, Bevestigingsklasse, Geleentheidsdienste (byvoorbeeld Dope, Huweliksdienste en Begrafenisse) en Sondagskool is ook in Afrikaans, en Liturgie 1975, Geleentheidsdienste en die Gesangboek is in die Parogie in gebruik. Alle Raadsvergaderings is in Afrikaans, behalwe dié van St. Michael's, Elgin.

1.6 PAROGIE VAN NOORDER PAARL, 1983

Volgens die informante is die gemeente van St. Stephen's, Noorder Paarl "meestal Afrikaanssprekend".

St. Stephen's hou vier Oggenddienste en vier Heilige Eucharistiedienste op Sondag in die maand. Daar word ook 'n verdere vier weeksdag - Eucharistiedienste per maand gehou.

Details i.v.m. taalgebruik in kerkdienste is teenstrydig, maar dit is duidelik dat Afrikaans soms gebruik word. Al drie informante voel egter dat meer Afrikaans vir hierdie grotendeels Afrikaanssprekende gemeente gebruik moet word.

Naskrif, 1988

Uit die 1988 - vraelys blyk dit dat Afrikaans hier slegs gedeeltelik vir skriflesings en preke gebruik word, en gedeeltelik vir Geleentheidsdienste (Dope, Bevestigings, Huweliksdienste, en Begrafenisse). Dit word ook informeel gebruik tydens raadvergaderings en bybelstudies, en formeel tydens Bevestigingsklasse.

Die Rektor se opmerking is:

"People regard themselves as English Church. Home language of all parishioners is Afrikaans. Some prefer Bible lessons and Sermon in Afrikaans, others marriage and funerals in Afrikaans."

1.7 PAROGIE VAN PAARL, 1988

Volgens Vr. H. Frieslaar, die Rektor van Paarl in 1983, gebruik al die buitestasies van hierdie Parogie Afrikaans - ook die Afrikaanse Liturgie 1975. Die Parogiale Kerk, Holy Trinity op Paarl, weier egter om Afrikaans te gebruik:

"The people talk Afrikaans before, after and in church. But Afrikaans is not officially used in Church."

Vr. Frieslaar vertel ook verder dat gemeentelede bereid is om Afrikaanse geestelike leesstof van 'n bekende boekwinkel in Paarl te koop, maar hulle weier "as a matter of principle" om dieselfde leesstof van die kerk te koop (17).

Naskrif, 1988

Die 1988 - vraelys dui aan dat Afrikaans deurgans as kerktal gebruik word by die kapel van St. Michael's and All Angels in Klapmuts.

1.8 PAROGIE VAN WELLINGTON, 1983

Volgens die twee informante vir SS. Alban and Augustine word Afrikaans soms in kerkdienste op Wellington gebruik. Hulle inligting is te teenstrydig om enige duidelike taalgebruikspatroon agter te kom. Albei is gelukkig met die situasie, maar gee nie hulle redes nie.

Naskrif, 1988

Die 1988 - vraelys dui aan dat die gebede by die Eucharistiediens soms deur die lekebedienaars in Afrikaans gelei word, dat preke tweetalig gelewer word en dat Geleentheidsdienste soms gebruik word. Verskeie kerk - organisasies en die Sondagskool gebruik ook Afrikaans. Die Rektor se kommentaar is:

"The Afrikaans speakers prefer the services in English (hulle sê ons is tog die Engelse kerk!) The older Afrikaans speakers definitely prefer the Scripture readings in English. Have experienced no problems from the Afrikaans speaking youth in regard to English services."

1.9 PAROGIE VAN ROBERTSON, 1983

Die Parogie sluit gemeentes op Robertson, Ashton en Montagu in. Daar was slegs gewens vir Robertson, waar daar twee Anglikaanse gemeentes is. Die gemeente van St. Mary's is "blank", Engelssprekend, en aanbid in die ou Sophy Gray kerkgebou in die "blanke" woonbuurt. Die gemeente van All Saints' is "kleurling", Afrikaanssprekend en het 'n kerkgebou in die "kleurling" woonbuurt.

1.9.1 All Saints', Robertson

Daar was vier informante vir die All Saints' - gemeente, en volgens hulle was die dienste daar presies gelyk opgedeel tussen Engels en Afrikaans.

1.9.2 St. Mary's, Robertson

Alle dienste by St. Mary's geskied in Engels.

Al vier informante was gelukkig met die taalsituasie op Robertson. Hulle het gevoel dat die mense bedien word in 'n taal wat hulle kon verstaan. Soos een informant dit gestel het:

"Die meeste nie-blanke Anglikane kōmmunikeer beter in Afrikaans, en blanke Anglikane is meestal Engelssprekend dus sal hulle blykbaar beter in Engels kommunikeer".

Naskrif, 1988

In 1988 word Afrikaans as kerktaal gebruik by All Saints, Robertson; St. Joseph's Ashton; St. Mildred's, Montagu; St. James, Rietvlei en by vier kleiner plaas-gemeentes by Klaasvoogds, Le Chasseur, Goudmyn en Riverton. Alle diensvorme word in Afrikaans gebruik, insluitend die bediening van Sieke - Kommunie en die Salwing van Siekes. Die Afrikaanse Gesangboek van 1982 is in gebruik, alhoewel gesange gewoonlik in Engels is. Die assistent-priester skryf hieroor:

I am not sure to what extent they are an expression of the religious life of the people"

Skriflesings en preke is altyd in Afrikaans; die Engelse liturgie word soms gebruik. Die Rektor skryf dat Engels soms gebruik word "to give them some familiarity with English texts and translations."

1.10 PAROGIE VAN WORCESTER, 1988

'n Vraelys vir 1988 het ook van die naburige parogie van Worcester ingekom. Hier word Afrikaans ook grotendeels as kerktaal gebruik, veral by die kapelle en buitestasies. Die Parogiale Kerk verkies egter Engels, en die Rektor skryf:

"In some instance, e.g. at the Parish Church folk seem to prefer English, although should a transition be made it would probably be accepted. English is basically used for the benefit of the few "whites" who remain."

1.11 PAROGIE VAN CERES, 1988

'n 1988 - vraelys van die Parogie van Ceres dui aan dat volledige Afrikaanse dienste gehou word by St. Peter's, Tulbagh; St. John the Baptist, Wolseley; St. Mark's, Prince Alfred Hamlet; St. Matthew's, Bella Vista en deur die Gydo Gemeenskap, Kouebokkeveld; by Agtertuin, Ceres en by die Warmbokkeveld-gevangenis.

Die Rektor skryf dat die Parogie in 1860 gestig is en hy sê:

"Afrikaans has been used consistently in Chapelries except for St. Andrew, Ceres (where only English is used) since 1976."

Argivale materiaal suggereer egter dat Nederlands/Afrikaans lank vóór hierdie datum in die Parogie as kerktaal gebruik is. Vgl. die S.P.G. - Aansoekvorm van Eerw. Percival Webb Windell waar hy in 1922 skryf:

"Am entering on the 24th year of continuous work of Tulbagh Road Mission, before completion of its chapel in 1899. I usually conduct three services on Sunday in the 'Taal'" (18).

1.12 PAROGIE VAN CALVINIA, 1983

Calvinia is die enigste Wes-Kaaplandse parogie wat in die opname van 1983 verteenwoordig was. Daar was gegewens slegs vir een kapel, St. James, Klawer waarvoor daar vier informante was. In 1988 het meer gegewens van Weskaapland en die Weskus ingekom.

Ongelukkig is die inligting wat deur die vier informante verskaf word, verwarrend. Dit is egter duidelik dat Afrikaans as kerktaal gebruik word. Een informant het gesê dat die Engelse Liturgy 1975 vir die twee Sondag - Eucharistiedienste per mand gebruik word, terwyl die preek en (vrye) gebede in Afrikaans is. Volgens hom is drie van die vier Oggenddienste per mand in Afrikaans en al vier van die Aanddienste. Hierdie laaste gegewens kom ooreen met dié verskaf deur die ander drie informante. Eersgenoemde informant het ook eksplisiet aangedui dat gesange by alle dienste wissel tussen Afrikaans en Engels.

Volgens een informant is Afrikaans blykbaar sedert 1936 by St. James' gebruik. Hierdie informant skryf dat "meeste blankes" die Kerk verlaat het toe dit gebeur, en dat hulle toe by die N.G.K. aangesluit het. Hierdie inligting is te teenstrydig om sonder meer aanvaar te word. Tog is dit moontlik dat sekere Engelssprekendes die K.P.S.A. sou verlaat het omdat Afrikaans as kerktaal gebruik is (vgl. die situasie by St. Augustine's, Villiersdorp). Sulke persone sou egter nie by die Afrikaansgebruikende N.G.K. aansluit nie. Aan die ander kant is daar wel Anglikane wat hul Kerk verlaat en by die N.G.K. aansluit. Hulle redes hiervoor hou min verband met taalgebruik en die Engelsheid van die Kerk. Dit is eerder dat hulle ontuis voel in 'n gemeente wat nou al hoe meer "kleurling" word. Vgl. weer Villiersdorp. Die informant het blykbaar hierdie twee tendense verwar.

Twee van die informante dui aan dat hulle gelukkig is met die taalsituasie by St. James. Een verskaf as haar rede:

"...want as ons jeug nou in die stad kom, moet hulle tweetalig wees anders is hulle vir die kerk verlore."

Die ander twee informante gee geen aanduiding hoe hulle oor die taalsituasie by St. James' voel nie.

Naskrif, 1988

In 1988 word Afrikaans blykbaar deurentyd as kerktaal by St. James', Klawer; St. Michael's, Vredendal; Church of the Resurrection, Lutzville; St. Matthew's, Nieuwoudtville; St. Mary's, Calvinia en Good Shepherd, Loeriesfontein gebruik.

Soos in 1983 gebruik St. James' (en St. Mary's) soms Engelse gesange. Liturgie 1975, Geleentsheidsdienste, die nuwe vertalings van die Geleentheidsdienste, Aswoensdag tot Paasfees, Sing Hosanna en die Gesangeboek is in gebruik. In sy kommentaar op die gebruik van Afrikaans in die K.P.S.A. verwys die Rektor na die groot agterstand wat ontstaan het as gevolg van die gebrek, in die verlede, aan Christelike opvoeding in Afrikaans, wat weer te danke is aan die laat opkoms van 'n moedertaal- Afrikaanssprekende geordende bediening in die K.P.S.A:

"Before 1967 most of the Rectors to this Parish were only capable to speak English. Some used translators when it came to conversations and interviews. When the Priest celebrated the Eucharist it was always in English (the sermon also). In asking around very few of the older generation really understood the English language. That is why the people in the country still have a kind of backlog in understanding when it comes to the Eucharist and teaching. A lot of effort is put into teaching in Afrikaans but I think most of the older generation have given up. There is hope for the younger generation."

Die materiaal i.v.m. die Parogie van Calvinia dui goed aan hoe moeilik dit is om presies te weet wanneer (en hoe) Afrikaans in vroeë jare in Anglikaanse gemeentes gebruik is. In 1988 suggereer die Rektor dat Afrikaans nie juis voor 1967 gebruik is nie; in 1983 het twee lekebedienaars gesê dat Afrikaans vir die eerste keer in 1936 by St. James', Klawer gebruik is; en in 1922 het die destydse Rektor van Calvinia geskryf:

"Can read the services in Dutch, but not preach or teach in this language, am receiving tuition in the language of Afrikaans" (19).

1.13 ANDER PAROGIEË VAN NAMAKWALAND EN DIE WESKUS
(MALMESBURY, HOPEFIELD, SALDANHABAAI, ST. HELENABAAI,
VREDENBURG, CLANWILLIAM, NAMAKWALAND), 1988

Die 1988-opname dui aan dat Afrikaans ook gebruik word in die Parogieë van Malmesbury (Malmesbury, Abbotsdale en Kalbaskraal); Hopefield (Hopefield, Morreesburg, Langebaan en Church Haven); Saldanha (Saldanha, Diazville); Vredenburg (Vredenburg, Paternoster); St. Helenabaai (Laaiplek, Steenberg's Cove; Stompneusbaai, Laingville); Clanwilliam (Clanwilliam, Citrusdal, Lambertsbaai, Doringbaai), O'Kiep (O'Kiep, Aggeneys, Concordia, Carolusberg); Springbok (Bergsig, Komaggas, Nababeep, Steinkopf) en Port Nolloth (Port Nolloth, Kleinsee, Hondeklipbaai).

Afrikaans word wyd gebruik in hierdie parogieë. In sommige gemeentes geskied feitlik alle aspekte van die kerklewe in Afrikaans, soos byvoorbeeld St. Peter's, Lambertsbaai, St. Andrews, Doringbaai en die meerderheid Namakwaland-gemeentes. By ander word die Engelse liturgie (soms) gebruik, met skriflesings en preke nog steeds in Afrikaans. By St. John's, Clanwilliam en St. Margaret's, Citrusdal is dit die geval, terwyl die taalmedium by Saldanhabaai wissel sodat Engels op die eerste, tweede en vyfde Sondae gebruik word, en Afrikaans op die tweede en vierde.

Uit die kommentaar in antwoord op vraag 10 van die vraestel kan die volgende opgeleet word:

(i) Clanwilliam: "At one time in our Parish - until about 7 years ago - there were early morning (8 a.m) English Eucharists followed by a later morning Afrikaans Eucharist. This of course worked out as racial segregation which coincided with language differences. Now we unite in one English Eucharist with Afrikaans readings etc. (in Clanwilliam and Citrusdal)."

Die Rektor noem ook dat diglossiese liturgiese materiaal met Engels en Afrikaans op dieselfde bladsy 'n gemengde taalsituasie goed sal dien.

(ii) Springbok: "Firstly, Afrikaans Diocesanally is a very neglected vernacular, for every form of correspondence to

blankes om Afrikaans aan te moedig nie" en "Geen belangstelling van Engelssprekendes teenoor Afrikaanssprekendes (veral die plaasarbeiders)." Blykbaar was dit nie die taalsituasie as sulks wat hom gepla het nie.

Naskrif, 1988.

Volgens die Rektor van Durbanville se vraelys vir 1988 word Afrikaans vir alle dele van kerkdienste, behalwe vir die gesange, by St. Paul's in The Valley (5 km buite Durbanville) en St. John's, Klipheuwel (23 km buite Durbanville) gebruik. Die gemeentes vra egter dat Engelse dienste een keer per maand gehou word, maar dan is die Skriflesings en preek nog steeds in Afrikaans. Geleentheidsdienste geskied ook in Afrikaans.

1.15 PAROGIE VAN DIE STRAND, 1983

Daar is slegs inligting i.v.m. die gemeente van St. John's, Strand. Volgens die informante is die gemeente min of meer gelyk opgedeel tussen Engels- en Afrikaanssprekendes.

Hulle sê dat daar vier Sondag-Oggenddienste, vier Aanddienste en vier Heilige Eucharistiedienste per maand is. Daar is ook een weersdags-Oggenddiens en twee Eucharistiedienste.

Alle dele van al hierdie dienste is in Engels, behalwe die preek wat (soms) in Afrikaans is. Een informant dui aan dat hy hiermee gelukkig is, en gee sy rede soos volg:

"Daar is sommige mense in die Kapel wat nie goed Engels verstaan nie. Deur Afrikaans ook te gebruik kan hulle ook deel hê aan die preek veral, en hulle kan dit makliker verstaan."

Naskrif, 1988.

In 1988 skryf die Rektor van Strand dat beide Afrikaans en Engels as kerktale by St. John's Kerk, Rusthof, Strand gebruik word. Die Afrikaanse liturgie, skriflesings,

preke en gesange is daar in gebruik. Liturgie 1975 is in April 1983 vir sommige dienste in gebruik geneem.

1.16 SOMERSET-WES, 1988*

In die Parogie van Somerset-Wes is Skriflesings en preke by St. Matthew's Kerk, Sir Lowry's Pass Village en die Vergelegen plaasgemeente in Afrikaans. Vergelegen gebruik ook die Afrikaanse Liturgie 1975, terwyl 'n klein bietjie Afrikaans tydens preke by All Saints', die Parogiale Kerk, in Somerset-Wes gebruik word. Geleentheidsdienste by St. Matthew's en Vergelegen is ook in Afrikaans, en Bevestigingsklasse en pastorale sorg geskied ook in Afrikaans waar nodig. Die Rektor se kommentaar is:

"When using Afrikaans informally and partially in the Parish Church (All Saints') there has been negative reaction from English speakers, but we have agreed to use Afrikaans as 33% of those present are Afrikaans speaking. Although St. Matthews is Afrikaans, they prefer the liturgy in English and the Word and Prayers in Afrikaans. Most clergy here in the past have been Englishmen with little or no Afrikaans. At present both clergy speak Afrikaans, and this has been warmly welcomed."

1.17 AFRIKAANS BY PLATTELANDSE BISDOMLIKE BYEENKOMSTE, 1983

Bisdomlike byeenkomste soos opleidingskursusse vir plattelandse gebiede geskied gewoonlik òf geheel òf gedeeltelik in Afrikaans. Afrikaans is byvoorbeeld die dominante taal by plattelandse opleidingskursusse vir lekebedienaars. Ek het een sodanige kursus op 4-6 Maart 1983 in Bredasdorp bygewoon, en die volgende waarnemings gedoen.

* Strand en Somerset-Wes is, vanuit 'n sosiologiese oogpunt, eintlik semi-stedelike parogieë. Hulle vorm egter deel van die plattelandse Aartsdiakonale gebied van Caledon, en word dus saam met plattelandse parogieë bespreek.

Afrikaans is feitlik deurentyd gebruik. Die merkwaardigste uitsondering was kerkdienste waar die liturgie in Engels was. Ek het opgelet dat alle plattelandse priesters teenwoordig Engelssprekend is. Hulle Afrikaans was van wisselende gehalte, maar almal het Afrikaans gebruik.

Al die lekebedienaars was Afrikaanssprekend, en het Afrikaans gebruik. Dit was interessant om op te let hoe party van hulle Engelse uitroepe tydens gebede gebruik het, soos byvoorbeeld "Praise you Lord Jesus", maar dan ook Afrikaans gebruik het as hulle meer formele vrye gebede wou offer. Die gebruik van Engelse terme soos "committed", "born again" ens. is ook opgelet. Hierdie verskynsel was in 1983 ook op Botrivier onder verskeie Afrikaanssprekende charismatiese groepe te bespeur. Die woordeskat is dié van die charismatiese vernuwing wat in die K.P.S.A. plaasgevind het. Afrikaanssprekendes gebruik die Engelse woordeskat onder meer omdat dit deur Engelssprekendes (dikwels priesters) is dat hulle in aanraking met die charismatiese geweging gekom het. So word die ou patroon herhaal, waarvolgens Afrikaanssprekende Anglikane 'n Engelse ekklesiale woordeskat assimileer.

Offisiële byeenkomste soos byvoorbeeld plattelandse Aartsdiakonale Raadvergaderings geskied in Engels.

By een sodanige geleentheid, Caledon se Aartsdiakonale Raadvergadering van 14 Mei 1983, is die volgende item in die notule van die vorige vergadering (27 Nov. 1982) bespreek:

"Appointments to rural parishes. Serious manpower shortage in Diocese was explained, and those present were encouraged to invite Afrikaans speaking friends to offer themselves for rural appointments."

In die bespreking hieroor (in Engels) is daar opgemerk dat Afrikaans die taal van die meerderheid Anglikane in die landelike dele van die Bisdom is, en dat daar 'n tekort is aan Afrikaanssprekende geestelikes. Die noodsaaklikheid vir 'n Afrikaans-taalkursus vir Engelssprekende priesters wat in plattelandse parogieë aangestel is, is genoem; ook dat Afrikaanssprekendes Engels moet leer voordat hulle die teologiese kollege van die K.P.S.A. kon bywoon (lesings en boeke is in Engels). Waarom, is gevra, kon kolleges nie Afrikaanse kursusse aanbied nie? Die Aartsdiaken het egter meegedeel dat Afrikaanse opleiding 'n bisdomlike saak is, dat Afrikaans in dieselfde

posisie staan as die ander Afrika - tale wat in die K.P.S.A. gebruik word, en dat die kolleges onmoontlik opleiding in al dié tale kon gee. Verder is gesê dat die huidige gevoel teen Afrikaans onder baie swartes dit moeilik maak om kerkgelde aan Afrikaanse opleiding te bestee.

Afrikaans vind ook 'n plek by die groot Bisdomlike dienste wat die hele Bisdom en nie net die plattelandse gebiede betrek nie. By die inseëning van Aartsbiskop P.W.R. Russel in Augustus 1981 ('n Bisdomlike en Provinsiale geleentheid) is die Engelse liturgie gebruik en Afrikaans en Xhosa vir party van die lesings en gesange. Twee van die drie skriflesings by die Ordeningsdiens van 16 Desember, 1982 was in Afrikaans. Die res van die diens het in Engels geskied.

1.18 DIE GEBRUIK VAN AFRIKAANS IN STEDELIKE PAROGIEË VAN DIE BISDOM VAN KAAPSTAD, 1983; 1988

Die grootste getal Kaapse Anglikane woon in die sg. "kleurling"- woonbuurte rondom Kaapstad. Volgens Biskop Charles Albertyn is die meerderheid Afrikaanssprekend (20). Persoonlike waarnemings in 1986/7 suggereer dat daar 'n groot mate van tweetaligheid in hierdie gebiede is, en dat Afrikaans dikwels die gewone huistaal is, al word 'n hoër status aan Engels as, onder meer werkstaal en, vir Anglikane, ook as kerктаal, gegee (21).

Die opnames van 1983 en 1988 het nie veel stedelike gemeentes ingesluit nie. Gegewens wat wel ingekom het, word kortliks hier saamgevat.

1.18.1 Parogie van Kraaifontein, 1983

St. Mary's, Kraaifontein hou twee Heilige Eucharistiedienste en een Aanddiens elke Sondag, asook een Eucharistiediens elke dag gedurende die week. Die Engelse Liturgy 1975 word altyd gebruik, en gesange is ook in Engels. Sedert 1975 is die preek partykeer in Afrikaans.

Een informant, wat Afrikaans as moedertaal het, is ongelukkig met hierdie situasie want dit "skep komplikasies" en "Engels is geneig om Afrikaanssprekendes te weerhou van aanbidding". Hy sou blykbaar meer Afrikaans in kerkdienste wou sien. 'n Tweede Afrikaanssprekende informant wil ook meer Afrikaans sien, want die

gebruik van Engels "haal in baie gevalle die angel van die boodskap uit vir die Afrikaanssprekendes."

Die derde informant gee Engels as haar huistaal. Sy is gelukkig met die taalsituasie by St. Mary's en skryf:

"Ek het niks teen Afrikaans nie, maar ons kerk se taal is Engels."

1.18.2 All Saints', Wesfleur, Atlantis, 1988

By All Saints' word die Mis een keer per maand volledig in Afrikaans geoffer. Geleentheidsdienste geskied ook van tyd tot tyd in Afrikaans, en Afrikaans word ook vir bevestigingsklasse en bybelstudie gebruik. Die Rektor se kommentaar by vraag 10 is:

"There is a resistance among parishioners to greater use of Afrikaans, partly because a certain status is attached to the use of English, partly because Afrikaans is seen by some as the language of the oppressor. In addition greater resources for musical worship in Afrikaans are needed: i.e. more hymns, especially seasonal hymns, and settings for the mass ... Also of help would be translations of some of the spiritual classics into Afrikaans: e.g. The Cloud of Unknowing and the works of Julian of Norwich. This would be of assistance to those of us who give spiritual direction in Afrikaans."

1.18.3 Aartsdiakonale Gebied van Athlone, 1988

Uit die elf parogieë van die Athlone gebied, gebruik slegs drie Afrikaans as 'n kerktaal. St. Dominic's, Hanover Park gebruik Engels en Afrikaans vir Sondagkerkdienste insluitend Afrikaanse gesange; een keer per maand op 'n Woensdag-aand word die Eucharistie in Afrikaans bedien by die Church of the Holy Spirit, Heideveld; en Afrikaans word soms gebruik om 'n punt te maak tydens preke by die Holy Nativity in Hazendal.

1.18.4 Aanvullende bespreking van stedelike paragieë

Die gebeure van 1976 in Soweto en elders in die land (waarvan een onmiddellike oorsaak die gebruik van Afrikaans as voertaal in "Bantu"-onderwys was) het duidelik onder die oog gebring dat Afrikaans onder 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse samelewing as die taal van die verdrukker beskou word. Verskeie aanhalings in hierdie hoofstuk verwys na dié houding, wat 'n belangrike deel uitgemaak het van stromings rondom Afrikaans in die laat sewentigerjare en vroeë tagtigerjare, veral (maar nie uitsluitlik nie) in die stedelike konteks. Hierdie stromings is onder Afrikaanssprekendes en ander taalgroepe in die K.P.S.A. gevoel, ook in die laat tagtigerjare; en saam met historiese faktore en die ouer negatiewe houdings van Afrikaanssprekers t.o.v. Afrikaans as kerktaal (en positiewe houdings t.o.v. Engels) dra hulle by om téén die gebruik van Afrikaans as kerktaal in stedelike gebiede te werk (22).

Naas die negatiewe polites-gemotiveerde invloed op houdings t.o.v. Afrikaans gedurende die tagtigerjare was daar in dié jare, vanaf c. 1983, ook 'n positiewe polities-gemotiveerde invloed op houdings teenoor Afrikaans (of, ten minste, sekere vorme van Afrikaans).

Die stigting van die United Democratic Front (U.D.F.) in 1983 was nie net van besondere politiese belang nie, maar het ook tot 'n kulturele bloeitydperk onder verdrukke gemeenskappe - insluitend die Afrikaanssprekende gemeenskap van die Kaapse Vlakte - gelei. Hieruit het nuwe benaderings tot Afrikaans gekom - benaderings wat beïnvloed is deur die denke van People's education, en daar is in die laat tagtigerjare veel sprake van "werkersafrikaans", "Afrikaans as 'n taal van bevryding" en "alternatiewe Afrikaans". Hierdie stromings kry gestalte wanneer onthou word dat die U.D.F. en sy affiliate vanaf hul instelling tot die besprekings van 1988 gereeld Engels, Xhosa en Afrikaans in hul publikasies in Weskaapland gebruik het, dat Afrikaans tydens die stigtingskonferensie van COSATU gebruik is, en dat 'n alternatiewe gemeenskapsblad Saamstaan al sedert November 1983 in Oudtshoorn in Afrikaans verskyn (23). Teen hierdie agtergrond kom dit dan as geen verrassing wanneer Jonathan de Vries, 'n werker by die Kaapse gemeenskapsorganisasie Musical Action for People's Power, sê nie:

"The people who have done the greatest disservice to the sustenance and development of Afrikaans are the Nationalists

and their cultural organs. They hijacked Afrikaans for the purposes of Afrikaner Nationalism and formalised it into a framework that is presently dying. A living Afrikaans is now developing in the townships - an enriched form of Afrikaans, one that will stand eventually as another patois of Africa" (24).

En kultuur-groepe soos de Vries s'n is dan ook nie skaam om hierdie "enriched form of Afrikaans" te besig nie.

Hierdie positiewe stromings t.o.v. Afrikaans (of eerder, sekere vorme van Afrikaans en Afrikaans binne 'n sekere raamwerk) het tot nou toe geen noemenswaardige uitwerking op die gebruik van die taal in stedelike parogieë gehad nie (in die sin dat Afrikaans na aanleiding daarvan merkbaar meer gebruik word). Tog sou dit waar wees om te sê dat hulle wel 'n invloed op priesters - veral diegene wat self vanaf die Kaapse Vlakte afkomstig is - het, en dat waar daar in 1983 dikwels 'n oorweldigende negatiewe houding teenoor Afrikaans in sy totaliteit was, daar in 1988 'n meer genuanseerde benadering tot die kwessie van Afrikaans is, wat insien dat dit ook die taal van die armes in die stad is, en dat die Kerk, as hy sy vooroordeel vir die armes wil verwesenlik dit ook deur sy taalgebruik moet doen. (Dié insig lei natuurlik tot die vraag hoe geskik die *vorm* van die taal van die liturgie (standaard-Afrikaans) vir hierdie doeleinde is). 'n Gevolg hiervan is dat daar aanduidings is dat die jonger geslag priesters soms bereid is om op een of ander wyse Afrikaans in township-parogieë te gebruik.

Iets van die nuwe denke teenoor Afrikaans word gesuggereer deur die volgende opmerkings gemaak in die 1988-opname deur 'n plattelandse priester wat tot onlangs in 'n stedelike parogie gewerk het:

"The greater proportion of parishioners in urban Cape Town is Afrikaans speaking. Many of them, therefore would draw more benefit from a sermon delivered in Afrikaans than in English even though most would for historical, sociological or perhaps psychological reasons be averse to the idea of listening of Afrikaans Sermons every Sunday. *It might be an idea to have a more regular alternation between the Afrikaans and English Liturgy* (eie kursivering). Initiatives of this kind are to come from the bishop if they are to have any hope of success."

2. AFRIKAANS IN ANDER BISDOMME VAN DIE K.P.S.A.

2.1 DIE BISDOM VAN GEORGE

Die Biskop van George dui in die 1988-opname aan dat Afrikaans besonder wyd as kerktaal in sy Bisdom gebruik word. By verskeie gemeentes is die liturgie, Skriflesings, preke en gesange in Afrikaans en Hemelsbrood, die Algemene Gebedeboek, Liturgie 1975, Geleentheidsdienste en die Gesangboek is in gebruik.

Terwyl Afrikaans soms die enigste kerktaal is, veral by kapelle en buitestasies, is daar ook Afrikaanssprekende gemeentes wat Engels as kerktaal wil hê. 'n Informant vertel dus byvoorbeeld dat die gemeente van St. Alban's, Pacaltsdorp versoek het dat daar gereelde preke in Engels moet wees - alhoewel die gemeente amper uitsluitelik Afrikaanssprekend is. 'n Ander informant vir Pacaltsdorp skryf:

"People (the parishioners) seem reluctant to use Afrikaans wholly as they feel very strongly that they belong to the "English Church." It is particularly the older members of the congregation that insist on using English when it comes to worship and interviews with their priest."

Alhoewel die patroon waarvolgens die eucharistiese liturgie in Engels is, met Afrikaanse Skriflesings en preke in George soos in Kaapstad voorkom, suggereer die vraelyste dat die Afrikaanse eucharistiese liturgie in wyer gebruik hiër as in ander Afrikaanssprekende dele van die K.P.S.A. is.

In Deel II van hierdie studie is verwys na 'n aantal Afrikaanssprekende gemeentes in die Bisdom van George wat "Dutch" as kerktaal gebruik het. Dit is interessant om op te let wat die huidige taalsituasie by hulle is:

2.1.1 St. Paul's, George

By St. Paul's is Skriflesings en preke in Afrikaans. Die liturgie is in Engels, maar by die verskeie kapelle in die Parogie is die liturgie ook in Afrikaans. Een van hierdie kapelle is St. John the Baptist in The Wilderness, Schoonberg waarna daar op p. 42 hierbo verwys is. Afrikaanse gesange is ook by die kapelle in gebruik.

2.1.2 Knysna-gebied

Engels is die enigste kerktaal wat by St. George's, Knysna gebruik word; Afrikaans is wel as kerktaal by St. James, die kerk wat in die 1890-er jare gebou is "to accommodate the growing Coloured congregation" van St. George's (vgl. p. 42 hierbo).

In die naburige Parogie van Belvedere word Afrikaans as kerktaal gebruik vir die gemeentes van Keurhoek, Kraaibos, Hollywood Park, Ruigtevlei, Charlesford, Highway en Goudmyn. Hier is Afrikaans die enigste taalmedium vir Anglikaanse aanbidding.

2.1.3 All Saints', Mosselbaai

By die Parogiale Kerk van All Saints in Mosselbaai word Afrikaans soms as kerktaal gebruik. Buitestaties en kapelle soos St. Luke's, Brandwacht, St. John's, Kleinbrakrivier, Ruitersbos en Friemersheim maak meer gereelde gebruik van die Afrikaanse liturgie. Skriflesings, preke en gesange is ook (soms) in Afrikaans in hierdie parogie. Blykbaar is dienste hier diglossies, maar dit is onduidelik wat presies die patroon van taalgebruik vir kerkdienste is.

2.1.4 St. Jude's, Oudtshoorn

By St. Jude's Oudtshoorn en St. Mark's Calitzdorp word beide Engels en Afrikaans as kerktale gebruik. Die Eucharistie is gedeeltelik in Afrikaans gevier; Oggendgebed en Geleentheidsdienste soms geheel in Afrikaans. Hemelsbrood, die Algemene Gebedeboek, Liturgie 1975, Geleentheidsdienste en die Gesangboek is in gebruik, maar volgens die Rektor verkies sy gemeentes altyd Engelse gesange.

In antwoorde op vraag 9 - "As far as you know, when was Afrikaans first used for worship in your parish?" - skryf die Rektor:

"Probably a developing Afrikaans, from the time when a
"Mission" chapel, dedicated to St. Simon, was built in 1870."

In antwoord op vraag 10, sê hy:

"At St. Marks, Calitzdorp we use Afrikaans on a regular base because this language is better understood by the congregation. From my own experience with the use of Afrikaans in the C.P.S.A. it was only in some areas of the Prieska Mission District (as it was then known) that only this language could be used. No other language was known to the majority in congregations at Volop, Niekerkshoop, Blackridge, Erfurt etc. Small wonder that they complained (those who had radio's) that, between a priest's quarterly visits they could never find a broadcast service from their own church in a language they could understand - where they could share in an act of worship."

2.1.5 Beaufort-Wes

By St. Matthew's in Newlands, Beaufort-Wes word die Mis drietalig in Afrikaans, Engels en Xhosa bedien, terwyl gemeentes by Leeugamka en Nelspoort slegs Afrikaans as kerktaal het. By St. Matthew's is die Nuwe Testament in Afrikaans; die preek in Afrikaans met 'n Xhosa vertolking, en die gesange drietalig.

Die Rektor skryf dat Afrikaans "from the very beginning of Anglicanism in this part of the Karoo (esp. St. Matthews ± 1959)" as kerktaal gebruik is, en in antwoord op vraag 10 sê hy:

"Rural Anglicanism mostly has Afrikaans as the language of the worshipping community - and where other languages (e.g. English and Xhosa co-exist with Afrikaans) they are applied harmoniously within the liturgical framework of worship - but that being the initiative of the Priest and not so much the result of a "multi-lingual" liturgical booklet. One of the chief problem areas in the Karoo is communication: very often an English-speaking priest is expected to minister to people whose lingua franca is Afrikaans and or any of the black languages. In this particular respect the Church will have to equip herself and her leaders to be able to articulate the Gospel truths through the language experience of the lay church."

deur Afrikaanssprekendes gebruik nie, en Xhosaspreekendes gebruik nie in dié twee bisdomme Afrikaans as kerktaal nie. Verskeie 1988-vraelyste dui aan dat in Kimberley en Kuruman Afrikaans saam met Xhosa en Tswana as kerktaal gebruik word, en dat sprekers van Xhosa en Tswana Afrikaans as kerktaal gebruik, terwyl Afrikaanssprekers ook in Xhosa en Tswana aanbid.

All Saints' Kerk in Upington is byvoorbeeld 'n Xhosaspreekende gemeente waar liturgie, Skriflesings, preke en gesange gedeeltelik in Afrikaans is. Die rektor skryf:

"It's supposed to be a Xhosa-speaking parish but they are quite at home if something is done in Afrikaans. You will find them pray, read and give notices in Afrikaans. The service is never taken wholly in Afrikaans, except marriage (because of me not being able to speak Xhosa)."

By die naburige gemeente van St. Matthew's in Upington is alle kerkwerk in Afrikaans. Só ook by die kapelle en buitestasies van Brandboom, Landgoed, Opmag, Wegdraai, Groblershoop, Topline, Grootdrink, Karos, en Louisvale. In hierdie Parogie word Hemelsbrood, Liturgie 1975, Geleentheidsdienste en die Gesangboek gebruik. Die Rektor gee die volgende kommentaar oor die gebruik van Afrikaans in die Parogie van St. Matthew's:

"This is an entirely Afrikaans-speaking community and for that reason services are taken in Afrikaans. This is the language they understand and speak so worship for them through the medium of Afrikaans is meaningful."

Die gemeente van St. Paul's, Kimberley bestaan uit Tswana-, Afrikaans-, Xhosa- en Sothospreekendes. Die Mis is op Woensdae volledig in Afrikaans; op ander dae is dit in Xhosa of Tswana. Een Skriflesing is op Sondag in Afrikaans, en een keer per maand is die Sondag preek in Afrikaans. Afrikaans word ook vir Bybelstudies en Bevestigingsklasse gebruik. In sy antwoord op vraag (10) sê die Rektor:

"When I got here, Afrikaans was regarded as inferior. Afrikaans ought to be used more in the Parish, because we have quite a number of Afrikaans people ... We are in South Africa, Afrikaans is one of our languages. We need to

minister in Afrikaans where Afrikaans is needed - If we want to relive the Pentecost event, making the gospel heard in all languages, then Afrikaans deserves an equal standing with the other languages."

Nog 'n gemeente waar Afrikaans saam met Afrika-tale (en Engels) as kerktaal gebruik word, is dié van die Church of the Annunciation in Bongani, Douglas. Hierdie gemeente gebruik Xhosa, Tswana, Engels en Afrikaans in aanbidding. Die liturgie en Skriflesings is gedeeltelik in Afrikaans; daar is 'n Afrikaanse vertolking tydens die preek, en gesange is in Xhosa, Tswana en Afrikaans.

Volgens die 1988-opname is daar ook Afrikaansgebruikende gemeentes in verskeie woonbuurte van Kimberley; en in Ritchie, Barkly-Wes, en die verskeie kapelle van die Parogie van St. Luke's, Prieska. In sy antwoord op vraag (10) dui die Rektor van Prieska op een van die probleme i.v.m. volkstaal-aanbidding - naamlik dat dit 'n gemeente van die wyer Kerk kan isoleer:

"Because we live in a predominantly Afrikaans speaking area it is found that worship (in Afrikaans) has become more meaningful to people. It also has the tendency of isolating worshipping communities because communication has become a problem - English as a means of communication is becoming poorer and the result thereof can be felt even in our schools."

2.3 DIE BISDOMME VAN BLOEMFONTEIN, GRAHAMSTAD, PORT ELIZABETH, JOHANNESBURG, NATAL EN NAMIBIA, 1988

Biskoppe van die bogenoemde Bisdomme was in die 1988-opname ingesluit.

2.3.1 Bloemfontein

Volgens die Biskop van Bloemfontein word Afrikaans by die Katedraal en by St. Philip's, Heidedal en in Fauresmith as kerktaal gebruik. By die Katedraal word die Eucharistie en Aandgebed gedeeltelik in Afrikaans geoffer. 'n Ander informant sê dat Afrikaans ook in Williamville, Springfontein en Bethtulie gebruik word. Volgens

die Biskop word Afrikaans sedert 1928 as kerktal gebruik, en sy kommentaar by vraag (10) is:

"We would be happy to use more Afrikaans in Afrikaans-speaking areas, but it doesn't *seem* to go "saam met die Engelse Kerk." "

2.3.2 Grahamstad

In Grahamstad word die Afrikaanse eucharistiese liturgie blykbaar nie gebruik nie, alhoewel een gemeente (St. David's, Queenstown) die doopliturgie in Afrikaans volg. Skriflesings en preke is (soms, gedeeltelik) in Afrikaans by St. Clements, Grahamstad; St. David's, Queenstown, en by die Breidbach-gemeente in King William's Town. Bybelstudie en gebedskringe geskied ook in Afrikaans, en tydens Ordeningsdienste is een Skriflesing ook in Afrikaans. Die kommentaar in antwoord op vraag (10) is:

"The Afrikaans of Liturgie '75 is not always basic enough. One example "kreature" for "creatures" is not normally used - "skepsels" is better."

2.3.3 Port Elizabeth

In die Bisdom van Port Elizabeth is Afrikaans by St. Agnes, Noupoort; St. James Michausdal; St. Francis of Assis, Tzitzikamma en St. Mary Magdalene, Port Elizabeth in gebruik. Blykbaar geskied alle dienste hier volledig in Afrikaans, en die taal word ook vir Vastyddienste, Biegte en Salwing gebruik, asook tydens bisdomlike byeenkomste soos Sinodes en Ordeningsdienste. Die Biskop se kommentaar is:

"In the city situation, although Afrikaans is the home language of many, they prefer using English for worship and, except for one parish, resist the use of Afrikaans."

2.3.4 Johannesburg

In Johannesburg word Afrikaans soms in Afrikaanssprekende gemeentes vir skriflesings en preke gebruik. Huweliksdienste en Begrafnisse geskied ook soms in

Afrikaans en die taal word tydens informele huisdienste en gebedskringe en tydens bisdomlike byeenkomste gebruik (27).

2.3.5 Natal

Wat die Bisdom van Natal betref, skryf Edna Tiflin in haar 1984-studie, Gesproke Afrikaans onder die Kleurlinggemeenskap in Durban, dat Engels die aanbiddingstaal is van dié gemeenskap:

"Daar is voor en gedurende die ondersoek verskillende kerkdienste (troues, begrafnisdienste, gewone kerkdienste asook kerkfeeste) in hierdie kerke (Anglikaans en Rooms Katoliek) bygewoon. Die hele kerkdiens insluitende die liturgie, gebede, preek en gesange, word in Engels gedoen" (28).

Tiflin kom in haar studie tot die konklusie dat:

"Afrikaans as gesproke taal nie gebruik word in sosiale verkeer en ook nie deel vorm van die kultuurerfenis van die grootste gedeelte van die Kleurlinggemeenskap in Durban nie. Afrikaans word afgedwing op hulle op opvoedkundige en amptelike gebied... Die gevolgtrekking kan dan gemaak word dat die taal nie 'n toekoms as gesproke taal onder lede van die Kleurlinggemeenskap in Durban het nie; *daar is nie behoefte daaraan nie* (my kursivering) (29).

In die lig hiervan kan aangeneem word dat daar nie 'n behoefte aan Afrikaans as kerktaal in die Durban-gebied van die Bisdom van Natal sal wees nie. Dit is dus verstaanbaar dat aanbidding in Engels plaasvind. Of daar 'n behoefte vir Afrikaanse aanbidding in ander dele van die Bisdom bestaan, is onduidelik, maar 'n woordvoerder vir die Biskop van Natal dui in antwoord op die 1988-opname aan dat Afrikaans blykbaar ook nie elders in die Bisdom gebruik word nie:

"After consulting 25 of the 82 parishes in the diocese (of the balance 26 Zulu speaking and unlikely to use Afrikaans at all) I have unearthed one priest who has conducted one

funeral service in Afrikaans, however not for an Anglican family but a D.R.C. family who could not obtain the services of a D.R.C. Dominee."

2.3.6 Namibia

Tydens 'n vergadering van die Provinsiale Afrikaans Komitee van 10 Maart 1983 is genoem dat Namibia Afrikaanse materiaal aanvra. Die provinsiale maandblad Seek het in sy uitgawe van September 1984 die volgende verslag van 'n bespreking oor Afrikaans by die Bisdomlike Sinode van 1984 bevat:

"In an amended resolution the synod expressed the hope that the diocese would in future be sensitive to the needs of the Afrikaans-speaking members and recognize their desire to communicate fully with the church. The original motion, proposed by the Rev. James Gaya of Khomasdal called for official church documents and notices to be translated into Afrikaans, but the amendment was accepted by Fr. Gaya on grounds of practicability..."

Die verslag gaan voort:

"Earlier the synod was told in answer to a question that according to South African government figures, 91,9 per cent of Namibia's 51 893 Anglicans spoke languages in the Ovambo group, 4,4, per cent spoke English, and 3,7 per cent spoke Afrikaans as their first language" (30).

Dat daar egter in Namibia 'n gevoel teen Afrikaans is, blyk uit die outobiografie van wyle Biskop Colin O'Brien Winter, wat 'n besoek van die polisie aan een van sy priesters soos volg beskryf:

"... the policemen began the interview by addressing Fr. Theophilus in Afrikaans, a language which is detested by many blacks, and which brought an immediate reaction from him. With a voice full of scorn he said "you are not from the

government, you are from the bush. Please speak to me in English" (31).

Volgens Biskop James Kauluma word Afrikaans in 1988 in Namibia as kerktaal gebruik (vir liturgie, skriflesings, en preke) by St. Saviour's, Narraville, Walvisbaai; St. Peter's, Lüderitz; en Grace Church, Khomabdel, Windhoek. Die Afrikaanse kategisme word ook gebruik, maar slegs een gemeente het Afrikaanse gesange. Die taal word ook tydens bisdomlike byeenkomste gebruik, maar Biskop Kauluma se kommentaar sinspeel weer op 'n negatiewe houding teenoor Afrikaans as verdrukkerstaal:

"In Namibia, with the burning desire for independence, there is a shift generally from Afrikaans to English" (32).

3. PUBLIKASIES

Die belangrikste Anglikaanse publikasie van die tagtigerjare is die nuwe Gebedeboek wat in Junie 1989 in die verskeie tale van die Kerk in gebruik geneem is, en waarna daar alreeds in Hoofstuk VII verwys is. Die boek bestaan uit (hersiene) materiaal uit Liturgie 1975 en vroeë publikasies soos Aswoensdag tot Paasfees en die nuwe vertalings van die verskeie Geleentheidsdienste. Daar is ook, onder meer, sekere bykomende materiaal vir Siekebediening, twee nuwe Eucharistieformuliere, 'n nuwe Biegformulier, 'n nuwe Kategismus, en 'n vertaling van die Psalms vir liturgiese gebruik. Die Afrikaanse vertaling van die Gebedeboek was die werk van die Provinsiale Afrikaans Komitee.

Soos gedurende die sewentigerjare het die Kerk voortgegaan om kategetiese, geestelike opleidings- en inligtingsmateriaal in Afrikaans (en die verskeie Afrika-tale) te publiseer. Die blad Neem en Lees het nog steeds (maar nie gereeld nie) verskyn, en Provinsiale Departemente soos die Sendingdepartement het gepoog om hul materiaal in al die nodige tale van die Provinsie, insluitend Afrikaans beskikbaar te stel.

4. SAMEVATTING: DIE TAGTIGERJARE

Die twee opnames van 1983 en 1988 dui aan dat Afrikaans gedurende die tagtigerjare 'n lewende kerktaal in die K.P.S.A. is. In die Bisdomme van George, Kimberley en Kuruman, en Kaapstad vind daar 'n aansienlike Anglikaanse bediening in Afrikaans plaas, en daar is ook 'n Afrikaanse bediening in die Bisdomme van Bloemfontein, Port Elizabeth, Grahamstad, Johannesburg en Namibia. Afrikaans word blykbaar nie in die Bisdom van Natal gebruik nie, en daar was geen gegewens vir die ander Bisdomme van die Provinsie nie (33).

Die grondslag waarop Afrikaans as kerktaal in die tagtigerjare gebruik word, is - soos dit vroeë die geval met "Dutch" was - die bestaan van Afrikaanssprekende gemeenskappe binne die Anglikaanse Kerk. Die Kerk het tot nou toe geen amptelike taalbeleid neergelê deur sy sinodes nie, en die raamwerk waarbinne alle taalgebruik in die Kerk geskied, is nog steeds die opdrag van die 39 Geloofsartikels dat bediening in 'n taal wat die mense verstaan, moet plaasvind (34). Iets van die krag van hierdie opdrag is te sien in die feit dat die K.P.S.A. sy nuwe Gebedeboek in 1989 in Engels én sewe van die ander tale van die Provinsie bekend gestel het, insluitend Afrikaans (35). Dit is dan ook so dat Afrikaans nie (na analogie van sy status as amptelike landstaal) gelyk staan met Engels as 'n soort oorkoepelende "amptelike" taal in die Kerk nie, maar dat hy, binne die algemene raamwerk van taalgebruik van die K.P.S.A., saam met die swart Afrika-tale van Suider-Afrika as 'n (plaaslike) volkstaal in die Kerk beskou en gebruik word.

Die hoofstuk het 'n aantal houdings t.o.v. Afrikaans (en die gebruik daarvan as kerktaal) geïdentifiseer.

Daar is, eerstens, 'n gevoel wat dikwels teëgekom word, dat Afrikaans nie 'n geskikte kerktaal vir die Anglikaanse Kerk is nie. Selfs al is Afrikaans huistaal, kommunikasiemedium en gemeenskapstaal voel Afrikaanssprekende Anglikane dat "ons die *Engelse* Kerk is" en dat Engels dus hul aanbiddingstaal behoort te wees. Soos ons gesien het, het verskeie historiese en kontemporêre faktore tot hierdie houding bygedra wat daarop uitloop dat die gebruik van Engels as kerktaal deur Afrikaanssprekende Anglikane deel van hul kerklike selfidentiteit geword het. Onder hierdie faktore was/is die Engelsheid van geordende bedienaars (veral priesters wat die Eucharistie bedien), 'n moontlike Engelse invloed d.m.v. kerkskole, die hoë algemene status wat aan Engels geheg word as wêreldtaal en taal van groter

geleenthede en vooruitgang in die lewe, die begeerte om deur Engels kommunikasie te behou met die wyer Kerk en die vrees dat die gebruik van Afrikaans daarop gemik is om gemeenskappe onkundig, apart en geïsoleerd binne die Kerk te los (36).

'n Tweede houding t.o.v. Afrikaans wat opkom, is die gevoel dat dit die taal van die verdrukke is, 'n taal wat dus binne die kerklike konteks vermy moet word. Hierdie gevoel is een wat natuurlik verband hou met die identifisering van Afrikaans met die standaard amptelike taal van die "blanke" Afrikaner en die apartheidsstelsel, en was veral sterk na 1976 en in die vroeë tagtigerjare. Onder Afrikaanssprekende Anglikane het dit tot die soort ambivalensie gelei wat gesien word in die woorde van 'n informante wat in 1983 die stelling gemaak het:

"Afrikaans *is* die taal van die verdrukke, maar dis ook *my* taal, en sommige van ons mense praat geen ander taal nie" (37).

Die derde houding teenoor Afrikaans groei uit hierdie ambivalensie, en is die gedagte dat daar 'n (vorm van) Afrikaans is wat in die Kerk gebruik kan/moet word juis omdat dit die taal is van die armes en verdruktes aan wie die Kerk sy bediening op 'n spesiale wyse behoort te rig. Hierdie houding hou verband met die kwessie van "alternatiewe Afrikaans", met kontemporêre politieke stromings en met stromings gesentreer op die Kaapse Vlakte wat du Plessis as 'n kontemporêre, politiek-geïnspireerde "Kaapse beweging" tipeer (38). Alhoewel hierdie stromings tot dusver geen noemenswaardige uitwerking op taalgebruik in die K.P.S.A. gehad het nie, verskaf hulle wel nuwe moontlikhede vir die gebruik van Afrikaans in die K.P.S.A., en stel hulle ook belangrike vrae t.o.v. die *aard* van die taal wat as kerktaal gebruik word. Die bereidwilligheid van sommige van die jonger geslag priesters om 'n mate van Afrikaans in township-gemeentes te besig en die gereelde verwysing in die 1988-opname (dikwels deur priesters wat self tweetalig is, en wat 'n Kaapse agtergrond het) dat meer Afrikaans in die K.P.S.A. gebruik moet word, getuig van 'n verskuiwing van persepsies in vergelyking met 1983 waartoe die "Kaapse beweging" enigsins bygedra het, en nog steeds bydra.

Soos dit in die vroeë tydperke die geval met Afrikaans was, en nóg vroeër met Dutch, word Afrikaans gedurende die tagtigerjare op verskeie wyses as kerktaal gehandhaaf. Naas Afrikaanssprekende parogieë en gemeentes wat t.o.v. kerktaal volledig Afrikaansgebruikend is, is daar ook diegene wat Afrikaans slegs vir sekere

dienste of sekere dele van hul dienste gebruik. Daar is ook gemeentes (veral in stedelike gebiede) wat tweetalig is, en waar Afrikaans dikwels die algemene normale huistaal is wat min of geen Afrikaans as kerktaal gebruik nie.

Wat die handhawing van Afrikaans as kerktaal betref, is daar dus geen duidelike algemene patroon nie, behalwe dat dit lyk dat, alhoewel daar gemeentes is wat die Eucharistie volledig in Afrikaans vier, daar ander is wat kies om Engels vir die eucharistiese liturgie (met Afrikaans vir Skriflesings en preek) te gebruik, of Engels en Afrikaans met mekaar as liturgiese taal te laat afwissel. Die gebruik van Afrikaans vir Skriflesings, as preektaal, as katekisasiemedium en vir nie-eucharistiese liturgieë (veral vir die Geleentheidsdienste van die Kerk) bly, oor die algemeen, konstant.

Dat Afrikaans 'n toekoms as kerktaal in die K.P.S.A. het, word gesuggereer deur die gereelde verwysing wat bedienaars wat die 1988-vraelys ingevul het, maak dat daar 'n behoefte is dat Afrikaans in die Kerk (meer) gebruik word. Alhoewel daar Afrikaanssprekende gemeentes in die tagtigerjare is waar Engels 'n nuwe rol as kerktaal wen (soos byvoorbeeld by St. Nicholas' Kleinmond), en waar Engels dus Afrikaans as kerktaal vir sommige dele van sommige dienste verplaas, is daar aan die ander kant gemeentes waar die teenoorgestelde gebeur (soos by St. Augustine's, Villiersdorp); en daar is ook aanduidings van 'n nuwe bereidwilligheid om Afrikaans 'n (klein) plek as kerktaal in tot nou toe slegs Engelsgebruikende stedelike gemeentes te gun. Afrikaans is dus as kerktaal in die K.P.S.A. in die tagtigerjare in 'n vloeibare situasie, en miskien kom die grootste motivering vir sy handhawing in die toekoms nie soseer uit die ou Anglikaanse prinsiepe van die belangrikheid van bediening in 'n taal wat die mense verstaan nie (want vir baie Afrikaanssprekendes is *Engels* vandag tog só 'n taal), en nog minder uit enige amptelike status wat die taal in land (of Kerk) mag geniet, maar wel uit die stromings rondom "alternatiewe Afrikaans" en die eietydse "Kaapse beweging."

* * *

Aan die einde van Matteus se Evangelie sê Jesus:

"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels..." (39).

Deur die eeue heen was dit deel van die Kerk se taak om uit te reik na mense van alle kulture en alle tale en om dáár vlees te word. Soos John Davies dit stel:

"By its handling of the 'Gentile problem' of its own day, the New Testament church demonstrated, for all successive generations, that the good news in Christ is designed and intended to reach and to be meaningful within every culture and language group of the human race" (40).

Davies gaan voort om die taal-implikasies hiervan soos volg uiteen te sit:

"There is no single holy language. No one has to abandon his or her home-language in order to speak the holy truth - though, on occasion, for the sake of catholic community, we may well rejoice to be led in prayer and worship in a language other than our home-language, and even in a language which we do not understand at all" (41),

en hy sê van die Anglikaanse Katolieke tradisie (wat sterk in die K.P.S.A is) dat dit Engels as 'n *lingua franca* gebruik, maar dat dit nooit dié taal tot 'n nuwe soort Latyn wil verhef nie:

"Anglican Catholicism has treasured this understanding of catholicism. It has used English as a *lingua franca*; but it has never wanted to see English as a new kind of Latin" (42).

Met alles wat in hierdie hoofstuk (en hierdie studie) gesê is oor die gebruik van Afrikaans as kerktaal binne 'n konteks waar Engels die oorkoepelende kommunikasiemedium of *lingua franca* is, moet bygevoeg word dat die Kerk nie homself sterk genoeg gewortel het in die taal en kultuur van die Afrikaanssprekende gemeenskappe wat hy bedien nie. Die gevolg (en ook teken) hiervan is dat *lingua franca* en oorkoepelende kommunikasiemedium dominante taal geword het, en dat Engels *wel* in sommige Afrikaanssprekende Anglikaanse gemeentes 'n nuwe soort Latyn geword het. Vir sulke gemeentes is Engels vandag 'n "heilige taal" wat as die enigste geskikte aanbiddingstaal gesien word.

Dit is 'n verskynsel wat ernstige pastorale implikasies het. Daar is byvoorbeeld dikwels 'n massiewe gaping in die geestelike lewe van Afrikaanssprekende Anglikane tussen hul private geestelike lewe in Afrikaans en hul openbare kerklike lewe in Engels, wat die vraag inhou hoe relevant laasgenoemde tot die daaglikse geesteslewe van die gemeente is. Dan is daar ook die vraag van wat hul verheffing van Engels tot "heilige taal" aan 'n Afrikaanssprekende gemeente se beeld van God doen, en, inderdaad, aan hul eie menswaardigheid; en in hoe 'n mate kan 'n gemeente die bevrydende Evangelie van Christus sy eie maak deur medium van 'n taal wat nie sy eie is nie? (43). (Hier moet ook onthou word dat dit veral die armes is wat nie Engelsvaardig is nie).

Sulks is dan die vrae waarna Afrikaanse bediening in die K.P.S.A moet kyk. Daarby kom ook die kwessie of die standaard-Afrikaans wat wel as kerktaal gebruik word altyd die geskikste variëteit van die taal vir dié doel is, want ook tussen standaard-Afrikaans en die daaglikse taal van sommige gemeentes lê daar 'n gaping wat, terloops, nie bestaan in die moderne liturgieë van ander tale soos byvoorbeeld Engels nie. Die punt hier is dat die liturgie in standaard-Afrikaans - soos die liturgie in Engels, maar natuurlik in 'n mindere mate - nie vir 'n Afrikaanssprekende gemeente noodwendig die liturgie in sy omgangstaal, sy volkstaal - sy "vernacular" - is nie, en die vraag ontstaan dus: *het* ons 'n Afrikaanse liturgie in die volkstaal?

Kwesi Dickson skryf:

"...it is essential that African Christians should be in a position to express in a vital way what Christ means to them, and to do so in and through a cultural medium that makes original thinking possible. Let Christ call them, rebuke them, accept them in his embrace; let him chasten them and carry them in his arms - but let all this be done in a medium that will give Christ's approach an eternal impact. The faith can be meaningful only when Christ is encountered as speaking and acting authentically, when he is heard in the African languages, when culture 'shapes the human voice that answer the voice of Christ'. To put this in another way, Christ must be heard to speak to African Christians direct" (44).

Hierby kan ons voeg dat die Christen van Afrika ook in sy aanbidding - en dit sluit sy openbare aanbidding in - direk met Christus moet kan kommunikeer.

Dit is die taak van Anglikaanse bediening in Afrikaans om hiêr die gedagtes in die Afrikaanssprekende Anglikaanse konteks te verwesenlik.

1. L. Nothnagel Gemeenskapsprofiel 1982, (Caledon Gemeenskapsdiens, Caledon, 1982) p. 2.
2. J.P.C. Hess, persoonlike gesprek, Botrivier, 10 Mei 1983.
3. Persoonlike gesprekke, Bredasdorp, 4-6 Maart 1983.
4. S. Barry, persoonlike gesprek, Botrivier, Aug. 1983. Oor die invloed van Anglikaanse skole op taalhandhawing vgl. pp. 35 e.v. en 135 hierbo.
5. J.P.C. Hess, persoonlike gesprek, Botrivier 22 Julie 1983.
6. Hierdie rekonstruksie is gemaak n.a.v. persoonlike gesprekke gevoer met verskeie lidmate van St. Peter's op Botrivier, Jan. - Sept. 1983.
7. J.P.C. Hess, persoonlike gesprek, Botrivier, 22 Julie 1983.
8. M. Klaasen, persoonlike gesprek, Botrivier, Nov. 1983.
9. M. Klaasen, brief, Feb. 1984. Die kwessie van die tekort aan 'n katolieke woordeskat is bespreek vanuit (Rooms) Katolieke oogpunt deur D.J. Gomes, 'n Onderzoek na die wenslikheid van 'n Katolieke woordeskat in Afrikaans (Ongepubliseerde M.A.-proefskrif, Universiteit van die Witwatersrand, 1962). Hierdie studie het tot die publikasie in 1970 van 'n Kerkwoordeboek deur die Katolieke Afrikanersentrum in Pretoria gelei.
10. St. Mary's Church, Houw Hoek: 125th Anniversary 1981, p. 7.
11. St. Mary's Church, Houw Hoek: 125th Anniversary 1981, p. 6.
12. S.P.G., E5, 1860.
13. R. Gray, A Journal of the Bishop's Visitation Tour through the Cape Colony, in 1848, 1949, p. 3. Vgl. ook pp. 4 e.v.
14. Caledon Museum, Holy Trinity Church, no date, p. 1.

15. D. Pearson, persoonlike gesprek, Caledon, 8 Aug. 1983.
16. D. Pearson, persoonlike gesprek, Caledon, 8 Aug. 1983.
17. Persoonlike gesprek, Durbanville, 10 Maart 1983.
18. S.P.G., Applications / Returns 1922.
19. S.P.G., D 278, 1922.
20. Persoonlike gesprek, Bellville, Sept. 1984.
21. Soos F.A. Ponelis in K.P. Prinsloo en M.C.J. van Rensburg (reds.) Afrikaans: Strand, Taak, Toekoms (HAUM, Pretoria, 1984) pp. 32 e.v. aandui is die begrippe "moedertaal" en "eerste taal" "allesbehalwe onproblematies". Dit beteken dat die begrip tweetaligheid ook 'n moeilike een is. Die aard van die vorm van beide die Engels en die Afrikaans wat op die Kaapse Vlakte gebruik word, bemoeilik die saak deurdat daar 'n sterk wedersydse beïnvloeding tussen die twee tale plaasvind, en daar is ook 'n hoë graad van kodewisseling. Die gevolg is dat dit moeilik kan wees om te bepaal wanneer sprekers watter taal gebruik, en of hulle dalk besig is om 'n derde taalvorm - 'n Engels/ Afrikaanse of dalk Afrikaans/Engelse kreool - te gebruik.

In sy besinning oor die "primêre Afrikaanse taalgemeenskap" maak Ponelis die belangrike punt dat daar 'n tipiese vorm van tweetaligheid is waarin "huistaal" en "eerste taal" nie sonder meer gelyk gestel kan word nie (p. 32), en waar 'n hoër waarde aan, byvoorbeeld, die taal van die werksplek as die huistaal toegeken kan word. Hy maak ook, terloops, 'n stelling wat onder moedertaal Afrikaanssprekende Anglikane van beide die platteland en die stad nie sonder meer van toepassing is nie wanneer hy skryf:

"...daar is 'n belangrike verband tussen die taal van die huis en die taal van ander sosiale sub sisteme waarbinne 'n spreker optree, soos die vriendekring en die godsdienstbeoefening. Om dit kort te stel: iemand met Afrikaans as huistaal soek graag Afrikaanse vriende op en gaan na 'n kerk toe waar Afrikaans as voertaal gebruik word" (p.32).

Soos ons al gesien het, kies Afrikaanssprekende Anglikane dikwels Engels as kerktaal; en hier het ons dan 'n voorbeeld van Ponelis se stelling dat "huistaal" en "eerste taal" nie sonder meer gelyk gestel kan word nie - ook wat godsdienste betref.

22. Die kwessie van die negatiewe "taal van die verdrukke" konnotasies wat Afrikaans het, is bespreek deur die Provinsiale Afrikaans Komitee tydens sy vergadering van 10 Maart 1983. Lede van die Komitee het aangevoer dat dit 'n remmende faktor in "Afrikaans werk" in die Provinsie was, wat sensitief benader moes word veral omdat dit dikwels sterk gevoel is deur Afrikaanssprekers. (Verskeie mondelinge verslae vertel van die ironie van die situasie in die vroeë tagtigerjare toe verskeie vergaderings en groepe in die townships van die Kaapse Vlakte debat gevoer het in Afrikaans rondom die kwessies van opvoeding, Afrikaans en verdrukking, en in Afrikaans - natuurlik nie in standaard-Afrikaans nie (en dit is juis deel van die punt) - tot die slotsom gekom het dat Afrikaans die taal van die verdrukke was).
23. Vgl. R. van den Heever, Tree na Vryheid: 'n Studie in Alternatiewe Afrikaans (K.P.O., Kaapstad, 1987); verskeie opstelle in H. du Plessis en T. du Plessis (reds.), Afrikaans en Taalpolitiek (HAUM, Pretoria, 1987); R. van den Heever, Afrikaans en Bevryding (Verslag van die Alternatiewe Afrikaans seminaar van die Kaaplandse Professionele Onderwysersunie, 26-27 Feb. 1988) (K.P.O., Kaapstad, 1988); "Alternatiewe Afrikaans: Woelinge rondom 'n lastige kwessie" in Die Suid-Afrikaan, No. 15, Junie 1988, pp. 19 e.v. Vgl. ook J.F. Smith, A. van Gensen en H. Willemse Swart Afrikaanse Skrywers (U.W.K., Kaapstad, 1985). Volgens die Guardian van 2 Desember 1985 was die toespraak van Mnr. Baray van COSATU by die stigting van die organisasie in Xhosa, en dit was in Sotho, Engels en Afrikaans vertolk "because many coloured workers from the Cape are Afrikaans speaking" (p. 1).
24. "Defining Peoples' Culture" South, September 22 tot 28, 1988, p. 13.
25. Persoonlike gesprek, Biskop van Kimberley en Kuruman, 10 Maart 1983.
26. Seek, March 1986, p. 6.

27. In 'n brief van 12 Junie 1984 beskryf Eerw. W. Ndungane die taalsituasie in die swart gemeentes van Johannesburg soos volg:

"In Johannesburg where there are black congregations this is a polyglot situation very often. It is thus common practice for the church member to use a hymn book of the language of his choice. Each person sings in his own language, the concordant numbers being announced accordingly. As for the liturgy itself the officiant may use one language throughout or vary it with another language (or languages). He may otherwise use Xhosa one Sunday or Sotho the next; or Zulu or Tswana. It depends very much upon what his people want and to some extent on his own fluency.

In some parishes there is a preference for English even when this may be their "second" or "third" language."
28. Edna C. Tiflin, Gesproke Afrikaans onder die Kleurlinggemeenskap in Durban - 'n Sosiolinguistiese Studie (Ongepubliseerde M.A.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1984) p. 36.
29. Edna C. Tiflin, 1984, p. 85.
30. Seek, September, 1984, p. 2.
31. C. O'Brien Winter, Namibia : the Story of a Bishop in Exile (1977) p. 91. Elders in die boek dui Winter aan dat hy self wel 'n bietjie informele Afrikaans gebruik het - vgl. p. 48.
32. SWAPO se beleid is dat Engels die amptelike taal van Namibia sal word onder 'n SWAPO-bewind, en 'n 1981 dokument van die United Nations Institute for Namibia ("Toward a Language Policy for Namibia") verwys, soos Biskop Kauluma in 1988, na "a very great desire by Namibians now to learn and use English." SWAPO erken egter Afrikaans as een van die agt inheemse tale van Namibia omdat die Rohoboth-Basters moedertaal Afrikaanssprekend is. Vgl. R. Belcher in du Toit en du Toit (reds.), 1987, pp. 32 e.v.
33. Daar kan aangeneem word dat geen Afrikaans in Bisdomme soos Swaziland, Lesotho, Zululand en Lebombo en Niassa in Mosambiek gebruik word nie,

alhoewel daar in die verlede in sommige van hierdie areas wel 'n "Dutch" bediening was (vgl. die tabel by voetnoot 61 op pp. 125 e.v. hierbo). In die Bisdom van Pretoria, waarvoor ons geen gegewens het nie, is daar wel Afrikaanssprekendes wat 'n mate van Afrikaans in die kerklike konteks gebruik.

34. Eerw. Winston Ndungane, Provinsiale Skakelbeampte, skryf in 'n brief van 12 Junie 1984 aan my:
"We have no 'church language policy' laid down by Synod, Dioceses, etc. Obviously a parish priest will attempt to meet the language needs of his congregation."
35. Afrikaans, Setswana, Sesotho, Siswati, Noord Sotho, Xhosa en Zulu. Dit kan opgelet word dat in die Mosambiekse Bisdomme, wat 'n verskeidenheid inheemse tale insluit, Portugees die plek van Engels as oorkoepelende lingua franca inneem.
36. Alex King verwys in sy artikel "The decline and fall of the old style mission station" in S.A. Outlook (Vol. 115, No. 1363, Jan. 1985. p. 12) na 'n soortgelyke vrees onder Xhosaspreekendes in die veertigerjare:
"One mission priest in the 1940's who endeavoured to re-introduce Xhosa into the worship of the mission community was accused ... by the black staff of wanting to "re-Kaffer-ise" them."
Vgl. ook die gevoel van die mense van Kleinmond in 1983 dat dit gelyk het asof hulle "bojane" was omdat alles by hulle in Afrikaans was.
37. J.P.C. Hess, persoonlike gesprek, Botrivier, 22 Julie 1983.
38. Vgl. T. du Plessis "Eietydse ideologiese groepering en die manipulasie van Afrikaans: 3 gevallestudies" in du Plessis en du Plessis (reds.), 1987, pp. 103 e.v.
39. Matteus, 28: 19 (Nuwe Vertaling, 1983).
40. John D. Davies, The Faith Abroad (Basil Blackwell, Oxford, 1983), p. 92.
41. Davies, 1983, pp. 92 e.v.

42. Davies, 1983, p. 93.
43. Vgl. L. Newbigin, Foolishness to the Greeks: The Gospel and Western Culture, (W.C.C., Geneva, 1986), en verskeie bydraes tot V. Samuel and C. Sugden (eds.) Sharing Jesus in the Two Thirds World: Evangelical Christologies from the contexts of poverty, powerlessness and religious pluralism, (Partnership in Mission-Asia, Bangalore, 1983).
44. Kwesi A. Dickson, Theology in Africa, (Darton, Longman & Todd, London, 1984) pp. 4 e.v.

SAMEVATTING EN KONKLUSIE

Die volgende historiese gegewens het in die loop van hierdie studie aan die lig gekom:

(1). "Dutch" Gebedeboeke (in standaard-Nederlands van 'n goeie gehalte) is gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu deur Anglikaanse bedienaars en sendinggemeenskappe ingevoer vir gebruik onder Afrikaanssprekendes (hoofsaaklik kolonialers) wat Anglikaanse dienste bygewoon het.

(2). Vanaf die tydperk van Gray se episkopaat (1847) en die instelling van sendingwerk onder moedertaal-Afrikaanssprekende inheemse inwoners van Suider-Afrika tot c. 1925 was "Dutch" 'n lewende kerktaal onder hierdie sendinggemeenskappe. Dit is ook as kerktaal gebruik vir sommige vir wie Afrikaans 'n tweede kommunikasiemedium was. Die aard van die "Dutch" wat as kerktaal gebruik is, het gevarieer van die standaard-Nederlands (of bedoelde standaard Nederlands) van die Bybel en Gebedeboek tot "Cape Dutch"/"colloquial Dutch"/"corrupt Dutch"/"Hottentot Dutch" - m.a.w. Afrikaans; en daar is bronne uit hierdie tydperk wat eksplisiet na die gebruik van Afrikaans as preek- en katkisasietaal verwys. In hoe 'n mate die taal van die liturgie deur die Afrikaanse omgangstaal beïnvloed was, hang af van die aard van die taal van die Gebedeboek, en daar bestaan 'n moontlikheid dat 'n 1853 Nederlandse uitgawe van die Gebedeboek deur die Kaapse omgangstaal beïnvloed was.

(3). In die twintigerjare het Afrikaans "Dutch" as 'n Anglikaanse kerktaal verplaas en in 1925/1926 is 'n Afrikaanse Gesangboek asook belangrike liturgiese en Skrifvertalings in Afrikaans voortgebring (Formulier vir die Bediening van die Heilige Communie volgens die Suidafrikaanse Gebruik, 1925; Die Kollekgebede, Sendbriewe, en Evangelies vir die kerkjaar, 1926). Of hierdie taalverplasing van die twintigerjare die hele spektrum van taalfunksies in die Kerk gedek het, is onduidelik, en daar bestaan die moontlikheid dat Afrikaans sy plek as preek- en katkisasiemedium in só 'n mate alreeds ingeneem het, dat die verplasing van die twintigerjare betrekking gehad het hoofsaaklik op die taal van die Bybel en die liturgie.

(4). Vanaf die tyd dat hy die plek van Nederlands ingeneem het, is Afrikaans 'n wyd-gebruikte kerktaal in die K.P.S.A. Soos met die vroeë gebruik van "Dutch", was die grondslag vir die gebruik van Afrikaans die bestaan van Afrikaanssprekende

gemeenskappe in die Anglikaanse Kerk wat 'n bediening in 'n taal wat hulle kon verstaan, benodig het. Nadat Afrikaans as amptelike landstaal erken is, het daar ook onder sommige Anglikaanse bedienaars die gedagte ontstaan dat Afrikaans op een of ander wyse in die Kerk bevorder moet word omdat die land amptelik tweetalig was. Hierdie denkrigting het 'n hoogtepunt in die sestiger- en sewentigerjare bereik met die poging om 'n Apostolaat na die Afrikaner in te stel, maar met die mislukking hiervan is daar tot die insig teruggekom dat die vernaamste grondslag vir die handhawing van Afrikaans in die K.P.S.A. die bestaan van Afrikaanssprekende gemeenskappe binne die Kerk was.

(5). Beide "Dutch" en Afrikaans was (en Afrikaans word nog steeds vandag) as kerktaal in die Anglikaanse Kerk gebruik in 'n konteks waar Engels die oorkoepelende kommunikasiemedium (en dominante) taal is. Die Anglikaanse Kerk is een van die sg. Engelssprekende Kerke van Suider-Afrika - inderdaad, dit is dié *Engelse* Kerk. Binne hierdie Engelse opset het "Dutch" en Afrikaans dieselfde posisie as die verskeie ander inheemse omgangstale van die Provinsie bekleed.

Dit is, dan, in breë trekke, die geskiedenis van die gebruik van Afrikaans in die Anglikaanse Kerk. Dat hierdie geskiedenis verband kan hou met die tradisionele "eksterne" geskiedenis van Afrikaans en die amptelike erkenning van die taal as landstaal in 1925 word gesuggereer deur die verskyning van Anglikaanse Afrikaanse publikasies in 1925/1926. Tog het "Dutch" en Afrikaans in die K.P.S.A. 'n geskiedenis wat nie beskryf kan word bloot binne die raamwerk wat die tradisionele twee taalbewegings en die Afrikaner se taalstryd verskaf nie. Nie net was dit 'n ander gemeenskap wat "Dutch"/Afrikaans in die Anglikaanse Kerk gebruik het nie; die motivering vir die handhawing van die taal was ook heel anders.

Die kwessie van wat 'n taalbeweging is - en dan veral wat 'n Afrikaanse taalbeweging uitmaak - is op die oomblik 'n omstrede saak, en daar is vanuit verskillende oorde aanduidings van 'n nuwe benadering tot die geskiedenis van Afrikaans wat, buiten die rol van die Hollandse nedersetters en hul afstammeling, die bydraes van ander gemeenskappe tot die ontwikkeling en handhawing van Afrikaans erken. Dus vind ons dat J.C. Steyn in sy belangrike 1980 studie Tuiste in eie taal aandui dat die Afrikaanse taalgemeenskappe nie 'n homogene groep was of is nie, terwyl uit 'n heel ander oord die voorstanders van "alternatiewe Afrikaans" binne die raamwerk van People's education nie net die geskiedenis van Afrikaans wil herinterpreteer nie, maar ook 'n nuwe visie op die stand van die taal en sy toekoms bring (1). So word die

vroeë geskiedenis van Afrikaans as religieuse taal deur die Islamitiese gemeenskap weer 'n besprekingspunt, en daar word ook op die gebruik daarvan in negentiende eeuse Morawiese publikasies verwys (die maandblad De Bode van Genadendal, wat vanaf 1859 uitgegee is, eers in Nederlands, later in Nederlands en Afrikaans, vanaf die dertigerjare slegs in Afrikaans, en sedert 1981 in Afrikaans, Engels en Xhosa; en 'n novelle, Benigna van Groenkloof of Mamre wat anoniem in 1873 in Genadendal gedruk is) (2).

'n Belangrike bydrae tot die debat rondom Afrikaans is gelewer deur L.T. du Plessis wat in 1986 'n verwerking van sy M.A.-verhandeling onder die titel: Afrikaans in Beweging voortgebring het. Hierin bespreek hy die probleem van die definisie van 'n taalbeweging, identifiseer sekere leemtes in Steyn se 1980-besinning hieroor, en kom tot die slotsom:

"'n Taalbeweging ontstaan onder omstandighede van politieke en/of godsdienstige "onrus" - dit blyk dat eg. meer algemeen voorkom - waar 'n bepaalde faksie in 'n gemeenskap bewus raak van die feit dat:

- (a) die groep waarvan hulle deel is, bepaalde voorregte in die gemeenskap ontsê word,
- (b) dit moontlik is om hierdie groep tot daadkragtige optrede aan te spoor, en
- (c) dat die taal van die gemeenskap, hoewel moontlik nie eenvormig nie, duidelike verskille toon van die aanvaarde taal van die establishment, en gemanipuleer kan word om hulle tot 'n nasionale of politieke eenheid saam te snoer.

Wat nou gebeur, is dat die mededingende groep(e) die stryd aangesê word.

'n Taalbeweging kan dus (veralgemenend) omskryf word as 'n beweging ter bevordering van 'n politieke (en/of godsdienstige) ideaal waarby taal baie pertinent as die manipulerende middel gebruik word" (3).

Later sê hy:

"'n Taalbeweging is 'n politiek- en/of godsdiensteïnspireerde beweging waar taal baie pertinent as middel tot 'n doel gebruik word" (4).

Aan die hand van hierdie definisie van 'n taalbeweging identifiseer du Plessis nie minder as vyf Afrikaanse taalbewegings nie: die Oosgrenstaalbeweging (c. 1861 - c. 1871), die Maleier-Afrikaanse taalbeweging (c. 1862 - c. 1957), die Bybelvertalingsbeweging (c. 1871 - c. 1878), die Afrikanerbondbeweging (c. 1880 - c. 1890) en die Naoorlogse taalbeweging (c. 1914 en later). Hieruit is dit dan duidelik dat du Plessis 'n heel nuwe indeling van die Afrikaanse taalgeskiedenis voor 1925 voorstel (5).

Alhoewel du Plessis se definisie van 'n taalbeweging, en sy gevolgtrekkings kontensieus is en kritiek ontvang het, is sy bydrae veral belangrik omdat dit die dryfvere agter taalbewegings deel van die definisie daarvan maak, en omdat dit begin om die geskiedenis van Afrikaans binne die raamwerk van die wyer Suid-Afrikaanse samelewing te behandel. Hierdie twee insigte kan ons dan lei om te suggereer dat daar 'n "Dutch"/Afrikaanse taalbeweging in die Anglikaanse Kerk was voor 1925, inderdaad, selfs vóór 1875.

Soos die Maleier - Afrikaanse Taalbeweging en die Bybelvertalingbeweging wat du Plessis identifiseer, was die Anglikaanse taalbeweging godsdienstig van aard. Die doel daarvan was om Afrikaanssprekendes in die leer van die Anglikaanse Kerk te skool en om hulle in staat te stel om volgens Anglikaanse formuliere te aanbid. Soos die ander twee godsdiensteïnspireerde bewegings het die Anglikaanse taalbeweging in - of met verwysing na - swart Afrikaanssprekende gemeenskappe ontstaan, en was die leiers daarvan nie self heeltemal lede van die gemeenskappe nie. Abu Bakr was wel 'n Moslem, maar hy was nie van Kaapse afkoms nie, maar 'n Turk; Pannevis het as "blanke" vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling gepleit ter wille van "het geestelĳk heil van de gekleurde bevolking van dit land" (6). Anglikane - soos Biskop Gray - wat die gebruik van "Dutch"/Afrikaans in die Kerk bevorder het, was oor die algemeen Engelssprekende Britte.

Die taalbeweging in die Anglikaanse Kerk verskil van die ander taalbewegings wat du Plessis identifiseer - ook die twee godsdiensteïnspireerde bewegings - deurdat dit nie bloot 'n Afrikaanse taalbeweging was nie, maar 'n "Dutch"/Afrikaanse beweging, en om 'n onderskeid tussen die gebruik van die twee tale in die negentiende en vroeg

twintigste eeuse Anglikaanse Kerk te trek, is moeilik. Die dubbelsinnige gebruik van die term "Dutch" dui duidelik hierop en die mate waarin die taalbeweging in die Anglikaanse Kerk 'n *Afrikaanse* een was, verskaf veld vir verdere navorsing.

Of 'n taalbeweging slaag of nie hang natuurlik af van die eise wat vir die sukses van so 'n beweging gestel word. Die "Dutch"/Afrikaanse taalbeweging in die Anglikaanse Kerk het geslaag in die sin dat Afrikaanssprekendes 'n "Dutch" (Nederlands en Afrikaans) en later 'n Afrikaanse bediening ontvang het. Hierdie bediening het alle aspekte van kerklewe ingesluit, en het ook tot die verskyning van publikasies in "Dutch" en Afrikaans gelei. 'n Verdere teken van die geslaagdhied van die beweging lê in die feit dat Afrikaans vandag 'n lewende aanbiddingstaal in die K.P.S.A. is (7).

Afrikaans is egter nie die enigste taal wat in die K.P.S.A. gebruik word nie. Soos ons gesien het, was en is die oorkoepelende taalmedium in die Kerk Engels, en word verskeie Afrika-tale ook as kerk tale gebruik. Hierdie Afrika-tale het geskiedenis soortgelyk aan dié van Afrikaans in die K.P.S.A. Daar kan byvoorbeeld aangevoer word dat daar Xhosa- en Zulutaalbewegings in die Kerk was wat tot die vestiging van hierdie tale as kerk tale gelei het. Die "Dutch"/Afrikaanse taalbeweging het nie in stryd gekom met hierdie ander bewegings nie, en het nie die posisie van Engels as oorkoepelende taalmedium aangetas nie. Dit het ook nie tot 'n verplasing van ander tale gelei nie (naas die verplasing van Nederlands deur Afrikaans binne sy eie grense), en het geensins tot die verheffing van Afrikaans tot 'n eksklusiewe amptelike taal of tot 'n Afrikaanse taalhegemonieit in die Kerk gelei nie.


Indien sulke faktore noodsaaklik is vir 'n geslaagde taalbeweging dan het die "Dutch"/Afrikaanse beweging in die Anglikaanse Kerk nie geslaag nie. Indien daar aangeneem word dat Afrikaans 'n bestaan as lewende (en ontwikkelende) taal kan voer langs ander tale en binne 'n raamwerk waar Engels 'n oorkoepelende kommunikasiemedium is, dan het die "Dutch"/Afrikaanse beweging in die K.P.S.A. geslaag, want *dit* is presies wat die huidige posisie van Afrikaans in die K.P.S.A. is; en daarmee het ons nie net 'n verruiming van die huidige tuiste van Afrikaans en die materiaal vir die "uitreikingsaksie" waarna daar in die Inleiding verwys is nie, maar ook 'n verruiming van die geskiedenis van die taal en die moontlikheid vir 'n alternatiewe model vir algemene taalhandhawing. Beide hierdie "verruiming" en die "uitreikingsaksie", asook die alternatiewe model vir taalhandhawing hou in dat Afrikaans bevry sal moet word van sy komtemporêre amptelike gewaad en sy koppeling met die apartheidsideologie. Sodoende sal hy weliswaar sy plek kan inneem as 'n lewende volkstaal van Afrika (8).

1. Steyn, 1980, pp. 120, 126, 136 e.v. Vgl. bv. van den Heever, 1987 en 1988; Smith, van Gensen en Willemse, 1985.
2. Vgl. Davids en Belcher in du Plessis en du Plessis, 1987, pp. 26 e.v.
3. du Plessis, 1986, pp. 7 e.v.
4. du Plessis, 1986, p. 14.
5. du Plessis, 1986 pp. 11 e.v.
6. du Plessis, 1986, p. 40.
7. Daar kan opgelet word dat Afrikaans saam met die verskeie Afrika-tale ook 'n aanbiddingstaal in ander Engelsprekende Kerke is, en dat "Dutch" en Afrikaans in hierdie Kerke ook 'n geskiedenis het. Daar is, byvoorbeeld, in hierdie studie verwys na die vroeë gebruik van "Dutch" deur die Wesleyaanse gemeenskap op George en na Gottlob Schreiner se gebruik daarvan op Philippolis. Schreiner was 'n gebore lid van die Lutherse Kerk, het met die L.M.S. na Suid-Afrika gekom, en is later deur die Wesleyaanse Sendinggenootskap ondersteun. Afrikaans het ook vandag 'n plek in die Rooms Katolieke Kerk (wat nie gewoonlik as 'n Engelssprekende Kerk getipeer word nie). Volgens J. Meiring, Sunday's River Valley (Balkema, Cape Town, 1959, p. 31) is kategetiese onderrig op die sendingplaas Dunbrody in die 1880-er jare deur die Jesuïete in "Cape Dutch" gegee; en die Rooms Katolieke Kerk het vanaf die 1920-er jare Afrikaanse publikasies voortgebring (Kerkwoordeboek, 1970, Voorwoord).
8. Vgl. T. du Plessis, "Eietydse ideologiese groepering en die manipulasie van Afrikaans: 3 gevallestudies" in du Plessis en du Plessis (reds.) 1987, p. 107; "Defining Peoples' Culture" in South, Sept. 22 tot 28, 1988, p. 13.

BYLAES

BYLAE I

Volledige weergawe van die 1983-opname. Dit is ingevul tydens 'n opleidingskursus vir Afrikaanssprekende lekebedienaars vir die plattelandse gebiede van die Bisdom van Kaapstad, op 10-12 Junie 1983; deur lede van die Parogie van Botrivier gedurende Junie - Augustus 1983, en ook deur die Rektor van Caledon in Julie 1983.



UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

Dept. Afr. en Ndl., Univ. Kaapstad, 7700 Rondebosch, Suid-Afrika

DEPARTEMENT
AFRIKAANS EN NEDERLANDS
7700 RONDEBOSCH
TELEFOON (021) 69-8531

VERW.

Geagte Leser

Ons is besig om die gebruik van Afrikaans in die Kerk van die Provinsie Suider-Afrika (Anglikaanse Kerk) te ondersoek. Die ondersoek word deur mnr Luke Stubbs gedoen as deel van die vereistes vir die verkryging van 'n M.A.-graad.

Ons het inligting nodig oor die huidige posisie van Afrikaans in die Kerk, en ons sal graag van u kennis en ervaring op die gebied gebruik wil maak. Ons sal u hulp besonder waardeer, veral as u die vrae op die volgende bladsye sal beantwoord.

Alle inligting wat u verskaf, is vertroulik en sal slegs gebruik word vir wetenskaplike doeleindes.

As daar vrae is wat u nie wil beantwoord nie, trek asseblief net 'n streep deur hulle.

By voorbaat baie dankie !

Die uwe

(Prof) R H Pfeiffer

Departementshoof

1983.06.08

Afdeling A

Persoonlike besonderhede van deelnemer aan hierdie ondersoek:

- A1. Naam _____
- A2. Adres _____
- A3. Geboortedatum _____
- A4. Plek van Geboorte _____
- A5. Werk _____
- A6. Eie moedertaal _____
- A7. Ander tale wat u by die huis gebruik _____
- A8. Hoe dikwels gebruik u hulle ? _____
- A9. Watter taal gebruik u met u kinders ? _____
- A10. As u kon kies, watter taal moet u kinders eendag in hulle huis praat ? _____

Afdeling B

Besonderhede oor u Kerk:

- B1. Naam van Parogie _____ Distrik _____
- B2. Naam van Kapel _____ Distrik _____
- B3. Is u kapel die hoofkerk van u parogie of 'n buitestatie ?
Hoofkerk ☐
Buitestatie ☐
- B4. Is die mense van u parogie hoofsaaklik Engels=
sprekend of Afrikaanssprekend ?
Heeltemal Afrikaanssprekend.... ☐
Heeltemal Engelssprekend ☐
Meestal Engelssprekend ☐
Meestal Afrikaanssprekend..... ☐
Gelykop opgedeel tussen
Afrikaans en Engels ☐
- B5. Is daar mense in u parogie wat 'n ander huistaal het bv. Xhosa ?
Ja ☐
Nee ☐

Indien ja, watter taal ? _____
hoeveel van hulle is daar ? _____
word hulle taal in die kerk gebruik ? _____

- B6. Is die mense van u kapel hoofsaaklik
Engelssprekend of Afrikaanssprekend ?
- Heeltemal Afrikaanssprekend ☐
- Heeltemal Engelssprekend ☐
- Meestal Engelssprekend ☐
- Meestal Afrikaanssprekend ☐
- Gelykop opgedeel tussen
Afrikaans en Engels ☐
- B7. Is daar mense in u kapel wat 'n ander huistaal het bv. Xhosa ?
- Ja ☐
- Nee... ☐

Indien ja, watter taal ? _____

hoeveel sprekers ? _____

word hulle taal ooit in die Kerk gebruik ? _____

verstaan hulle Engels en Afrikaans ? _____

Afdeling C

Besonderhede oor kerkdienste by u kapel:

C1.	Aantal Sondagdienste per maand	Hoeveel in Afrikaans ?	Watter deel/dele van die diens is in Afrikaans ?
oggenddiens	☐	☐	hele diens ☐ liturgie ☐ preek ☐ gebede ☐ gesange ☐
aanddiens	☐	☐	hele diens ☐ liturgie ☐ preek ☐ gebede ☐ gesange ☐
nagmaal	☐	☐	hele diens ☐ liturgie ☐ preek ☐ gebede ☐ gesange ☐
ander (meld watter soort diens)		☐	hele diens ☐ meeste v.d. diens ☐ slegs klein dele ☐

C2.	Aantal weekdienste per maand	Hoeveel in Afrikaans	Watter dele van die diens is in Afrikaans ?
oggenddiens			hele diens liturgie preek gebede gesange
aanddiens			hele diens liturgie preek gebede gesange
nagmaal			hele diens liturgie preek gebede gesange
ander (meld watter soort diens)			hele diens

C3. Is u gelukkig met die situasie ?
Enige kommentaar _____

C4. Sou u meer Afrikaanse dienste wou hê ? ja nee
Sou u minder Afrikaanse dienste wou hê ? ja nee

C5. Verkies u dienste in Engels of Afrikaans ?
Engels.....
Afrikaans
Gee u nie
om nie ...

C6. Sou u dienste in enige ander taal wou hê ? ja nee
Indien ja, watter taal ? _____

C7. Sou u meer Engelse dienste wou hê ja nee
Sou u minder Engelse dienste wou hê ja nee

Afdeling D

D1 Hoe goed verstaan u Engels ? _____

D2 Hoe goed verstaan die mense van u parogie Engels ?

D3 Weet u van Anglikane in u kapel wat wegbly of ander kerke bywoon omdat hul nie Engels verstaan nie ?

D4 Wanneer is Afrikaans, sover u weet, die eerste keer in u parogie gebruik ? _____

Wanneer is Afrikaans, sover u weet, vir die eerste keer in u kapel gebruik ? _____

D5 Toe daar vir die eerste keer oorgeslaan is na Afrikaans, het mense toe van die dienste weggebly ?

Indien ja, gee 'n aanduiding of dit baie of min was en wie die mense was.

D6 Kan u miskien sê hoe goed die ou mense Engels verstaan het ?

D7 Is u gelukkig daarmee dat Afrikaans in die Anglikaanse Kerk gebruik word ?

Ja

☐

Nee

☐

D8 Is daar enige dele in die diens wat u voel -

altyd in Engels moet wees ? _____

altyd in Afrikaans moet wees ? _____

D9 Verkies u om die hele diens in Afrikaans te hou ? _____

of net die liturgie

☐

die preek

☐

die gebede

☐

die gesange

☐

D10 Wat dink u van Afrikaans ? Is dit belangrik om Afrikaans te kan praat ?

D11. Wat dink u van Engels ? Is dit belangrik om Engels te kan praat ?

D12. In watter taal lees u die graagste u Bybel ?

In watter taal lees u gewoonlik u Bybel ?

D13. In die nuwe vertaling van die Nuwe Testament en die Psalms word die woord "boer" in Matt. 21: 33-41 gebruik, en die woord "baas" in Matt. 24:45-51 gebruik. Hoe voel u hieroor ?

Verkies u die ou of die nuwe vertaling ?

D14. Moet die Kerk Afrikaans liewers heeltemal uitskakel ?

Afdeling E

E1. Is u predikant Engelssprekend ?

☐

Afrikaanssprekend ?

☐

Heeltemal tweetalig ?

☐

E2. Gebruik u predikant Afrikaans in sy pastorale sorg ?

E3. Verkies u dat u predikant Afrikaans met die mense praat?

E4. Is dit belangrik vir u dat u predikant Afrikaans kan praat ?

E5. Is u gelukkig met die taalsituasie in u parogie soos dit nou is ?

Redes

Nogmaals baie dankie vir u geduld en moeite !

1. INFORMANTE EN PAROGIEË VERTEENWOORDIG DEUR DIE OPNAME

1.1 INFORMANTE

Daar is 50 informante, almal lidmate van die K.P.S.A. in die Bisdom van Kaapstad. Die meerderheid (40) is òf alreeds gelisensieerde lekebedienaars in die Bisdom òf persone wat beoog om binne die volgende twee jaar gelisensieer te word. Van die orige 10 informante is 9 lede van die Parogie van Botrivier en 1 die Rektor van Caledon.

Onder die informante was daar:

14 onderwysers; 4 stoormanne; 3 arbeiders; 3 bouers; 3 timmermans; 3 skoliere; 3 huisvrouens; 2 opsigters; 2 klerke, en 1 student, priester, verpleegster, polisieman, posbesteller, skilder, voorman, spoorwegwerker en slagter. Vier informante het geen antwoorde vir vraag A5 (werk) gegee nie.

Daar was 41 mansk en 9 vrouens onder die informante. Die jongste is in 1967 gebore, die oudste in 1916.

Die opname is nie verteenwoordigend van die hele Bisdom nie, want dit sluit nie die Weskus/Namakwaland gebied of die stedelike parogieë van Kaapstad en die voorstede in nie. Dit is egter goed verteenwoordigend van die plattelandse lekeleierskap van die Suid-Westelike gebied van die Bisdom.

1.2 PAROGIEË EN KAPELLE

Die volgende parogieë en gemeentes (kapelle) is in die opname verteenwoordig:

<u>Parogieë</u>	<u>Kapelle</u>	<u>Getal informante</u>
Botrivier	St. Peter's, Botrivier	12
	St. Nicholas, Kleinmond	3
Bredasdorp	All Saint's, Bredasdorp	3
	St. Saviours, Napier	1

Caledon	Holy Trinity, Caledon*	1
	St. John's, Gansbaai	1
	St. Andrew's, Greyton	3
Calvinia	St. James', Klawer	4
Durbanville	All Saints', Durbanville	1
	St. Paul's, The Valley	1
Elgin	St. Michael's, All Angels, Elgin	1
	Holy Family, Applethwaite	1
Kraaifontein	St. Mary's, Kraaifontein	3
Paarl	St. Stephen's, Nooder-Paarl	3
Robertson	St. Mary's/All Saints', Robertson	4
Strand	St. John's	7
Wellington	SS. Alban and Augustine	<u>1</u>
		50

2. VERDUIDELIKING EN EVALUASIE VAN DIE VRAELYS

Die doel van die vraelys was om:

- (i) inligting in te vorder i.v.m. die huidige status en gebruik van Afrikaans as kerktaal in soveel parogieë van die Bisdom van Kaapstad as moontlik;
- (ii) 'n aanduiding te kry van die houdings van veral Afrikaanssprekende lede van die K.P.S.A. teenoor Afrikaans en Engels, en die gebruik van Afrikaans in die Anglikaanse Kerk.

* Dieselfde informant, die Rektor van Caledon, het ook inligting vir St. John's, Uilkraal; St. Paul's, Papiessvlei; St. Thomas', Stanford; St. Barnabas', Teslaarsdal en St. Michael's Middleton gegee.

aan hierdie feit te wyte. Daar moet ook onthou word dat die invul van só 'n vraelys vir baie informante 'n moeilike en vreemde ervaring was.

5. Ten spyte van bogenoemde probleme, het die vraelyste wel werkbare inligting opgelewer wat sekere duidelike patrone aandui.

3. VERDERE GEGEWENS N.A.V. DIE OPNAME

3.1 STATISTIESE GEGEWENS

Daar was 50 informante waarvan 46 Afrikaans as hul moedertaal gee, en 4 Engels. Hierdie gegewens weerspieël die situasie in die Bisdom vir plattelandse gebiede. In stedelike paragieë is die getal moedertaal Engelssprekendes veel hoër.

Van die informante gebruik 28 Afrikaanssprekendes ook Engels in die huis, en 3 Engelssprekendes ook Afrikaans. Een Engelssprekende gebruik slegs Engels, en 17 Afrikaanssprekendes slegs Afrikaans.

Die 4 Engelssprekendes het almal 'n taalvoorkeur vir Engels.

Negentien van die 46 Afrikaans moedertaalsprekers het 'n voorkeur vir Afrikaans; 14 het 'n voorkeur vir Engels (hulle sou wou kies dat hulle kinders Engelssprekend is), en 12 het 'n tweetaligheidsvoorkeur.

Die getal Afrikaanssprekendes met 'n voorkeur vir Engels is groot, veral as onthou word dat hierdie gegewens vir die platteland is. Die persentasie vir stedelike gebiede sou wel groter wees. Hierdie verskynsel is 'n algemene een, en die redes daarvan lê in die status wat aan Engels geheg word, en in ekonomiese en politiese faktore.

3.2 TAALHOUDINGS

3.2.1 Die belangrikheid van Afrikaans en Engels

Onder die informante wat vrae D10 en D11 ingevul het, was daar die gevoel dat Afrikaans wel belangrik is in Afrikaanssprekende gemeenskappe, maar dat Engels nog méér so is omdat dit 'n internasionale taal is. Die volgende is van die antwoorde wat ingekom het:

- "D10. Nee dis nie belangrik nie. Afrikaans word slegs in die RSA; SWA gebruik.
- D11. Beslis. Die meeste mense ter wêreld verstaan Engels."
- "D10. Ek dink dis belangrik om Afrikaans te kan praat aangesien Afrikaans die omgangstaal van 'n aansienlike deel van die bevolking is.
- D11. Omdat Engels 'n internasionale taal is, is dit belangrik om dit te kan praat."
- "D10. Ja, waar 'n gemeenskap meestal Afrikaanssprekend is.
- D11. Dit is baie belangrik, omdat dit 'n wêreldtaal is, en omdat baie geskrewe werk net in Engels verskyn."
- "D10. Dit is ons taal wat ons gebruik.
- D11. Vir ons Afrikaners is Engels as tweede taal belangrik."
- "D10. Ja dit is my huistaal.
- D11. Dit is goed om tweetalig te wees."
- "D10. Nie belangrik nie.
- D11. Omdat dit 'n universele taal is, is dit belangrik om Engels te praat."

3.2.2 Afrikaans in die K.P.S.A.

In antwoord op vraag D7 is 43 van die 50 informante gelukkig daarmee dat Afrikaans in die K.P.S.A. gebruik word. Ses gee geen antwoord nie; en 1 is ongelukkig. Hierdie informant het gevoel dat Afrikaans heeltemal uit die Kerk geskakel moet word (vraag D14). 'n Ander informant het niks teen die gebruik van Afrikaans vir plattelandse parogieë nie, maar is wel ietwat ongelukkig met die gebruik van die taal in die Kerk. Vir D7 skryf sy:

"Daar waar die gemeente geen Engels praat nie, daar in die binneland kan die taal gebruik word,"

en vir D14:

"Ek het niks teen Afrikaans nie, maar ons kerk se taal is Engels."

Vraag D14 het ook, onder meer, die volgende kommentaar uitgelok:

"Inteendeel glo ek dat die kerk moeite moet doen om predikante op te lei wat behoorlik Afrikaans kan praat. Sodat hulle beter met Afrikaanssprekende lidmate kan kommunikeer."

"Nee! dan sal Afrikaanssprekendes nie die blye boodskap hoor nie."

"Onder geen omstandighede nie."

"Nee want hier is die geleentheid om God's woord oor te dra in die moedertaal van die gemeente."

"Nee dit moet behoue bly en meer ruimte ontvang."

"Beslis nie!"

"Nee! Nooit!"

"Albei tale moet gebruik word."

3.2.3 Bybellees-patrone

Van die 46 Afrikaanssprekende informante lees 29 die Bybel die graagste in Afrikaans, en 30 gewoonlik in Afrikaans.

Tien informante lees die Bybel die graagste in Engels. Van hulle is 6 Afrikaanssprekend. Sewe lees dit gewoonlik in Engels, en van hulle is 3 Afrikaanssprekend.

Vyf informante gee "Afrikaans en Engels" vir graagste, en 4 vir gewoonlik. Ses gee geen antwoord vir D12 (a) en 9 het geen antwoord vir D12 (b) nie.

BYLAE II

Die 1988-opname ingevul in Augustus - September 1988 deur parogiale priesters in die Bisdomme van Kaapstad, George, en Kimberley en Kuruman; deur verskeie aartsdiakens in hierdie bisdomme, en deur die Biskoppe van George, Bloemfontein, Grahamstad, Port Elizabeth, Johannesburg, Natal en Namibia.

The use of Afrikaans in the CPSA

Diocese _____

Parish _____

	Yes	No					
1. Are there Afrikaans-speaking parishioners in your parish?	☐	☐					
2. Is Afrikaans used in worship in your parish?	☐	☐					
3. If not, what language(s) do Afrikaans speakers use in public worship?	_____						
4. If so, could you please list the names (and geographical locations) of the congregations/chapelries using Afrikaans in their worship?	_____ _____ _____ _____						
5. Could you please indicate how Afrikaans is used for worship in your parish. Please indicate the various congregations/chapelries concerned.							
E g Afrikaans Liturgy	_____						
Afrikaans Bible-readings	_____						
Afrikaans Sermons	_____						
Afrikaans hymns/chorusses	_____						

6. Do you use	<table border="1" style="margin-left: auto; margin-right: auto;"> <tr><td> </td></tr> <tr><td> </td></tr> <tr><td> </td></tr> <tr><td> </td></tr> <tr><td> </td></tr> </table>						
<u>Hemelsbrood</u>							
<u>Algemene Gebedeboek</u>							
<u>Afrikaans Liturgie 1975</u>							
<u>Afrikaans Geleentheidsdienste</u>							
<u>Afrikaans Gesangboek</u>							
Any others (please specify)	_____						

7. Are the following Services every wholly or partly held in Afrikaans?

	Yes	No	Wholly	Partly
Eucharist				
Morning Prayer				
Evening Prayer				
Baptism				
Confirmation				
Marriage				
Funeral				
Other (please specify)				

8. Is Afrikaans ever used formally or informally at

	Yes	No	Formally	Informally
P C C Meetings				
Archdeaconry meetings				
Bible studies				
Confirmation classes				
Other occasions (please specify)				

9. As far as you know, when was Afrikaans first used for worship in your parish?

10. Do you have any comment you wish to make on the use of Afrikaans (especially with regard to worship) in your Parish and in the CPSA in general?

1. DOEL VAN DIE OPNAME

Die doel van die opname was om so duidelik as moontlik 'n beeld te kry van die gebruik van Afrikaans as kerktaal in die K.P.S.A. in 1988. Die vraelys wou uitvind wáár Afrikaans as kerktaal gebruik word (vrae 1-4) hóé dit gebruik word (vrae 5, 7-8), en watter liturgiese publikasies in gebruik is (vraag 6). Vraag 9 is ingesluit in die hoop dat dit iets meer omtrent die geskiedenis van Afrikaans in die K.P.S.A. sou oplewer, terwyl vraag 10 'n geleentheid vir enige persoonlike kommentaar verskaf het.

2. VERTEENWOORDIGING EN EVALUASIE VAN DIE OPNAME

Die vraelys is onder 60 priesters, 30 aartsdiakens en 8 biskoppe gesirkuleer. Die vraelyste vir die groepe verskil ietwat in formaat van mekaar, maar is almal gemik om dieselfe inligting te verkry. Dit is dus voldoende om slegs die vraelys vir priesters hier weer te gee. Antwoorde is ontvang van 50 priesters, 8 aartsdiakens, en 7 biskoppe. Hulle inligting verskaf 'n waardevolle beeld van die gebruik van Afrikaans in die K.P.S.A. in 1988, en word in die "Naskrifte" van Hoofstuk VIII opgeneem.

Die opname is in Engels gesirkuleer omdat dit die oorkoepelende *lingua franca* in die K.P.S.A. is. Respondente sluit moedertaalsprekers van Afrikaans, Engels en verskeie Afrika-tale in.

BYLAE III

Uittreksel uit die gedenkboekie vir die sestigste bestaansjaar van St. Peter's Kerk, Botrivier (St. Peter's Church, 60th Anniversary, 1922-1982, 1982, pp. 8-11).

STIGTING VAN DIE ANGLIKAANSE KERK EN SKOOL TE BOTRIVIER

Aan die begin van die 20ste eeu was die Anglikane van Botrivier nog verbonde aan St. Mary's, Houw Hoek. Hierdie Kerk wat hulle moes bywoon, was ongeveer 8km van Botrivier. Ouers wat verlang het dat hul kinders skoolopvoeding moes ontvang, was genoodsaak om hul kinders na die Anglikaanse Kerkskool, Houw Hoek te stuur aangesien hier geen skool was waar hulle ingeskryf kon word nie.

In die jaar 1916 is hier 'n komitee byeengeroep met die doel om 'n poging aan te wend om vir Botrivier 'n eie kerk en skool te stig. Die volgende persone het op die komitee gedien: Mnr. Cornelius Hess, John May, Antoon Hess, Frans Swart, Jan Jacobs, Johannes Singeur, James Pfeiffer, Hendrik Januarie en Jacobus Barry. Hulle het bymekaargekom in die huis van mnr. Antoon Hess op die plaas Kompagnesdrift en mnr. Moses Pêrel van Greyton het as raadgewer die vergadering bygewoon.

Daar is toe besluit om 'n deputasie na mnr. J.Z. Le Roux, eienaar van die plaas Kompagnesdrift te stuur. Die eienaar was die deputasie goedgesind maar wou graag die beoogde skool onder die beheer van die N.G.K. hê. Hy het dan ook 'n stuk grond net onderkant die huidige kragtasie as perseel vir die skool aangewys. Eerw. Spratt, leraar van die Sendingkerk, Caledon is gevra om die nodige aansoek te doen sodat reëlins vir die oprigting van 'n skool te Botrivier getref kan word.

Vyf jaar nadat mnr. Le Roux genader is in verband met die stigting van 'n skool vir Botrivier is daar nog niks verder aan die saak gedoen nie. Weer het die komitee namens die plaaslike ouers bymekaargekom, nou op die plaas, Rooiheuvel, wat intussen die eiendom van mnr. J.Z. Le Roux geword het. Aangesien die N.G. Sending predikant by daardie stadium nog niks uitgevoer het nie, het mnr. Le Roux ingestem dat die aangeleentheid na Eerw. Myddleton, Anglikaanse predikant, van die Holy Trinity Kerk, Caledon verwys kon word.

Nadat die komitee met Eerw. Myddleton beraadslag het, het hy mnr. J.Z. Le Roux besoek met die gevolg dat mnr. Le Roux 'n half morg grond vir die oprigting van 'n skool wat ook as kerk kon dien, afgestaan het. Mnr. Mossop destydse landmeter te Caledon het die half morg grond uitgemeet op die bult aan die suidekant van die opstal van die plaas Rooiheuvel regoor die plaas Keerweer vir die geringe fooi van vyf ghienies.

Daarna is daar met groot ywer aan die werk gespring. Ouers het hul arbeid vrywilliglik aangebied. Stene is gevorm en gebrande klippe vir die fondament van die gebou is gebreek en aangery. Hout vir die kappe en vloerbalke is van die plaas Geelbeksvlei, die huidige Highlands, aangery.

Die gemeente van St. Mary's, Houw Hoek het f100 (ongeveer R200) aan Botrivier geskenk en daarmee is vloerplanke en sink vir die dak gekoop. Daarbenewens kon 'n messelaar en drie handlangers gehuur word. Die vreugde en werklus van die gemeenskap het geen perke geken nie. 'n Basaar is gehou onder die Bloekombome bokant die ou polisiestasie te Botrivier en hierdie poging het die wonderlike bedrag van nog 'n f100 opgelewer. Uiteindelik is die gebou wat in 1921 begin is, in 1922 voltooi en het die gemeente oor 'n gebou beskik wat as kerk sowel as skool gebruik kon word. So het St. Peterskerk, Botrivier tot stand gekom. Ongelukkig sou die ouers nog sowat twee jaar moes wag voordat 'n skool vir hul kinders hier 'n werklikheid sou word.

In 1923 was Sir Frederick De Waal, Administrateur van die Kaap toevallig met vakansie in Mosselrivier, Hermanus. Hy het goedgeunstiglik ingewillig om 'n deputasie van ouers van Botrivier onder die leierskap van mnr. J.Z. Le Roux, destyds lid van die Provinsiale Raad te ontmoet. Op hierdie deputasie het die volgende ouers gedien: Mnr. Antoon Hess, Cornelius Hess, John May en Jan Jacobs en aan hierdie ouers het die Administrateur plegtiglik belowe om binne 'n paar maande 'n onderwyser vir Botrivier beskikbaar te stel.

Die Administrateur het sy belofte nagekom en in Januarie 1924 is mnr. Jantjies van Pniel as die eerste onderwyser van die Botrivier E.K. Primêre Skool aangestel. In 1925 is mnr. Jantjies deur mnr. Tom Daries opgevolg en twee jaar later het mnr. A.W. Kiewitz die hoof van die een-manskool Botrivier E.K. Primêr, geword. 'n Paar jaar later is mej. Enid Simons van Greyton as die eerste primêre assistent op die personeel aangestel.

Vanaf 1924 tot aan die einde van 1950 was die plaasskool op Rooiheuvel die enigste sentrum van opvoeding vir die sogenoemde nit-blanke gemeenskap van Botrivier. Die geleidelike uitbreiding van die dorpsaanleg in 1927 het noodwendig die verskuiwing van die skool na die dorpsgebied as gevolg gehad. Onder die veranderde omstandighede is daar in 1951 twee klaskamers met 'n skuifdeur verbind in die dorpsgebied geopen. Hierdie klaskamers sou ook soos die skool op Rooiheuvel as Kerk gebruik kon word.

Gedurende 1958 is die skool in sy geheel, behalwe vir een gekombineerde klas van Sub-standerds A en B, na die dorp verskuif. Die volgende jaar is die kerk en skoolgebou op Rooiheuvel totaal ontruim. Die skoolpersoneel het toe reeds tot sewe aangegroei.

Toe St. Peterskerk in 1922 tot stand gekom het, is nag-maal aanvanklik eenmaal per maand op Maandae in die aand bedien, maar elke derde maand is die Nagmaaldiens op 'n Sondag gehou. Sedert die skool geopen is, het die skoolhoof soos elders verantwoordelikheid vir geestelike werk aanvaar, wanneer die leraar nie self teenwoordig kon wees nie.

Die skrywer van hierdie artikel kon nooit droom dat die dag in sy leeftyd sou aanbreek dat daar 'n Parogie gestig sou word met Botrivier as middelpunt. Tog het dit reeds werklikheid geword.

Vanaf 1 Januarie 1981 is ons deel van die nuwe Parogie van Botrivier. Die nuwe bedeling het meegebring dat ons nou 'n leraar tot ons beskikking het wat tweemaal per

maand die Heilige Kommunie kan bedien. Daarbenewens kan hy ook eenmaal per maand die aanddiens asook Heilige Kommunie by die pastorie elke Woensdagoggend om 7vm. waarneem.

Elkeen wat die belange van die kerk en skool op die hart dra is dankbaar dat gedurende die eerste kwartaal vanjaar die kerkgeboue wat sedert 1924 vir skooldoeleindes gebruik is, ontruim kon word omdat die staat-skool waarop die gemeenskap etlike jare gewag het uiteindelik in gebruik geneem is. Mag die voorbeeld van hulle wat die baanbrekerswerk op die gebied van Kerk en skool gedoen het vir ons 'n aansporing wees met die veranderinge wat ons van plan is om te onderneem ten einde voorsiening te maak vir genoegsame akkomodasie vir ons steeds groeiende gemeente.

Aan die Here kom toe al die lof, al die eer, al die danksegging vir al die seëninge in oorvloed op ons uitgestort oor die afgelope sestig jaar!

J.P.C.Hess

BOTRIVIER E.C. PRIMARY SCHOOL - PRINCIPALS

Jan. - Dec. 1924	Mr. Jantjies
Jan. 1925 - Dec. 1926	Mr. T. Daries
Jan. 1927 - Dec. 1943	Mr. A.W. Kiewitz
Jan. 1944 - Dec. 1978	Mr. J.P.C. Hess
Jan. 1979 - Dec. 1980	Mr. H.G. Duminy

From 1924 - 1980 this was an "English Church" (E.C.) Primary School. It became one of the state-aided schools - still owned and managed by the church, but with the state paying salaries, rent and cleaning grant, and determining education standards, syllabi, etc. The Rector was ex officio Manager of the school. As from 1st January, 1981 it became a state school, under the full control of the Department of Internal Affairs (Coloured Affairs). Mr. Duminy continued as Principal, and in place of the Manager, a local school committee was elected. The Department leased our old school buildings until February 1982, when the school moved into it's large new complex.

BYLAE IV

Die Liturgie in Nederlands en Afrikaans

In hierdie bylaag word voorbeelde van Nederlandse en Afrikaanse Eucharistiedienste van die Anglikaanse Kerk gedokumenteer. Daar is ook afdrucke van die titelblaaie van twee vroeë Afrikaanse publikasies.

FORMULIER

VIR

DIE BEDIENING

VAN

DIE HEILIGE COMMUNIE

VOLGENS

DIE SUIDAFRIKAANSE GEBRUIK

[The Alternative Liturgy : Afrikaans]

LONDON

SOCIETY FOR PROMOTING
CHRISTIAN KNOWLEDGE

PRINTED IN GREAT BRITAIN 1925

Titelblad (links) en inleiding (onder)
tot die Formulier vir die Bediening van
die Heilige Communie (1925).

DIE HEILIGE COMMUNIEDIENS

AANMERKINGS OP DIE HERSIENING
VAN DIE FORMULIER VIR DIE
HEILIGE COMMUNIE

1. DIE Gebedeboek is onveranderd gebly vir meer as 250 jare ; en dit word gevoel dat die tyd gekom is wanneer dit behoort gepas te word aan die behoefte van teenswoordige omstandighede. Die Amerikaanse Kerk en die Skotas Kerk het albei van hul die Gebedeboek hersien tot hul eie gebruik, en vandag is die Kerkelike Raad van Engeland besig aan die hersiening van die Gebedeboek, kragtens die Koninklike Briewe van Werkzaamheid. Sending Kerke is ook aan dieselfde saak besig.

Diese wydverspreide beweging tot hersiening van die Gebedeboek is ooreenkomstig met 'n diepe aanklewing aan die Boek van Algemene Gebed, en onstaat uit 'n begeerte om die Gebedeboek beter te pas met hedendaagse behoeftes,

DIE KOLLEKGEBEDE, SENBRIEWE, EN EVANGELIES

VIR
DIE KERKJAAR

[THE COLLECTS, EPISTLES, AND GOSPELS
IN AFRIKAANS]

LONDON
SOCIETY FOR PROMOTING
CHRISTIAN KNOWLEDGE

PRINTED IN GREAT BRITAIN

1926

Titelblad (links) en voorgebed en
sendbrief vir Kersfees (onder) uit Die
Kollekgebede, Sendbriewe, en
Evangelies vir die Kerkjaar (1926).

12

VROEG OP KRISMIS-OGUEND

die huis en geslag van Dawid was), om geregi-
streer te word met Maria, sy verloofde vrou,
die bevrug was. En dit gebeur, terwyl hul
daar was, dat die dae vervul was, dat sy sou
baar. En sy baar haar eersgebore Seun, en
wind Hem in doeke, en lê Hem neer in die krip,
omdat vir hul geen plek was in die herberg.
En daar was herders in dieselfde landstreek,
wat in die veld bly en die nag wag oor hul skape
hou. En kyk, 'n Engel van die Heer staan by
hul, en die heerlikheid van die Heer skyn
rondom hul, en hul word baie bang. En die
Engel sê vir hul: Moenie bang wees nie; want
kyk, ek verkondig aan u grote blydskap, wat
vir al die mense sal wees: naamlik, dat vandag
is vir u gebore die Saligmaker die is Christus die
Heer, in die dorp van Dawid. En dit sal vir
u die teken wees: U sal die Kindjie kry in doeke
gewind, en Hy lê in die krip. En meteens was
daar met die Engel 'n menigte van die hemelse
heirskare, wat God prys en sê: Ere sy God in
die hoogste hemele, en vrede op aarde, in die
mense 'n welbehag!

KRISMIS

DIE KOLLEKGEBED

ALMAGTIGE God, die U eniggebore Soon
vir ons gegee het, oplat Hy onse natuur
sou aanneem, en op dese tyd uit die reine
Maagd Maria gebore word; Geef dat ons, wat
wedergebore en deur aanneming en genade U

KRISMIS

13

kinders gemaak is, daaglik mog vernu word
deur U Heilige Gees; deur dieselfde onse Heer
Jesus Christus, die met U en dieselfde Gees, een
enig God, leef en regeer tot in ewigheid. *Amen.*

DIE SENDBRIEF

Heb. 1. 1.

IN verskeie stukke en op verskeie maniere in
die outyd het God tot die vaders gespreek
deur die profete; nou op laas het Hy tot ons
gespreek deur die Soon, die Hy aangestel het
as erfgenaam van alles; deur Hem het Hy
die wêreld gemaak; Hy is die afskynsel van
Sy heerlikheid, en die uitgedrukte beeld van
Sy Wese, en Hy dra alle dinge deur Sy woord
van krag; Hy het die reinigmaking van onse
sonde teweeggebring deur Hemself, en gaan
toe sit aan die regterhand van die Majesteit
in die hoogste hemele; Hy het die Engele
sover oortref as die Naam, wat Hy geërf het,
hul ver tebowe gaan. Want tot watter van
die Engele het God ooit gesê: U is My Soon;
vandag het Ek vir U aangeteel? En weer:
Ek sal vir Hem tot 'n Vader wees, en Hy sal
vir My tot 'n Soon wees? En weer; toen God
die Eersgebore inbring in die wêreld, sê Hy:
En laat al Gods Engele Hem aanbid. En met
betrekking tot die Engele sê Hy: Hy maak Sy
Engele winde, en Sy dienaars 'n vuurvlam; en
met betrekking tot die Soon: U troon, o God,
sal staan vir ewig; die staf van U Koninkryk

Die Eucharistie-formulier volgens 'n 1910 uitgawe van die Nederlandse Gebedeboek
(Het Boek van het Algemeen Gebed en Bediening van de Sacramenten..., S.P.C.K.,
London, 1910, pp. 153-169).

DE COMMUNIE.

voor den troon en voor het Lam, bekleed zijnde met lange witte kleederen, en palmtakken waren in hunne handen. En zij riepen met groote stem, zeggende: de zaligheid zij onzen God, die op den troon zit, en het Lam. En al de Engelen stonden rondom den troon, en rondom de Ouderingen en de vier dieren; en vielen voor den troon neder op hun aangezicht, en aanbaden God, zeggende: Amen. De lof, en de heerlijkheid, en de wijsheid, en de dankzegging, en de eer, en de kracht, en de sterkte zij onzen God in alle eeuwigheid. Amen.

HET EVANGELIE.

Matth. v. 1.

JEZUS, de echen ziende, is geklommen op eenen berg, en als hij nedergezeten was, kwamen zijne discipelen tot hem. En zijnen mond geopend hebbende, leerde hij hen, zeggende: zalig zijn de armen van geest; want hunner

is het Koninkrijk der hemelen. Zalig zijn die treuren; want zij zullen vertroost worden. Zalig zijn de zachtmoedigen; want zij zullen het aardrijk beërven. Zalig zijn die hongeren en dorsten naar de gerechtigheid; want zij zullen verzadigd worden. Zalig zijn de barmhartigen; want hun zal barmhartigheid geschieden. Zalig zijn de reinen van harte; want zij zullen God zien. Zalig zijn de vreedzamen; want zij zullen Gods kinderen genaamd worden. Zalig zijn die vervolgd worden om der gerechtigheid wil; want hunner is het Koninkrijk der hemelen. Zalig zijt gij, als u de menschen smaden, en vervolgen, en liegende alle kwaad tegen u spreken, om mijneentwil. Verblijdt en verheugt u, want uw loon is groot in de hemelen: want alzoo hebben zij vervolgd de Profeten, die vóór u geweest zijn.

ORDE

VAN DE

BEDIENING VAN HET AVONDMAAL DES HEEREN

OF DE

HEILIGE COMMUNIE.

¶ Al degenen, die voornemens zijn aan de heilige Communie deel te nemen, zullen hunne namen aan den Geestelijken der Parochie opgeven, ten minste 's daags te voren.

¶ En indien iemand hemmer door een openbaar en berucht wangedrag, of door zijne naasten met woord of daad te wrengen

lijden, aan de gemeente overhand gegeven heeft; dan zal de Geestelijke, daarvan kennis dragende, hem ontsieden en aanroepen, dat hij zich in penen daerom verde, om aan de Tafel des Heeren te komen, zoodat hij openlijk verhoord heeft, zich van harte bekeerd en zijne voormalige slechte levenswijze verbeterd.

DE COMMUNIE.

and te hebben, ten einde der gemeente, een welke hij vroeger opgeroepen was, hand, door de verandering geschiedt; en dat hij hem, die hij voorgelicht had, verpooft heeft gelaten; ten minste verliet hij zijn ernstig voornemen dit te doen, nadat hem onmogelijk was.

¶ *Heer denoeflen regel zal de Gemetijde handelen met hem, te weten, waken hij heet en vindingen hooren niet, niet gedurende, dat al aan de Tafel des Heeren doornemen, totdat hij weet dat zij verward zijn. En indien een van beide in eenen zijde partijen zich gespen toont, om van penaken zich af te waken, en de ander tegen hem misdaan heeft te vergeven, en de bevestiging, die hij zelf oordeelt, te herstellen; doch de tegenpartij zich niet het gezamenlijke ongeschiedheid wil laten overzien, maar in zijnen wrede en kwaadaardigheid volhardt; in dit geval moet de Dienaar den bestaandigen persoon tot de heilige Communie toelaten, maar niet den hardnekkigen. Onder beding echter, dat elke Dienaar iemand van afwijpende, als in een of de naast voorgaande Paragraaf door Rubric is aangegeeld, verplicht zal zijn hiervan bericht te doen aan den Ordinarius, uiterlijk binnen veertien dagen daarna. In de Ordinarius zal tegen den bevestigenden persoon volgens de Kanonische wetten te werk gaan.*

¶ *De Tafel, ten tijde der Communie met een heiliger wijnen bloed bedekt zijnde, zal in het midden der Kerk staan, of in het Koor, alwaar verordend is het Morgen- en Avondgebed te zegen. In de Priester, aan de noordzijde der Tafel staande, zal het Gebod des Heeren zegen, met de Collect daarop volgende, berijkt de gemeente heiligt.*

Onze Vader, die in de hemelen zijt! Uw naam worde geheiligd. Uw koninkrijk komme. Uw wil geschiede, Gelijk in den hemel, zoo ook op de aarde. Geef ons heden ons dagelijksch brood. En vergeef ons onze schulden, Gelijk ook wij vergeven onzen schuldenaren. En leid ons niet in verzoeking. Maar verlos ons van den boos. Amen.

DE COLLECT.

ALMAGTIG God! voor wien alle harten geopend, wien alle begeerten bekend

zijn, en voor wien niets verborgen is; reinig de gedachten onzer harten door den invloed van uwen Heiligen Geest, opdat wij U volmaaktelijk liefhebben, en uwen heiligen naam waardiglijk groot maken mogen; door Jezus Christus, onzen Heer. Amen.

¶ *Den zal de Priester, zich naar de gemeente hoorende, al de TIEN GEBODEN duidelijk voordragen; en de gemeente steeds hoorende zal, na elk Gebod, God bidden om ontferming wegens hunne overtreding daarvan in verpooft tijd, en in gebed tot het onderhouden van hetzelve voor het toekomstige, als volgt.*

Dienaar. God sprak deze woorden, zeggende: Ik ben de Heer, uw God: Gij zult geene andere Goden voor mijn aangezicht hebben.

Gemeente. Heer! ontferm u onzer, en neig onze harten, om dit gebod te onderhouden.

Dien. Gij zult u geen geïden beeld, noch eenige gelijkenis maken, van hetgeen boven in den hemel is, noch van hetgeen onder op de aarde is, noch van hetgeen in de wateren onder de aarde is. Gij zult u voor die niet buigen, noch hun dienen: want Ik, de Heer, uw God, ben een ijverig God, die de misdaden der vaderen bezoek aan de kinderen, aan het derde, en aan het vierde lid dergenen, die Mij haten; en doe barmhartigheid aan duizenden dergenen, die Mij lief hebben, en mijne geboden onderhouden.

Gem. Heer! ontferm u onzer, en neig onze harten, om dit gebod te onderhouden.

DE COMMUNIE.

Dien. Gij zult den naam des Heeren, uws Gods, niet ijdelijk gebruiken: want de Heer zal niet onschuldig houden die zinnen naam ijdelijk gebruikt.

Gem. Heer! ontferm u onzer, en neig onze harten, om dit gebod te onderhouden.

¶ *Dien.* Gedenkt den Sabbatdag, dat gij dien heiligt. Zes dagen zult gij arbeiden, en al uw werk doen; maar de zevende dag is de Sabbat des Heeren, uws Gods; dan zult gij geen werk doen, gij, noch uw zoon, noch uwe dochter, noch uw dienstknecht, noch uwe dienstmaagd, noch uw vee, noch de vreemdeling, die in uwe poorten is. Want in zes dagen heeft de Heer den hemel en de aarde gemaakt, de zee en al wat er in is, en Hij rustte ten zevenden dage: daarom zegende de Heer den Sabbatdag en heiligde denzelven.

Gem. Heer! ontferm u onzer, en neig onze harten, om dit gebod te onderhouden.

Dien. Eert uwen vader en uwe moeder, opdat uwe dagen verlengd worden in het land, dat u de Heer, uw God, geeft.

Gem. Heer! ontferm u onzer, en neig onze harten, om dit gebod te onderhouden.

Dien. Gij zult niet doodslaan.

Gem. Heer! ontferm u onzer, en neig onze harten, om dit gebod te onderhouden.

Dien. Gij zult niet echtbreken.

Gem. Heer! ontferm u onzer, en neig onze harten, om dit gebod te onderhouden.

Dien. Gij zult niet stelen.

Gem. Heer! ontferm u onzer, en neig onze harten, om dit gebod te onderhouden.

Dien. Gij zult geene valsche getuigenis spreken tegen uwen naasten.

Gem. Heer! ontferm u onzer, en neig onze harten, om dit gebod te onderhouden.

Dien. Gij zult niet begeeren uws naasten huis, gij zult niet begeeren uws naasten vrouw, noch zijnen dienstknecht, noch zijne dienstmaagd, noch zijnen os, noch zijnen ezel, noch iets, dat uws naasten is.

Gem. Heer! ontferm u onzer, en schrijf al deze uwe geboden in onze harten, smeecken wij U.

¶ *Den zal elke van deze heilige Collecten voor den Koning volgen, berijkt de Priester staat als te voren, en zegt:*

Laat ons bidden.

ALMAGTIG God! wiens rijk van eeuwigheid, en wiens heerschappij oneindig is; ontferm u over geheel uwe Kerk; en wil het hart van uwen uitverkorenen dienaar EDWARD, onzen Koning en Regeerder, zóó besturen, dat hij (wetende wiens dienaar hij is) bovenal de eer en heerlijkheid uws naams moge zoeken; en dat wij en al zijne onderdanen, (wel ter harte nemende, van wien hij zijn

60
tre
22
W
mo
wil

DE COMMUNIE.

heid regverdig oor ons verwek. Ons gevoel 'n hartelike berou, En ons betreur ernstig dese onse misdade; Die gedagte daaraan is ons pynlik; Die gewig daarvan is vir ons ondraaglik. Ontferm U oor ons, Ontferm U oor ons, barmhartigste Vader; Om wil van U Soon onse Heer Jesus Christus, Vergeef ons al wat gebeur is; En geef dat ons voortaan, In nuwigheid van lewe, U welbehaaglik mog dien, Tot eer en heerlikheid van U Naam; Deur Jesus Christus onse Heer. *Amen.*

DIE ABSOLUSIE

¶ *Die Priester alleen (of die Bishop as hy teenwoordig is) staat op, draai om naas die Gemeente, en sproken hierdie Absolusie uit. Die Gemeente bly kniel.*

DIE Almagtige God, onse hemelse Vader, die, naas Sy grote barmhartigheid, aan almal, wat met ware berou en opreg geloof tot Hem keer, vergiffenis van sonde beloof het: Ontferm Sig oor u; vergeef en verlos u van al u sonde; bevestig en versterk u in al wat goed is; en bring u tot die ewige lewe; deur Jesus Christus onse Heer. *Amen.*

¶ *Dan sal die Priester of:*

Hoor watter vertroostende woorde Christus onse Saligmaker tot almal spreek, wat in waarheid tot Hem keer.

KOM naas My toe, almal wat vermoed is en wat dit swaar het, en Ek sal u rus gee. *S. Matt. 11. 28.*

86 lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Soon gegee het, opdat elkeen, wat in Hem geloof, nie sou verlore gaan nie, maar ewige lewe hê. *S. Joh. 3. 16.*

Hoor ook wat die heilige Paulus sê :

Dit is 'n getroue woord, en werd om van almal aangeneem te word, Dat Christus Jesus in die wêreld gekome is om die sondaars salig te maak. *1 Tim. 1. 15.*

Hoor ook wat die heilige Johannes sê :

As iemand gesondig het, ons het 'n Voorpraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige, en Hy is 'n versoening vir onse sonde. *1 Joh. 2. 1.*

DIE INSEENING

Priester. Die Heer sy met u :

Gemeente. En met u gees.

Priester. Verhef u harte :

Gemeente. Ons verhef die tot die Heer.

Priester. Laat ons die Heer onse God dankê :

Gemeente. Dit is reg en betaamlik om so te doen.

¶ *Dal sal die Priester omdraai naar die Here se Tafel, en sê :*

DIT is gans reg, betaamlik, en onse skuldige plig, dat ons te alle tye, en op alle plekke, U dankê, o Heer, Heilige Vader, Almagtig en Ewige God.

¶ *Hier volg die besondere Voorspraak as daar een is (sien bladsy 24-27), of anders op Sondags hierdie navolgende :*

DIE met U eniggebore Soon en die Heilige Gees Een God is, Een Heer, in Drievuldigheid van Persone en in Eenheid van Wesen, die alle dinge gemaak het deur U ewige Woord. Daarom met Engele, &c.

¶ *Op anders doe volg onmiddelik :*

DAAROM met Engele en Aartsengele en met al die hemelse heerskare, roem en prys ons U heerlike Naam, en sonder ophou loof ons U, en sê :

Heilig, Heilig, Heilig, Here God van heerskare; Hemel en aarde is vol van U heerlijkheid; Ere sy U, o Heer, die Allerhoogste. Amen.

ALLE eer en danksegging sy U, Almagtige God, onse hemelse Vader, omdat Gy, naar U grote barmhartigheid, U enigste Soon Jesus Christus het gegee, opdat Hy onse natuur sou aanneem, en die dood aan die kruis tot onse verlossing ondergaan; Die (deur die een offerande van Hemself eenmaal geskied) 'n volle, volmaakte, en voldoende offerande, oorgaaf, en genoeëdoening vir die sonde van die gehele wêreld het aangebring; Die 'n gedurige gedagtenis van Sy dierbare dood het ingestel, en ons in Sy heilig Evangelie beveel om dit te onderhou totdat Hy wederkom.

Hoor ons, o barmhartige Vader, smeek ons U allerootmoedigst; en geef dat ons die dese U gawe van brood en wyn ontvang, volgens die heilige instelling van U Soon onse Saligmaker Jesus Christus, ter gedagtenis van Sy lyden en dood, ook deel mog hê aan Sy geseende Liggaam en Bloed:

Die, in die nag waarin Hy verraaï werd, die brood neem; en toen Hy gedank het, breek Hy dit, en geef dit aan Sy disiepel, en sê: Neem, eet, dit is My Liggaam

Die Priester neem, breek, en lê hand, op die brood.

Die Priester neem en lê hand op die drinkbeker.

wat vir u gegewe word; Doet dit tot My gedagtenis. Desgelyke, nadat hul geëet het, neem Hy ook die drinkbeker, dank, en gee hul dit, en sê: Drink almal daaruit; want dit is My Bloed van die Nuwe Testament, wat vir u en vir vele vergote word tot vergewing van sonde; Doet dit, so dikwels as u dit sal drink, tot My gedagtenis.

DAAROM, o Heer en hemelse Vader, volgens die instelling van U geliefde Soon onse Saligmaker Jesus Christus, hou ons, U ootmoedige diensknegte, in gedagtenis Sy geseende Lyden en dierbare Dood, Sy kragtige Opstanding en heerlike Hemelvaart, en bring U hartelike dank toe vir die ontelbare weldade ons daardeur verkry; en, daar ons verwag Sy terugkoms met krag en grote heerlikheid, offer ons

hier aan U godlike majesteit dié heilige Brood des ewigen lewens en dié Drinkbeker der ewige saligheid; en ons smeek U ootmoedig, send U Heilige Gees op ons en op dese U Gawe, opdat ons almal, wat aan dese Heilige Communie deel neem, waardiglik mog ontvang die alldierbaarste Liggaam en Bloed van U Soon, en vervul word met U genade en hemelse seenings.

En ons bid U vaderlike goedheid met geheel ons hart, dat Gy dit ons offer van lof en dank genadig wil aanneem; en ons smeek U ootmoedig om ons en al U gehele Kerk, om die verdienste en dood van U Soon Jesus Christus en deur geloof in Sy Bloed, die vergewing van onse sonde en alle ander weldade van Sy Lyden te verleen.

En hier offer en bie ons aan U, o Heer, onselwe, onse siele en liggame, om vir U'n redelike, heilige, en lewende offerande te wees.

En ofskoon ons, weens onse menigvuldige sonde, onwaardig is om U enige offer toe te bring, smeek ons U nogtans om dese onse skuldige plig en diens te wille aanneem; merk nie op onse verdienste nie, maar vergeef onse oortredings, om Jesus Christus onse Heer, deur wie, en met wie, in enigheid met die Heilige Gees, U, o Almagtige Vader, sy alle eer en heerlikheid, tot in ewigheid.

¶ Al die Gemeente sê hier hardop: Amen.

Gelykerwys onse Saligmaker Jesus Christus

ons beveel en geleer het, met vrymoedigheid
so ons almal :

ONSE Vader, die in die hemele is, U Naam
worde geheilig. U Koninkryk kome. U
Wil geaskiede, Gelyk in die hemel, so ook op die
aarde. Geef ons vandag onse daaglikse brood.
En vergeef ons onse skulde, Gelyk ons ook
vergeef onse skuldenare. En lei ons nie in
versoeking. Maar verlos ons van die bese.
Want Uwe is die Koninkryk, en die krag, en
die heerlikheid, in die ewigheid. Amen.

DIE COMMUNIE

¶ *Die Priester en almal kniel.*

¶ *Den sal daar stille vir 'n rukkie gehou word, daarna sal
die Priester alleen, in die naam van almal wat die
Communie ontvang :*

ONS verneem ons nie om tot dese U Tafel
te kom, o barmhartige God, in vertroue
op onse eie geregtigheid, maar op U veelvuldige
en grote goedertierenhede. Ons is glad nie
waardig nie om die krummeltjies van onder U
Tafel te versamel. Maar Gy is dieselfde Heer,
wiens eienskap dit is om altoos barmhartigheid
te betoon. Geef dan, o genadige God, dat ons
so die Vlees van U Soen Jesus Christus eet, en
Sy Bloed drink, dat onse sondige liggeme deur
Sy Liggaam gereinig en onse siele deur Sy
dierbaar Bloed gewas word, en dat ons immer-
meer in Hem mog bly, en Hy in ons. Amen.

¶ *Die Priester break nou weer die Brood, en ontvang eers
self die Communie onder beide gedaantes. Daarna*

*bedien hy die aan die Biskoppe, Priesters, en
Diakene, as daar teenwoordig is, en daarna agter-
aanvolgens aan die andere Kommunikante, in hul
hande, terwyl almal ootmoedig kniel. En wanneer hy
iemand die Brood toereik, sal hy sê :*

DIE Liggaam van onse Heer Jesus Christus,
wat vir u gegee is, bewaar u liggaam en
siel ten ewige lewe. Neem en eet dit ter gedag-
tenis dat Christus vir u gestorwe is, en geniet
Hem in u hart deur geloof met danksegging.

¶ *En die Leraar wat iemand die Drinkbeker toereik, sal
sê :*

DIE Bloed van onse Heer Jesus Christus,
wat vir u vergote is, bewaar u liggaam en
siel ten ewige lewe. Drink dit ter gedagtenis
dat die Bloed van Christus vir u vergote is, en
wees dankbaar.

¶ *Of anders sal die Priester, voordat hy die Brood aan die
Kommunikante bedien, almal toespreek :*

NADER en ontvang die Liggaam en Bloed
van onse Heer Jesus Christus, wat vir
u gegee is, en geniet Hem in u harte deur
geloof met danksegging.

¶ *En as hy dit gesê het, wanneer hy aan iemand die
Brood toereik, sal hy sê :*

DIE Liggaam van onse Heer Jesus Christus
bewaar u liggaam en siel ten ewige lewe.

¶ *En die Leraar, wat aan iemand die Drinkbeker toereik
sal sê :*

DIE Bloed van onse Heer Jesus Christus
bewaar u liggaam en siel ten ewige lewe.

¶ *En as al die ingesende Brood of Wyn gebruik is voordat almal gekommuniseer het, sal die Priester meer in beide gedaantes ineen, volgens die voorakreue Formulier, waar dit begin met "Hoor ons, o barmhartige Vader," en eindig met "hemelse aenings." Of in een of ander gedaante volgens die Formulier in "Het Boek van het Algemeen Gebed."*

¶ *Wanneer almal gekommuniseer het, sal die Priester terugkeer naar die Here se Tafel, en wat van die ingesende Elemente oorbly oerbiedig daarop plaas, en met 'n witte linne kleed bedek; of anders meeteens oerbiedig geniet, naardat hy goedkeur. Dan volg:—*

DIE DANKSEGGING

Priester. Dank die Heer, want Hy is goed :
Gemeente. Want Sy goedheid is vir ewig.

ALMAGTIG en ewiglewende God, ons dank U met onse ganse hart, dat Gy ons, wat dese heilige verborgenhede behoorlik ontvang het, met die geestelike voedsel van die alldierbaarste Liggaam en Bloed van U Soon onse Saligmaker Jesus Christus het geliewe te voed; en ons daardeur verseker van U guns en genade jeens ons; en dat ons is ware lede ingelyf in die verborge Liggaam van U Soon, diewelke is die geseende gemeenskap van alle gelowige; en ook deur hoop erfgename is van U ewige Koninkryk, om die verdienste van die dierbaar lyden en sterwe van U liewe Soon.

En ons smeek U ootmoedig, o hemelse Vader, om ons so met U genade te ondersteun, dat ons in die heilige gemeenskap mog volhard, en alle sodanige goeie werke doen, wat Gy vir ons bereid

het om daarin te wandel; deur Jesus Christus onse Heer, wien met U en die Heilige Gees sy alle eer en heerlijkheid, tot in ewigheid. *Amen.*

¶ *Isan mit geel of gesing word:*

ERE sy God in die hoogste hemela, en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae. Ons prys U, ons loof U, ons aanbid U, ons verheerlik U, ons dank U weens U grote heerlijkheid, o Here God, Koning des hemels, God die Almagtige Vader.

O Heer, die eniggebore Soon Jesus Christus; O Here God, Lam van God, Soon van die Vader, Die die sonde van die wêreld wegneem, ontferm U oor ons. Gy Die die sonde van die wêreld wegneem, neem onse gebede aan. Gy Die sit aan die regterhand van God die Vader, ontferm U oor ons.

Want Gy alleen is heilig; Gy alleen is die Heer; Gy alleen, o Christus, met die Heilige Gees, is hoogst in die heerlijkheid van God die Vader. *Amen.*

¶ *Den sal die Priester, of die Biskop as hy teenwoordig is, die Gemeente met dese Setebede laat wisselgaan:*

DIE vrede van God, wat alle verstand te bowe gaat, bowaar u harte en sinne in die kennis en liefde van God en van Sy Soon Jesus Christus onse Heer:

En die seën van die Almagtige God, Vader, Soon, en Heilige Gees, sy en blywe altyd met uliede. *Amen.*

Die Eucharistie-formulier van die Suid-Afrikaanse Gebedeboek (Gedeeltes van 'n Boek van Algemene Gebed en Bediening van die Sakramente, S.P.C.K., London, 1954, pp. 212-225).

**DIE FORMULIER VIR DIE BEDIENTING VAN
DIE HERE SE AVONDMAAL
OF
HEILIGE KOMMUNIE**

Almal, wat voornemens is om aan die heilige Kommu-nie deel te neem, sal hulle name op 'n lysie gedurende die vorige dag by die Leraar sê.

En indien enigeen van hulle openlik en sonder berou in die sonde lewe, of die handelde veranderinge van die Kerk openlik oortree, sal die Leraar, as hy daarvan weet, hom laat roep en hom vermaan dat hy in alh geval my moet wag om na die Tafel van die Here te kom, alvorens hy openlik bely het dat hy lank berou het en hom van sy vorige sondige lewe bekeer het is, opdat die Gemeente, wat tevreë aanstoot geneem het, daardie tevreë gestel mag word; en dat hy verpoeding geïden het aan diegene wat hy verontreg het; of sommige verstaan dat hy vas voornemens is om dit te doen, sodra hy die geleentheid daartoe kry.

Op dieselfde wyse sal die Leraar optree teen diegene van wie hy merk dat hulle in haat en wyd met mekaar lewe; hulle nie toelaat om tot die Tafel van die Here toe te tree, alvorens hy weet dat hulle versoen is nie. En indien een van die partye in so 'n oneenigheid bereid is om die ander al sy oortredings van gewer harte te vergewe, en verpoeding te doen waar hyself aanstoot gegee het; en die ander party hom nie tot 'n gedwongte eensgenoudheid wil laat oerhaal nie, dan in sy woorspannigheid en wyd volhard: behoort die Bedienaar in so 'n geval die berouvolle persoon tot die heilige Kommu-nie toe te laat, en nie hom met woorspanning is nie. Mits elke Bedienaar, wat enigeen eldus wegwy, moet hierin uitroep, of in die onmiddellik voorgesagde Paragraaf van hierdie Rubrik, verplig sal wees om daarna, binne veertien dae op sy langste, aan die Bisep verslag te doen. En indien die geleentheid dit vereis, sal die Bisep volgens die Kanon optree teen die persoon wat aanstoot gee.

Ten tyde van die Kommu-nie sal die Tafel met 'n skoon wit linnelied bedek wees. En die Priester sal, terwyl hy by die Tafel staan, en die mens met eerbied kniel, met 'n duidelike en hoorbare stem sê,

INLEIDING

ONSE Vader wat in die hemele is, Laat u Naam geheilig word, Laat u koninkryk kom, Laat u wil geskied, Soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood. En vergeef ons ons skulde, Soos ons ook ons skuldenaars vergewe. En lei ons nie in versoeking nie; Maar verlos ons van die bese. Amen.

Die Gebed

ALMAGTIGE God, vir wie alle harte bloot lê, alle begeertes bekend is, en vir wie geen geheime verborge is nie: Reinig die gedagtes van ons harte deur die werkinge

DIE KOMMUNIE

van u Heilige Gees, opdat ons U volkome mag liefhê, en u heilige Naam waardiglik mag verheerlik; deur Christus onse Heer. **Rv. Amen.**

Dan sal die Priester, terwyl hy hom na die mens keer, die TIEN GEBODE voluit en duidelik opel; en die mens, nog steeds op hul kniel, sal God na elke Gebod om barmhertigheid smook vir hulle oortreding van elke verpligting daaronder in die verlede (of na die letterlike of na die geestelike betekenisse daarvan), en om genadigens vir die ondertrading daarvan in die toekomst, as volg.

Bedienaar

I. God het hierdie woorde gespreek, en gesê: Ek is die Here jou God; Jy mag geen ander gode voor my aangaig hê nie.

II. Jy mag vir jou geen geeneede beeld, of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie.

III. Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie.

IV. Dink aan die Sabbatdag dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God.

V. Eer jou vader en jou moeder.

VI. Jy mag nie doodslaan nie.

VII. Jy mag nie egbreek nie.

VIII. Jy mag nie steel nie.

IX. Jy mag geen valse getuïenis spreek nie.

En die mens en heer sal al of sê na elke gebod,

Heer, ontferm U oor ons, en neig ons harte om dié wet te onderhou.

X. Jy mag nie begeer nie.

Antwoord. Heer, ontferm U oor ons, en skrywe al hierdie wette van U in ons harte, smook ons U.

Mits die Tien Gebode minstens eenmaal elke Sondag of Alreukste in die tyd opgesê word, mag hulle op ander tye opgesê word. En hulle op opgesê word, dan sal volg:

JESUS het gesê: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, en met jou hele siel, en met jou hele verstand: Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hierna gelykstaar is, Jy moet jou naaste liefhê

DIE KOMMUNIE

soos jouself. Aan hierdie twee gebooe hang die hele wet en die profete.

Mense. Heer ontferm U oor ons, en skrywe hierdie wette van U in ons harte, smee ons U.

Na hierdie samevatting, of in plaas daarvan, mag gest of gesing word:

Heer, ontferm U oor ons.
Christus, ontferm U oor ons,
Heer, ontferm U oor ons,

Den word gest:

Priester. Die Heer sy met u;
Mense. En met u gees.

Laat ons bid.

Den word die Voorgebed van die Dag opgeest. Ander Voorgebede, soos bepaal of toegelaat, mag volg, en die laaste hiervan moet die volledige einde hê.

LERING

En onmiddellik na die Voorgebed lees die Priester die Sendbrief, en st. Die Sendbrief (of, Die Les) is opgeteken in die — Hoofstuk van — en begin met Vers —. En aan die end van die Sendbrief, st hy, Hier eindig die Sendbrief (of, die Les). Dan (terwyl al die mense staan) lees hy die Evangelie, en st. Die heilige Evangelie is opgeteken in die — Hoofstuk van — en begin met Vers —.

Mense. Ere sy U, o Heer.

En na die Evangelie sal die mense st of sing.

Dank sy U, o Heer.

En hy, wat die Sendbrief of Evangelie lees, sal hom so na die mense toe heur, dat almal hom hoor.

As daar ongedooptes of boesvaardiges teenwoordig is, kan die Prosk hierop volg, waarna hulle met gebed en seëning vordag sal word. En dan, terwyl al die mense staan, sal die volgende Geloftebelydenis opgeest of gesing word.

EK glo in een God die Vader die Almagtige, Skepper van hemel en aarde, En van alle sigbare en onsigbare dinge:

En in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, Gebore van die Vader voor alle eeue, God uit God, Lig uit Lig, Waaragtige God uit waaragtige God, Gebore, nie gemaak nie, Van een wese met die Vader, Deur wie alle dinge gemaak is: Wat vir ons mense, en vir ons saligmaking, neergedaal het uit die hemel, En vlees geword het

DIE KOMMUNIE

deur die Heilige Gees uit die Maagd Maria. En mens geword het, En ook vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus. Hy het gely en is begrawe, En die derde dag het Hy volgens die Skrif weer opgestaan, En het opgevaar na die hemel, En sit aan die regterhand van die Vader. En Hy sal weer in heerlijkheid kom om te oordeel beide die lewende en die dode: Wie se koninkryk geen einde sal hê nie.

En ek glo in die Heilige Gees, Die Here, die Gewer van die Lewe, Wat uitgaan van die Vader en die Seun, Wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik word, Wat gesprek het deur die Profete. En ek glo in Een, Heilige, Katolieke en Apostoliese Kerk. Ek bely een Doop tot vergewing van sondes, En ek sien uit na die Wederopstanding van die dode, En die lewe hiernamaals. Amen.

Den sal die Leraar aan die mense behoud maak watter Feit- of Vaders geskiedte die komende Week in ere gehou moet word. En dan (indien nodig) sal hy ook kennis gee van die Kommunie, en Huisgebede of kerk; en Opdragte, Oproepe, en Ekshommunikasies aflees. En geen afsonderlike en kennisgewings sal gedurende Godsdienstvergadering, in die Kerk, geskied anders as deur die Bedienaar nie: en selfs deur hom self wat in die Bepalings van Marbury Boek voorgeskrewe of deur die Bishop gelas word.

Den mag die Prosk volg, teny dit alreeds vóór die Geloftebelydenis gelees is.

OFFERTORIUM

Den sal die Priester na die Tafel van die Here terugkeer, en die Offertorium begin deur een of meer van die volgende Sins te lees, wat hy na sy oordeel al die geskiede behou.

ADVENT. Verheug jou grootliks, o dogter van Sion; juig, o dogter van Jerusalem: kyk, jou Koning kom na jou. *Sagaria 9.*

GEBOORTE VAN ONSE HEER. 'n Kind is vir ons gebore, 'n seun is aan ons gegee. *Jesaja 9.*

EPIFANIE. Al die Konings sal hulle voor hom buig; al die nasies sal hom dien. *Psalm 72.*

VASTYD. Skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want hy is genadig en barmhartig. *Jos 2.*

LYDENSTYD. Die smaad breek my hart; en ek moet bewee: ja ek het gewag op medelyde, maar verniet; en op vertroosters, maar het hulle nie gevind nie. *Psalm 69.*

DIE KOMMUNIE

PAASTYDAG. Christus is opgewek uit die dode; Hy het die oerwintling geword van die wat ontslaap het. *Halleluja.*

1 Korinthiers 15.

HEERLIVAART. Hef op julle hoofde, o poorte, ja verhef julle, ewige deure, dat die Erekening kan ingaan. *Halleluja.*

Psalm 24.

PINKSTERDAG. Ek sal my geses uitgiet op alle vlees. *Halleluja.*

Joël 2.

DRIFSTENHEID. Wie sal U nie vrees nie, Here, en u naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig.

Openbaring 15.

DAS VAN HEILIGES. Al u werke loof U, o Here, en u heiliges pry: U.

Psalm 145.

BY DIE HERDENKING VAN DIE ONTELAPENES. Niemand van ons leef vir homself nie, en niemand sterf vir homself nie. Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here: of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Romeine 14.

ALOMAGTIG. Laat julle tig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

Matthéus 5.

Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde waar mot en roes verniel en waar die we inbreek en steel nie: maar maak vir julle skatte bymekaar en die hemele, waar geen mot of roes verniel nie, en waar die we inbreek en steel nie.

Matthéus 6.

Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen—het so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die Wê en die Profete.

Matthéus 7.

Nie alleen wat vir my sê, Here, Here, sal ingaan in die Koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Matthéus 7.

Onthou die woorde van die Here Jesus, dat Hy gesê het, Dit is saliger om te gee as om te ontvang.

Handelinge 20.

Laat hom wat in die woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee. Moenie dwaal nie, God laat Hom nie bespot nie: want net wat die mense sê, dit sal hy ook maai.

Galats 6.

DIE KOMMUNIE

Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, ons almal goed doen, maar die meeste aan die buigenote van die geloof.

Galats 6.

Welgeelksalig is hy wat ag gee op die arme: die Here sal Hom red in die dag van onheil.

Psalm 41.

Wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het, en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.

Efeziërs 5.

Ek vermaan julle dan, broeders, deur die ontferminge van God, dat julle jui liggame stel as 'n lewendige, heilige en aan God welgevallige offer; dit is julle redelike godsdiens.

Romeine 12.

Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester was van die allerhoogste God was, het brood en wyn gebring.

Genesis 14.

Ek sal U 'n offer van danksegging bring en die Naam van die Here aanroep; ek sal my gelofte aan die Here bethal in die teenwoordigheid van sy ganse volk.

Psalm 116.

Dit kom alles van U, en uit u hand het ons dit aan U gegee.

1 Kronieke 29.

Terwyl hierdie Sinne gelees word, sê die Diaken, Kerkwagters of 'n ander geskikte persoon daartoe oopwend die Liefde- en ander Gesing van die regter op in 'n geskikte heilige klere deur die Parokiale Aankomst, verhef: en bring dit met eerbied na die Priester, wat dit in oormoed van die geur en op die heilige Tafel plaas.

En die Priester sal sê: Brood en Wyn of die Tafel plaas op die heilige Tafel, en sê: Die Heilige Tafel.

En die Diaken of ander Gesing sê: Die Heilige Tafel.

SEEN, o Heer, smee ons U, hierdie gawes van Ulen wy hulle aan hierdie heilige doek, dat ons daardeur tot die ewige lewe van siel en liggaam gevoed mag word; deur Jesus Christus onse Heer. Amen.

Wanneer Voorbeding of Danksegging of enige heilige taal met goeie wêreld, sal daerom oordien word deur 'n Voor van Verantwoordelike of 'n ander dienaar.

Waarom die Priester dan sê: Hierdie heilige bloed van Christus, wat vir ons oorgegee is, om ons te heilig.

Laat ons bid vir die ganse ryk van die Kerk van Christus.

En die Diaken of ander Gesing sê: Die Heilige Tafel.

ALMAGTIGE en ewig-lewende God, wat ons deur u heilige Apostel geleer het om vir alle mense te bid, te smee en te dank: In ootmoed smee ons U, om ons

DIE KOMMUNIE

(*hiefde- en*) offergawes in alle genade aan te neem en hierdie gebede wat ons tot u Goddelike Majesteit opstuur te verhoor; en ons bid U om gedurig die algemene Kerk te besiel met die gees van waarheid, eendrag en eensgesindheid: En gee dat almal wat u heilige Naam bely in die waarheid van u heilige Woord verenig mag wees, en in eensgesindheid en godsalige liefde mag lewe.

Ons smeek U ook om alle nasies op die weg van geregtigheid en vrede te lei, en om alle Konings, Presidente en Regeerders so te bestier dat die wêreld onder hulle godsalig en vreedzaam regeer mag word. En gee dat u Dienasmaagd **ELIZABETH** ons Koningin, haar ministers en parlemente, en almal wat in haar Dominiums met gesag belas is, die reg getrou en onpartydig sal uitoeven ter verwydering van alle sondigheid en ondeug en in die handhawing van orde en opregte lewe.

Skenk genade, o hemelse Vader, aan alle Biskoppe, Priesters en Diakens, en veral aan u Dienakneg N. ons Biskop, opdat hulle in hulle lewe sowel as leer u ware en lewende Woord mag verkondig, en u heilige Sakramente suiwer en behoorlik mag bedien: En skenk u hemelse genade aan al u mense; en veral aan hierdie gemeente hier teenwoordig; opdat hulle met nederige harte en verskuldigde eerbied u heilige Woord mag hoor en aanneem; U al die dae van hul lewe trou in heilighheid en opregtheid mag dien. (Lei en begunstig, smeek ons U, almal wat hulle beywer vir die uitbreiding van u Evangelie onder die volke.)

[En skenk aan alle Skole en Universiteite die lig van u Gees, opdat die wêreld met die kennis van u Waarheid vervul mag word.] [En vergun dat alle mense in hulle onderskeie beroepe die algemene welsyn mag nastreef, en welwillendheid en broederskap op aarde mag bevorder.]

En in alle ootmoed smeek ons U, o Heer, om in u goedheid almal, wat in hierdie verganklike lewe in moeilikheid, droefheid, nood, siekte of enige ander teenspoed verkeer, te troos en te help.

En ons dra aan u genadige bewaring op, o Heer, al u diensknegte wat in u geloof en vrese heengegaan is, en smeek U om hulle genade, lig en vrede te skenk, en nou en op die opstandingsdag.

DIE KOMMUNIE

En hier offer ons aan U, o Heer, die allerhoogste lof en hartlike dank vir die wonderlike genade en deug in al u Heiliges geopenbaar, en veral in die Heilige Maagd Maria, Moeder van u Seun Jesus Christus ons Heer en God, en in die heilige Patriarge, Profete, Apostels en Martelare; ons smeek U om genade opdat ons, wat ons in die Gemeenskap van die Heiliges verheug, en die goeie voorbeelde navolg van hulle wat U hier gedien het, saam met hulle deelgenote van u hemelse koninkryk mag wees:

Skenk ons dit, o Vader, om Jesus Christus ontwil, ons enigste Middelaar en Voorspraak. Ry. Amen.

VOORBEREIDING

Den sal die Priester aan die, wat hem om aan die heilige Kommunie deel te neem, si,

UWAT waaragtig en ernstig berou het oor u sonde, en in liefde en welwillendheid met u naaste saamleef, en voornemens is om 'n nuwe lewe te lei, die geboorte van God te onderhou, en voortaan sy heilige wet te bewandel: Treë gelowig toe, neem hierdie heilige Sakrament tot u troos; en bely u sonde in ootmoed voor die Almagtige God, terwyl u nederig op u kniel neerkniel.

Den word hierdie algemene Bedryf, deur een van die Bedryfvoers, gesien namens almal wat in die genade van u heilige Woord deel te neem; terwyl beide hy en al die mense in ootmoed op hulle kniel neerkniel en si,

Op ootmoed, wat die Paster te si, mag die volgende, wat verhoor van die Biskop, gebruik word:

ALMAGTIGE God, Vader van onse Here Jesus Christus, Skepper van alle dinge, Regter van alle mense: Ons erken en betreur ons menigvuldige sondes en boosheid, Wat ons keer op keer aller-smartliks deur gedagte, woord en daad, teen u Goddelike Majesteit begaan het, En tereg u toorn en

ONS bely voor God die Almagtige, die Vader, die Seun en die Heilige Gees, dat ons, deur ons eie ernstige skuld in gedagte, woord en daad, gesondig het. Daarom bid ons God om ons genadig te wees.

DIE KOMMUNIE

afkeer op ons gebring het.
 Ons het ernstige berou,
 En is innig jammer oor
 hierdie wandade van ons;
 Die gedagte daaraan is
 smartliks vir ons; Die las
 daarvan is ondraaglik. Wees
 ons genadig. Wees ons
 genadig, allergenadigste
 Vader; Vergeef alles van
 die verlede, terwille van
 u Seun onse Here Jesus
 Christus; En gee dat ons
 U hierna altoos In 'n nuwe
 lewe mag dien en behaag,
 Tot eer en verheerliking
 van u Naam; Deur Jesus
 Christus onse Heer. Amen.

*Den sal die Priester (of die Bishop, as
 hy toekomend is) optaan, en
 sê: "Hierdie is die mynse heer,
 hierdie is die mynse heer."*

ALMAGTIGE God,
 onse hemelse Vader,
 wat uit sy grote genade ver-
 gewing van sondes beloof
 het aan almal wat hulle met
 inhige berou en ware geloof
 tot hom keer: Wees u ge-
 nadig; vergewe en verlos u
 van al u sondes; bevestig
 en versterk u in alle vroom-
 heid; en lei u tot die ewige
 lewe; deur Jesus Christus
 onse Heer. Ry. Amen.

Den sal die Priester sê,

Hoor watter vertroostende woorde ons Saligmaker
 Christus tot almal spreek wat hulle waaragtig tot Hom
 keer:

DIE KOMMUNIE

Kom na My toe, almal wat vermoed en betes is, en El-
 sal julle rus gee. *Mattheus 11:28.*

So lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore
 Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore
 mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. *Johannes 3:16.*

Hoor ook wat die Heilige Paulus sê: *1 Timotheus 1:15.*
 Dit is 'n betroubare woord en word om ten volle aan-
 geneem te word, Dat Christus Jesus in die wêreld gekom
 het om sondars te red.

Hoor ook wat die Heilige Johannes sê: *1 Johannes 2:1.*
 As iemand gesondig het, het ons 'n Voorspraak by die
 Vader, Jesus Christus die regverdige; en Hy is 'n ver-
 soening vir ons sondes.

DIE WYDING

*As die Priester die Brood en Wyn so gesaglik het dat hy die Brood maklik en
 op behoortlike wyse voor die mynse heer breek, en die beker in sy hande hê
 neem, sal hy, terwyl hy voor die Tafel staan, die Widinggebed sê, soos volg:*

Priester. Die Heer sy met u;

Antwoord. En met u gees.

Priester. Verbef u harte;

Antwoord. Ons verbef dié tot die Here.

Priester. Laat ons die Here onse God dank;

Antwoord. Dit is reg en betaamlik om so te doen.

Den sal die Priester hom na die Here se Tafel heer, en sê,

DIT is volkome reg, betaamlik en ons dure plig dat ons
 U ten alle tye, en op alle plekke dank, o Heer, Heilige
 Vader, Almagtige, Ewige God.

*Hier sal nu die Gelyke Voorrede (sien bladsye 228 en 230) volgens die geleentheid
 volg, indien daar enige spesiaal bysaak is, of anders sal op Sondas volg:*

WAT, met u eniggebore Seun en die Heilige Gees één
 God, één Here is, in die Drieheid van Persone en
 in Eenheid van Wesen, wat alle dinge deur u ewige Woord
 geskape het. Daarom prys en verheerlik ons, ons.

Op ander dan volge omdadig:

DAAROM prys en verheerlik ons u grote Naam; saam
 met die Engele en Aartsengele en al die hemelse leër-
 skare; en ewig loof ons U, en sê:

DIE KOMMUNIE

Heilig, heilig, heilig, Here God der Leërske, die hemel en aarde is vol van u heerlijkheid; Ere sy U, o allerhoogste Heer. Amen.

AAN U sy al die Heerlikheid en Danksegging, Almagtige God, onse hemelse Vader, want U het uit u tere erbarming u enige Seun Jesus Christus gegee, om ons natuur aan te neem, en vir ons verlossing die dood aan die Kruis te sterf; wat (deur sy één offerande van homself eenmaal ten offer gelyk) 'n volle, volkome, en voldoende offer, offerande, en genoegdoening vir die sondes van die ganse wêreld gebring het; en wat 'n ewigdurende gedagtenis aan sy dierbare dood, ingestel het, en ons in sy heilige Evangelie beveel het om dit te onderhou tot sy wederkoms.

Hoor ons, o barmhartige Vader, smeek ons U in die grootste ootmoed; en gee dat ons, wat hierdie gawes van u skepping, die brood en die wyn, ontvang volgens die heilige instelling van u Seun onse Saligmaker Jesus Christus, ter gedagtenis aan sy dood en lyding, sy allergeeënde Liggaam en Bloed deelagtig mag word: wat, in

* Hier neem die Priester die Patern in sy hande:

† En hier breek hy die Brood:

‡ En hier is hy sy hand op die Brood:

§ Hier neem hy die Beker in sy hand:

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

§ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

¶ En hier is hy sy hand op die Beker (of die gewasde wyn):

die selfde nag toe Hy verrai is, *brood geneem het; en, nadat Hy gedank het, het Hy dit †gebrek en aan sy dissipels gegee en gesê, Neem, eet, ‡dit is my Liggaam wat vir julle gegee word: Doen dit tot my gedagtenis. Net so het Hy ook na die maaltyd die Beker §geneem; en, nadat hy gedank het, het Hy dit aan hulle gegee, en gesê, Drink almal daaruit; want dit §is my Bloed van die Nuwe Testament, wat vir julle en vir vele uitgastort word tot vergewing van sondes: Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.

Daarom, o Heer en hemelse Vader, waar ons sy geëeënde lyding en dierbare dood, sy magtige wederopstanding en heerlike hemelvaart gedenk, bring ons, u nederige diensknegte, U, na die instelling van u seer

DIE KOMMUNIE

geliefde Seun, ons Saligmaker Jesus Christus, ons allerhartlikste dank vir die ontelbare seënings vir ons daardeur verwerf; en, waar ons uit sien na sy wederkoms in krag en grote heerlijkheid, offer ons hierdie heilige Brood van die ewige lewe en hierdie Beker van ewigdurende saligheid aan u goddelike Majesteit; en ons smeek U in ootmoed om u Heilige Gees op ons en op hierdie gawes van U uit te stort, opdat ons almal wat aan hierdie heilige Kommunie deelneem, die allerdierbaarste Liggaam en Bloed van u Seun waardiglik mag ontvang; en vervul mag word met u genade en hemelse seëning.

En ons begeer heelhartig van U om in u vaderlike goedheid hierdie offer van lof en danksegging in genade aan te neem; ons smeek U in alle ootmoed om te gee dat ons en u ganse Kerk deur die verdienste en dood van u Seun Jesus Christus, en deur die geloof in sy bloed, vergewing van ons sondes, en alle ander seënings van sy lyding mag ontvang.

En hier gee ons en bied U aan, O Heer, onself, ons siele en liggame, om 'n redelike, heilige, en lewende offer voor U te wees.

En hoewel ons, vanweë ons menigvuldige sondes, onwaardig is om U enige offer te bring, smeek ons U nogtans om hierdie dure plig en diens van ons aan te neem; nie na ons verdienste nie, maar deur ons oortredings te vergewe, deur Jesus Christus onse Heer; deur wie, en deur wie, in die eenheid van die Heilige Gees, alit ons en heerlijkheid aan U toebring word, o Almagtige Vader, in alle ewigheid.

Laat al die mens hier af, Amen.

Soos ons Saligmaker Jesus Christus ons beveel en gegee het, sê ons met vrymoedigheid:

En sal die Priester en Mens neem die Oubel van die Here op.

ONSE Vader, wat in die hemele is, Laat u Naam gewillig word, Laat u koninkryk kom, Laat u wil geskied; Soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood. En vergeef ons ons skulde, Soos

DIE KOMMUNIE

ons ook ons skuldensare vergewe. En lei ons nie in versokking nie; Maar verlos ons van die bese.

Want aan U behoort die koninkryk, En die krag, en die heerlikheid, Tot in ewigheid. Amen.

KOMMUNIE

Den sal daar vir 'n tydlang stilte wees, waarna hierdie gebed sal volg, gesê deur die Priester, terwyl hy kniel, wemets hulle almal wat die Kommunie sal ontvang.

ONS waag dit nie, o genadige Heer, om tot hierdie Tafel van U toe te tree met vertroue in ons eie geregtigheid nie, maar in u menigvuldige en groe hartighede. Ons is dit nie eens waardig om die krummels onder u Tafel op te tel nie. Maar U is dieselfde Heer, wie se eienskap dit is om altyd genade te betoon: Skenk ons dus, genadige Heer, om so van die vlees van u lieue Seun Jesus Christus te eet, en van sy bloed te drink, dat ons sondige liggame deur sy liggaam gereinig, en ons siele deur sy allerdiërbaarste bloed gewas mag word, en dat ons immermeer in hom mag bly en hy in ons. R. Amen.

Den sal die Priester die Brood breek, en eers self die Kommunie in alreue soorte ontvang, waarna hy voortgaan om dit te bedien aan die Biskoppe, Priesters, en Diakone, op dieselfde wyse, (as daar enige teenwoordig is.) en daarna aan die mense ook in volgorde, in hulle hande, terwyl hulle almal danksaggend kniel. En, wanneer hy die Brood aan iemand gee, sal hy si.

DIE Liggaam van onse Here Jesus Christus, wat vir u gegee is, bewaar u liggaam en siel tot die ewige lewe. Neem en eet dit tot gedagtenis dat Christus vir u gesterf het, en nuttig Hom in u hart deur geloof met danksegging.

En die Bedienaar wat die Beher aan iemand gee sal si.

DIE Bloed van onse Here Jesus Christus, wat vir u gestort is, bewaar u liggaam en siel tot die ewige lewe. Drink dié tot gedagtenis dat die Bloed van Christus vir u uitgestort is, en wees dankbaar.

Of anders sal die Priester, voordat hy die Brood aan die mense gee, tot die hele Gemeente si.

KOM nader en ontvang die Liggaam en Bloed van onse Here Jesus Christus, wat vir u gegee is, en nuttig Hom in u harte deur geloof met danksegging.

DIE KOMMUNIE

En as hy so gesê het, sal hy, wanneer hy die Brood aan iemand gee, si.

DIE Liggaam van onse Here Jesus Christus bewaar u liggaam en siel tot die ewige lewe.

En die Bedienaar wat die Beher aan iemand gee sal si.

DIE Bloed van onse Here Jesus Christus bewaar u liggaam en siel tot die ewige lewe.

Nadat almal die Kommunie ontvang het, sal die Priester na die Tafel van die Here terugkeer, en met verbod daarop plaas met verpely het aan die gewasde Elyments, en sal dit bedek met 'n wit linnelood; of anders, dit, na 'n goed-dunke, met verbod aan en drink.

DANKSEGGING

Den sal hy hierdie Dankgebed vir die Kommunie si.

Priester. Loof die Here, want Hy is goed;

Antwoord. Want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.

ALMAGTIGE en ewig-lewende God, ons dank U van Aganser harte, dat U ons, wat hierdie heilige verborgenhede na behore ontvang het, vergun om met die geestelike spyse van die allerdiërbaarste Liggaam en Bloed van u Seun ons Saligmaker Jesus Christus gevoed te word; en ons daardeur versaker van u guns en goedheid teens ons; en dat ons ware deelgenote in die mistiese liggaam van u Seun is, wat die gesetende gemeenskap van alle gelowige mense is; en ook deur die hoop erfgename van u ewige koninkryk is, deur die verdienste van die allerdiërbaarste dood en lyding van u lieue Seun. En ons smeek U in die grootste ootmoed, o hemelse Vader, om ons so met u genade te help, opdat ons in daardie heilige gemeenskap mag voortleef, en al sulke goeie werke mag doen wat U vir ons voorberei het om in te wandel; deur Jesus Christus onse Heer, aan wie, met U en die Heilige Gees, sy alle eer en heerlikheid tot in ewigheid. R. Amen.

Den sal gesê word,

ERE sy God in die hoogste hemele, en vrede op warde, in die mense 'n welbehag. Ons prys U, ons loof U, ons aanbid U, ons verheerlik U, ons dank U vir u grote heerlikheid, O Here God, hemelse Koning, God die Vader die Almagtige.

Die Eucharistie-formulier van 1975 (Liturgie 1975 : Boek vir Bedienaars, K.P.S.A., Johannesburg, 1975, pp. 119-137).

Die Heilige Eucharistie

1 **BEGROETING**

- 2 Mag die Here met u wees
 En ook met u

3 **LOFPRYSING**

- 4 Loof die Here
 Loof Hom, o diensknegte van die Here
 U wat in die huis van die Here staan
 Loof die Naam van die Here
- 5 *Dan word gesê – dit mag egter in Vastyd weggelaat word:*
- 6 Eer aan God in die hoogste
 en vrede aan sy mense op aarde.
 Here God, hemelse Koning
 Almagtige God en Vader
 ons aanbid U, ons dank U
 ons loof U weens u heerlijkheid.
 Here Jesus Christus, eniggebore Seun van die Vader
 Here God, Lam van God
 U neem die sonde van die wêreld weg:
 wees ons genadig
 U sit aan die regterhand van die Vader:
 verhoor ons gebed.
 Jesus Christus,
 U alleen is die Heilige
 U alleen is die Here
 U alleen is die Allerhoogste
 met die Heilige Gees
 in die heerlijkheid van God die Vader. Amen.

7 **VOORBEREIDING**

- 8 Broeders en suster†, laat ons God se hulp vra in ons voorbereiding om die heilige Sakrament te vier.
- 9 †(Die priester mag, na sy goeddunke, hierdie woorde weglaat of ander woorde soos "vriende" gebruik.)

- 10 Almagtige God
 voor wie alle harte bloot lê
 aan wie alle begeertes bekend is
 en vir wie geen geheime verborge is nie:
 Reinig ons gedagtes
 deur die inwerking van u Heilige Gees
 sodat ons U volkome kan liefhê
 en U heilige Naam waardiglik kan verheerlik;
 deur Jesus Christus onse Here.
- (11) Here, wees genadig
 Here, wees genadig
 Christus, wees genadig
 Christus, wees genadig
 Here, wees genadig
 Here, wees genadig
- 12 *Die Tien Gebooie (116) word nou gelees, maar mag weggelaat word, behalwe op Aswoensdag en die vyf Sondae daarna.*
- 13 Laat ons ons sondes in gedagte bring
- 14 *Tyd vir stilte mag hier gegee word, en daarna word gesê,*
- 15 Almagtige God, onse hemelse Vader
 Ons bely met berou
 dat ons teen U gesondig het
 deur ons eie skuld
 met ons gedagtes, woorde en dade
 en deur wat ons nagelaat het om te doen.
 Ter wille van u Seun, Christus onse Here
 vergewe ons die sondes van die verlede
 en gee dat ons U
 met 'n nuwe lewe mag dien
 tot verheerliking van u Naam.
- 16 Almagtige God, wees ons genadig; vergewe ons sondes en maak ons daarvan vry; bevestig en versterk ons in alles wat goed is en behou ons in die ewige lewe; deur Jesus Christus onse Here.
 Amen

17 **DIE WOORD VAN GOD**

18 **DIE VOORGEBED VAN DIE DAG**

Laat ons bid

Na die gebed,

Amen

19 **DIE SKRIFLESING UIT DIE OU TESTAMENT**

Die skriflesing uit die Ou Testament staan opgeteken in

Na die skriflesing,

Dit is die Woord van die Here

Dank sy God

20 **DIE PSALM**

21 **DIE SKRIFLESING UIT DIE NUWE TESTAMENT**

Die skriflesing uit die Nuwe Testament staan opgeteken in

Na die skriflesing,

Dit is die woord van die Here

Dank sy God

22 **LOFSANG OF GESANG**

23 **DIE EVANGELIE**

Luister na die Goeie Nuus verkondig in ...
 Eer aan Christus ons Verlosser

Na die skriflesing,

Dit is die Evangelie van Christus

Lof aan Christus onse Here

24 **(DIE PREEK)**

Dit word ten minste op Sondag, ander groot Feesdae en Feesdae gesê.

Ons glo in een God
die almagtige Vader
die Skepper van hemel en aarde
en van alle sienlike en onsienlike dinge.

Ons glo in een Here, Jesus Christus
die eniggebore Seun van God
gebore uit die Vader voor alle eeue
God uit God, Lig uit Lig
waaragtige God uit waaragtige God
gebore, nie gemaak nie, van dieselfde wese met die Vader
deur wie alle dinge gemaak is.

Ter wille van ons, mense, en om ons te verlos

het Hy uit die hemel neergedaal
deur die krag van die Heilige Gees

is Hy uit die Maagd Maria gebore, en het mens geword.

Om ons ontwil is Hy onder Pontius Pilatus gekruisig;

Hy het gely, Hy het gesterwe, Hy is begrawe.

Die derde dag het Hy weer opgestaan

in vervulling van die Skrifte;

Hy het opgevaar na die hemel

en sit aan die regterhand van die Vader.

Hy sal weer kom in heerlikheid

om die lewende en die dode te oordeel

en sy koninkryk sal geen einde hê nie.

Ons glo in die Heilige Gees, die Here, die gewer van die lewe
wat van die Vader en die Seun uitgaan.

Saam met die Vader en die Seun word Hy aanbid en verheerlik.

Hy het deur die profete gespreek.

Ons glo in een, heilige, katolieke en apostoliese Kerk.

Ons bely een doop tot vergifnis van sondes.

Ons verwag die opstanding van die dode en die ewige lewe.

Amen.

27 *Die gebede van die Kerk word in een van die volgende vorms gebid.*

28



Terwyl ons die Heilige Eucharistie vier tot eer van God en uit dankbaarheid vir sy genadegawes, laat ons bid vir sy Kerk in Christus Jesus en vir alle mense volgens hulle behoeftes.

Almagtige God, onse hemelse Vader, U het deur u Seun Jesus Christus belowe om ons te verhoor wanneer ons in sy Naam bid;

29 Ons bid vir u Kerk oor die hele wêreld en veral vir hierdie bisdom en vir . . . ons biskop (*en vir ander behoeftes van die Kerk*).

'n Tyd vir stilte mag hier gegee word.

Skenk u Kerk die krag om die Evangelie van Christus te verkondig; en gee dat ons en alle Christene in die waarheid verenig mag word, in u liefde mag saamleef en u heerlikheid in die lewe mag openbaar.

Here, uit genade

Verhoor ons gebed

30 Ons bid vir die wêreld (en veral vir . . .)

'n Tyd vir stilte mag hier gegee word.

